

1997 013 088 01



UOVS - SASOL-BIBLIOTEK



19970130880122000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die  
Oranje-Vrystaat  
Bloemfontein  
**27 MAY 1997**  
UOVS SASOL BIBLIOTEK

T 907.2 KRU

**DIE BEGRIP "PEOPLE'S HISTORY"  
EN DIE BETEKENIS EN  
TOEPASSING DAARVAN IN  
DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS**

deur

**JELLE CHRISTIAAN KRUIZINGA**

**VERHANDELING**

voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte  
(Departement Geskiedenis)

aan die

Universiteit van die Vrystaat

**BLOEMFONTEIN**

Studieleier: Prof. J.C. Moll  
Mede-studieleier: Prof. dr. W. Th. M. Frijhoff  
Bloemfontein  
1996

**Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die  
graad Magister Artium aan die Universiteit van die  
Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige  
werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan  
'n ander Universiteit / Fakulteit ingedien is nie.  
Ek doen voorts afstand van outeursreg op die  
verhandeling ten gunste van die UOVS.**

**J.C. Kruizinga**



# INHOUDSOPGAWE

DANKWOORD

VOORWOORD

i

INLEIDING

1

DEEL I: NAAMGEWING AAN DIE NAAMLOSES

5

1. "PEOPLE'S HISTORY": BEGRIPSWAARDIGHEID OF  
INTELLEKTUELE VRYHEID?

6

1.1 Die begrip "people's history" binne wyer vakverband

6

1.2 Wie en wat is die gewone mens in "people's history"?

16

2. DIE TERUGKEER VAN DIE GEWONE MENS IN DIE  
GESKIEDENIS

25

2.1 Die gewone mens in geskiedskrywing

25

2.2 Die ontwikkeling van die "people's history"-gedagte

32

2.3 Invloede op die ontstaan van "Alltagsgeschichte"

45

3. STRUKTURALISME VERSUS MENSLIKE AGENTSAP:  
HOE DIE GEWONE MENS SE ROL IN DIE VERLEDE DIE  
DUIDELIKSTE NA VORE KOM

49

3.1 Strukturalisme en menslike agentskap

49

3.2 Abstraksie versus verkonkretisering

52

3.3	Empirisme en menslike agentskap versus strukturalistiese teorie	59
3.4	Strukturalisme versus agentskap: die Suid-Afrikaanse debat	64
3.5	Strukturalisme versus agentskap?	70
4.	<b>DIE ONTWIKKELING EN VERGESTALTING VAN DIE "PEOPLE'S HISTORY"-GEDAGTE IN SUID-AFRIKA</b>	<b>73</b>
4.1	Die radikale skool van geskiedskrywing	73
4.1.1	Radikale geskiedskrywing voor die sewentigerjare	73
4.1.2	Die opkoms van die radikale skool in die sewentigerjare	75
4.2	"People's history" versus ander historiografiese tradisies in Suid-Afrika	88
4.2.1	"People's history" se benadering in Suid-Afrika ten opsigte van vroeë Marxistiese geskiedskrywing	88
4.2.2	"People's history" se benadering ten opsigte van Liberale geskiedskrywing	89
4.2.3	"People's history" se oordeel oor Afrikanernasionalistiese geskiedskrywing	91
4.2.3.1	Afrikanernasionalistiese geskiedskrywing	91
4.2.3.2	"People's history" se poging tot ontmitologisering	92
4.2.3.3	Praktiese vergestaltung van Afrikanersentriese geskiedskrywing	95
4.3	Reaksie op "people's history"	98
<b>DEEL II:</b>	<b>POLITIEKE ASPEKTE RONDOM "PEOPLE'S HISTORY"</b>	<b>101</b>
5.	<b>DIE POLITIEKE OOGMERKE VAN "PEOPLE'S HISTORY"</b>	<b>102</b>
5.1	Geskiedenis en politiek	102
5.2	Emansipatoriese denke	112

5.2.1	Bevryding van die gewone mens	112
5.2.2	Bevryding van die gewone mens van kapitalisme	114
5.2.3	Bevryding uit apartheid	117
5.2.4	Emansipasie van die vrou	121
5.2.5	"Alltagsgeschichte": plaaslike politiek en die Nazi verlede	124
5.3	Presentisme	126
5.4	Rol van die Suid-Afrikaanse intellektueles wat "People's history" beoefen	129
6.	<b>"PEOPLE'S HISTORY" IN 'N POSTMODERNE WêRELD</b>	132
6.1	Postmodernisme	132
6.2	"People's history" en postmodernisme	135
6.2.1	"People's history" in 'n postmoderne "wêreldorde"	139
6.2.2	"People's history" en pluraliteit	141
6.2.3	"People's history" en die verwerping van die metanarratief	142
6.2.4	"People's history" en die verwerping van die moderniserings-teorie	146
6.2.5	"People's history" en die bevraagtekening van kennis	148
6.2.6	"People's history" en desentralisasie	148
	<b>DEEL III: "PEOPLE'S HISTORY" AS DEMOKRATISERING VAN DIE GESKIEDENIS</b>	150
7.	<b>DEMOKRATISERING VAN DIE GESKIEDENIS</b>	151
7.1	Die geskiedeniswerkswinkelbeweging	152
7.1.1	Die Britse geskiedeniswerkswinkel	152
7.1.2	Geskiedeniswerkswinkels in Duitsland	156
7.1.3	Die Geskiedeniswerkswinkel van die Universiteit van die Witwatersrand	158
7.1.4	"People's history" by die Universiteit van Wes-Kaapland	161

7.2	Desentralisasie in die geskiedskrywing as demokratisering	163
7.2.1	Veelheid van interpretasies	163
7.2.2	Interdissiplinariteit as desentralisasie faktor	164
7.2.3	Plaaslike geskiedskrywing	165
7.3	Driedeling in die skryf en uitbeelding van "people's history"	168
7.3.1	Geskiedenis van die gewone mens	168
7.3.2	Geskiedenis vir die gewone mens	170
7.3.3	Geskiedenis deur die gewone mens	174
 <b>DEEL IV: ASPEKTE RONDOM DIE METODOLOGIE VAN</b>		
	<b>"PEOPLE'S HISTORY"</b>	<b>177</b>
 8. METODOLOGIESE PROBLEME EN UITDAGINGS		 178
8.1	Bron en metode	178
8.2	Mondelinge geskiedenis	182
8.3	Kwalitatiewe versus kwantitatiewe metodologie	188
 <b>EVALUERING</b>		 192
 <b>BRONNELYS</b>		 198
 <b>OPSOMMING</b>		 217
 <b>SUMMARY</b>		 220

## DANKWOORD

'n Spesiale woord van dank gaan aan my studieleier professor Johan Moll vir sy vriendelike en professionele studieleiding, raad en woorde van motivering tydens my studie.

My mede-studieleier, professor Willem Frijhoff aan die Erasmus Universiteit te Rotterdam in Nederland, wil ek graag hartlik bedank vir sy bereidwilligheid om as my studieleier in Nederland en mede-studieleier op te tree, asook vir sy belangstelling en waardevolle raad.

'n Woord van dank gaan ook aan die "Stichting Studiefonds voor Zuidafrikaanse Studenten" in Nederland vir 'n beurs van tien maande aan my toegeken om 'n deel van my studie by die Erasmus Universiteit in Rotterdam Nederland te doen.

Ek wil ook graag professor P. Bonner, me Luli Callinicos en meneer Leslie Witz bedank vir die onderhoude wat hulle aan my toegestaan het. Die onderhoude was van waarde om 'n algemene beeld van "people's history" te vorm en om sommige van die skrywers daarvan te ontmoet.

Die leeskamer personeel van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) aan die Vrystaatse Universiteit in Bloemfontein, verdien 'n woord van dank vir hulle altyd vriendelike en bereidwillige hulpverlening. Ook dank aan INEG vir die beskikbaarstelling en geleentheid om koerant- en tydskrifknipsels te kon raadpleeg.

Aan my ouers 'n groot dankie vir hulle volgehoue ondersteuning, belangstelling en motivering tydens my studiejare.

My vriende in Suid-Afrika en oorsee wil ek graag hartlik bedank vir hulle volgehoue opregte vriendskap, motivering en lang nagte se filosofeer, dit was vir my van groot waarde.

Ook aan Erica Bateman, baie dankie vir haar moeite en netjiese tikwerk.

## VOORWOORD

"People's history" is een van die interessantste en belangrikste vorme van geskiedskrywing wat sedert die sestigerjare ontstaan het. Met die klem wat "people's history" op die geskiedenis en lewenservaringe van gewone mense plaas, het "people's history" veel negatiewe kritiek maar ook veel lof van ander historici en belangstellendes ontlok. Met veel agterdog word daar dikwels deur kritici van "people's history" gevra of dit enigsins belangrik is om die verlede van gewone mense te ondersoek en of dit bowendien moontlik is om uit te vind wat die rol (indien enige) van gewone mense in die verlede was? 'n Vraag wat kritici van "people's history" nog veel meer bekommer, is wat die motiewe en veral politieke motiewe is wat agter "people's history" skuilhou? Watter bydrae lewer "people's history" tot geskiedskrywing in die algemeen?

Hierdie verhandeling het voortgespruit uit 'n behoefte om te begryp waarom "people's history" handel. Die groot politieke omwenteling van die afgelope aantal jare in Suid-Afrika bring mee dat historici en diegene wat in geskiedenis belangstel, hulle moet afvra hoe die Suid-Afrikaanse verlede geïnterpreteer moet/ kan word. Die doel met hierdie verhandeling is nie om 'n bespreking te voer oor hoe toekomstige geskiedskrywing moet of kan lyk nie, maar eerder om 'n bespreking te lewer oor wat "people's history" behels en hoe dit toegepas word in die Suid-Afrikaanse konteks. Deur te begryp waarom "people's history" handel is 'n verdere stap in die debatvoering oor verskillende historiografiese tradisies in Suid-Afrika.

Bronne wat met die aanvang van hierdie studie bestaan het oor die aard van "people's history", kom veral vanaf Britse skrywers soos R. Samuel, onder andere sy bydraes in *People's History and Socialist Theory*, artikels van E.J. Hobsbawm, H.J. Kaye en P. Burke asook bydraes van skrywers van die *History Workshop Journal*. In Duitsland het A. Lüdtkke belangrike bydraes oor die Duitse vorm van "people's history", naamlik "Alltagsgeschichte" gelewer. Die bydraes van Suid-Afrikaanse "people's historici" soos B. Bozzoli en P. Delius lewer ook belangrike

insigte oor die aard van "people's history" in die algemeen maar ook die toepassing daarvan op die Suid-Afrikaanse konteks.

G.K. Tatham het in 1992 'n M.A. verhandeling getiteld, *The University of the Witwatersrand History Workshop and Radical South African Scholarship in the 1970's and 1980's* voltooi, waarin sy in besonderhede ingaan op die werksaamhede van die "History Workshop" (geskiedeniswerkwinkel) van die universiteit van die Witwatersrand.

'n Tendens bestaan tog in Suid-Afrikaanse werke oor "people's history" om eerder te skryf waaroor "people's"-historici skryf, eerder as om te vra waarom en hoe "people's history" geskryf word. In Afrikaans het daar nog geen werke (met die uitsondering van artikels) oor spesifiek "people's history" en die aard en toepassing daarvan verskyn nie. Hierdie verhandeling verskil van vele ander werke wat in Suid-Afrika oor "people's history" verskyn het in die opsig dat die uitgangspunt met die aanpak van dié studie in die eerste plek is om die vrae van waarom "people's history" geskryf word, en hoe "people's history" die beste geskryf kan word te probeer beantwoord. Dus wat die belangrikste kenmerke van "people's history" is.

Die gebruik en keuse van bronne vir hierdie tema weerspieël ook op welke wyse dié ondersoek aangepak is. Eerstens is bronne gebruik wat handel oor die aard van "people's history". Dit sluit werke in van skrywers soos R. Samuel, *People's History and Socialist Theory*; R. Johnson e.a. se *Making Histories*; A. Lüdtkke se *Alltagsgeschichte: Zur Rekonstruktion historischer Erfahrungen und Lebensweisen* asook werke van skrywers soos G. Eley, H. Zinn, G. Rudé, B. Bozzoli, L. Witz ensovoorts. Bronne wat handel oor die algemene aard van "people's history" en wat die begrip "people's history" beteken reflekteer menings uit veral Brittanje, Duitsland, Suid-Afrika en die VSA.

Die bronne wat geraadpleeg is, is dus afkomstig van verskeie lande waar "people's history" beoefen word. Aspekte wat handel rondom die toepassing van "people's history" word ook belig met voorbeelde van werke uit lande soos Engeland (byvoorbeeld E.P. Thompson se *Making of the English Working Class*) en Frankryk



(E. Le Roy Ladurie se *Montaillou*) maar die klem val uiteindelik op die toepassing van "people's history" op die Suid-Afrikaanse konteks waarvoor werke soos die van L. Callinicos se driedelige reeks, *A People's History of South Africa* krities ontleed word.

Boeke en artikels uit vaktydskrifte is hoofsaaklik die tipe bronne wat oor die tema geraadpleeg is. Koerantartikels was ook nuttig om bepaalde houdings van historici en die algemene publiek teenoor "people's history" te bepaal, terwyl "people's"-historici soms ook van die gedrukte en visuele media gebruik gemaak het om geskiedskrywing ook vir gewone mense toeganklik te maak. 'n Aantal onderhoude is ook met "people's"-historici gevoer. Nie al hierdie onderhoude is gebruik of vermeld nie, omdat sommige historici waarmee die onderhoude gevoer is dit so verkies het. Nietemin was al hierdie onderhoude van waarde om 'n beter beeld van "people's history" en die skrywers daarvan te vorm.

'n Studiebeurs na Nederland het dit ook moontlik gemaak om insigte te verkry oor die beoefening van sosiale geskiedenis en spesifiek mentaliteitsgeskiedenis in Nederland. Tydens die studietydperk in Nederland is ook seminare van nagraadse studente van prof. W. Frijhoff bygewoon asook besprekinge van die vakgroep "mentaliteitsgeschiedenis".

Aan die einde van die verhandeling word soos gebruikelik 'n bronnelys verskaf waarin presies vermeld word watter artikels van watter skrywers uit welke bronne geraadpleeg is. Die nadeel hiervan is dat dit hier en daar tot oorvleueling ly maar die voordeel is dat die leser 'n baie goeie oorsig verkry oor welke bronne presies gebruik is. So byvoorbeeld word alle nommers en datums van die *History Workshop Journal* op een plek vermeld, terwyl die spesifieke artikels ook onder die opskrif "Gepubliseerde Artikels en Hoofstukke in Boeke" vermeld word.

Die temas van hierdie verhandeling is hoofsaaklik tematies aangepak, terwyl daar tog bepaalde hoofstukke is waarin chronologie net so 'n belangrike rol as tematiek vervul. Omdat die verhandeling hoofsaaklik tematies aangepak is, is daar geen spesifieke tydperk wat uitgesonder word nie. Die beoefening van "people's history"



het buitendien ook in verskillende lande op verskillende tye begin. Soms word voorbeelde van geskiedeniswerke met 'n "people's history" inslag van vroeg in die twintigste eeu gegee, soos byvoorbeeld die werke van John en Barbara Hammond, *The Town Labourer* of in die geval van Suid-Afrika 'n werk met 'n "people's history" inslag deur Sol Plaatje, *Native Life in South Africa*. Sommige voorbeelde strek selfs voor die twintigste eeu. Historici en denkskole wat "people's history" beïnvloed het, word ook bespreek maar eindelik begin die opkoms en bloeitydperk van "people's history" eers vanaf die middel sestigerjare van die twintigste eeu. Fokus word dus veral op die tydperk vanaf die middel sestigerjare tot die vroeë negentigerjare geplaas.

Verskeie aspekte rondom "people's history" is betreklik vaag, soos wie wel as "people's"-historici beskou kan word. In hierdie verhandeling word geskiedskrywers wat aan bepaalde kenmerke (of aan 'n aantal kenmerke) van "people's history" voldoen as "people's historici" beskou. Die eng mening dat slegs populiste as "people's"-historici beskou kan word, word nie in hierdie verhandeling gehuldig nie.

Ten slotte is dit belangrik om te vermeld dat daar in hierdie verhandeling van die standpunt uitgaan dat geskiedenis en ideologie ten nouste met mekaar verbind is. Dit is nie moeilik om te sien wat die invloed van ideologie op die werke van "people's"-historici is nie. Wanneer geskiedskrywing in skole soos radikaal, liberaal en Afrikanersentries opgedeel word, is daar 'n duidelike ideologiese motief teenwoordig, alhoewel sommige historici wat hulle in een of ander skool bevind, hul eie posisie met objektiwiteit kan verwar. Die argument dat "people's history" die verlede vir hedendaagse doeleindes verpolitiseer, kan in wese ook teen enige ander historikus ingebring word. By historici wat nie aan enige spesifieke skool verbonde is nie is die uitwysing van die invloed van waardestelsels en ideologie net veel meer kompleks.

Vir die historikus lê daar dus nie êrens 'n korrekte kant en voltooide interpretasie van die verlede wat net ontdek moet word deur objektiewe navorsing nie. Wat waarskynlik wel waar is, is dat daar 'n veelheid van interpretasies bestaan wat van geslag tot geslag kan verander. "People's history" is een van daardie veelheid van

interpretasies oor die menslike verlede, en selfs al sou die historikus hom/haar nie in breë lyne met "people's history" vereenselwig nie, behoort "people's history" nie as 'n bedreiging gesien te word nie, maar eerder as 'n welkome geleentheid tot debat oor die komplekse verlede.

## INLEIDING

Die afgelope sowat vier dekades het daar vele veranderinge binne geskiedskrywing plaasgevind. Veral die ondersoeksveld van die historikus het vergroot vanaf politieke en nasionale geskiedskrywing tot die plaaslike en internasionale geskiedenis en vanuit die ekonomiese geskiedenis het daar ook 'n nuwe ondersoeksveld naamlik sosiale geskiedskrywing ontstaan. Peter Burke verwys na hierdie tendens waar die geskiedskrywing steeds meer onderwerpe bykry as die "nuwe geskiedenis". 'n Groot probleem lê egter om "nuwe geskiedenis" te definieer, want die "nuwe geskiedenis"-beweging is alleen verenig in wat dit teenstaan. Die belangrikste kenmerk van die "nuwe geskiedenis" is dat dit meestal in reaksie teen die tradisionele paradigma van geskiedskrywing of tradisionele geskiedenis, geskryf word.<sup>1</sup>

"People's history" is ook een van die vorme van geskiedskrywing wat deel uitmaak van die "nuwe geskiedenis".

Die tema van hierdie verhandeling word bespreek aan die hand van vier afdelings waarin belangrike hoofkenmerke van "people's history" aan die orde gestel word.

Sekerlik die belangrikste kenmerk van "people's history" is die behoefte om die gewone mens se lewenservaringe van die verlede te ondersoek. In "people's history" val die klem op die verlede van gewone mense en nie op die lewens van "belangrike" persone soos konings, politici, die rykes en ander elite groepe nie. Deel een, naamgewing aan die naamloses, handel oor "people's history" se poging om die verlede van gewone mense te rekonstrueer. Aanvanklik word "people's history" bekyk om te sien waar dié vorm van geskiedskrywing binne die breër vakverband van geskiedenis pas voordat een van die vrae wat dikwels eerste opduik, naamlik wie is die gewone mens in "people's history", bespreek word.

---

1 P. Burke, "Overture: the New History, its Past and its Future" in P. Burke (red.), *New Perspectives on Historical Writing*, 1 - 3.

Hoofstuk twee handel oor die terugkeer van die gewone mens in die geskiedenis, dit wil sê waarom die gewone mens se verlede volgens die "people's"-historici wel geskryf behoort te word. Op die vraag waarom "people's history" geskryf word, volg 'n bespreking oor die ontwikkeling en invloede op die ontwikkeling van "people's history" in veral Brittanje en Duitsland met enkele verwysings na die VSA. Veral Brittanje word uitgesonder want alhoewel die gedagte om oor die verlede van gewone mense te skryf in Frankryk ontstaan het, is dit in wese die Britse "people's history" wat "people's history" ten volle ontwikkel het.

Binne die radikale skool van geskiedskrywing waarvan "people's history" ook deel vorm, het daar al sedert 'n aantal dekades 'n debat gewoed oor watter epistemologie gevolg behoort te word om die verlede die beste te verklaar. Enersyds is daar die strukturaliste wat veral uit historici bestaan wat vasklou aan ortodokse Marxisme. Andersyds is daar "people's history" skrywers wat glo dat menslike agentskap ("human agency") wat die rol van gewone mense na vore bring deur middel van 'n empiriese benadering, veel belangriker is as strukturalisme. Die debat tussen die strukturaliste en voorstanders van menslike agentskap, asook die toepassing daarvan op die Suid-Afrikaanse konteks word in hoofstuk drie bespreek.

In hoofstuk vier word die ontwikkeling en vergestaltung van die "people's history"-gedagte in Suid-Afrika aan die orde gestel. Hierdie hoofstuk kyk na die vroeë invloede van die "people's history"-gedagte en hoe dit as deel van die radikale skool van geskiedskrywing in die laat sewentigerjare ontstaan het. Die laaste deel van hoofstuk vier word gewy aan 'n kort bespreking oor hoe "people's history" verskil van die vroeë radikale skool van geskiedskrywing asook van die liberale- en Afrikanersentriese skole van geskiedskrywing.

"People's"-historici is egter van mening dat die geskiedenis van gewone mense nie net alleen vir die interessantheid daarvan bestudeer moet word nie, maar veral om 'n verklaring van die lewensomstandighede van gewone mense te bied met die doel om verandering te help bewerkstellig. In wese is die politieke oogmerke 'n belangrike kenmerk van "people's history" en dit word in deel twee van die verhandeling onder politieke aspekte van "people's history" bespreek. Die noue verbintenis tussen "people's history" en politieke en ideologiese aspekte word eers van nader belig asook die oortuiging van "people's historici" dat alle geskiedskrywers

bewustelik of onbewustelik bepaalde ideologiese keuses maak in hul geskiedskrywing. In die res van hoofstuk vyf volg besprekings oor die klem wat "people's history" op die belangrikheid van emansipasie van gewone mense plaas. Presentisme is dikwels die gevolg van 'n benadering waarin die hede bepaal hoe die verlede gelyk het en waarin historici die verlede gebruik om hedendaagse probleme aan te spreek. 'n Bespreking oor presentisme en "people's history" is ingesluit in hoofstuk vyf voordat die hoofstuk afgesluit word deur na 'n paar aspekte rondom die intellektuele se rol by die skryf van "people's history" te kyk.

Die Marxistiese ideologie wat aanvanklik as bron van inspirasie vir "people's history" gedien het, is in werklikheid afgewater deur "people's"-historici. 'n Verwerping van die ortodokse basis-superstruktuur model van Marxisme was in wese die gevolg van "people's history" wat nie-klas faktore soos kultuur, etnisiteit en godsdiens ook in hulle verklarings ingesluit het nie. "People's history" het ook die metanarratiewe in twyfel getrek en verwerp. Uiteindelik vind die bogenoemde tendense aansluiting by die postmodernisme. Hoofstuk ses is 'n poging om te kyk of "people's history" wel enige aanknopingspunte met die postmodernisme het en indien wel, waarom en tot watter mate?

Terwyl deel twee handel oor die politieke aspekte van "people's history" met die oog op die breër samelewing, handel deel drie spesifiek oor die demokratisering van die geskiedeniswetenskap. Eerstens word die geskiedeniswerkswinkels in Brittanje, Duitsland en Suid-Afrika as 'n kritiek teen die vorming van kennis oor die verlede bespreek. Tweedens word verdere aspekte van "people's history" wat demokratisering van die geskiedeniswetenskap bevorder bespreek soos die desentralisasie in geskiedskrywing rakende 'n veelheid van interpretasies, interdisiplinariteit en die rol van plaaslike geskiedskrywing. Die derde en laaste deel van hoofstuk sewe verskaf meer helderheid oor drie wyses waarop "people's history" geskryf kan word, naamlik geskiedenis van die gewone mens, geskiedenis vir die gewone mens en geskiedenis deur die gewone mens, wat bydra tot 'n verdere demokratisering van die geskiedeniswetenskap.

Metodologiese aspekte rondom "people's history" beslaan deel vier en in hoofstuk agt word daar kortliks 'n aantal belangrike metodologiese kenmerke van "people's history" bespreek waarvan die eerste kenmerk handel oor die beskikbaarheid van

bronne oor die verlede van gewone mense asook oor die kreatiwiteit en uitdagings wat sulke soektogte na bronne kan oplewer. Wat metodologies veral as 'n kenmerk van "people's history" uitstaan, is die gebruik van mondelinge getuienis ("oral history"). Ten slotte volg daar 'n aantal opmerkings oor "people's history" se voorkeur vir 'n kwalitatiewe eerder as 'n kwantitatiewe navorsingsmetode.

DEEL I

**NAAMGEWING AAN  
DIE NAAMLOSES**

## HOOFSTUK EEN

# “PEOPLE’S HISTORY” : BEGRIPSVAAGHEID OF INTELLEKTUELE VRYHEID?

### 1.1 Die begrip “people’s history” binne wyer vakverband

Vanaf die laat tagtigerjare het die “people’s history”-beweging bekendheid onder baie historici in Suid-Afrika begin verkry, alhoewel “people’s history” al sedert die laat sewentigerjare in Suid-Afrika beoefen is. Vaagheid rondom die term “people’s history” se betekenis dring dikwels nie deur tot historici en selfs nie tot die spesifieke beoefenaars van die soort geskiedskrywing nie. Dit lyk allereers noodsaaklik om “people’s history” binne die wyer konteks van die vak Geskiedenis te plaas ten einde die vae beeld en betekenis rondom “people’s history” helderder te probeer belig. Uiteindelik is die vraag of “people’s history” net alleen maar ‘n vae begrip is en of dit juis hierdie vaagheid is wat groter ruimte en intellektuele vryheid in geskiedskrywing moontlik maak.

In sy breedste gesien, is “people’s history” gebed in die sosiale geskiedenis. Die “new social history” wat in die sewentiger en tagtigerjare in Amerika na vore getree het is gekarakteriseer as geskiedenis sonder politiek. Sosiale geskiedenis word gesien as ‘n kaleidoskopiese aanpak van die verlede met die klem op die detail van die alledaagse lewe : die ervarings, veronderstellinge, houdings, beginsels, spontane aksies en kulturele gedragspatrone van mense en dikwels van veral die gewone mense. Sosiale geskiedskrywing het die klem op die bestudering van die verlede van die makroskopiese, na die mikroskopiese verskuif.<sup>1</sup>

---

1 G.K. Tatham, *The University of the Witwatersrand, History workshop and Radical South African Historical Scholarship in the 1970’s and 1980’s*, 55 - 53.



"People's History" is binne sosiale geskiedskrywing deel van die radikale stroming en daarom word daarna ook dikwels as radikale geskiedskrywing verwys. Die term radikaal word veral in Anglo Saksiese lande gebruik om die ver linkse politieke spektrum te beskryf. Die Suid-Afrikaanse historiografie is oor die jare beïnvloed deur die ideologieë van liberalisme, Afrikanernasionalisme en Marxisme. Gedurende die sewentiger en tagtigerjare is die konsep van radikaal in Suid-Afrika ten nouste verbind aan historici wat vanuit 'n Marxistiese perspektief na die verlede gekyk het. In die VSA word die konsep van radikalisme gekoppel aan linkse politieke strominge en verbind met die *Radical History Review*, 'n joernaal wat ook toegespits is om die geskiedenis van gewone mense te bestudeer. Na die beoefenaars van radikale sosiale geskiedskrywing word ook dikwels as revisioniste verwys, omdat hulle "aanvaarde" historiese interpretasies bevraagteken en hersien.<sup>2</sup>

"History from below" is dikwels die produk wanneer sosiale en radikale geskiedskrywing verbind word. "People's history" is as begrip nou verwant aan "history from below" maar voordat die twee terme se verwantskap nader belig word, moet die vraag eers beantwoord word wat "history from below" is.

In Afrikaans is die term geskiedenis "van onderaf" moontlik die mees gepaste vertaling vir "history from below". Eric Hobsbawm een van die belangrikste eksponente van die "history from below"-skool is van mening dat begrippe soos "grassroots history", "history seen from below", of "history of the common people" ook gepaste sinonieme vir die term "history from below" is.<sup>3</sup> Die begrip "history from the bottom up"<sup>4</sup> word ook dikwels gebruik, maar dit beteken dat daar van onder af na bo gekyk word, dit wil sê die geskiedenis vanuit die oogpunt van gewone mense waarin die elite ook betrek word. Die ervaringe van gewone mense in die verlede word die vertrekpunt in "history from the bottom up" maar uiteindelik word die verlede

---

2 L.P. Baradat, *Political Ideologies, Their Origins and Impact*, 24 - 27; B. Bozzoli en P. Delius, "Radical History and South African History" in J. Brown, e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 4 - 7; J. Brown e.a., Voorwoord in J. Brown, e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, viii - x; J.C. Moll, e.a., *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, 61.

3 E.J. Hobsbawm, "History from below - some reflections" in Krantz, F. (red.), *History from Below: Studies in Popular Protest and Popular Ideology in honour of George Rudé*, 63.

4 H.J. Kaye, *The British Marxist Historians, An Introductory Analysis*, 228.

van die elite ook geskryf. Nie alle beoefenaars van "history from below" skryf noodwendig "history from the bottom up" nie, want soms word net aandag aan gewone mense in die verlede gegee.

Harvey Kaye omskryf die term "history from below" soos volg:

History from below represents an alternative to some extent in that it shifts attention away from elites or ruling classes, by focusing on the lives, activities and experiences of the masses or the people.<sup>5</sup>

"History from below" is egter 'n algemene term vir 'n groot verskeidenheid van benaderinge waarvan die Britse Marxistiese historici, deur wie Suid-Afrikaanse "people's" historici die sterkste beïnvloed is, slegs een groep vorm. Dit wil sê "people's history" in Suid-Afrika kan direk verbind word met die Britse vorm van "history from below".

Die belangrikste stroming onder ander benaderinge tot "history from below", is die Franse "Annales" tradisie. In hierdie tradisie staan veral mentaliteitsgeskiedenis voorop, waarvan die oorsprong teruggespoor kan word tot die werke van Marc Bloch en Lucien Febvre, asook die "materialistiese" geskiedenis in die werke van Fernand Braudel. Alhoewel "history from below" as begrip deur die Franse historikus George Lefebvre geskep is, was dit die Britse Marxistiese historici wat heel bewustelik 'n politieke motief, nl. die emansipasie van die gewone mense daaraan toegevoeg het.<sup>6</sup>

"People's history" is die stroming van "history from below" waarop in hierdie verhandeling gekonsentreer word. "History from below" en "people's history" word dikwels in dieselfde asem genoem. Selfs die skrywers van "people's history" gebruik dikwels die twee terme sonder onderskeid.<sup>7</sup> Die onderskeiding tussen die twee

---

5 *Ibid.*, 223.

6 *Ibid.*, 233, 266 - 277.

7 K. Smith, *The Changing Past, Trends in South African Historical Writing*, 165.

begrippe is vaag, maar bestaan wel. Dit is redelik veilig om te argumenteer dat "people's history" wel "history from below" is, maar dat "history from below" nie noodwendig "people's history" is nie. Die vernaamste kenmerk wat "people's history" van "history from below" onderskei, is dat "people's history" geskiedenis wil populariseer buite die kring van die universiteite. Hiermee word bedoel dat behalwe die skryf oor die verlede van gewone mense moet juis hierdie groep meer betrokke raak by die skryf (produksie) van geskiedenis. Geskiedeniswerke word deur "people's history" meer toeganklik vir gewone mense gemaak, terwyl "history from below" dikwels net akademies georiënteerd is. Politieke motiewe kom in "people's history" dikwels duideliker na vore as in "history from below". Ander kenmerke wat "people's history" het, is dat dit meestal ook kenmerke van "history from below" bevat. Die onderskeid bly egter vaag, veral wanneer historici die twee begrippe eenvoudig as sinonieme gebruik.<sup>8</sup>

Vanweë die populariseringsaspek, word "people's history" ook nou gekoppel aan die begrip "popular history". L. Callinicos gaan so ver om die twee begrippe as sinonieme te gebruik. "Popular history" moet egter nie verwar word met openbare geskiedenis soos uitgebeeld deur die uitsaaikoöporasies, die pers en die historiese bewaringsverenigings, nie. Populêre geskiedenis is nie net bloot 'n sosiale geskiedenis ter wille van die interessantheid daarvan nie en ook nie 'n geskiedenis om die maghebbers te dien nie. Populêre geskiedenis is 'n alternatiewe geskiedenis tot verlede interpretasies wat amptelik aanvaar word deur die maghebbers. Populêre geskiedenis gekoppel met "people's history" se oogmerke lê in die hede, die grondslae vir vandag se toestande en kontemporêre dilemmas en stryd. Geskiedenis word as instrument gebruik om die verlede vir hede doeleindes te bestudeer. Klem word veral gelê op ondersoek na die ontwikkeling van die kapitalistiese wêreld van die hede. Populêre geskiedenis beweeg nie net binne akademiese kringe nie, maar poog ook om geskiedenis meet toeganklik te maak vir die "persoon op straat" - wat meestal nie wetenskaplike of abstrakte historiese werke lees nie.<sup>9</sup>

---

8 L. Callinicos, *The People's Past: "Towards Transforming the Present"* in B. Bozzoli (red.), *Class Community and Conflict: South African Perspectives*, 54 - 55.

9 C. Eloff, "History from below: 'n Oorsig" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 25, 1991, 43; B. Bozzoli (red.), *Townships and Protest, Studies in the Social Histories of the Witwatersrand*, 3 - 4; Callinicos, 54 - 57.

Die vraag ontstaan of daar 'n gepaste Afrikaanse vertaling vir die begrip "people's history" bestaan? 'n Prominente Suid-Afrikaanse "people's" historikus, Luli Callinicos het die begrip volksgeskiedenis as 'n moontlike vertaling gebruik.<sup>10</sup> F.A. van Jaarsveld het ook volksgeskiedenis gebruik om dié soort geskiedskrywing te tipeer.<sup>11</sup> In Nederland het die historici Paul Offermans en Bernt Feis 'n werk met die titel van *Geschiedenis van het Gewone Volk van Nederland*<sup>12</sup> geskryf. Hierdie werk wat as 'n "people's history" werk beskou kan word, se titel het die voordeel dat die begrip volk in Nederland op die enigste etniese meerderheidsgroep dui, naamlik Nederlanders. In Suid-Afrika is die begrip volk problematies omdat daar 'n groot volkereverskeidenheid is. Om te praat van volksgeskiedenis skep dadelik die indruk van Afrikanergeskiedskrywing. Dit is glad nie die doel van "people's history" om een enkele etniese groep uit te sonder nie. Terwyl daar wel sprake is van een Suid-Afrikaanse nasie, is daar geen sprake van een Suid-Afrikaanse volk nie. 'n Vertaling van wat die naaste aan "people's history" kom is "die geskiedenis van gewone mense". Die begrip "people's history" het egter soveel meer trefkrag veral omdat dit 'n korter naam is as "die geskiedenis van gewone mense" wat te lomp is. Om hierdie rede word die begrip "people's history" in hierdie verhandeling gebruik. 'n Ander rede hiervoor is dat daar nog geen begrip in Afrikaans te vinde is met naastenby dieselfde betekenis en gevoelswaarde as "people's history" nie.

Om 'n definisie van "people's history" te gee is besonder moeilik, veral omdat daar soveel begripmoontlikhede bestaan en daar soveel verskillende interpretasie rigtings aangedui kan word. Die volgende omskrywing dien as 'n definisie soos wat die begrip "people's history" in die verhandeling hanteer sal word:

"People's history" is 'n vorm van sosiale geskiedskrywing waarin die gewone mense as bepalers van hulle eie lot, en nie die elites en/of maghebbers nie, sentraal staan. 'n Duidelike politieke motief is teenwoordig, waarin die emansipasie van die werkersklasse,

---

10 L. Callinicos, "The People's History Workshop University of the Witwatersrand, February 1987", Verslag in *Perspectives in Education*, vol. 10, nr. 1, 1988, 84.

11 F.A. van Jaarsveld, "Geschiedenis van die alledaagse lewe - 'n nuwe stroming in die Duitse sosiale geskiedskrywing" in *Historia*, vol. 35, nr.1, Mei 1990, 3.

12 P. Offermans en B. Feis, *Geschiedenis van het Gewone Volk van Nederland*.

swartmense, vroue en ander onderdrukte groepe in die vooruitsig gestel word. "People's history" beweeg binne en buite die professionele geskiedskrywing maar stel dit veral ten doel om die lees en produksie (voortbring) van geskiedenis meer toeganklik te maak vir die gewone mense deur meer klem op die konkrete as op die abstrakte te lê. Vir hierdie doeleindes is die "History Workshop" beweging en die benutting en toepassing van mondelinge getuïenis (oral history)<sup>13</sup> van kardinale belang.

"People's" historici definieer verkieslik nie hulle studieveld of die begrip "people's history" nie, waarskynlik omdat dit baie moeilik is om so 'n omvattende studieveld in een definisie vas te vang. Veel meer tyd word spandeer om geskiedenis van gewone mense te skryf as om dit te definieer.<sup>14</sup>

Tot dusver is "people's history" veral in sy Anglo Saksiese en Suid-Afrikaanse konteks bespreek. In Duitsland word "people's history" in die vorm van "Alltagsgeschichte" of "geskiedenis van die alledaagse lewe" beoefen.<sup>15</sup> Die bekendste eksponent van die Duitse skool, Alf Lüdthe, gee die volgende omskrywing van "Alltagsgeschichte".

Im Mittelpunkt alltagsgeschichtlicher Forschungen und Darstellungen stehen Handeln und Leiden derer, die häufig als » kleine Leute « ebenso vielsagend wie ungenau etikettiert werden. Es geht um ihr Arbeiten und Nicht-Arbeiten. Geschildert werden Wohnen und Wohnungslosigkeit, Kleidung und Nacktheit, Essen und Hungern. Das Interesse gilt dem Lieben und Hassen, dem Streiten und Kooperieren, den Erinnerungen, Angsten und Zukunftserwartungen. Bei Alltagsgeschichte richtet sich die Aufmerksamkeit nicht mehr nur auf die Taten (und Untaten) auf das Gepränge der » Grossen «, d.h. der

---

13 Die "history workshop"-beweging en mondelinge getuïenis word in meer besonderhede bespreek in onderskeidelik hoofstuk sewe en agt.

14 A. Gründlingh, "Sosiale Geskiedenis en die Dilemma in Afrikanergeskiedskrywing" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 19, November 1987, 35.

15 Die Afrikaanse vertaling vir "Alltagsgeschichte" is deur F.A. van Jaarsveld geskep. Van Jaarsveld, 3.

weltlichen oder kirchlichen Herren. Wichtig werden vielmehr Leben und über-Leben der in der überlieferung weithin Namenlosen, bei täglicher Mühsal wie bei gelegentlicher » Verausgabung «.<sup>16</sup>

“Alltagsgeschichte” en “people’s history” deel tot ‘n groot mate dieselfde kenmerke maar “Alltagsgeschichte” is nie totaal ooreenstemmend met die Anglo-Amerikaanse model van “people’s history” nie, maar dan net ‘n dekade of wat agter die Anglo-Amerikaanse skool nie. Binne die Anglo-Amerikaanse veld van geskiedskrywing was die “history from below” en “people’s history”- beweging nog nooit ‘n enkele beweging nie, maar was altyd kompleks en heterogeen. In die VSA en Brittanje het die “history from below”- en “people’s history”- beweging twee verskillende benaderinge. In Brittanje het die beweging gegroei vanuit ‘n basis van arbeidsgeskiedenis met ‘n sterk Marxistiese en arbeider-sosialistiese inspirasie, en in die VSA het dit ontwikkel uit ‘n groter verskeidenheid vorme van nie-Marxistiese sosiologie en die populisme van die “New Left”.<sup>17</sup>

Die “history from below”-beweging, “Alltagsgeschichte” en “people’s history” moet dus geensins as ‘n totaliteit of binne een land as ‘n eenheid gesien word nie. In “Alltagsgeschichte” kan daar byvoorbeeld drie velde van oriëntasie geïdentifiseer word.

- Eerstens is daar die ekstreem antropologiese oriëntasie wat handel oor plattelandse gemeenskappe (Hans Medick) en in ‘n mindere mate oor studies van die werkersklas (Alf Lüdtkke). Beide is gesetel in Göttingen en het bande met die “Volkskunde” (Volkekunde) van die Ludwig Uhland Instituut vir Empiriese Kulturele Studies in Tübingen.
- Die tweede groep is werkersklas sosiale geskiedskrywing wat sterk konsentreer op die kritiese gebruik van mondelinge getuienis (“oral history”)

---

16 A. Lüdtkke, “Einleitung: Was ist und wer treibt Alltagsgeschichte?” In A. Lüdtkke (red.), *Alltagsgeschichte: Zur Rekonstruktion historischer Erfahrungen und Lebensweisen*, 9.

17 G. Eley, “Labour History, Social History, Alltagsgeschichte: Experience, Culture, and the Politics of the Everyday - a New direction for German Social History?” in *The Journal of Modern History*, vol. 61, nr. 1, Maart 1989, 312 - 313.

en sterk bande toon met arbeidsgeskiedenis wat gesteun word deur die vakbondbewegings en die Friedrich Ebert Stigting in Bonn. Historici wat hierby betrokke is, sluit onder meer Lutz Niethammer in Essen en Jürgen Reulecke in Bochum in.

- Derdens is daar in Duitsland die groter semi-professionele kader of "grassroots"-vlak, geïnspireer deur die ideaal om geskiedenis na die gewone mense te neem asook die lewering van demokratiese openbare geskiedenis. Openbare geskiedenis verwys hier veral na monumente, museums, historiese toerisme aantreklikhede wat meestal deur die staat of ander owerhede opgerig word: "Alltagsgeschichte" gaan daarvan uit dat gewone mense 'n groter inspraak moet hê in openbare geskiedenis. Hierdie derde groep is gewoonlik verbonde aan geskiedeniswerkwinkels.<sup>18</sup>

In die VSA is daar 'n verskil van benadering tussen byvoorbeeld Herbert Gutman wat groot bydraes gelewer het in sy studies oor Afro-Amerikaanse slawe en swart en blanke werkers in die VSA, en Elisabeth Fox Genovese en Eugene Genovese. Gutman se studies handel veral oor die persoonlike ervaringe van die ondergeskikte klasse. Die Genoveses is van mening dat daar behalwe aan persoonlike ervaringe ook aandag gegee moet word aan openbare ervaringe, of te wel ervaringe binne 'n groter samelewingsamehang. Gutman gee wel erkenning aan 'n politieke dimensie in kulturele praktyke van die verlede van gewone mense, maar is volgens die Genoveses te eensydig.<sup>19</sup>

Verskillende benaderinge ten opsigte van die inherente filosofie en aanbiedingstyl van "people's history" bestaan ook binne die Suid-Afrikaanse konteks. Om maar net een voorbeeld te gee: Belinda Bozzoli 'n prominente "people's"-historikus meen dat "people's history" ook "popular history" is en dat daar twee groepe is wat dit beoefen. Aan die een kant is daar die "cultural nationalists" en aan die ander kant die meer "worker-orientated historical materialists".<sup>20</sup> Philip Bonner se werk *Kings*,

---

18 *Ibid.*, 319 - 320.

19 Kaye, 277 - 320.

20 B. Bozzoli (red.), *Townships and Protest, Studies in the Social Histories of the Witwatersrand*, 3-4.

*Commoners and Concessionaires: the evolution and dissolution of the nineteenth century Swazi state*,<sup>21</sup> is 'n voorbeeld van die eerste en Luli Callinicos se *A People's History of South Africa: Gold and Workers 1886 - 1924*,<sup>22</sup> is 'n goeie voorbeeld van 'n materialistiese werker georiënteerde geskiedskrywing.

Verskillende benaderinge tot "people's history" soos hierbo uiteengesit maak die vaagheid van dié begrip nog meer pertinent. Tog moet dit ook in ag geneem word dat "history from below", "people's history" en "Alltagsgeschichte" relatief nuwe gebiede van ondersoek in Geskiedenis is. Wat egter wel duidelik is met dié begrippe is dat elkeen impliseer dat dit teen 'n ander (meer tradisionele) geskiedskrywing gekant is. "History from below" impliseer dadelik dat dit nie "history from above" is nie. "Alltagsgeschichte" as geskiedenis van die alledaagse lewe is gekant teen 'n geskiedskrywing wat alleen klem op buitengewone gebeure en persone lê.<sup>23</sup> "People's history"-beoefenaars het meestal 'n beeld wie wel, en wie nie deel van die gewone mense ("the people") is nie.<sup>24</sup> In 'n sekere sin is hier 'n negatiewe identifikasie van begrippe, byvoorbeeld, dit is "history from below" en dus nie van bo nie. Dit is nie dieselfde geval van negatiewe identifikasie as 'n historikus politieke of kulturele geskiedenis skryf nie. 'n Historikus wat politieke geskiedenis skryf doen dit nie noodwendig omdat hy/sy iets teen byvoorbeeld kulturele geskiedenis het nie, maar 'n "people's"-historikus het wel iets daarop teen dat 'n historikus wat oor dieselfde onderwerp, dit nie vanuit die perspektief van die gewone mense benader nie. Bogenoemde argument kan natuurlik ook omgedraai word deurdat "history from above" in die vorm van tradisionele politieke geskiedskrywing in die eerste plek te weinig aandag aan die gewone mense gegee het.

Vaagheid van die begrippe "history from below", "Alltagsgeschichte" en "people's history" kan geïllustreer word deur na die verwarring wat heers oor die

---

21 P. Bonner, *Kings, Commoners and Concessionaires: The evolution and dissolution of the nineteenth century Swazi state*.

22 L. Callinicos, *A People's History of South Africa*, vol. 1: Gold and Workers 1886 - 1924.

23 P. Burke, "Overture: the New History its Past and its Future" in P. Burke (red.), *New Perspectives on Historical Writing*, 9.

24 Hierdie aspek werk in die tweede deel van dié hoofstuk bespreek.



ondersoeksveld van onder ("from below"), die alledaagse ("alltag") en die gewone mense (the people) te kyk. "History from below" het byvoorbeeld verskillende betekenisse in wisselende omstandighede en kontekste. Behoort 'n politieke "history from below" te handel oor die uitgangspunte en aksies van almal wat van die politieke mag uitgesluit is, of moet dit handel oor die politiek wat op grondvlak ("grassroots level") en plaaslike vlak bedryf word? Behoort 'n mediëse "history from below" te kyk na alternatiewe geneeshere eerder as na professionele dokters, of moet die fokus eerder val op die pasiënt se ervaringe en diagnoses van siektes, of dalk op al hierdie aspekte? Moet 'n militêre "history from below" handel oor die gewone soldate of moet dit eerder kyk na die burgerlikes se oorlogservaringe, of albei? Geen duidelikheid bestaan oor wat die aspek "from below" presies behels nie. Dit hang van elke individuele navorser/historikus af om self te bepaal wat presies "from below" is en dus nie "from above" nie.<sup>25</sup>

"Alltagsgeschichte" is ook 'n verwarrende begrip omdat dit impliseer dat daar ook 'n nie-alledaagse geskiedenis is. Alledaags kan vele betekenisse omvat, vanaf die private lewe tot die leefwêreld van die gewone mense. Volgens die *Duden, Das grosse Wörterbuch der deutschen Sprache* kan die begrip "Alltag", of "taglich" of "gewöhnlich" beteken terwyl "Alltags" kan dui op die "Alltagsmensch, der gewöhnlicher durchschnittlicher Mensch".<sup>26</sup> Die alledaagse sluit roetine, gedragshouding en selfs rituele in. Rituele wat spesiale geleenthede in die lewe van mense is, word dikwels as 'n teenstelling tot die alledaagse beskou. Aan die ander kant is dit vir buitelandse besoekers altyd opmerklik wat die alledaagse rituele betreffende groet, manier van eet ensovoorts in ander kulture is, iets wat die plaaslike gemeenskappe nie altyd as rituele beskou nie.<sup>27</sup>

"People's history" en aanverwante begrippe soos "history from below" en "Alltagsgeschichte" word in hierdie eerste deel binne breër vakperspektief geplaas, naamlik dat "people's history" deel is van 'n radikale-beweging binne sosiale geskiedskrywing wat ten nouste bande met "history from below" het, maar dat veral

---

25 Burke, 10.

26 Drosdowski, G. (red.), *Duden, Das grosse Wörterbuch der deutschen Sprache*, 108.

27 *Ibid.*, 11; Eloff, 42.

die populariserende aspek "people's history" van "history from below" onderskei. Vervolgens moet die vaagheid rondom wie nou presies die "gewone mense" ("the people") in "people's history" is, aan die orde gestel word.

## 1.2 Wie en wat is die gewone mens in "people's history"?

Die "people" in "people's history" is die gewone mense in die samelewing maar begrippe soos "ordinary people", "common man", "common people" en die alledaagse mens word ook dikwels gebruik.<sup>28</sup> Die begrip "gewone" staan meestal sentraal maar wat beteken dit? Volgens die *Oxford English Dictionary* kan "ordinary" enige iets van die volgende beteken: "An ordinary thing or person; not singular or exceptional, somewhat inferior; plain; of people: typical of a particular group; average; without exceptional experience or expert knowledge".<sup>29</sup> *Van Dale, Groot Woordenboek der Nederlandse Taal* beskryf die begrip gewoon as: "niet uitstekend; ordinair; niets bijzonders, eenvoudig".<sup>30</sup> Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* beskou die woord gewoon, as: "soos in die daaglikse lewe voorkom, nie buitengewoon nie, alledaags en ordinêr".<sup>31</sup>

Meer duidelikheid word verskaf deur beskrywings van die identiteit van gewone mense te verskaf soos byvoorbeeld die naamloses, die onderdrukte, die slagoffers van historiese prosesse en strukture, die verontagsaamdes en die vergetenes.<sup>32</sup> Al die bogenoemde terme bly egter steeds vaag en dek baie breë kategorieë. Wie is die "people", die gewone mense werklik? Is dit die armes, die ondergeskikte klasse, soos die Italiaanse Marxistiese intellektueel, Antonio Gramsci, hulle genoem het? Is hulle die ongeletterdes die ongeskooldes? As dit die mense in die lae sosio-ekonomiese groepe is, dan ontstaan die vraag of alle mense in 'n bepaalde sosio-

---

28 Eloff, 41; J.F.C. Harrison, *The Common People: A history from the Norman conquest to the present*.

29 J.A. Simpson en E.S.C. Winer (reds.), *The Oxford English Dictionary*, 911-912.

30 G. Geerts en H. Heestermans e.a., *Van Dale, Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*, 986.

31 F.F. Odendal (hoofred.), *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, 288.

32 Eloff, 41; Harrison.

ekonomiese groep dieselfde is? Is die gewone mense dalk diegene met geen of 'n laer peil van opleiding?<sup>33</sup>

Eintlik is al die bogenoemde verklarings, van wie en wat die gewone mense is, waar. Wie en wat die gewone mense is hang af van die tyd en plek waarin die historikus hom/haar bevind. Buiten plek en tyd, bepaal die historikus self wie wel en wie nie deel is van die gewone mense.

In al die beskrywings van wie die gewone mense is, staan een aspek sentraal, naamlik die eksklusiwiteit van die begrip "people". Nie almal is dus gewone mense nie. Die status, of iemand wel of nie 'n gewone mens is nie, hang daarvan af wie as die "vyand" of "antagonis" van die verlede (of hede) beskou word. So byvoorbeeld kan 'n koning as die "antagonis" beskou word en almal wat nie adellike voorregte geniet het nie, as gewone mense. Vir Jules Michelet was die elites die geleerdes en die gewone mense diegene na wie hy as "simples" verwys het.<sup>34</sup> Sodra dit lyk asof die begrip "gewone mens" duideliker word, ontwyk die betekenis weer, omdat wie die gewone mense is, nooit vasstaan nie. Om hierdie kwessie verder te kompliseer moet in ag geneem word dat "people's"-historici sommige mense (byvoorbeeld die proletariaat) as meer gewoon beskou en dus nader aan "the people" as ander gewone mense (byvoorbeeld kleinhandelaars). Eksklusiwiteit word dus tot die ekstreme gevoer wanneer bepaalde gewone mense meer gewoon bestempel word as ander gewone mense. Peter Burke sê hiervan:

"This exclusiveness" is an invitation to confusion, to assuming that everyone (the people in one sense of the term) [alle mense] shares the views of a particular group large or small (the people in another sense) [net 'n bepaalde groep].<sup>35</sup>

---

33 Burke, 10.

34 R. Samuel, Voorwoord in R. Samuel (red.), *People's History and Socialist Theory*, xxi.

35 P. Burke, "People's history or total history" in R. Samuel (red.), *People's History*....., 7.

Met bogenoemde argument kritiseer Burke die oorvereenvoudiging waarmee "people's history" soms bepaal wanneer mense wel gewone mense is. Net omdat daar 'n groep soos die werkersklas geïdentifiseer kan word wil dit nog nie sê dat alle werkers basies dieselfde voel oor bepaalde sake nie. 'n Bepaalde werkersklas persoon kan byvoorbeeld meer in gemeen hê met die idees van middelklas persone as met, die werkersklas.

Vervolgens is dit noodsaaklik om 'n aantal voorbeelde te verskaf van wie en wat historici as gewone mense beskou het, afhangende van tyd, plek en die persoonlike keuse van die historikus.

Vandat die term "people" met reëlmaat sedert die laat negentiende eeu gebruik word rakende geskiedenis, was daar nog altyd 'n dubbelsinnigheid aan verbonde. "People" is somtyds gebruik om die hele bevolking te beskryf, maar soms is met hierdie tema slegs na 'n bepaalde deel van die bevolking verwys. J.G. Herder, skepper van die term populêre kultuur, het in Duitsland beslis nie alle Duitsers onder die "people" of volk gereken nie. Die stadsbewoners was byvoorbeeld nie deel van "das Volk" nie. Die ware volk was slegs die kleinboere omdat, so het hy geglo, hulle nog nie beïnvloed is deur vreemde kulture nie en omdat hulle so naby aan die natuur geleef het.<sup>36</sup>

In Brittanje kan die radikaal-liberale historici van die laaste twee dekades van die negentiende eeu, as die eerste voorgangers van ""people's history"" beskou word. Vanuit hulle geledere het daar slagspreuke soos die "people versus the aristocracy" gekom om 'n radikale populisme te skep en gesindhede en wekroep te weeg te bring soos die "masses versus the classes", "the community over vested interests", en "the people versus the vested interests". Radikale liberales wou hiermee die algemene belange van die middelklasse en die werkersklasse vooropstel om sodoende alle progressiewe kragte in die land te organiseer teen die nog steeds magtige aristokrasie. Almal behalwe die aristokrasie is dus gereken as deel van die gewone mense.<sup>37</sup>

---

36 *Ibid.*, 6.

37 D. Sutton, "Radical Liberalism, Fabianism and social history" in R. Johnson e.a. (reds.), *Making Histories, Studies in history-writing and politics*, 16, 23.

Tans word die oorgrote deel van die middelklasse nie as deel van die people beskou nie. Waarom wel in die laat negentiende eeu? Tydens die tydperk het die middelklas en intellektuele hulself as deel van die gewone mense geag omdat hulle 'n verenigde front teen die bevoorregte adellike klasse wou vorm. Die middelklasse het hulself as 'n produktiewe deel van die samelewing beskou omdat hulle hard moes werk vir hulle besittings terwyl die aristokrasie bloot op grond van hul titels en erfreg bepaalde voordele gehad het. Die werkersklasse en die middelklasse was dus die progressiewe kragte wat as gewone mense die stryd vir meer regte teen 'n uitbuitende aristokrasie gevoer het. John en Barbara Hammond, die belangrikste eksponente van die radikaal-liberales het leiers soos Gladstone as helde van die gewone mens beskou, omdat hulle progressief oor sosiale hervorming gevoel het.<sup>38</sup>

Die Britse historikus Edward Thompson het in sy werk *The Making of the English Working Class* (1963) die wewers en die vakmanne as die ware "people" uitgebeeld, terwyl die fabriekswerkers, ook deel van die "people" weinig aandag gekry het.<sup>39</sup> Thompson gaan so ver as om die Tory werkers byna heeltemal uit te sluit, waarskynlik omdat hulle nie sosialisties is nie en dit terwyl "people's history" meestal 'n baie sterk sosialistiese inslag het.<sup>40</sup>

"Alltagsgeschichte" beskou die onderste groep van die samelewing as die ware "people", diegene sonder besittings, die arbeidersklasse. "Alltagsgeschichte" ondersoek nie net die vreugdes van mans, vroue, ouer mense en kinders nie, maar ook die lyding van die slagoffers van vroeëre tye. Dit geld byvoorbeeld vir die marteling en moorde op tienduisende mans, vrouens en kinders tydens die vervolging van hekse in die vroegmoderne tydperk.<sup>41</sup>

---

38 *Ibid.*, 27 - 28.

39 G. McLennan, "E.P. Thompson and the discipline of historical context" in R. Johnson, e.a. (reds.), *Making Histories*....., 10.

40 Burke, People's history or total history in R. Samuel (red.), *People's history*....., 7.

41 R. Sieder, "Alltagsgeschichte. Zur Aneignung der Verhältnisse: Ein Gespräch mit Alf Lüdtke" in *Österreichische Zeitschrift für Geschichtswissenschaften*, nr. 2, 1991, 105; G. Denechere, "Sociale Geschiedenis en de Crisis van het Socialisme. Verschuivingen in het debat over collectieve actie" in *Tydschrift voor Sociale Wetenschappen* (Gent), j.g. 40, nr. 2, 1995, 140; Lüdtke, 10 - 11.

Die begrip "people" in die VSA word ook wyd uiteenlopend vertolk. Vir Howard Zinn, in sy werk *A People's History of the United States* (1980) is die gewone mens onder andere die oorspronklike inwoners, die Indiane. Hulle vorm deel van die ware "people" van die VSA wat eers deur die Spanjaarde, daarna die Engelse en uiteindelik deur die VSA self verdruk is. Columbus word as 'n skurk uitgebeeld wat nie vir die verspreiding van die geloof of die eer van die Spaanse koningshuis gewerk het nie, maar vir sy eie selfsugtige drang na goud.<sup>42</sup>

Herbert Gutman weer beskou die "Afro-Americans" as deel van die ware "people" van die VSA,<sup>43</sup> terwyl John Kuo Wei Tchen klem lê op die rol van die Chinese immigrante. Dit was veral in Kalifornië waar die Chinese bedrywig was. Gedurende die 1850's byvoorbeeld, het Chinese die grootste getal loonwerkers in San Francisco uitgemaak. Verder het die Chinese veel arbeid by die bou van spoorweë, die oprig van wynplase en vrugteplase verrig. In die stede het heelwat Chinese klerewasserye besit en is daar na so 'n werker as Charlie verwys. Volgens Tchen kan die Chinese dus as die eerste proletariaat van die VSA beskou word.<sup>44</sup> Zinn verwys egter na nog ander groepe aan wie hy in sy werk aandag gee en wat deel uitmaak van die gewone mens:

I prefer to try to tell the story of the discovery of America from the viewpoint of the Arwaks, of the Constitution from the viewpoint of the slaves, of Andrew Jackson as seen by the Cherokees, of the Civil War as seen by the New York Irish, of the Mexican war as seen by the deserting soldiers of Scott's army, of the rise of industrialism as seen by the young women in the Lowell textile mills, of the Spanish-American war as seen by the Cubans, the conquest of the Philippines as seen by black soldiers on Luzon, the Gilded Age as seen by southern farmers, the First World War as seen by socialists, the Second World War as seen by pacifists, the New Deal as seen by

---

42 H. Zinn, *A People's History of the United States*, 1 - 10.

43 H.G. Gutman, *The Black Family in Slavery and Freedom*, 1790 - 1925.

44 J.K.W. Tchen, "New York Chinatown History Project" in *History Workshop*, a journal of socialist and feminist historians, nr. 24, Lente 1987, 158 - 159.

blacks in Harlem, the postwar American empire as seen by peons in Latin America.<sup>45</sup>

In Suid-Afrika is dit sonder twyfel waar dat wanneer dit kom by die vraag wie die "people" is, dan staan die swartmense sentraal. Suid-Afrikaanse "people's history" gaan van die standpunt uit dat apartheidsgeskiedenis die swartmense, wat die meerderheid van die bevolking vorm, se rol in die verlede opsetlik gemarginaliseer en afgekraak het. "People's history" hier te lande probeer doelbewus om die swartes as die onbevoorregte klasse se rol in die geskiedenis in te skryf. Alle swartmense word geag as die "people" omdat selfs die middelklas onder die swartes in die apartheidsjare polities onderdruk is.<sup>46</sup>

Blankes in Suid-Afrika word deur Suid-Afrikaanse "people's history" in die reël nie as deel van die "people" beskou nie.<sup>47</sup> Daar is egter wel uitsonderinge, soos in Callinicos se derde volume van *A People's History of South Africa: A Place in the City* waarin sy ook aandag gee aan die lot van armblankes, meestal Afrikaners. Dié Afrikaners het dikwels werk gekry by die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Hulle het egter een groot voordeel bo arm swartes gehad, dat hulle uiteindelik na die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 deur apartheidswetgewing beskerm en opgehef is.<sup>48</sup>

Terwyl "people's" historici in Suid-Afrika begrip toon vir die blankes wat ook deel van die onderste sosiale klasse soos die armblankes (en vir 'n tyd die arm blanke mynwerkers vorm), bestaan daar geen twyfel nie dat die mynbase as die teenoorgestelde van gewone mense beskou is, naamlik as 'n elite. Callinicos erken dat die mynbase as vaders en huweliksmaats vriendelike en deeglike mense kon

---

45 Zinn, 10.

46 J. Wright, "Popularizing the Precolonial Past: Politics and Problems" in *Perspectives in Education*, vol. 10, nr. 2, 1988/9, 47.

47 W.P. Visser, "People's History" en Geskiedenisonderrig op skool: 'n Alternatiewe geskiedenis vir die nuwe Suid-Afrika" in *Gister en Vandag*, nr. 25, Mei 1993, 34.

48 L. Callinicos, *A People's History of South Africa, Volume Three; A Place in the City: the Rand on the eve of apartheid*.

gewees het en dat hulle miskien selfs werklik geglo het dat die myne vooruitgang gebring het, ten spyte van die haglike woonomstandighede van en die lae lone wat die swart mynwerkers ontvang het.<sup>49</sup>

Die gewone mense in Suid-Afrika en veral die swartmense is volgens "people's history" meestal uitgebuit deur die mynbase wat net wins wou maak maar niks gedoen het om die lewensomstandighede van hul werkers te verbeter nie. Cecil John Rhodes, self 'n mynbaas en wat ook premier van die Kaap in 1890 geword het, is in die Suid-Afrikaanse "people's history" een van die duidelikste voorbeelde van 'n persoon wat nie as deel van die "people" beskou word nie. Rhodes se Glen Grey Wet het ten doel gehad om swartmense van hulle grond te dwing om loonwerkers in die myne en spoorweë te word. Hy het groot stamgronde in kleiner eenhede opgedeel om die tradisionele bestaansekonomie van gewone mense te vernietig en sodoende die swartmense te forseer om in die stede, dorpe en op blanke boere se plase werk te gaan soek.<sup>50</sup>

Vroue in die algemeen maar veral vroue in die werkersklas word ook as deel van die gewone mense beskou. Vroue as deel van "the people" is 'n voorbeeld van waar sommige mense (in die geval vroue) as meer gewoon as ander beskou word en dus meer deel is van die "people" as ander groepe. In die stryd om klasse emansipasie is vroue dikwels geïgnoreer as 'n afsonderlike kategorie, dit wil sê vroue moes binne sosialistiese bewegings ook vir lank as het ware gehoorsaam wees. Ook sosialisties-Marxisties geïnspireerde historici, om nie eens van die sogenaamde tradisionele elite historici te praat nie, het die vroue vir lank agterweë gelaat in hul navorsing omdat die wêreld van die sosialistiese bewegings tot nog wel in die sewentigerjare van die twintigste eeu hoofsaaklik deur mans gedomineer is.

Vroue is dus dubbel onderdruk, eerstens omdat hulle ook dikwels deel was van die werkersklas wat deur kapitaliste uitgebuit is en tweedens omdat hulle dikwels deur mans onderdruk is, byvoorbeeld die weerhouding van hoë poste vir vroue. "People's

---

49 L. Callinicos, *A People's History of South Africa, Volume One Gold and Workers, 1886 - 1924*.

50 *Ibid.*, 19, 106.



history" stel dit ten doel om ook die belangrike rol van die vrou in die verlede na vore te bring.<sup>51</sup>

In Suid-Afrika is die situasie van die vrou dieselfde as die een hierbo geskets. Die Suid-Afrikaanse samelewing is uitermate manlik gedomineerd en dit geld ook vir die intellektuele leefwêreld.<sup>52</sup> Vroue se rol in die verlede het in Suid-Afrika al hoe meer aandag gekry soos in Belinda Bozzoli se *Woman of Phokeng* (1991)<sup>53</sup> en *We have done with Pleading: the women's 1913 anti-pass campaign* (1991) van J. Wells.<sup>54</sup> Vir feministiese historici is dit belangrik om eers die onderdrukking van vroue in die verlede op die tafel te sit, voordat hulle die werklike "Prägung" of te wel prag en praal van hul eie identiteite kan begryp.<sup>55</sup>

Marxistiese geïnspireerde "people's history" bevind hulself in die ongemaklike teenstrydigheid dat die woord "people" vreemd is aan die oorspronklike Marxistiese woordeskat. Met "people" word potensieël enige persoon van 'n vakman, kleinhandelaar, prostituut, proletarieër tot 'n kleinboer ingesluit, terwyl Marxiste juis klasse konnotasies wil beklemtoon en klasse verskille wil inlig. Gevolglik het "people's" historici die Marxisme aansienlik afgewater<sup>56</sup> om die konssep van klas te verbreed.<sup>57</sup>

Vervolgens kom die vraag na die vaagheid van die begrip "people's history" weer na vore. "People's history" as begrip is en bly vaag maar dit is juis hierdie vaagheid wat positief benader kan word omdat die beweegruimte binne die vak Geskiedenis

---

51 A. Davin, Feminism and Labour history in R. Samuel (red.), *People's History*....., 177 - 178.

52 B. Bozzoli en P. Delius, "Radical History and South African History" in J. Brown e.a. (reds.), *History from South Africa: .....*, 23.

53 B. Bozzoli en M. Nkotsoe, *Women of Phokeng: Consciousness, Life strategy and migrancy in South Africa, 1900 - 1983*.

54 J. Wells, *We have done with pleading: the women's 1913 anti-pass campaign*.

55 Lüdtko, 10.

56 Hierdie aspek word in meer besonderhede in deel twee van dié verhandeling bespreek.

57 Samuel, Voorwoord, xxviii.

geweldig verruim word. "People's history" het losgebreek uit 'n rigiede konserwatisme wat slegs politiek en oorlog as waardige ondersoekvelde geag het.<sup>58</sup>

Die ideaal en begeerte om meer duidelikheid oor die begrip "people's history" te gee sodat die betekenis presies vasgepen kan word, is nog geen waarborg dat sodanige duidelikheid bestaan nie. "People's history" se vaagheid maak dié soort geskiedskrywing juis dinamies want dit hang van elke individuele beoefenaar self af wie hy/sy as die gewone mens van die verlede beskou.

---

58 *Ibid.*

## HOOFSTUK TWEE

# DIE TERUGKEER VAN DIE GEWONE MENS IN DIE GESKIEDENIS

### 2.1 Die gewone mens in geskiedskrywing

Volgens die tradisionele paradigma is die kern van die geskiedenis die politiek, 'n siening wat in die meeste lande eers teen die middel van die twintigste eeu verander het. Geskiedenis is, tot op dié stadium, beskou as die politiek van die verlede en politiek as kontemporêre geskiedenis. Die politiek is beskou as verbonde aan die staat, met ander woorde dit was eerder nasionaal en internasionaal as wat dit plaaslik was. Hierdie tradisionele geskiedskrywing het ook die geskiedenis van die kerk as instelling ingesluit en ook wat die militêre teoretikus, Karl von Clausewitz, gedefinieer het as die voortsetting van beleid deur ander metodes, naamlik oorlog. Ander soorte van geskiedskrywing, byvoorbeeld die geskiedenis van kuns of die geskiedenis van die wetenskap is nie uitgesluit van die tradisionele paradigma nie, maar is gemarginaliseer in die sin dat dit as van sekondêre belang vir "ware" historici beskou is.<sup>1</sup>

Die meeste geskiedenis is vroeër ter verheerliking van die heersers geskryf. Heelwat van die soort geskiedskrywing is vandag nog in die mode, soos die dik biografieë oor byvoorbeeld Winston Churchill,<sup>2</sup> wat sekerlik nie deur die massas geles word nie. Hierdie werke word meestal deur professionele historici, en studente wat werkstukke

---

1 P. Burke, "Overture: the New History" in P. Burke (red.), *New Perspectives on Historical Writing*, 3.

2 'n Voorbeeld in W. Manchester se twedelige biografie van Winston Churchill nl. W. Manchester, *The Last Lion, Winston Spencer Churchill, Vision of Glory, 1874 - 1932* en deel twee, *The Caged Lion, Winston Spencer Churchill, 1932 - 1940*.

moet voltooi, gelees. Eric Hobsbawm spreek sy verbasing uit dat die dik biografieë nog op die topverkope lysie staan, "but certainly politicians gobble them up like popcorn, at least if they are literate"<sup>3</sup>, aldus Hobsbawm. Vanuit die middelklasse is daar ook veel belangstelling vir werke oor die "groot manne" van die verlede, maar belangstelling onder die werksklasse vir die soort werke is volgens Hobsbawm veel kleiner. Veral politici en aspirant politici lees die soort werke en nie net omdat dit gaan oor mense uit hulle eie klas nie, maar ook omdat hierdie werke handel oor uitstaande beoefenaars van die politiek. As die leser self 'n politikus is kan hy/sy veel lesse daaruit leer.<sup>4</sup>

Die vraag ontstaan waarom die gewone mense voorheen uit geskiedeniswerke uitgesluit is. Die antwoord lê op twee vlakke. Enersyds lê die antwoord opgesluit in die situasie waarin gewone mense hulle bevind het in teenstelling tot bevoorregte klasse en andersyds toon historici ook bepaalde negatiewe houdings teenoor gewone mense.

Gewone mense was meestal die oorgrote meerderheid van enige samelewing maar hulle het die minste regte gehad. J.F.C. Harrison beweer dat gewone mense deur die verlede heen sowat sewentig tot negentig persent van die totale bevolking uitgemaak het. 'n Voorbeeld van voorgenoemde is die tyd van Columbus waarin die meeste mense in Spanje kleinboere was. Hierdie gewone mense het gewerk vir die adellikes, wat net sowat twee persent van die bevolking was, maar wat vyf-en-negentig persent van die land besit het. Die grootste gedeelte van die Spaanse geskiedskrywing handel oor hierdie klein groepie wat die meeste besit het, absolute mag uitgevoer het, en wat die meeste van die belangrike besluite geneem het. Met die mag wat die elite gehad het, het hulle die gewone mense as onbelangrik in die samelewing beskou. Wie wel of nie belangrik is nie, is deur die adel bepaal met die gevolg dat geskiedskrywers die tendens gevolg het en gewone mense in geskiedskrywing meestal as agtergrondspelers uitgebeeld het. 'n Uitsondering op

---

3 E.J. Hobsbawm, "History from below - some reflections" in F. Krantz (red.), *History from Below : Studies in Popular Protest and Popular Ideology in Honour of George Rudé*, 63.

4 *Ibid.*

die tendens om gewone mense uit geskiedskrywing te laat, is in die geval van revolusies en insurreksies.<sup>5</sup>

Historici is groot vleiers van diegene wat die mag besit, aldus Hugh Trevor Roper. Dit beteken dat historici graag skryf oor die groot en suksesvolle persoonlikhede van die verlede. Die gewone mense is meestal sonder die mag van groot leiers, 'n situasie wat dit skynbaar onaantreklik maak om oor die gewone mense te skryf. Die gewone mense was in die verlede meestal ongeletterd en daarom is die aanname gemaak dat hulle niks het om te vertel nie. Hierdie aanname het dalk met veel meer te make as met 'n tekort aan bronne. Dit het ook te doen met die onbekendheid van die kultuur van die werkersklas of nog erger, 'n weiering om die idees en aksies van gewone mense ernstig op te neem. Die stereotipes wat historici van gewone mense maak, is dikwels nie die beeld wat gewone mense van hulle self het nie. Historici is ook geneig om die bronne wat nodig is om die verlede van gewone mense na te speur met, soos Harrison dit stel, intellektuele snobisme bekijk. Tradisionele historici is geneig om te glo dat daar 'n hiërargie in die tipe getuie is. So byvoorbeeld beskou tradisionele historici geskrewe bronne as die belangrikste vorm van getuie. Idees van die elite word as verhewe bo die handewerk van gewone mense beskou, terwyl handewerk met gewone mense vereenselwig word en die fynere kunste, soos skilder met elitegroepe se kultuur vergelyk word. In wese beweer tradisionele historici dat alles wat met die elite verbind kan word goed en dit wat met gewone mense verbind word, minderwaardig is.<sup>6</sup>

Nog 'n rede waarom historici nie die moeite gedoen het om die rol van gewone mense in die verlede te ondersoek, lê daarin dat gewone mense hul rol van ondergeskiktheid vir lank in 'n mate aanvaar het. Die gewone mens se stryd vir meer regte is lank beperk tot 'n stryd teen die heersers wat die naaste aan hulle was. Eric Hobsbawm meen dat as daar een veilige veralgemening gemaak kan word van die verhouding tussen die kleinboer en koning en/of keiser voor die negentiende eeu, dan is dit dat die gewone mense die koning en/of keiser, as per definisie as goed beskou het. Die gewone mense het aanvaar dat indien die koning maar net sou

---

5 J.F.C. Harrison, *The Common People : A History from the Norman Conquest to the present*, 13; H. Zinn, *A People's History of the United States*, 2; Hobsbawm, 63.

6 Harrison, 16 - 17.

geweet het van die slegte omstandighede waarin hulle geleef het, hy die grondbesitters tot verantwoording sou roep. Maar die koning het buite die politieke sfeer van die gewone mense, en die gewone mense buite die politieke sfeer van die koning geleef.<sup>7</sup>

Hierdie toestand het verander, veral met die eeuwisseling rondom 1800, 'n tydperk waarin die gewone mense stelselmatig na vore begin tree het as 'n groep wat mag kon uitoefen, byvoorbeeld met die groot revolusies en die opkoms van die politieke massabewegings.<sup>8</sup> Vrae is begin vra oor wat die rol van die gewone mense nou werklik is. Hierdie vraagstelling na die bydrae van die gewone mens tot die verlede word sekerlik die beste verwoord deur die gedig "Fragen eines Lesenden Arbeiters" of "Vrae wat 'n lesende werker vra" van Bertolt Brecht. "People's" historici hou hulself ten nouste besig met die vrae wat Brecht stel.

Wer baute das siebentorige Theben?  
 In der Büchern stehen die Namen von Königen.  
 Haben die Könige die Felsbrocken herbeigeschleppt?  
 Und das mehrmals zerstörte Babylon -  
 Wer baute es so viele Male auf? In welchen Häusern  
 Des goldstrahlenden Lima wohnten die Bauleute?  
 Wohin gingen an dem Abend, wo die chinesische Mauer fertig war  
 Die Mauerer? Das grosse Rom  
 Ist voll von Triumphögen. Wer errichtete sie?  
 Über wen Triumphierten die Cäsaren? Hatte das vielbesungene Byzanz  
 Nur Paläste für seine Bewohner? Selbst in dem sagenhaften Atlantis  
 Brüllten in der Nacht, wo das Meer es verschlang  
 Die Ersaufenden nach ihren Sklaven.

Der junge Alexander eroberte Indien.  
 Er allein?  
 Cäsar schlug die Gallier.  
 Hatte er nicht wenigstens einen Koch bei sich?  
 Philipp von Spanien weinte, als seine Flotte

---

7 Hobsbawm, 64.

8 *Ibid.*

Untergegangen war. Weinte sonst niemand?  
Friedrich der Zweite siegte im Siebenjährigen Krieg. Wer Siegte ausser ihm?

Jede Seite eine Sieg.  
Wer kochte den Siegeschmaus?  
Alle zehn Jahre ein grosser Man.  
Wer bezahlte die Spesen?

So viele Berichte.  
So viele Fragen.<sup>9</sup>

- Bertolt Brecht

In teenstelling met die tradisionele geskiedskrywing is daar die "nuwe geskiedenis", soos Peter Burke dit noem, wat basies oor elke menslike aktiwiteit handel. In hierdie opsig het alles 'n verlede as dit gerekonstrueer kan word en in verband met die res van die verlede geplaas kan word. Vanuit die idee dat alles 'n verlede het, kom die idee van totale geskiedenis wat deur die Franse "Annales"-historici bekend gestel is.

Implisiet aan hierdie "nuwe geskiedenis" is kulturele relativisme, 'n relativisme waarvan die filosofiese agtergrond is dat die historiese werklikheid sosiaal en kultureel saamgestel is. Sodanige relativisme is ondermynend vir die tradisionele onderskeid tussen dit wat as sentraal in die geskiedenis beskou word, en dit wat op die periferie beweeg.<sup>10</sup>

Net soos vir die "nuwe geskiedenis", waarvan "people's history" deel is, gaan "people's history" ook van die standpunt uit dat politieke aspekte van die verlede ondergeskik aan die sosiale en kulturele aspekte is. Dit was alreeds vir die Engelse historikus, J.R. Green wat in die 1870's geskryf het, 'n bekommernis dat soveel historiese werke oor die politiek gehandel het. Green het "drum and trumpet" (verering van "groot manne") geskiedenis in sy werke vermy. In sy *Short History of the English People* maak Green dit duidelik dat hy nie oor die doen en late van die

---

9 B. Brecht, *Gedichte IV, 1934 - 1941*, 45 - 46.

10 Burke, 3 - 4.

konings skryf of oor buitelandse diplomاسie en oorloë nie, maar eerder oor die konstitusionele, intellektuele en sosiale vooruitgang van die Engelse samelewing.<sup>11</sup>

Waarom is dit noodsaaklik om die verlede van gewone mense op te teken en waarom is dit vir die gewone mense belangrik dat dit opgeteken word? Die gedig van Bertolt Brecht gee al gedeeltelik 'n verklaring en dit is dat, byvoorbeeld, Alexander die Grote onmoontlik op sy eie Indië sou verower het. Van Brecht kan afgelei word dat die oorwinning veral aan die gewone mense te danke is en dat die geskiedenis van die gewone mens 'n belangrike (en vir Brecht die belangrikste) verhaal van die verlede is.

Die verlede is nou verwant aan die hede en gevolglik gee dit 'n mens 'n idee van die samelewing en wêreld waarin ons lewe. Harrison is van mening dat die meeste mense hulself makliker identifiseer met gewone mense as met konings en premiers, ook al glo mense van hulself dat hulle nóg "common" nóg ordinêr is. Politieke motiewe is ook verbonde aan die skryf van "people's history". In die twintigste eeu word daar veel klem gelê op die demokrasie van die massas en kulturele pluralisme. Dit is dus belangrik om die verlede van die grootste meerderheidsgroep binne die demokratiese stelsel te ondersoek. Historici wat skryf oor die verlede van gewone mense het egter, net soos die tradisionele historici, bepaalde politieke oogmerke. Deurdat tradisionele historici oor die verlede van die heersersklas geskryf het, kon hulle die politieke debat van hul tyd met hul geskiedskrywing beïnvloed. Gewone mense het voorheen geen politieke magte gehad nie en daarom was dit vir die tradisionele historikus ook nie nodig om oor hulle te skryf nie. In die hede is bogenoemde magspel verander deurdat historici nie meer net die verlede van die heersersklas gebruik vir politieke gewin nie, maar eerder die geskiedenis van gewone mense. In die demokrasie is dit immers veral die massas, dus gewone mense, wat die mag het.<sup>12</sup>

---

11 R. Samuel, Voorwoord : "People's History" in R. Samuel (red.), *People's History and Socialist Theory*, xv, xvi.

12 Harrison, 13; die aspek van "people's history" se verbintenis met politieke motiewe word in hoofstuk vyf in meer besonderhede bespreek.



Die ondersoek en opteken van die gewone mense se verlede beteken dat hulle in die geval van "people's history" vanaf 'n gemarginaliseerde posisie tot 'n sentrale posisie in die geskiedskrywing geplaas word. "People's history" gaan daarvan uit dat gewone mense hulle verlede subjektief ervaar het en dit as sodanig weergegee moet word. Subjektiewe ervaring van gewone mense beteken dat dié mense se ervarings vasgelê is in die kulture rondom hulle. Hoe gewone mense hulle lewens ervaar het moet dus nie deur 'n sogenaamde objektiewe samevatting in geskiedeniswerke weergegee word nie, maar in die subjektiwiteit waarmee die gewone mense hulle eie lewens ervaar het. Om die rede is "people's history" ook op soek na subjektiewe lewenservaringe wat tot in daardie stadium 'n onbekende dimensie in geskiedskrywing was. 'n Soektog word geloods na mense met "real life experience", dus nie net geskrewe bronne nie, maar na persone wat mondelinge getuïenis, of te wel "oral history" kan lewer van bepaalde lewenservaringe. Deur hierdie doelstellinge en metodes te volg, so glo die beoefenaars van "people's history", sal die gewone mense se verhaal nie verlore gaan nie.<sup>13</sup>

George Rudé se werk, *The Crowd in the French Revolution* (1954) is 'n uitstekende voorbeeld van 'n historiese werk wat die verhaal van die gewone mense ondersoek en wat name probeer gee aan die gesigte in die massas, name vir die "faces in the crowd". Terwyl Rudé met sy navorsing vir sy doktorsgraad besig was, was dit vir hom opvallend dat nie een historikus van tevore vrae gevra het soos: "Who actually took the Bastille, stormed the Tuileries, expelled the Girondin leaders from the National Convention, or stood silently by as Robespierre was hustled to the scaffold?"<sup>14</sup> Rudé het homself nie net afgevra wie dié gewone mense was nie, maar ook vrae soos hoe hulle daar gekom het, wat was hulle motiewe en sosiale aspirasies en hoe het hulle dit bereik? Rudé het al gou uitgevind dat die tekort aan bronne nie die rede was waarom historici nie al van tevore hierdie vrae gevra het nie. In die Nasionale Argief in Parys het Rudé 'n lys ontdek wat die name, adresse,

---

13 C. Eloff, "History from Below", 'n Oorsig in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 25, 1991, 58; R. Samuel, Voorwoord in *People's History.....*, xviii; R. Samuel, "The History Workshop 1966 - 1980" in *People's History.....*, 413; Hobsbawm, 65, 73.

14 G.F.E. Rudé, "The Changing face of the Crowd" in L.P. Curtis, Jr.(red.), *The Historian's Workshop, Original Essays by Sixteen Historians*, 190.

ouderdomme, beroepe en milisie eenhede van elk van die 600 burgerlikes wat deelgeneem het aan die bestorming van die Bastille, bevat het.<sup>15</sup>

Alhoewel die skryf van die geskiedenis van die gewone mense eers vanaf die sestiger en sewentigerjare van die twintigste eeu 'n hoogtepunt bereik het, veral in Engeland, kom die invloede vir hierdie geskiedskrywing al van ver. Vervolgens is dit nodig om kortliks na die invloede van uit die verlede op "people's history" te kyk.

## 2.2 Die ontwikkeling van die "people's history"-gedagte

Die vroegste invloede op "people's history" kan teruggevoer word na die Verligting. In die agtiende eeu het daar 'n beweging ontstaan wat die skryf van geskiedenis nie net tot politieke en militêre sake beperk het nie maar veral gekyk het na die handel, die reg, die sosiale gebruike in bepaalde samelewings en die "gees van die tyd". Die beoefenaars van sosiale geskiedenis in die algemeen en "people's history" in die besonder, erken of herken vandag waarskynlik nie die invloede van die Verligting op hulle eie werke nie, maar die huidige sosiale geskiedenis se voorgangers kan beslis na dié tyd teruggevoer word. Die verskil tussen die geskiedskrywers van die "sosiale geskiedenis" in die Verligtingstydperk en die huidige historici lê veral daarin dat daar vandag 'n groot groep "people's history" geskiedenisrywers is en dit is 'n groep wat weier dat "people's history" gemarginaliseer word.<sup>16</sup>

Voorbeelde van skrywers uit die Verligtingstydperk rakende "people's history" is byvoorbeeld Gambattista Vico, een van die eerste skrywers wat die paradigma van die klassestryd daargestel het, 'n kenmerk wat ook sentraal aan "people's history" is. Vico was van mening dat daar in die Klassieke heroïese state altyd 'n stryd tussen die gewone mense en die adel geheers het. Die gewone mense wou die staat steeds verander, terwyl die adel dit wou behou soos dit was.<sup>17</sup> In sy *Essai sur*

---

15 *Ibid.*

16 Burke, 8.

17 Samuel, Voorwoord : "People's History", xx.

*les moeurs*<sup>18</sup> het Voltaire die Europese lewenswyse vanaf Karel die Grote tot sy eie tyd as tema gehad. Voltaire het oor ander aspekte van die verlede as net die politiek geskryf, byvoorbeeld die ridderlikheid, die handel en kulturele gebruike. Skrywers soos A.R.J. Turgot en Smith en Robertson het vier stadiums in die geskiedenis van die mens geïdentifiseer in terme van die wyse waarop mense hulle bestaan maak, naamlik: jag, veeboerdery, landbou en handel.<sup>19</sup>

Buiten Voltaire moet volgens Samuel en Hobsbawn, veral die ander Franse historikus, Jules Michelet as een van die eerste groot invloeders op "people's history" beskou word. In sy populistiese geskiedenis kyk Michelet na die groot kollektiewe kragte wat hy as bepalend vir Frankryk se toekoms beskou. Sy werk *Tableau de France en Le Peuple* is 'n voorbeeld hiervan. Die temas wat Michelet in hierdie werk aangespreek het, was taal, seksualiteit, die towerkuns, die menslike geografie en regionale temas. Hierdie soort temas was bepalend vir die basiese temas binne die latere Franse sosiale geskiedskrywing. Michelet was geïnteresseerd in historiese gebeure as illustrasies van onderliggende sosiale prosesse en in individue as verteenwoordigers van groepe. Sy beskouing van die samelewing verklaar hy in terme van 'n histories afgeleide historiese eenheid. In die sin moet geskiedenis alle aspekte van menslike aktiwiteite bestudeer: industrie, godsdiens, die regte, die kunste ensovoorts.<sup>20</sup>

Die volgende faktor wat 'n groot invloed op "people's history" uitgeoefen het, is kultuurgeskiedenis en die opkoms van populêre kultuur (kultuur van die gewone mens). Dit was veral in Duitsland in die negentiende eeu waar kultuurgeskiedenis na vore getree het.<sup>21</sup> Jacob Burckhardt het in sy *Die Kultur der Renaissance in Italien* (1860) meer gekonsentreer op die kulturele tendense, ("trends"), van die tyd as op die chronologie van bepaalde gebeurtenisse. Burckhardt se temas wissel

---

18 Voltaire, *Essai sur les moeurs et l'esprit des nations et sur les principaux faits de l'histoire depuis Charlemagne jusqu'à Louis, XIII.*

19 P. Burke, "People's history or total history" in R. Samuel (red.), *People's History*....., 5 - 6.

20 Samuel, Voorwoord: "People's history", xvii - xviii, Hobsbawn, 64.

21 Burke, "Overture : the New History" in P. Burke (red.), *New Perspectives*....., 3.

vanaf die staat, die ontwikkeling van die individu, die wetenskap, die samelewing se feeste tot morele waardes en religie.<sup>22</sup>

As voorganger vir die term populêre kultuur is daar die Volkskunde. Die woord "Volkskunde" is in 1782 deur vermoedelik Friedrich Ekkard, Göttingse bibliotekaris, geskep. Die begrip verwys na die soeke van kennis oor die sedes en gewoontes van die laer volksklasse.<sup>23</sup> P. Burke is van mening dat die term populêre kultuur in teenstelling tot geleerde kultuur, in die laat agtiende eeu deur die volkskundige J.G. Herder, geskep is. Herder en sy volgelinge soos die broers Grimm, ook volkskundiges van Göttingen, het anders as vorige volkskundiges die idee gehad dat liedjies, verhale, toneelspel, spreekwoorde, gebruike en seremonies almal deel was van 'n geheel, as 'n uitdrukking van die "gees" van 'n bepaalde volk. Hieruit vloei dan ook 'n begrip soos "volkslied", 'n begrip waarvan Herder een van die eerste gebruikers was. Die meeste van hierdie skrywers het uit die middelklasse gekom, maar oor die gewone mense geskryf.<sup>24</sup>

Twee van die belangrikste redes waarom die middelklasse begin belangstelling toon het vir die alledaagse lewens van gewone mense was esteties en polities van aard. Die estetiese rede is die opstand teen die Klassieke wat begin het in die laat agtiende eeu en 'n hoogtepunt bereik het met die Romantiese beweging. "Folkplays" van byvoorbeeld Shakespeare het veel entoesiasme uitgelok omdat dit met die reëls van Aristoteles gebreek het, reëls wat so ortodoks in die Franse, Duitse en Italiaanse dramas geword het. Volksliedjies is beskou as deel van die natuur eerder as deel van kuns en die gewone mense. Veral die kleinboere is beskou as deel van die landskap. Hierdie mense is in elke sin van die woord verromantiseer.<sup>25</sup>

Die politieke redes vir die "ontdekking" van "populêre kultuur" kan gekoppel word aan 'n legitimisasie van die nasionale bevrydingsbeweginge wat oor die hele Europa

---

22 J. Burckhardt, *Die Kultur der Renaissance in Italien, ein versuch*.

23 W. Frijhoff, "Volkskundigen vóór de volkskunde?", in *Volkskundig Bulletin*, 20, 3, Desember 1994, 7

24 P. Burke, "The 'Discovery' of Popular Culture" in R. Samuel (red.), *People's History and Socialist Theory*, 216..

25 *Ibid*.

versprei het in byvoorbeeld Griekeland, Serwië en België. Die insameling van Serwiese volksliedjies en die bekendstelling daarvan was 'n subversiewe daad, omdat die bestudering van populêre kultuur ten doel gehad het om die volk "wakker" te maak oor hulle eiesoortigheid om sodoende uiteindelik op meer of totale mag aan te dring. In die geval van versameling van Serwiese volksliedjies en folklore, was hierdie daad teen die oorheersing van Oostenryk gemik.<sup>26</sup>

Populêre kultuur is as studieveld vir "people's history" van groot waarde, omdat dit in wese 'n verwerping van die tipe elite kultuurgeskiedenis is. Volgens W. Frijhoff lei die ou styl van kultuurgeskiedenis tot 'n illusie van kennis, omdat dit slegs 'n deel van die groter globale kultuur van 'n samelewing verwoord. Daar bestaan 'n groot verskil tussen die kultuur van die elite en die van die gewone mense.<sup>27</sup>

Die rede waarom dit wat as kultuur bestempel word, 'n illusie vorm, is omdat die bepaling van wat wel of nie as kultuur beskou word nie, deur magsverhoudinge bepaal word. 'n Voorbeeld hiervan is hoe byvoorbeeld die protestantse en katólieke kerke hulle in die verlede teen bygeloof verset het. Bygeloof is in hierdie opset dit wat van die klerklike norm afgewyk het, terwyl bygeloof na 'n daaglikse leefrealiteit van gewone mense kon verwys het.<sup>28</sup> Hierdie bepaling van wat kultuur is, lê by die magselite. Frijhoff is van mening dat:

"De levensstijl van een samenleving blijkt zo een stijl te zijn van groepen, en wel van die groepen die ook letterlijk, de markt van beelden, ritens en symbolen beheersen, die ze produceren, in omloop brengen en de schaarste ervan bepalen: vroeger adel en koopmanschap, kerk en drukpers - thans mode en media, industrie en wetenschap. Levensstijl van boeren, ambachtslieden, arbeiders en dagloners is daarentegen nooit tot cultuur benoemd, tenzij ter vervanging van andere elites en dus opnieuw als exemplarisch stelsel van symboolwaarden."<sup>29</sup>

---

26 *Ibid*, 217.

27 W.Th.M. Frijhoff, *Cultuur, Mentaliteit: Illusies van Elites?*, 24.

28 Frijhoff, "Volkskundigen vóór de volkskunde?", in *Volkskundig Bulletin*, 5 - 6.

29 W.Th.M. Frijhoff, *Cultuur, Mentaliteit: .....*, 21.

Die historiese proses het op sigself geen betekenis nie. Die betekenis lê daarin hoe ons dit interpreteer en wat ons daarvan maak.<sup>30</sup> Vir die historikus wat oor die gewone mense se verlede skryf, is dit dus belangrik dat daar nie net 'n beskrywing van die verlede moet plaasvind nie, maar ook verklarings. Deur te verklaar word die verlede en die hede aan mekaar verbind. Die versoeking om beskrywend te skryf is groot, omdat die "people's"-historikus homself/haarself nou verbonde voel aan die onbekende man en, nog meer, onbekende vrou van die verlede. Hobsbawm meen dat beskrywende geskiedenis interessante leesstof maak, maar dat dit nie genoeg is om net 'n antikwariese belangstelling vir die verlede te hê nie. Om te ontdek dat in sewentiende eeuse Puriteinse dorpieë in Somerset of Wiltshire meisies met buite-egtelike kinders nie as sondaars of onrespektabel beskou is nie indien daar rede was om te glo dat die vader van die kind met haar wou trou, is interessant. Wat die historikus van die gewone mense egter veel meer in belangstel, is waarom mense hieraan geglo het, hoe dit ingepas het by die res van die waardestelsel van daardie gemeenskap (of van die groter samelewing waaruit dit deelmaak) en waarom die waardestelsel wel (of nie) verander het nie.<sup>31</sup>

Hierdie behoefte om te verklaar kan alreeds teruggevind word by die radikaal-liberale of Fabiaanse geskiedskrywing in Engeland wat ook as een van die voedingsbronne vir die hedendaagse "people's history" gedien het. Die radikale liberale en Fabiaanse stroming het al in die tagtigerjare van die vorige eeu tot stand gekom en is nou verwant aan mekaar. Die Fabiaanse stroming dui op 'n tipe sosialisme wat sonder revolusie nader aan sosialisme wou beweeg. Die radikaal-liberale was deel van die Liberale Party en het ook as die nuwe liberale bekend gestaan. Hulle het probeer om 'n weg te baan tussen outoritêre Fabiaanse dogmas en wat hulle emosionele onverantwoordelike Toryïsme genoem het. Die "Fabian Society" het gepoog om enersyds insurreksie te vermy en aan die ander kant die utopiese gedagtes van die sosialisme te vermy. Die Fabiaanse ideologie was in wese sosialisme sonder die dogma van die werkersklasstryd.<sup>32</sup>

---

30 G. McLennan, "E.P. Thompson and the discipline of historical context" in R. Johnson e.a. (reds.), *Making Histories, Studies in history-writing and politics*, 107.

31 Hobsbawm, 71 - 72.

32 D. Sutton, "Radical liberalism, Fabianism and social history" in R. Johnson e.a., *Making Histories*,....., 15 - 16, 18, 23.

Die radikaal-liberale historici wat beïnvloed is deur die Fabiaanse gedagte wou die omstandighede van die laaste deel van die negentiende eeu verklaar in terme van die klassestryd wat geheers het. Hierdie klassestryd is nie die van die werkers teen die kapitaliste nie, maar eerder 'n stryd van die "people versus the aristocracy" waarna ook verwys is as die "masses versus the classes". In hierdie stryd is die middelklasse ook as deel van die gewone mense beskou. Die uiteindelijke doel van die radikaal-liberale en die Fabiaanse gedagte was om Engeland in 'n welsyn- of welvaartstaat te omskep. Volgens die konsep van die welvaartstaat wat deur die radikaal-liberale en die Fabiaanse groep geskep is, moes daar 'n nasionale minimum lewenstandaard bepaal word, wat aan die staat die verpligting sou oplê om die armste groepe in die samelewing finansiëel te ondersteun.<sup>33</sup>

Onder die belangrikste radikaal-liberale en Fabiaanse skrywers was byvoorbeeld C.G. Broderick wat in sy werk *The Domesday of Enclosures* die hebsug van die groot grondbesitters uitgewys het.<sup>34</sup> Goldwin Smith, 'n professor in Geskiedenis by Oxford, het die saak van die geskoolde arbeider teen wat hy die "united phalanx of employers"<sup>35</sup> genoem het, opgeneem.

Die belangrikste onder dié groep historici is die egpaar Barbara en John Hammond wat hulle sedert 1907 gesamentlik in die skryf van geskiedenis verdiep het. Hulle geskiedeniswerke is 'n goeie voorbeeld van die vermenging van radikaal-liberale en Fabiaanse waardes. Die Hammonds het onder andere 'n geskiedenis van die werkersklaskultuur geskryf. Hulle bekendste werke is 'n trilogie bestaande uit *The Village Labourer* (1936), *The Town Labourer* (1917) en *The Skilled Labourer* (1919). Hierin argumenteer hulle dat die werkers nie net slagoffers van die geskiedenis was nie, maar self ook 'n aktiewe rol in die skep van hulle eie lewens gespeel het. As voorbeelde hiervan gee hulle voorbeelde van werkers wat self iets ter verbetering van hulle lewensomstandighede gedoen het. Een voorbeeld is Ebenezer Elliot, 'n ysterwerker. Hy was 'n gewone werker in Engeland, 'n land waarin die gewone mense byna geen politieke regte gehad het nie. Elliot was dikwels werkloos maar

---

33 *Ibid.*, 18, 23, 34.

34 Samuel, Voorwoord : "People's History", xxiv - xxv.

35 *Ibid.*

in plaas daarvan om sy lot te aanvaar het hy die tyd gebruik om Latyn, Frans, Fisika en Wiskunde te leer. Met hierdie kennis het Elliot openbare lesings vir die werkersklas begin gee. Die Hammonds was die eerste historici wat die werkersklas uitgebeeld het as mense wat nie net slagoffers van die elite was nie, maar ook gewerk het om hulle eie lot te kan bepaal. Met die voorbeeld van Ebenezer Elliot, gee die Hammonds ook name aan persone in die massas - dus naamgewing aan die naamloses.<sup>36</sup>

Vroeër in die hoofstuk is melding gemaak dat die ontwikkeling van massabewegings in byvoorbeeld die politiek, gunstig was vir die skryf van geskiedenis waarin die gewone mens ook verreken is. Die tydperk waarin die gewone mens se stem begin tel het, het nie onmiddellik met die opkoms van die massa bewegings rondom die eeuwisseling van die negentiende eeu gepaard gegaan nie. Die instelling van 'n bourgeois demokrasie, waarvolgens mans stemreg gehad het, was in die negentiende eeu nog 'n uitsondering (behalwe in die VSA). Vroue het eers in die twintigste eeu die reg gekry om ook te stem. In die twintigste eeu het die eerste keer omstandighede ontstaan waarin gewone mense ook mag verkry het (tot in watter mate bly debatteerbaar). Die ekonomie van massa verbruik is wat Europa betref 'n verskynsel van hierdie eeu. Die twee tegnieke om mense se menings te bepaal naamlik marknavorsing deur monsters en die uitvloeiende daarvan, die openbare meningspeiling, is betreklik jonk en het eers in die 1930's ontstaan.<sup>37</sup>

Hierdie klem wat op die massamens geplaas is, het die geskiedskrywing ook nie onaangeraak gelaat nie. Die eerste groot invloed van die massa samelewing is vergestalt in die geskiedskrywing deur die Franse "Annales"-skool. Hoewel daar geargumenteer kan word dat die "Annales"-skool al 'n vorm van "history from below" openbaar het, want die term is deur George Lefebvre geskep, het die "history from below"-skool grotendeels in Brittanje ontwikkel.<sup>38</sup> Hier was dit die Britse Marxistiese

---

36 Sutton, 16, 21, 28, 31; J.L. Hammond en B. Hammond, *The Town Labourer*, 269.

37 Hobsbawm, 64.

38 H.J. Kaye, *The British Marxist Historians: An Introductory Analysis*, 225 - 22; J. Sharpe, *History from Below* in P. Burke, *New Perspectives*....., 28 - 29.



historici van die Communist Party Historian's Group wat "history from below" tot groot hoogtes sou voer - die direkte voorganger van die hedendaagse "people's history".<sup>39</sup>

Die ontstaan van die "Annales"-skool kan teruggevoer word na die stigting van die joernaal: *Annales d' Histoire Economique et Sociale*, ook net *Annales* genoem, in 1929 deur Marc Bloch en Lucien Febvre. Hierdie joernaal is gestig omdat dié twee historici, Bloch en Febvre, die tradisionele geskiedskrywing as te beperkend beskou het. "People's history" wat eers vanaf die laat sestigerjare ontwikkel het, is beïnvloed deur die "Annales", omdat hierdie skool die tematiek van veral politieke geskiedenis te beperkend gesien het. Bloch en Febvre was ook van mening dat daar te veel aandag aan die "groot persone" gegee is en te weinig aan die "klein mense" (gewone mense).<sup>40</sup>

Bloch en Febvre wou 'n geskiedskrywing met 'n totale beeld sien, waarin aandag gegee word aan ekonomiese, sosiale en psigologiese aspekte. Die metode sou kwantitatief en interdisiplinêr wees en vergelykende geskiedenis moes toegepas word om buite die nasionale grense te breek. Hierdie benadering van die "Annales"-skool het veral na die Tweede Wêreldoorlog begin veld wen, veral vanweë die hoë aansien wat Marc Bloch tydens die oorlog as deel van die Franse verzet, geniet het.<sup>41</sup>

In hulle poging om 'n alternatief vir die te beperkte politieke geskiedenis, wat hulle die geskiedenis van gebeurtenisse, "histoire événementielle", noem, te vind, het Bloch en Febvre 'n moontlike ontwikkeling van "history from below" daargestel (alhoewel hulle dit self nooit beoefen het nie), deur die skepping van die konsep "mentaliteit" (mentalité), gedefinieer as 'n "visie van die wêreld" of as 'n manier van denke. Mentaliteitsgeskiedenis verwys na die ervaringe en denke van die gewone mense eerder as die van die elite in die verlede. Die mentaliteitsgeskiedenis wat deur "Annales"-historici geskryf word, vorm egter nie 'n goeie basis vir "people's

---

39 B. Schwartz, "The people in history : the Communist Party Historians, Group, 1946 - 1956" in R. Johnson e.a. (reds.), *Making Histories*,....., 44.

40 H.L. Wesseling, "De historicus als held : l' Histoire Change", *NRC Handelsblad*, 4 Junie 1994, 3.

41 *Ibid.*; J.C. Moll, e.a., *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, Pretoria, 1987, 62 - 63.

history" nie, veral in die geval waar "Annales"-historici na mentaliteitsgeskiedenis kyk as psigologiese geskiedenis of historiese psigologie waardeur die traagheid van verandering, obskure en onderbewuste elemente van 'n bepaalde wêreldbeskouing, beklemtoon word. Hierdie benadering word gevoed deur die nadruk op: die "longue duree" (lang tydsduur) in teenstelling met spesifieke verlede gebeure, en strukturele analise in teenstelling met die mens se vrye wil en vermoë om self verandering teweeg te bring. Die vernaamste verskil met "people's history" is dat mentaliteitsgeskiedenis wat gemoed is met veranderinge oor 'n lang tydsduur, want gemeenskappe se wyse van denke verander langsaam, spesifieke historiese gebeurtenisse vermy en die politieke dimensies van menslike verhoudinge dikwels afskeep.<sup>42</sup>

In Brittanje het daar wel 'n groep tot stand gekom wat die politieke dimensies van menslike verhoudinge in ag geneem het. Hierdie groep het bekend gestaan as die "Communist Party Historians' Group" wat in 1946 gestig is deur historici binne die Britse Kommunistiese Party, wat besluit het om hulself in 'n groep te organiseer. Die besluit om hierdie groep te stig is genoodsaak ten einde 'n nuwe uitgawe van A.L. Morton se werk *A People's History of England*, vir die eerste keer in 1938 deur die "Left Book Club" gepubliseer, te bespreek. Morton se werk was een van die laaste werke in die tradisie van populêre politieke en nie-akademiese geskiedskrywing wat eksplisiet agiterend was voordat dié genré van geskiedskrywing, na die Tweede Wêreldoorlog steeds meer in die hande van professionele historici geval het. Onder hierdie groep historici wat "history from below" op 'n professionele voetstuk geplaas het en die soort geskiedskrywing in universiteite beoefen het, was byvoorbeeld Eric Hobsbawm, Christopher Hill, Edward Thompson, George Rudé en Raphael Samuel.<sup>43</sup>

Die Communist Party Historians' Group is direk deur die werke van die radikaal-liberale historici beïnvloed. Vir Hobsbawm was die werke van die Hammonds 'n groot bron van inspirasie. In sy inleiding tot *Captain Swing* gaan Hobsbawm in op 'n onderwerp wat in *The Village Labourer* bespreek is, nl: die 1830 rebellie van die arbeiders in

---

42 Kaye, 244.

43 Schwartz, 44 - 45.

die landbou. Vir Hobsbawm lê die inspirasie van die Hammonds se werk in die empatie wat hulle toon vir die lot van die arm mense en die navorsing wat ter wille van gewone mense gedoen is. Hobsbawm is egter wel van mening dat die Hammonds bepaalde tekortkominge gehad het:

We are today more keenly aware of certain kinds of problems - of economic development, of social structure, of collective behaviour, of the interaction between the social-economic base and the ideology of various social strata, than Liberal Radical historians of Edwardian England could be.<sup>44</sup>

Die eerste werk wat uit die Groep voortgekom het was Maurice Dobb se *Studies in the Development of Capitalism* (1946). Vir Dobb is kapitalisme die groot probleem wat die wêreld teister. Dobb het hiermee die "euwel" van kapitalisme as een van die belangrikste temas van "history from below" en ook van "people's history" gevestig. Hierdie tema is ook te vinde in een van die sentrale tekste van die Groep naamlik Christopher Hill se "Norman Yoke", 'n hoofstuk waarmee hy sy werk *Democracy and the Labour Movement* begin het. Die teorie van die "Norman Yoke" handel oor die vry Anglo-Sakse voor die koms van die Noormanne, wat vorme van vrye selfregering gehad het wat hulle met die verowering van die Noormanne verloor het. Met die opkoms van die kapitalisme is die "Norman Yoke"-teorie gebruik om 'n populêre patriotiese tradisie voor die gees te roep en 'n bewustheid te skep van die regte wat die gewone volk verloor het.<sup>45</sup>

Teoreties gesproke was die dominante Marxistiese en sosialistiese denke, tot in die middel van die twintigste eeu, geleë in die paradigma wat uit die natuurwetenskappe ontleen is. 'n Strukturele benadering het ook deel gevorm van die Kommunistiese Party Historici Groep se werke. So het die Marxistiese historici van die veertiger- en vyftigerjare vakbonde as verteenwoordigend van die massa mens beskou eerder as om 'n benadering te volg waarin individue net so belangrik of veel belangriker as die

---

44 E.J. Hobsbawm en G. Rudé, *Captain Swing*, Londen, 1969.

45 Schwarz, 44 - 45, 48, 52, 53, 69; Samuel, Voorwoord, xxiv.

strukture beskou is. Laasgenoemde is in werklikheid die standpunt van "people's history".<sup>46</sup>

Die doel om wetenskaplike Geskiedenis in die Marxistiese sin van die woord te skryf is gestalte aan gegee deur die totstandkoming van 'n joernaal as uitvloeisel van die Groep naamlik *Past and Present*, gestig in 1952 met Hobsbawm, Hill, Dobb en Hilton op die redaksie. Die groep het egter stelselmatig in verset gekom teen die natuurwetenskaplike invloede en die gepaardgaande positivisme. Die nut van teorie vir geskiedskrywing is bevestigteken en selfs verwerp en die slagspreuk van metodologiese individualisme het al hoe meer inslag gevind. Uiteindelik is daar van die "scientific history" benadering wegbeweeg en dit was duidelik sigbaar in die subtitel verandering van *Past and Present* vanaf *A Journal of Scientific History*, so genoem vanweë kommunistiese historici se lang verbintenis met wetenskaplike Marxisme, na *A Journal of Historical Studies*.<sup>47</sup>

Die Groep het teen die middel van die vyftigerjare met een fundamentele probleem geworstel, naamlik hoe bring hulle die geskiedenis na die gewone mense? Hulle het daaraan gedink om 'n boek te skryf wat die Marxistiese beginsel oor geskiedenis sou duidelik maak aan die gewone mense en die rol van suksesvolle populêre verset sou uitbeeld. So 'n boek is egter nooit vanuit die geledere van die Groep geskryf nie omdat hulle nie kon besluit oor hoe so 'n boek nou presies moet lyk nie.<sup>48</sup>

In 1956 het die Groep hulle sterk uitgespreek teen die Britse Kommunistiese Party se onkritiese navolging en ondersteuning van Sowjet beleid. In Julie het Hobsbawm voorgestel dat die Groep sy Party verbintenis verbreek om 'n onafhanklike Groep Marxistiese historici te word. Baie lede het hulle egter onttrek aan die Groep,

---

46 R. Samuel, "The History Workshop 1966 - 1980" in *People's History*....., 414; Hobsbawm, "History from below - some reflections" in F. Krantz (red.), *History from Below*....., 64 - 65; Schwarz, 55 - 57, 59; Die aspek van anti-strukturalisme word in Hoofstuk 3 bespreek.

47 Schwarz, 45, 85; Samuel, Voorwoord: "History and theory", xli, xxvii.

48 Schwarz, 82.

rondom *Past and Present* begin versamel of by 'n breër stroming, die "New Left" aansluiting gevind.<sup>49</sup>

Die "New Left" is in die eerste plek 'n beweging wat teen die "Old Left" staan. Die "New Left" wil meer outonoom wees en staan uiteindelik onafhanklik van die slaafse navolging van die party voorskrifte deur die "Old Left". Die Marxisme van die "New Left" is ook gebaseer op 'n nuwe Marx; hy is nou eerder 'n sosioloog as ekonoom, 'n soort Hegeliaan, 'n metafisikus, nog positivisties nog wetenskaplike determinis. Volgelinge van die "New Left" glo nie aan pasifisme nie maar aan daadwerklike politieke aktivistiese optrede waarin die gebruik van geweld deur die onderdrukte geregverdig is, solank dit tot 'n beter wêreld sal lei.<sup>50</sup>

Sedert die laat vyftigerjare het daar vanuit die sosiologie 'n weerstand teen empirisme begin groei en dit sou 'n groot invloed op Britse universiteite uitoefen. In die geskiedeniswetenskap was dit veral die *Past and Present* konferensies van die 1960's wat sosiologie in die geskiedskrywing bevorder het met onderwerpe soos ontspanning, sosiale mobiliteit deur die uitbreiding van interdisiplinêre seminare en die modernisering van leerplanne. Tot in daardie stadium was die geskiedenis nog steeds tot in 'n groot mate gemoeid met die bestudering van die staatkunde, politiek en konstitusies. Sosiologie was in die verband 'n progressiewe en selfs subversiewe krag. Die historikus se aandag is gevestig op studieveldte wat hy/sy voorheen nog nie verken het nie, byvoorbeeld die gesin, gemeenskap, populêre kultuur ensovoorts. Dit het historici aangemoedig om vergelykend te werk te gaan en ondersoek te moderniseer in lyn met kontemporêre sosiologiese en antropologiese bevindinge. Die sosiologie het die breë teoretiese raamwerk verskaf. Dit was die historikus se taak om dit met feite in te vul.<sup>51</sup>

Reeds vanaf die laat vyftigerjare maar veral die sestigerjare het Britse sosiale historici in verset gekom teen die "nuwe" sosiale "history from below". Vir die Britse geskiedskrywing was die "history from below" tot in daardie stadium te neutraal en

---

49 *Ibid.*, 83.

50 M. Cranston (red.), Voorwoord in *The New Left : Six Critical Essays*, Londen, 1970, 7 - 13.

51 Samuel, Voorwoord : "History and Theory", xli.

het daar volgens hulle 'n politieke dimensie ontbreek. Die "Annales" het te weinig aandag aan klasseverskille gegee soos aangedui deur die term "beskawing" wat in 1946 toegevoeg is aan die oorspronklike titel van die joernaal *Annales*, naamlik *Annales: economies, societies, civilisations*. In Brittanje en Frankryk is daar weer te veel klem gelê op strukture en te veel aandag aan ekonomiese kwessies. Edward Thompson het in sy *The Making of the English Working Class* (1963) met die tradisie gebreek en 'n meer kulturele en minder ekonomiese benadering gevolg, terwyl die individu bo die strukturele uitgestaan het. In hierdie opsig val Thompson se werk in die kategorie van "people's history" omdat "people's history" ook tot in 'n groot mate met die ou tradisies gebreek het.<sup>52</sup>

Die Britse sosiale geskiedenis van die laat vyftiger- en sestigerjare is ten nouste beïnvloed deur die tydsgees van dekolonisasie, anti-progressie benaderinge, studente opstande en veldtogte teen die oorlog in Viëtnam. Vanweë hierdie omstandighede het sosiale geskiedenis steeds meer na 'n "history from below" beweeg, twee terme wat vir die jonger geslag al hoe meer sinonieme geword het.<sup>53</sup>

Die sestigerjare het die ideale omstandighede geskep vir wat uiteindelik as "people's history" bekend sou staan: politieke geskiedenis het ondergeskik geraak aan sosiale geskiedenis; kultuur het 'n belangrike plek langs en selfs bo ekonomiese geskiedenis ingeneem; die verlede van die gewone mens is deur professionele historici as studieveld aanvaar; anti-kapitalisme, die klassestryd en die kritiese bevraagtekening van gesag het deel gevorm van die sentrale temas vir jong historici, beïnvloed deur die "New Left"; politieke oogmerke en die nastrewing daarvan in geskiedskrywing het vir baie jong historici aanvaarbaar geword en die debat of strukturalisme wel die gewone mense se verlede voldoende kan uitbeeld, is geopen.

Die eerste konkrete stap tot die daarstelling van "people's history" was die stigting van die "History Workshop"-beweging. In hierdie geskiedeniswerkwinkel beweging

---

52 Eloff, 43, 45; Kaye, 224; McLennan, 99, 108, 118.

53 Eloff, 45.

het Raphael Samuel (voorheen lid van die "British Communist Party Historians") 'n sleutelrol gespeel.<sup>54</sup>

In die VSA kan die invloed van die Britse Marxistiese historici gesien word in die sosiale geskiedskrywing, veral van die historici wat hulle rondom die *Radical History Review* joernaal geskaar het. Hierdie joernaal was 'n uitvloeisel van MARHO, die "Mid Atlantic Radical Historians' Organisation" wat in 1973 deur radikale historici gestig is om 'n forum vir debatvoering oor nuwe perspektiewe op die studie en onderrig van geskiedenis te skep. Die bekendste radikale historici in die VSA is Eugen Genovese, Herbert Gutman en David Montgomery. Hulle spits hul studieveld veral toe op die Amerikaanse werkersklas van die negentiende eeu en selfs die twintigste eeu.<sup>55</sup>

Die Amerikaanse "people's history" is ten sterkste beïnvloed deur die "New Left" en die stigting van MARHO was 'n uitvloeisel van die linkse denkrigting. In die konteks van die VSA het die "New Left" gepleit dat burgerregte kwessies meer aktivisties aangepak moes word.<sup>56</sup> In die Amerikaanse "people's history" is dit dan eerder Chinese immigrante, Indiane, Swartes en die werkersklas wat die helde is, terwyl die koloniseerders uitgebeeld word as persone wat meestal verkeerde besluite oor optredes vir of teen ander groepe geneem het.<sup>57</sup>

### 2.3 Invloede op die ontstaan van "Alltagsgeschichte"

In vergelyking met Brittanje en die VSA was die ontwikkeling van "history from below" in Duitsland in die vorm van "Alltagsgeschichte", sowat 'n dekade agter. Dit wil nie sê dat "Alltagsgeschichte" 'n soort van direkte oorplanting van "history from below"

---

54 R. Floud, "Quantitative History and People's History : Two Methods in Conflict?" in *History Workshop Journal* nr. 17, Lente 1984, 115; R. Samuel, "The History Workshop 1966 - 1980" in *People's History.....*, 410; Die Geskiedeniswerkwinkels word in Hoofstuk 7 bespreek.

55 Kaye, 231; H. Abelove, e.a. (reds.), *Vision of History*, onderhoude deur MARHO, ix.

56 Abelove, ix; Crauston, 12.

57 Zinn, 1 - 22.

na Duitsland was nie, want die verskille binne die VSA en Brittanje is opsigself al groot. Die Duitse skool van "Alltagsgeschichte" het ten spyte van groot ooreenkomste met die Anglo-Saksiese skool, tog bepaalde verskille ten opsigte van ontwikkeling en tematiek. Dit was eers in die middel sewentigerjare dat "Alltagsgeschichte" tot ontplooiing gekom het.<sup>58</sup>

In 1961 het daar vir die eerste keer in Duitsland 'n breuk moontlik geword met die tradisionele politieke geskiedskrywing vanweë die verskyning van 'n werk deur Fritz Fischer oor Duitsland se oogmerke in die Eerste Wêreldoorlog. Fischer het aangedui dat, anders as wat die historici "establishment" van sy tyd in Duitsland wou glo, Duitsland se oogmerke in die Eerste Wêreldoorlog nie veel verskil het van Hitler se doelstellings nie. Dit het 'n skokgolf deur akademiese kringe gestuur, want daar is gevrees dat dit politieke implikasies sou hê. Alhoewel die Fischer kontroversie nie van direkte belang vir die totstandkoming van "Alltagsgeschichte" lyk nie, was dit tog belangrik om die Duitse intellektuele klimaat voor te berei vir veranderinge.<sup>59</sup>

Die verset het toegeneem teen die tradisionele voorrang van politieke geskiedenis wat volgens die hermeneutiese verstaanmetode enkel en alleen op gebeurtenisse en persone gerig is. Onder invloed van die Franse "Annales"-skool, die Amerikaanse sosiologie, die "New Economic History" asook die "Frankfurter Schule" se kritiese teorie, het Hans-Ulrich Wehler 'n ander vorm van geskiedenis ontwikkel, naamlik die Historiese Sosiale Wetenskap. Hierdeur het 'n verskuiwing plaasgevind van die politiekgesentreerde geskiedenis, na 'n ontleding van langtermyn, nie-individuele sosiale-ekonomiese verskynsels wat geskiedenis as vak nader aan die sistematiese sosiale wetenskappe gebring het. Die "Alltagsgeschichte"-skool het hulle weer teen die Historiese Sosiale Wetenskap verset omdat dit te abstrak na die verlede kyk, terwyl individuele gebeurtenisse op 'n konkrete en beter aanduiding van die menslike verlede wys.<sup>60</sup>

---

58 G. Eley, "Labour History, Social History, "Alltagsgeschichte": Experience, Culture and the Politics of the Everyday History?" in *The Journal of Modern History*, vol. 61, nr. 1, Maart 1989, 297.

59 *Ibid.*, 312; M. Stanford, *The Nature of Historical Knowledge*, 2 - 3.

60 F.A. van Jaarsveld, "Geskiedenis van die alledaagse lewe - 'n nuwe stroming in die Duitse sosiale geskiedskrywing" in *Historia*, Mei 1990, 8 - 9.



Buiten die invloed wat die Britse "history from below" uitgeoefen het, is "Alltagsgeschichte" se ontstaan beïnvloed deur nog drie belangrike faktore naamlik die Duitse "New Left" - die inslag van die etnologie en die verwerping van die "onheilige" verbintenis tussen die moderniseringsteorie en Nazisme. Die Wes-Duitse "New Left" was 'n komplekse beweging maar 'n paar algemene invloede op die beweging was die Marxistiese filosoof Ernst Bloch se *Das Prinzip Hoffnung* (Die Beginsel van Hoop) en die anti-outeoritêre houding van Wes-Duitse studente. Tweedens het die eksponente van "Alltagsgeschichte" hulle gekeer tot 'n etnologiese epistemologie. Veral Hans Medick en Alf Lüdtke was hierby betrokke asook ander persone verbonde aan die Max Planck Geskiedenis Instituut in Göttingen. Hierdie instituut was die middelpunt van die internasionale debat oor samewerking tussen geskiedenis en antropologie. Derdens het daar in die sestigerjare 'n reaksie ontstaan teen die verbintenis tussen Nazisme en die moderniseringsteorie. Na die Tweede Wêreldoorlog het die Nazi verlede min aandag in geskiedeniswerke gekry want die klem is op vooruitgang en heropbou geplaas. "Alltagsgeschichte" gaan daarvan uit dat die Nazi verlede nie onbespreek moes bly nie. Reeds sedert die sestigerjare het twyfel ook ontstaan of vooruitgang wel plaasvind, veral omdat Europa se vooruitgang op die uitbuiting van die "Derde Wêreld" neergekom het.<sup>61</sup>

Die Fischer kontroversie het in die sestigerjare die meeste van die progressiewe historici se energie in beslag geneem. Eers teen die einde van die sestigerjare is sosiale geskiedenis beskou as 'n belangrike prioriteit wat nagestreef behoort te word. In die middel sewentigerjare is 'n model ooreenkomstig die "history from below" begin volg, maar die temas is gekoppel aan sosiaal-wetenskaplike onderwerpe soos die gesin, demografiese geskiedenis, mobiliteitstudies en die studie van kollektiewe aksies. Binne dié kader het die modernisering van die vak binne 'n liberale kader geskied in teenstelling tot die radikalisme en populisme van die Britse en Amerikaanse skole.<sup>62</sup>

---

61 Eley, 297 - 298, 312 - 318; T. Lindenberger en M. Wildt, Radical Plurality : History Workshops as a Practical critique of Knowledge" in *History Workshop a Journal of socialist and feminist historians*, nr. 33, Lente 1992, 81 - 83.

62 Eley, 313 - 314.

Vanaf die middel sewentigerjare het temas oor die werkersklas, populêre kultuur gekoppel aan alledaagse ervaringe die studies begin oorheers. In hierdie tyd is dit veral Alf Lüdtké wat na vore getree het as die historikus wat die meeste helderheid verskaf het oor wat "Alltagsgeschichte" is. Lüdtké kan daarom volmondig as die grondlegger van "Alltagsgeschichte" beskou word.<sup>63</sup>

Net soos in Engeland is daar in Duitsland in die tagtigerjare ook geskiedeniswerkswinkels met die Duitse naam "Geschichtswerkstätten" gestig as 'n konkrete uitvloeisel van "Alltagsgeschichte" om ook aan die gewone mense deelname aan geskiedskrywing te bied. Die historici verbonde aan die "Geschichtswerkstätten" was 'n groep opgelei in die sestiger- en sewentigerjare. Hulle is beïnvloed deur die Vredesbeweging van die tagtigerjare waarvan die kenmerke pasifisme en die teenkating van die ontplooiing van missiele in Wes-Europa was. Die polities-linkse "Grünen" (Groenpolitiek) wat in die laat sewentigerjare gestig is, was ook 'n invloed op die Duitse geskiedeniswerkswinkel. "Grünen" het veral kritiek op huidige tendense van produksie en verbruik en propageer 'n verandering in lewenstyl ten opsigte van die tendense. Hulle het ook ten doel om idees oor hoe 'n post-industriële samelewing moet lyk te verkondig. Beide die Vredesbeweging en die Groenpolitiek is die politieke klimaat waarin "Alltagsgeschichte" ontvou het.<sup>64</sup>

---

63 *Ibid.*, 314, 321.

64 *Ibid.*, 298; W. Kaltefleiter, Inleiding in W. Kaltefleiter en R.L. Pfaltzgraff (reds.), *The Peace Movements in Europe and the United States*, 7, 3; J. Ferris, Introduction: Political realism and Green strategy in H. Wiesenthal en J. Ferris (reds.), *Realism in Green Politics, Social movements and ecological reform in Germany*, 128.

## HOOFSTUK DRIE

# STRUKTURALISME VERSUS MENSLIKE AGENTSKAP : HOE DIE GEWONE MENS SE ROL IN DIE VERLEDE DIE DUIDELIKSTE NA VORE KOM

### 3.1 Strukturalisme en menslike agentskap

Sedert die vyftigerjare het daar in die Marxistiese geskiedskrywing twee duidelike strominge ontstaan. Aan die een kant is daar die strukturaliste en aan die ander kant die empiriste met hul benadering van "human agency" of menslike agentskap. 'n Debat het tussen die twee strominge ontstaan oor wie die verlede van gewone mense die beste vertolk en watter historiese ondersoeksveld wel of nie belangrik is om oor navorsing te doen. Die struktuur versus menslike agentskap debat het in Brittanje in die vyftigerjare begin en weer 'n oplewing in die sewentigerjare gehad. In Suid-Afrika het 'n soortgelyke debat as in Brittanje in die laat sewentigerjare begin posvat. "People's history"-beoefenaars is voorstanders van empirisme met 'n menslike agentskap benadering. In hierdie hoofstuk word die twee begrippe strukturalisme en menslike agentskap eers uitgeklaar alvorens die twee kern aspekte van die debat naamlik, abstraksie versus die verkonkretisering van geskiedskrywing en teorie en empirisme in die soeke na die menslike agentskapsrol, bespreek word. Daarna volg 'n kort bespreking oor die struktuur versus menslike agentskap debat in Suid-Afrika en die vraag word ook gestel of die debat net 'n rigiede dit of dat argument is.

Struktuur word gedefinieer as 'n verhouding en hierdie verhouding bepaal die aard (karakter) van die geheel. Volgens Michael Stanford is daar vyf voordele verbonde aan 'n strukturele benadering:

- Eerstens wys dit hoe verskillende dele in verhouding tot mekaar en tot die geheel staan.
- Tweedens lei die kennis van strukture tot 'n ingesteldheid om verhoudinge te bestudeer, eerder as die bestudering van die dinge wat tot mekaar in verhouding staan.
- Derdens is 'n persoon geneig om meer formeel en abstrak te dink as konkreet.
- 'n Vierde rede is dat struktuur help om makliker groot velde van informasie te hanteer.
- In die vyfde plek stel struktuur 'n persoon in staat om te konstrueer en herkonstrueer, of dit nou gaan oor ingenieurswese, kunsrestourasie of die historiografie.<sup>1</sup>

Dit was in Frankryk waar die grootste klem op strukturalisme gelê is, met die hoogtepunt in die werke van Louis Althusser en Nicos Poulantzas. Die Franse antropologiese strukturalisme met Emmanuel Terray en Claude Meillassoux as die vernaamste eksponente, het 'n belangrike invloed uitgeoefen met die klem wat hulle op die politieke ekonomie van tradisionele samelewings geplaas het.<sup>2</sup> Sigmund Freud se psigo-analise het 'n groot invloed op die strukturalisme in die algemeen gehad, met die soeke na dit wat onder die oppervlakte lê.<sup>3</sup>

In die algemeen kan strukturalisme se opkoms in veral Frankryk en later Brittanje, toegeskryf word aan 'n linkse reaksie teen die mislukking of bevraagtekening van die

---

1 M. Stanford, *The Nature of Historical Knowledge*, 7, 8.

2 J.C. Moll, e.a., *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, 62.

3 R. Samuel, Voorwoord: "History and theory" in R. Samuel (red.), *People's History and Socialist Theory*, xlii.

evolusionêre en humanistiese denke van vooruitgang.<sup>4</sup> Die geskiedenis is volgens strukturaliste nie 'n kontinue voorwaartse (diachroniese) geheel nie, maar 'n diskontinue (sinchroniese) totaliteit. Strukturaliste soek in die geskiedenis na bepaalde onbewuste reëls wat in bepaalde tydperke bepaalde wetenskappe, filosofieë en ideologieë kan laat ontstaan.<sup>5</sup>

Menslike agentskap ("human agency") verwys na die rol wat gewone mense in die verlede gespeel het. Agentskap dui daarop dat gewone mense, as individue, die skeppers is van die wêreld en samelewing waarin hulle woon. Gewone mense het dus hulle eie verlede geskep en was nie net blote slagoffers van stelsels en strukture nie. "People's history" wys daarop dat die stryd en sosiale-politieke bewegings van gewone mense 'n wesentlike bydrae gelewer het tot die totaliteit van historiese ontwikkeling, dit wil sê, onder andere die waardes en idees, die politieke ekonomie en kultuur, daarom het die gewone mense ook bygedra tot die ervaringe en stryd van latere generasies.<sup>6</sup>

B. Bozzoli en P. Delius meen dat die kritiek van "people's history" teen strukturalisme veral gerig was teen die meganistiese rigiditeit, die inherente Stalinisme, die skepping van rigiede teoretiese kategorieë, die inherente funksionalisme en ekonomiese determinisme en die ignorering van die rol wat deur die ondergeskikte klasse gespeel is in die konstruksie van kapitalisme.<sup>7</sup> Strukturalisme is ook geneig om alles in terme van sentralisering en hiërargisering te beskou. Die hiërgiesse struktuur bepaal hoe die "klein wêreld" van die mikrogeskiedenis beskou moet word, maar dit lei daartoe dat spesifieke verlede gebeure bloot 'n vae afbeelding van 'n groter realiteit word. "People's"-historici meen dat hierdie konsep van realiteit monolities en reglynig is en dus geen plurale realiteit toelaat nie.<sup>8</sup>

---

4 *Ibid.*, xli.

5 J. Waldram, *Encyclopedie van de filosofie*, 232 - 233.

6 H.J. Kaye, *The British Marxist Historians*, 229; P. Abrams, *Historical Sociology*, xiii - xiv.

7 B. Bozzoli en P. Delius, "Radical History and South African Society in J. Brown e.a., (reds.), *History from South Africa, Alternative Visions and Practices*, 14 - 15.

8 T. Lindenberger en M. Wildt, "Radical Plurality: History Workshops as a Practical Critique of Knowledge" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr.33, Lente 1992, 90.

### 3.2 Abstraksie versus verkonkretisering

Vanuit die sosiologie het die sosiale geskiedskrywing vele nuwe ondersoeksterreine gekry soos: die gesin, sosiale mobiliteit, die gemeenskap ensovoorts, maar die sosiologiese inslag op geskiedskrywing het ook tot strukturalisme aanleiding gegee. So byvoorbeeld het die historiese metode om verskynsels van 'n spesifieke plek en tyd te bestudeer, vir die sosiologiese teorie niks gehad om te bied nie. Volgens die strukturalisme het geskiedenis nie 'n metode en dus 'n logika van sy eie nie. Strukturalisme handel nie oor die bewussyn van die mens, van sy/haar bestaan en denke nie, maar uitsluitend oor die mens se rol binne bepaalde stelsels. Die subjek word beskou as 'n funksionele element in die stelsel. Lewenservaringe van gewone mense is volgens strukturaliste van geen waarde nie, omdat dit nie funksioneel verklaar kan word in 'n logiese, konsekwente stelsel van verhoudinge nie.<sup>9</sup>

Die strukturalisme gee die groot massa mense 'n plek in die geskiedenis, maar hulle word meestal benader in 'n reagerende hoedanigheid - hulle reageer op staatsinisiatiewe, kapitalistiese transformasies ensovoorts. Strukturalistiese historici wat glo dat hulle met hierdie benadering die rol van die gewone mense in ag geneem het, het dit nie werklik gedoen nie. Gewone mense het volgens die strukturaliste 'n rol gespeel deur middel van hulle organisasies of leiers. Strukturaliste neem aan dat gewone mense, veronderstel om onbereikbaar, ontoeganklik en waarskynlik ook misterieus en verward te wees, die beste begryp kan word deur 'n analise te maak van die georganiseerde organisasies wat van tyd tot tyd onder gewone mense ontstaan. Vakbonde, vrywillige verenigings en politieke partye word dikwels steeds geag as die middel waardeur die gewone mense die beste verstaan kan word.<sup>10</sup>

Deurdat die gewone mens se rol nie deur strukturaliste erken word nie, maar slegs stelsels, strukture en die rol wat politieke bewegings, vakbonde ensovoorts daarin speel, word geskiedskrywing hierdeur abstrak en die rol van die menslike agentskap ontken. In Duitsland het die verzet teen abstraksie 'n belangrike rol gespeel om "Alltagsgeschichte" te vorm. Die klem op abstraksie het gekom met die ontstaan van

---

9 Samuel, xlii en Waldram, 232 - 233.

10 B. Bozzoli, "Class, Community and Ideology in the Evolution of South African Society" in B. Bozzoli (red.), *Class, Community and Conflict, South African Perspectives*, 3.

die historiese sosiale wetenskappe wat op sy beurt in verset was teen die voorrang van politieke geskiedenis wat volgens die hermeneutiese verstaansmetode enkel en alleen op persone en gebeurtenisse gerig is. Met die historiese sosiale wetenskap het daar 'n verskuiwing plaasgevind vanaf die politiek gesentreerde geskiedenis, na 'n ontleding van langtermyn, nie-individuele sosiale ekonomiese verskynsels wat geskiedenis as vak nader aan die sistematiese sosiale wetenskappe gebring het.<sup>11</sup>

Strukturalistiese geskiedskrywers het meestal na onpersoonlike (abstrakte) faktore gekyk, byvoorbeeld: tegnologiese middele, klimaat, geografie en biologiese noodwendighede. Die leidende kenmerke was 'n multi-laag van determinante waarin toeval nie verreken is nie, maar noodsaak gegeld het. Geskiedenis is gesien as 'n logiese proses, van 'n laer stap van vooruitgang tot 'n hoër stap van vooruitgang. In die soort geskiedskrywing was daar geen plek vir die alledaagse lewe van gewone mense nie.<sup>12</sup>

Die abstrakte en deterministiese benadering in geskiedskrywing is ontleen aan K. Marx en H. Spencer se positivistiese sosiologie en Darwinistiese biologie. Dié deterministiese siening het 'n groot rol gespeel in die psigologie van Wundt, wat die individu uiteindelik as 'n kompulsiewe wese van instink beskou het. H.T. Buckle se *Civilisation in England*, is 'n voorbeeld van die uiterste vorm van hierdie soort deterministiese geskiedenis, waarin mense se karakter gekoppel word aan die grond waarop, en die klimaat waarin hulle woon.<sup>13</sup>

In Duitsland het die anonieme kragte, kollektiewe massafenomene wat deur middel van teorieë, modelle, ideale tipes, tabelle en statistieke geanaliseer is, opposisie van jonger historici met 'n linkse inslag uitgelok. Die historiese sosiale wetenskap was vir die Duitse "Alltagsgeschichte"-historici te abstrak, 'n geskiedenis waarin mense tot syfers en tabelle gereduseer word. "Alltagsgeschichte" wil eerder die konkreet ervaarbare lewenswerklikheid wat die subjektiwiteit van die individu na vore bring

---

11 F.A. van Jaarsveld, Geskiedenis van die alledaagse lewe - 'n nuwe stroming in die Duitse sosiale geskiedskrywing in *Historia*, Mei 1990, 9.

12 R. Samuel, Voorwoord: "People's history" in R. Samuel (red.), *People's History*....., xix.

13 *Ibid.*

bevorder. Die verskuiwing van die abstrakte na die konkrete is voorafgegaan deur filosofe, sosioloë, volkekundiges en letterkundiges wat ingesien het dat daar tekortkominge in die moderne Duitse geskiedskrywing bestaan het. Hulle het besef dat die begrip alledaagsheid 'n groot rol kan speel in die verstaan van maatskaplike verwaarloosde verskynsels wat vanweë die versteuring van die alledaagse deur die industriële beskawing ontstaan het.<sup>14</sup>

Die Franse "Annales"-skool is ook vir lank beïnvloed deur die strukturalisme en determinisme van byvoorbeeld Fernand Braudel en die kwantitatiewe benadering van Francois Furet. Mentaliteitsgeskiedenis het vir lank die klem op die "longue durée" gelê. Met die studente opstand van 1968 in Parys het die "Annales"-skool se beeld ook verander, van 'n "geskiedenis sonder mense" - 'n geskiedenis gebou op onpersoonlike determinante soos klimaat, grondtoestande en eeue se sikliese verandering - na 'n soort etnogeskiedenis wat handel oor individuele ervarings op 'n bepaalde tyd en plek. Die bekendste voorbeeld van die verskuiwing is sigbaar in die werk van Emanuel Le Roy Ladurie. In sy eerste werk *Die Kleinboere van Languedoc* (1966), plaas hy die klem op omgewing, klimaat, demografie en kwantitatiewe analise. Sy meer resente werk *Montaillou* fokus op sosiale en politieke gebeure.<sup>15</sup>

"People's history" se poging om die groot en abstrakte persoonlike kragte te verspersoneel vind uiting in die soeke na "real life experience" of ware lewenservaring van gewone mense in die verlede. Dit is veral die geskiedeniswerkwinkelbeweging wat veel aandag gee aan die lewenservaring van gewone mense, eerstens as 'n onderwerp vir ondersoek en tweedens as 'n metode om die abstrakte teen die konkrete te toets. Die klem op 'n konkrete benadering deur "people's history" druis in teen die klem wat die strukturaliste op abstraksie plaas.<sup>16</sup>

---

14 Van Jaarsveld, 8 - 9.

15 Kay, 224 - 226.

16 R. Samuel, "The History Workshop 1966 - 1980" in R. Samuel (red.), *People's History and Socialist Theory*, 413.



'n Aantal redes bestaan vir die opkoms van die belangstelling na die ondersoek van ware lewenservaring:

- In die eerste plek kom dit vanweë werkershistorici wat vanweë hul werkersklasagtergrond nie net alleen navorsing doen oor gewone mense (veral die werkersklas) nie, maar self ook ervaring het van die lewe van gewone mense.
- 'n Tweede rede is die opkoms en gewildheid van die mikro sosiologie in die middel sestigerjare. Mikro sosiologie het byvoorbeeld gekyk na informele wyses van weerstand in geslote instellings soos gevangnisse.
- 'n Derde en sterk invloed was die sosiale en kulturele antropologie met 'n metode van deelnemende waarneming, die fokus op plaaslike en familiële kwessies en die poging om die teoretiese en kulturele dimensies van die transaksies van die alledaagse lewe aan te toon.
- Die opkoms van die vroue-beweging, was 'n vierde rede, en dit wat Sheila Rowbotham in 'n pamflet in 1969 genoem het, *Womans Liberation and the New Politics*, wat 'n politieke bewustheid wil skep en persoonlike bevryding asook sosialisme in Brittanje wil bevorder.
- 'n Vyfde rede was die radikale ontevredenheid met die bestaande Marxistiese debat oor ideologie en bewustheid.<sup>17</sup>
- 'n Sesde rede is die terugkeer van die narratief in geskiedskrywing. Die strukturaliste, veral Fernand Braudel het aanvanklik 'n hekel gehad aan geskiedenis as 'n narratief van gebeurtenisse op 'n bepaalde plek en tyd. In sy werk *Mediterranean* (1949) maak Braudel die geskiedenis van gebeurtenisse ("histoire eventuelle") af, as niks meer as die skuim op die golwe op die see van die geskiedenis nie. Volgens Braudel is dit die ekonomiese en sosiale veranderinge oor die lang termyn ("longue durée") en die geo-historiese veranderinge op die lange duur, wat regtig belangrik is. Dié

---

17 R. Samuel, "The History Workshop 1966 - 1980" in R. Samuel (red.), *People's History* ....., 413.

benadering dat die lange duur van sake belangrik is, is deel van veral die vroeëre benadering van mentaliteitsgeskiedenis. Die nuwe tendense in die geskiedskrywing kom neer op die opsegging van kwantitatiewe metodologie en 'n nuwe aanknoping by die hermeneutiese, empatiese en "verstehende" benadering van Wilhelm Dilthey: Die Franse historikus Noriël (1989) praat selfs van 'n "le paradigme subjectiviste".<sup>18</sup>

"Alltagsgeschichte" se poging om die verlede konkreet uit te beeld is ook 'n poging om die situasies en lewens van gewone mense op 'n kwalitatiewe wyse te verstaan, deur die ondersoek na materiële realiteite van die alledaagse lewe by die werk, die huis, in spel maar ook deur die binnedring van die innerlike wêreld van die gewone ervaringe van gewone mense in die werkplek, die familie, die woonbuurt - kortweg alles wat voorheen as deel van die kulturele domein geag is. Deur sosiale geskiedenis te benader vanuit sy ervaringe ("experiential") of subjektiewe dimensies, kan daartoe lei dat die konvensionele onderskeid tussen dit wat as "openbaar" en dit wat as "privaat" beskou word, transendeer word wat dalk die oplossing is om die ontwykende verbintenis tussen die politieke en kulturele sferes te vind. Dit was presies hierdie "binnekant" van strukturele, prosesse en patrone van sosiale ondersoek - die daaglikse ervaringe van gewone mense in konkrete lewenssituasies wat die behoeftes van gewone mense uitwys - wat voorheen geïgnoreer is.<sup>19</sup>

In die soeke na die ware lewenservaringe van gewone mense maak "people's history" veral gebruik van mondelinge getuienis ("oral history") om die kleiner besonderhede van die alledaagse lewe te soek. Met die verskuiwing na die subjektiewe en konkrete, met die hulp van mondelinge getuienis, is daar byvoorbeeld in plaaslike geskiedenis wegbeweeg van plekke na gesigte, van topografiese

---

18 P. Burke, "Overture: the new history its Past and its Future" in P. Burke (red.), *New Perspectives in Historical Writing*, 4; Kaye, 224; G. Deneckere, "Sociale Geskiedenis en Crisis van het Socialisme. Verschuivingen in het debat over collectieve actie" in *Tydschrift voor Sociale Wetenschappen* (Gent), jg. 40, nr. 2, 1995, 127 - 128.

19 G. Eley, "Labor History, Social History, "Alltagsgeschichte" : Experience, Culture and the Politics of the Everyday - A New Direction for German Social History" in *The Journal of Modern History*, vol. 61, nr. 1, Maart 1989, 315.

besonderhede na die kwaliteit van lewe en in arbeidersgeskiedenis is daar na die meer spontane vorme van verset gekyk.<sup>20</sup>

“People’s history” slaag daarin om die menslike agentskap van die gewone mense aan te toon deur die soeke na konkrete voorbeelde van die ware lewenservaringe van gewone mense. So byvoorbeeld skryf L. Callinicos oor die rol van swartmense aan die Rand in die veertigerjare:

..... people were not simply passive victims in a hostile world. They fought back. They became increasingly militant. They made demands. They wanted to take their rightful place in a new society.<sup>21</sup>

Die agentskapsrol van die gewone mens is ook te sien in die werk van Robert Edgar, *Because They Chose the Plan of God*, waarin na 'n spesifieke gebeurtenis in die Oos-Kaap gekyk word. In Bulhoek het 'n groot groep swartmense hulle teen die begin van die twintigerjare van die twintigste eeu gevestig en hulself Israeliete genoem omdat hulle hulself met die Ou Testament geassosieer het. Die “Israeliete” was van mening dat die einde van die wêreld naby was en daarom het hulle in groot getalle op Bulhoek byeengekom om die eindtyd af te wag. Die blanke boere het begin kla oor die teenwoordigheid van soveel swartes en laasgenoemde onder andere daarvan beskuldig dat hulle vee steel. Die Smuts regering het verskeie kere gepoog om die groot groep swartmense te laat teruggaan na hulle oorspronklike tuistes, maar hulle wou nie. Uiteindelik het dit op 'n bloedbad uitgeloop waarin vele “Israeliete” gesterf het en daarna Bulhoek moes verlaat. Alhoewel die regering uiteindelik daarin geslaag het om die “Israelitiese” gemeenskap te laat ontbind, wil Edgar uitwys dat die gewone mense (in die geval die “Israeliete”) vir maande lank hulle eie lot kon bepaal in baie moeilike omstandighede.<sup>22</sup>

---

20 Samuel, Voorwoord: “people’s history”, xviii.

21 L. Callinicos, *A People’s History of South Africa, vol. 3, The Rand on the Eve of Apartheid*.

22 R. Edgar, *Because They Chose the Plan of God : The Story of the Bulhoek Massacre*.

Lüdtke meen ook: "Unübersehbar ist : Die Akteure [die gewone mense in die verlede] waren (und sind) mehr als nur blinde Marionetten oder hilflose Opfer".<sup>23</sup> Lüdtke ondersoek die impak van groot veranderinge op die daaglikse lewe van die arbeidersklasse tot in die fynste besonderhede. Met die benadering om alles in besonderhede te ondersoek wil Lüdtke die interpretasiekaders radikaal desentraliseer en teenstrydighede, soos arbeiders se oënskynlike apatiese houding teenoor die politiek, in die arbeidersbestaan blootlê. Hy soek na hoe die gewone mense/arbeiders hulself in 'n vyandige wêreld gehandhaaf het. Sy sleutelbegrip is "Eigensinn" waarmee hy 'n nie beperkende kombinasie van selfrespek, solidariteit, onafhanklikheid en oorlewingsdrang aandui. Arbeiders staan oënskynlik onverskillig teenoor die politiek, maar tog is daar in die alledaagse lewe van die arbeider 'n potensiële versetbaarheid verskuil wat in die konteks van 'n krisis of ope konflik plotseling 'n volle politieke betekenis verkry.<sup>24</sup>

Die afwesigheid van protes by die groot massas moet egter nie as tevredenheid met die bestaande orde beskou word nie. Die vraag is dus nie waarom mense nie rebelleer nie, maar waarom hulle nie meer dikwels rebelleer nie. Hier kom die konsep van kollektiewe aksie ook na vore. Kollektiewe aksie lei daartoe dat spore van die verlede agtergelaat is deur die gewone mense. Hierdie proses om gewone mense uit die vergetelheid te red, het in alle erns in die sestigerjare begin. Dit was veral "people's history" in die Britse konteks wat die voortou sou neem. Die Franse sou eers aarselend later volg.<sup>25</sup>

In sy kwalitatiewe werk *The Contentious French : Four Centuries of Popular Struggle* (1986) waarin hy alle moontlike vorme van kollektiewe aksie<sup>26</sup> tussen 1598 - 1984

---

23 A. Lüdtke, Einleitung : "Was ist und wer treibt Alltagsgeschichte?" in A. Lüdtke (red.), *Zur Rekonstruktion historischer Erfahrungen und Lebensweisen*, 11.

24 Deneckere, 141.

25 *Ibid.*, 131 - 133.

26 Die begrip "kollektiewe aksie" is 'n samevoeging van 'n aantal begrippe bv. protes, rebellie, wanorde en versteurings, maar die terme word nie deur Tilly gebruik nie omdat hierdie begrippe meestal 'n beskrywing is van hoe owerhede na die aksies van gewone mense kyk en laat die begrippe negatief klink terwyl dit moontlik juis positief is. Verder sluit kollektiewe aksie ook aksies in soos petisionering, optogte en ander wyses van optrede wat wel deur owerhede toegelaat word. Tilly sê dan: "Why let the boundary of our subject matter depend on the attitude of the authorities? Collective action, for our purposes, consists of all occasions on which sets of people commit pooled resources, including their own efforts, to common

bekyk, gebruik C. Tilly die teater metafoor van repertoire om kollektiewe aksie te verduidelik. In Tilly se repertoire van kollektiewe aksie is die basisreëls terug te vind van die aksievorme waarmee gewone mense hulle "acte de présence" kon maak op die openbare toneel. Die opgevoerde repertoire is soos die van 'n toneelgeselskap: tydgebonde veranderlik en begrens deur konkrete historiese omstandighede. Volgens Tilly word die akteurs in hul eksperimenteervryheid beperk deur die grense van hulle eie "inventiviteit", die reaksie respons van die publiek, die toleransie van die owerhede en die mag van die gewoonte.<sup>27</sup> Bogenoemde argument kom wel vanuit die kader van die sosiale historiese wetenskap, maar die tema is so verwant aan die van agentskap in sosiale geskiedenis, dat dit as 'n goeie verheldering dien. Tilly ken dus 'n aktiewe rol aan gewone mense toe ten spyte daarvan dat hy ook op struktuur let.<sup>28</sup>

"People's history" verkies 'n epistemologiese benadering waarin die konkrete lewenservaring van gewone mense sentraal staan. Strukturalisme se klem op abstraksie en die belangrikheid van onpersoonlike strukture, stelsels en determinante word deur "people's history" verwerp. Deur konkreet na die rol van gewone mense se lewens in die verlede te kyk, plaas "people's history" menslike agentskap as 'n manier om kennis oor die verlede te kry, op die voorgrond.

### 3.3 Empirisme en menslike agentskap versus strukturalistiese teorie

Strukturaliste lê in hulle benadering tot geskiedskrywing die klem op teorie. Geskiedenis as 'n metode tot ondersoek is deur vele strukturaliste in twyfel getrek en veral die daarmee gepaardgaande metode van induksie (die plasing van die ondersoek en die verkryging van getuienis in terme van die feite wat beskikbaar is om vanaf besonderhede na die algemene te redeneer). Volgens die strukturaliste word feite nooit "gegee" nie, maar geproduseer. In teenstelling met induksie glo die strukturaliste dat ware kennis slegs verkry kan word deur die skepping van teoretiese

---

ends". C. Tilly, Introduction in L.A. Tilly en C. Tilly (reds.), *Class Conflict and Collective Action*, 17.

27 Deneckere, 134.

28 Tilly, 17 - 23.

voorstellings wat verkry word deur deduksie. Teorie definieer die studieveld, bepaal die grense van empiriese ondersoek asook hoe om verklarende konsepte te toets. Strukturaliste is van mening dat teorieë soms geskep kan word wat geldigheid verkry nog sonder dat die teorieë aan empiriese getuienis getoets is.<sup>29</sup>

Volgens Bozzoli en Delius is Althusseriaanse strukturalisme op sy swakste deur die neiging wat dit openbaar om 'n idealistiese benadering tot teoretiese kategorieë te volg en dus die waarde van empiriese werk hoofsaaklik beskou as 'n metode om bestaande teorie te bevestig. Volgens hierdie epistemologie word vrae wat deur latere Marxiste as van belang geag word, as sekondêr beskou. Hier gaan dit veral om vrae oor bewustheid en ideologie, wat beide deur die strukturalistiese skool op die basis van die oorvereenvoudigde basis-superstruktuur model hanteer word.<sup>30</sup>

Kritiek teen die strukturaliste se klem op teorie is veral deur Edward Thompson gelei, wie wegbeweeg het van 'n strukturalistiese benadering tot 'n meer empiriese benadering. Thompson is van mening dat dit nie moontlik is om historiese wette daar te stel nie en hy kyk eerder na die besondere as die algemene. Sy werke, *The Making of the English Working Class* (1963) en *The Poverty of Theory* (1978), waarin hy die teorie soos beoefen deur die Althusseriaanse strukturaliste verwerp, het hom die beskuldiging van Richard Johnson en Gregor McLennan op die hals gehaal dat hy 'n kulturalis is, en dus kulturalisme bo ekonomiese faktore in die verlede verabsoluteer.<sup>31</sup> Volgens Johnson en McLennan val die kulturalisme van Thompson "not wholly within reach of strict economic causality".<sup>32</sup>

'n Strydpunt tussen die strukturaliste en die "people's"-historici is oor hoe klasse ontstaan en die rol van die klassestryd. Die strukturaliste was geneig om die

---

29 G. K. Tatham, *The University of the Witwatersrand History Workshop and Radical South African Scholarship in the 1970's and 1980's*, 82.

30 Bozzoli en Delius, 15.

31 R. Johnson, "Against Absolutism" in R. Samuel (red.), *People's History.....*, 386; E.P. Thompson, "The Politics of Theory" in R. Samuel (red.), *People's History.....*, 396 - 397; G. McLennan, "E.P. Thompson and the discipline of historical context" in R. Johnson, G. McLennan, e.a., (reds.), *Making Histories.....*, 107, 116.

32 McLennan, 116.

historiese proses te abstrak te beskou in terme van middele van produksie wat klassestryd skep. Klasse bestaan volgens strukturaliste as 'n gegewe, dus apories. "People's history" verskil met die strukturaliste in die opsig dat menslike agentskap 'n belangrike rol in klassevorming en klassestryd speel. Klassestryd word deur "people's history" as 'n integrale deel van die historiese proses beskou. Ervaring, bewustheid en agentskap staan sentraal in die proses. Klassevorming is dus nie iets wat vooraf bepaal kan word nie, maar klasse is betrokke by hul eie vorming. Thompson meen dat klas 'n sosiale en kulturele formasie is en nie in isolasie of abstraksie gedefinieer kan word nie maar slegs in verhouding tot ander klasse. Klas is 'n tydsgebonde konsep en dus volgens Thompson nie net sommer maar 'n "ding" nie maar eerder 'n "happening".<sup>33</sup>

Vir die Britse en ook die Suid-Afrikaanse "people's history" is kulturele en ideologiese aspekte van die verlede van ewe groot waarde as die ekonomiese aspekte. Gekoppel aan die gedagte was die konsep dat kultuur en ideologie 'n soort onafhanklikheid van hulle eie het en is dus nie net daar suiwer funksioneel vir kapitaal of vir die dominante groep nie. Hierdie idees is deur Antonio Gramsci in die konsep van "hegemony" (hegemonie) verwoord, "not as a stage reached but an arena of struggle which is constantly being redefined". Volgens Thompson word die mens dan deels subjek en deels objek en dus vrywillige agent van onwillekeurige determinante.<sup>34</sup>

Omdat "people's history" veel aandag skenk aan aspekte soos kultuur, ideologie, die subjektiewe lewenservaring en menslike agentskap, word "people's history" dikwels afgemaak as 'n "neo-Romantic intellectual enterprise".<sup>35</sup> Samuel glo egter dat dit van wesenlike belang is om die ware lewenservaringe van gewone mense te bestudeer om sodoende die basis van produksie beter te kan verstaan.<sup>36</sup>

---

33 Tatham, 88; Abrams, xii.

34 Tatham, 87; Thompson, 404.

35 Samuel, Voorwoord: "People's history", xxxi.

36 *Ibid.*

Die klem wat "people's history" op die kulturele plaas lei in wese tot 'n verwerping van die basis-superstruktuur model. Marxisme met sy historiese materialisme lê die klem op die onvermydelikheid van bepaalde historiese (en toekomstige) prosesse waarvan die grondslag materialisme is en dus in wese anti empiries is. Thompson ontken nie dat ekonomiese faktore nie ook determinerend kan wees nie, maar hy verabsoluteer geensins die Marxistiese model waarvolgens die werkersklas die uiteindelijke oorwinnaars in 'n historiese stryd teen kapitalisme is nie. Vir "people's history" wat 'n empiriese benadering het, is dit onmoontlik om empiries te wees as die noodwendigheid van 'n soort werkersutopie as 'n absolute aanvaar word. Waar is die empiriese bewyse in so geval?<sup>37</sup> "People's history" hoop wel dat die wêreld vir gewone mense gaan verbeter maar dit is nie 'n absolute dat dit wel sal gebeur nie. Uiteindelik hang dit af van die gewone mense self om 'n beter wêreld te skep.

Thompson waarsku teen 'n oorbeklemtoning van teorie wat absolute wette wil maak. Teorie wat as die enigste waarheid geag word maak dit byna nutteloos om nog die verlede te bestudeer want al wat nodig is, is die toepassing van die teorie om te bepaal wat in die verlede gebeur het en wat nog in die toekoms sal gebeur. Hierdie is egter 'n determinisme wat geen plek laat vir die gewone mense se agentskapsrol nie omdat strukturele teorie allesbepalend word. Die verwerping van strukturalisme is nie "per se" die uitsluiting van teorie uit "people's history" nie. Sosiale geskiedenis het steeds 'n waardestelsel en slegs die strukturalistiese weergawe van teorie is uitgesluit, vervang deur 'n teorie rondom menslike agentskap gesentreer. Hierdie teorie is dikwels implisiet en nie overt nie. Thompson het dan ook nie met sy *Poverty of Theory* bedoel dat teorie uitgelaat moet word nie, maar dat teorie nooit verabsoluteer moet word nie.<sup>38</sup>

Om die gewone mense bewus te maak van hulle hagglike lewensomstandighede is nie 'n maklike proses nie. Dit is nog een van die fundamentele redes waarom 'n strukturalistiese benadering verwerp word. Strukturalisme is te abstrak en spreek net tot die intellektuele en intelligensie elite, terwyl empirisme en die klem op agentskap die "omvormde" Marxistiese beginsels vir die gewone mense konkreet

---

37 Thompson, 404.

38 *Ibid.*, 405; I. Berlin, *Historical Inevitability*, 14 - 16; R. Deacon, "Hegemony, Essentialism and Radical History" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 24, Mei 1991, 167 - 171.



oordra. In 'n sekere sin is anti-strukturalisme meer emosioneel: 'n ware lewensverhaal van die haglike toestand waarin 'n swart vrou in 'n township leef, is polities gewoon veel kragtiger as 'n tabel waarin armoede in townships uiteengesit sou word. Die begrip emosioneel word hier geensins pejoratief gebruik nie, maar is 'n aanduiding van hoe "people's history" uit 'n wêreld van abstraksie losgebreek het. Callinicos se argument sluit hierby aan:

..... writers of popular history need to give human agency a prime role, even didactic or deterministic writers of popular history have little option but to take at least a certain measure of empirical evidence into account in order to illustrate the lessons of history. The most theoretically informed writers of popular history have to consider the concrete analysis of concrete facts and present them in accessible form, otherwise they will lose their readers. The writer is thus steered by the discipline of popular history, there is no hiding behind jargon or passive-voice constructions or catch-all phrases which blur meaning, nor can one evade considerations of structure of power relations if the readers demand them.<sup>39</sup>

Die "people's history" wat aan die Marxisme van Gramsci gekoppel is het noue bande met populêre kultuur gesoek, iets wat deur die Althusseriaanse benadering geïgnoreer is. Deur die geskiedenis te verpopulariseer en in die konteks menslike agentskap 'n sentrale rol te gee, het die selfbemagtiging ("empowerment") van die gewone mense toegeneem om sodoende hulle eie emansipasie te kan bewerkstellig. Terwyl Althusseriaanse strukturalisme van mening is dat bevryding van gewone mense net deur teorie en struktuur tot stand sou kom, glo "people's history" dat enige verbetering van die gewone mens se lewensomstandighede deur hom/haarself uitgevoer moet word.<sup>40</sup> Met die verwerping van Althusseriaanse strukturalisme plaas "people's history" die gewone mens as sentrale handelingsfaktor in die geskiedenis en hierdeur kom die uitspraak van George Rudé ook na vore dat:

---

39 L. Callinicos, "The People's Past: Towards Transforming the Present" in B. Bozzoli (red.), *Class, Community and Conflict*,....., 56.

40 B. Bozzoli, "Intellectuals, Audiences and Histories: South African Experiences: 1978 - 1988", in J. Brown, e.a. (reds.), *History from South Africa*,....., 214.

.... lives and actions of the common people are the very stuff of history.<sup>41</sup>

### 3.4 Strukturalisme versus Agentskap : Die Suid-Afrikaanse debat

In die Suid-Afrikaanse radikale geskiedskrywing was daar ook twee hoofstrome: eerstens die strukturaliste beïnvloed deur Althusser en Poulantzas, en die sosiale historici beïnvloed deur Hobsbawm, Rudé en Thompson. Sosiale en arbeidstudies het in Suid-Afrika wegbeweeg van 'n breë strukturalistiese benadering gesetel binne die Suid-Afrikaanse politieke ekonomie na bepaalde besondere (spesifieke) onderwerpe geplaas binne tyd en plek.<sup>42</sup>

Die skrywers wat in die vroeë sewentigerjare 'n strukturele benadering tot die verlede gevolg het, was nie opgeleide historici nie, en hulle werke was tot in 'n groot mate sosiologies van aard. Die belangrikste eksponente was Robert Davies, Dave Kaplan, Mike Morris en Dan O'Meara. Hulle het saam aan hulle proefskrifte gewerk in die middel sewentigerjare aan die Sussex universiteit. Davies en sy kollegas het in hulle studies meer gekonsentreer op kapitaal as arbeid en meer op blanke werkers as swart werkers. O'Meara het byvoorbeeld wel oor die swart mynwerkerstaking van 1946 geskryf, maar binne 'n breë politieke ekonomiese konteks. Die rede vir hulle strukturele benadering tot die verlede lê daarin dat hulle in hul voorgaande tyd in Suid-Afrika, die swartes as "stil" beleef het, of dat die swartes 'n swartbewussynstandpunt ingeneem het en gevolglik blankes verwerp het. In die sewentigerjare het staat en kapitaal oppermagtig gelyk en was dit vir die strukturaliste nie werklik nodig om die gevoel van swartmense in ag te neem nie. Hierdie groep het ook die temas vir hul doktorsgrade voor die 1976 Soweto opstande gekies. Boonop was hulle al uit Suid-Afrika weg toe swart verset die eerste keer dringend begin word het, naamlik die stakings in Durban 1973, en veral die Soweto opstande van 1976.<sup>43</sup>

---

41 G.F.E. Rudé, "The Changing Face of the Crowd", in Curtis, L.P. jr. (red.), *The Historians' Workshop, Original Essays by Sixteen Historians*, 189.

42 Tatham, 80.

43 C. Saunders, *The Making of the South African Past, Major historians on race and class*, 181 - 182.

Die strukturaliste het hulself afgevra hoe die Suid-Afrikaanse staat daarin geslaag het om soveel buitengewone mag te kry en te behou en hoe die proses van kapitalistiese akkumulاسie so 'n groot sukses was. Hierdie groep wou uitwys dat die vermoë van die Suid-Afrikaanse staat gekoppel is aan 'n alliansie tussen staat en kapitaal. Dave Kaplan het in sy doktrale proefskrif, *Class Conflict, Capital Accumulation and the State* (1977), uitgewys dat die Nasionale Party - Arbeiders Party - koalisieregering die 1924 verkiesing gewen het omdat dit 'n koalisie tussen nasionale kapitaal en 'n deel van die blanke arbeidersklas was. In sy *Capital, State and White Labour in South Africa 1900 - 1960* (1979) kyk Robert Davies na hoe die Suid-Afrikaanse staat die blanke werkers bevoordeel het bo swart werkers. Dié werke, ten spyte van die baanbrekerswerk daardeur verrig, het al direk na voltooiing onder veel kritiek deurgeloo, enersyds van die sosialistiese humanisme rondom *The Poverty of Theory*, asook Britse Marxiste wat hulle rondom die Warwick universiteitsosioloog, Simon Clarke, versamel het.<sup>44</sup>

B. Bozzoli en P. Delius is heftige teenstanders van strukturalisme maar meen dat die Suid-Afrikaanse strukturaliste darem nie Stalinisties is nie, maar hulle eerder tot demokratiese politiek verbind het. Die strukturaliste het ook beseft dat die transformasies van een toestand na die volgende 'n oorsaak is van die teenstrydige verhoudinge tussen klasse. 'n Aanklag wat Suid-Afrikaanse "people's"-historici gereeld teen die strukturaliste gemaak het, is dat laasgenoemde werkers en swartmense uitgebeeld het as alleen maar net slagoffers van die oorweldigende mag van die nuwe kapitalistiese orde. Vir agentskap was daar geen plek nie en mense is bloot gesien as die draers van die verhoudinge van produksie en die slagoffers van strukturele prosesse.<sup>45</sup>

In teenstelling tot die strukturaliste het daar 'n groep historici in die laat sewentigerjare na vore gekom wat Afrikaniste<sup>46</sup> genoem is omdat hulle navorsing oor die verlede van tradisionele Afrika gemeenskappe gehandel het. Historici soos P.

---

44 Bozzoli en Delius, 14 - 15; R.M. Davies, *Capital, State and White Labour in South Africa 1900 - 1960, An Historical Materialist Analysis of Class Formation and Class Relations*, 1 - 7.

45 Bozzoli en Delius, 14 - 15.

46 Die Afrikaniste en hul werke word in meer besonderhede in hoofstuk vier bespreek.

Bonner, P. Delius en J. Guy wat uit die Afrikanistiese skool gekom het, het deur gedetailleerde empiriese werk uitgewys dat Afrikane hulle eie verlede geskep het. Hulle het bevind dat, as voorbeeld, trekarbeid nie ontstaan het met die opkoms van mynkapitaal nie, maar veel vroeër teruggesoeek moes word in die geskiedenis. Die verklaring vir trekarbeid lê deels in terme van intergenerasie konflik binne die swart gemeenskappe self, as 'n reaksie op ekologiese rampe en as 'n manier om wapens te verkry vir verdedigingsdoeleindes. Die strukturaliste het dus te veel op die kollektiewe gekonsentreer en die individuele geïgnoreer.<sup>47</sup> Afrikanistiese historici is in wese "people's"-historici, omdat hulle die menslike agentskapsrol van gewone mense erken.

Hoe het gewone mense dan bygedra tot verandering? Bozzoli en Delius sê: "it was suggested that it was in the nitty gritty of everyday conflict - on the level of the small conflicts between classes and groups - that the precise and uniquely South African pattern of class, culture and ideology were and are determined".<sup>48</sup> As beide trekarbeiders en kapitaliste bygedra het tot die ontwikkeling van die trekarbeiderstelsel (ook al is dit vanuit verskillende posisies) dan het deelsaaiers en "labour tenants" en kapitalistiese boere ook bygedra tot die skepping van 'n spesifieke reeks van patrone soos vasgelê gedurende die oorskakeling na kapitalisme in die platteland. So ook het stedelike inwoners ("urban dwellers") asook industrialiste en beplanners bygedra tot die konfigurasie van familie en gemeenskappe wat in die stede ontstaan het.<sup>49</sup>

P. Bonner, P. Delius en D. Posel is van mening dat die weerstand van gewone swartmense teen apartheid veel wyer gestrek het en veel meer amorf was as wat (die strukturaliste) uitgebeeld het met die verset wat deur nasionale politieke organisasies gelewer is. Groot getalle klein insidente waarin gewone mense nie gehoor gegee het aan wat die apartheidsregering wou hê nie was veel meer bedreigend en ontwykend van aard vir die regering om te onderdruk of te beheer as die meer geformaliseerde optrede van politieke organisasies. "People's history"

---

47 Saunders, 184 - 185.

48 Bozzoli en Delius, 21.

49 *Ibid.*

gaan dus daarvan uit dat die stryd van gewone mense op klein skaal die weg gebaan het vir die ontstaan van politieke organisasies.<sup>50</sup>

Swart vroue wat hulle permanent in die stede gevestig het tydens die vroeë apartheidjare, het 'n belangrike versetsrol gespeel teen apartheid, wat nie deur die strukturaliste genoem word nie. Vir baie swart vroue was die lewe besonder moeilik, aan die een kant was daar apartheid en aan die ander kant 'n streng patriargale gemeenskapsordening. Om te kon oorleef het veel swart vroue bier gebrou, wat heelwat inkomste van die biersale van die plaaslike owerhede weggeneem het. Swart vroue het steeds weer die swak plekke in die mondering van die apartheidstelsel gesien en dié skuiwergate gebruik om 'n bestaan te kan voer. Hierdie aksies van vroue was nie altyd doelbewus polities nie, maar het steeds die sosiale orde en strukture ondermyn.<sup>51</sup>

Jeugdige swart woonbuurte se verzet teen die apartheidstelsel was dikwels sporadies, ongestruktureerd en dikwels anargisties. Verzet was dikwels in die vorm van kriminaliteit of om die reëls van gedissiplineerde loonarbeid nie te gehoorsaam nie. Plaaslike owerhede het 'n onvermoë gehad om die swart jeug te beheer, een van vele redes waarom apartheid uiteindelik tot 'n einde gekom het.<sup>52</sup>

Die inligting oor hoe gewone mense bygedra het tot verandering, is veral ingewin met die hulp van mondelinge getuienis. Bozzoli en Delius is van mening dat mondelinge getuienis nie net alleen daar is om kleurvolle detail te versamel ter inkleuring van strukture nie:

Rather it came to be viewed as an attempt to derive categories of explanation which catered both for human agency and for structured

---

50 P. Bonner, P. Delius en D. Posel, "The Shaping of Apartheid Contradiction, continuity and Popular Struggle" in P. Bonner, P. Delius en D. Posel (reds.), *Apartheid's Genesis 1935 - 1963*, 2.

51 *Ibid.*, 15.

52 *Ibid.*, 15 - 16.



reality, affecting our understanding of what happens at the top as well.<sup>53</sup>

Veranderinge in die onderwerpe wat by die geskiedeniswerkswinkels aangebied is, was tekenend van die verandering vanaf strukturalisme tot 'n meer empiriese benadering met die klem op agentskap. By die eerste Geskiedeniswerkswinkel in Johannesburg by die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) 1978, was die benadering tot klasse nog grotendeels strukturalisties en ekonomisties. Bozzoli het toe egter al gemeen dat die ekonomiese benadering tot klas bloot die eerste woord daarvoor is en dat dit aangevul moes word met kulturele, sosiale, politieke en ideologiese aspekte om die konsep van klas 'n egte en herkenbare sosiale kategorie te maak. By dié werkwinkel het referate oor bewustheid, gemeenskap, kultuur en mondelinge geskiedenis al hoe meer na vore gekom. Sedert die 1984 werkwinkel het selfs die referate met 'n arbeidstrekking meer na sosiale geskiedenis beweeg. Werkers is as deel van 'n groter gemeenskap beskou en nie net bloot as werkers binne die werkplek nie.<sup>54</sup>

Die steeds groter klem op kultuur, etnisiteit, geslag ensovoorts het dit moontlik gemaak om die kompleksiteit van klas beter aan te dui as wat die strukturaliste dit gedoen het. Nie net alleen is aangedui hoe kompleks die verhoudinge tussen klasse is nie, maar ook die verhoudinge binne klasse is belig. Klem op kultuur en etnisiteit het ook aangedui dat daar binne die gemeenskappe van Afrikane ook besliste klasverskille is. Die konsep van klas is nou ook buite die werkplek geplaas om aan te dui dat klas vergestalt is deur egte mense binne 'n egte konteks. Klas word hierdeur uitgebeeld as 'n historiese konsep in teenstelling tot 'n tydlose konstruksie. Hierdie studies van werkers buite die werkplek is bevorder deur die opkoms van gemeenskapspolitiek in die tagtigerjare.<sup>55</sup>

---

53 B. Bozzoli en Delius, 21.

54 Tatham, 100, 113 - 114.

55 *Ibid.*, 113 - 114, 136.

Die Wits werkwinkel het ook weg beweeg van veralgemening na meer spesifieke ervaringe. In die geval van onteining het skrywers na die individuele handelare en spekulante gaan kyk, om die proses in detail te benader, oor hoe handelaars kapitaal gemeenskappe binnegedring het waar dit voorheen skaars aangeraak is deur kapitalistiese verhoudinge.<sup>56</sup> In sy artikel oor die legende van Fenner Solomon, bespreek Jeff Peires die dade van 'n spekulant, prokureur en parlamentslid, Fenner Solomon, wat volgens die Kat Rivier gemeenskap op allerlei onderduimse maniere grond van gewone mense verkry het. Peires maak vir 'n groot deel van sy inligting gebruik van mondelinge getuienis waarin gewone mense hulle individuele ervaring deel oor hoe hulle van hul grond ontnem is of wat hulle van Solomon gedink het. Peires lê dus die klem op die subjektiewe lewenservaringe van gewone mense.<sup>57</sup>

Wat bring dus menslike agentskap in die Suid-Afrikaanse "people's history"-werke na vore?

- Eerstens is dit anti-strukturalisties om faktore soos bewustheid, kultuur en ideologie in navorsing te verwoord.
- Tweedens die verskuiwing van die studie van die werker in die werkplek na werkers binne die breër gemeenskap wat menslike agentskap vorendag bring.
- Derdens, om menslike agentskap te bestudeer, kan die historikus nie net na die enge strukturele studies oor dominansie en ekonomie kyk nie, maar na die breë beeld: 'n spektrum van kultuur, ideologie, geslag, die ekonomiese, politieke ensovoorts, 'n breë beeld waarsonder menslike agentskap nie verwoord kan word nie.

---

56 *Ibid.*, 193 - 194.

57 J. Peires, "The Legend of Fenner Solomon" in B. Bozzoli (red.), *Class Community and Conflict* : .....

### 3.5 Strukturalisme versus agentskap?

Is "people's history" werklik so anti-strukturalisties soos wat dit beweer om te wees? Is dit buitendien selfs hoegenaamd moontlik om strukturalisme te ontsnap? "People's history" blyk uiteindelik 'n verwerping te wees van 'n rigiede strukturele benadering wat nie voorsiening maak vir die menslike agentskapsrol nie.

Klasse, en in besonder die verhoudinge tussen klasse, is immers struktureel van aard. Die verskil is egter dat "people's history" ook die kulturele, ideologiese en politieke in ag neem. Hierdeur word geskiedenis dikwels gesien "from the bottom up". Die strukturele aard van verhoudinge tussen klasse bestaan dus wel maar is ondergeskik aan die menslike agentskapsrol.<sup>58</sup>

Dat "Alltagsgeschichte" ook nie heeltemal onvriendelik teenoor strukturalisme is nie, het in 'n uitstalling in 1987 van 'n geskiedeniswerkwinkel in Singen, Duitsland, na vore gekom. Dit was 'n uitstalling getitel "Working life under the Hohentwiel 1895 - 1945" ter herdenking van die 1200ste bestaansjaar van die dorp. Die uitstalling was 'n kombinasie tussen strukturele geskiedenis en die geskiedenis van die alledaagse lewe. Dit het beteken dat temas soos byvoorbeeld die nuwe proletariërs, die oorsprong van sosiale versekering, arbeidshowe ensovoorts as net sulke belangrike onderwerpe geag is as die onderwerpe gehaal uit die kategorie van die geskiedenis van die alledaagse lewe: siekte, higiëne, kombuise of klub-kultuur ensovoorts. Hierdie temas is nie net sommer saamgeflans nie, maar verbind aan vrae soos die verhoudinge van individuele biografie en openbare lewe en die modernisering van die huishouding.<sup>59</sup>

In die Suid-Afrikaanse konteks geld dit natuurlik ook dat dit onmoontlik is om heeltemal van strukture te ontsnap. B. Bozzoli en P. Delius is die grootste kritici van strukturalisme in Suid-Afrika, en dit het veral duidelik geword in 'n boek van die *Radical History Review* naamlik *History from South Africa: Alternative Visions and Practices* (1991). Tog het dit met die tema van die 1990 Witwatersrand

---

58 Tatham, 86 - 87; Kaye, 228 - 229.

59 Lindenberger en Wildt, 80.



Geskiedeniswerkwinkel "Structure and Experience in the Making of Apartheid", gelyk asof Suid-Afrikaanse houding van "people's history" teenoor strukturalisme verander het. Strukturalisme is egter net aanvaar as nog 'n metode van verklaring. Vir "people's history" in Suid-Afrika weeg menslike agentskap tog nog veel swaarder as strukturalisme. By die 1990 werkwinkel is daar weinig referate gelewer wat oor die struktuur van apartheid handel het. Die werk, *Apartheid's Genesis 1935 - 1962*, wat referate bevat het wat by die geskiedeniswerkwinkel gelewer is, het ook referate van 'n konferensie van die *Institute of Commonwealth Studies*, September 1987, by die Oxford universiteit gelewer is, ingesluit. Laasgenoemde referate het wel sterk klem geplaas op strukturalisme en het sodoende die gebrekkige hoeveelheid referate van strukturele aard, gelewer by die Wits werkwinkel, aangevul.<sup>60</sup>

P. Bonner, P. Delius en D. Posel skryf in *Apartheid's Genesis* dat die vroeë radikales (waaronder die strukturaliste) apartheid te oorvereenvoudig benader het:

Our argument takes its cue from the early radical school which saw the central dynamic of apartheid as being struggles over the distribution and control of labour, and which represented apartheid as achieving a temporary resolution to these conflicts. Despite disclaimers, however, the early revisionists gave an essentially functionalist explanation for apartheid, which interpreted state policy as emerging simply in response to the imperatives of capital accumulation. We suggest that the dynamics which moulded apartheid were far more broadranging and intractable than the early revisionist writers allowed, and that apartheid, as a consequence, is much more complex and contradictory than they, or other analysts, have grasped.<sup>61</sup>

"People's history" erken dus wel dat strukturaliste 'n bydrae gelewer het tot die verklaring van die Suid-Afrikaanse verlede, maar die strukturele verklaring is 'n deel van 'n groter verklaring waarin veral menslike agentskap 'n belangrike rol speel.

---

60 Bonner, Delius en Posel, "Introduction" in P. Bonner, P. Delius en D. Posel (reds.), *Apartheid's Genesis 1935 - 1962*, ix.

61 Bonner, Delius, Posel, "The Shaping of Apartheid: Contradiction, Continuity and Popular Struggle" in P. Bonner, P. Delius en D. Posel (reds.), *Apartheid's Genesis 1935 - 1962*, 1.

Deur die strukturalisme versus agentskap debat in Brittanje en Suid-Afrika as presies dieselfde debat af te maak, sou verkeerd wees. Die verskil lê veral in die keuse van onderwerpe vir navorsing in die onderskeie lande vanweë elke land se eiesoortige verlede. In Suid-Afrika was daar ook al skrywers voor die totstandkoming van die Wits Geskiedeniswerkswinkel wat menslike agentskap verreken het,<sup>62</sup> nog selfs voor die struktuur versus agentskap debat in die vyftigerjare in Brittanje begin het.<sup>63</sup> Tog bly dit staan dat Suid-Afrikaanse "people's"-historici tot in 'n groot mate hulle geskaar het agter die empiriese benadering, met die klem op menslike agentskap soos voorgestaan deur E.P. Thompson en ander Britse "people's"-historici.

---

62 Skrywers wat al menslike agentskap in die Suid-Afrikaanse verlede voor die totstandkoming van die Wits Geskiedeniswerkswinkel in ag geneem het, word in hoofstuk vier bespreek.

63 Tatham, 95.

## HOOFSTUK VIER

# DIE ONTWIKKELING EN VERGESTALTING VAN DIE "PEOPLE'S HISTORY"-GEDAGTE

### 4.1 Die radikale skool van geskiedskrywing

#### 4.1.1 Radikale geskiedskrywing voor die sewentigerjare

Die opkoms van "people's history" in Suid-Afrika moet teen die agtergrond van die ontwikkeling van die radikale geskiedskrywing gesien word. "People's history" is deel van die Suid-Afrikaanse radikale geskiedskrywing. Die indruk word dikwels geskep dat radikale geskiedskrywing se ontstaan in die sewentigerjare lê, maar so 'n beskouing laat vroeër geskrewe radikale geskiedskrywing buite rekening. Dit was nie slegs die Marxiste van die sewentigerjare wat 'n radikale interpretasie van die Suid-Afrikaanse verlede gegee het nie en sulke interpretasies was nie nuut nie.<sup>1</sup>

Polemiekskrywers en aktiviste binne die bevrydingstryd van swartmense was van die eerste radikale geskiedskrywers. W.M. Macmillan, 'n professionele historikus, se werke het alreeds 'n radikale element bevat. Die rede hiervoor is dat Macmillan aandag aan al Suid-Afrika se inwoners gegee het, asook die klem wat hy geplaas het op die belangrikheid van die ekonomie om die Suid-Afrikaanse verlede te verklaar. Een van die eerste nie-professionele historici wat 'n werk met radikale kenmerke geskryf het, was die Britse joernalis, J.A. Hobson. In sy *The War in South Africa* (1900) skryf hy oor hoe die mynbou-kapitaliste die Krugerstaat omver wou werp. Die radikale betoeg wat daarin na vore kom, sentreer rondom Hobson se

---

1 G.K. Tatham, *The University of the Witwatersrand History Workshop and Radical South African Historical Scholarship in the 1970's en 1980's*, 69.

argument dat Brittanje se betrokkenheid in die negentiende eeuse Suid-Afrika aan eersgenoemde se ekonomiese belange gekoppel moet word. Dus, die Anglo-Boere oorlog word in die eerste plek gekoppel aan ekonomiese belange.<sup>2</sup>

Sol Plaatje, 'n swartman wat ten spyte van weinig opleiding 'n goeie skrywer, tolk en koerantredakteur was, het in 1913 reise deur die Suid-Afrikaanse platteland onderneem en die lewenservaringe en ellendes van gewone swartmense geboekstaaf in sy *Native Life in South Africa, Before and since the European War and Boer Rebellion* (1916). Plaatje het onder andere die ellende van die swartmense aan die 1913 Naturelle Grondwet toegeskryf en 'n betoog aan Brittanje gerig om in te gryp.<sup>3</sup>

In die veertiger- en vyftigerjare is dit veral die name van Eddie Roux, Hosea Jaffe (skuilnaam: Mnguni) en Dora Taylor (skuilnaam: Nosipho Majeke) wat uitstaan. Anders as die Kommuniste van die twintiger- en dertigerjare is hulle werke meer histories in inhoud, maar ook propagandisties van aard. E. Roux se werk *Time Longer than Rope* (1948) het 'n "people's history" faset bevat omdat die werk aandag aan die lot en stryd van gewone mense gegee het. Self 'n lid van die SAKP tot 1936, het Roux sy persoonlike stryd teen blanke oorheersing asook die swartmense se stryd om meer politieke regte weergegee. Die titel van Roux se werk spreek van sy optimisme dat blanke oorheersing wel sal eindig.<sup>4</sup>

Jaffe en Taylor was Trotskiïste en in hulle werke kom 'n historiese materialistiese benadering na vore.<sup>5</sup> Roux se fokus was veral op weerstand van swartmense teen 'n blanke bewind, maar Jaffe gee ook aandag aan verowering, slawerny en onteiening. Sy werk *Three Hundred Years* (1952) eindig met die gevolgtrekking dat die Suid-Afrikaanse verlede een van stryd tussen onderdrukkers (blank) en

---

2 C. Saunders, *The Making of the South African Past. Major historians on race and class*, 131.

3 S.T. Plaatje, *Native Life in South Africa, Before and Since the European War and the Boer Rebellion*; J. Pampallis, *Sol Plaatje*.

4 Saunders, 134; E. Roux, *Time Longer than Rope, A History of the Struggle of the Black Man for Freedom in South Africa*.

5 Tatham, 69.

onderdruktes (swart) was. Verset word in hierdie werk getoon teen die driehonderdjarige herdenking van Jan van Riebeeck se koms na die Kaap in 1652. Jaffe was een van die eerste skrywers wat die degraderende terme Boesman en Hottentot verwerp het ten gunste van respektiewelik San en Khoi-Khoi. Dora Taylor het sterk klem geplaas op die verowering van die swartmense in *The Role of Missionaries in Conquest* (1952). Beide Jaffe en Taylor het met Roux oor een belangrike punt verskil. Waar Roux dr. John Philip (sendeling van die Londense Sending Genootskap (LSG)) en ander, Kaapse liberales as die vriende van die inheemse bevolking tipeer, beskou Jaffe en Taylor die sendelinge as primêre agente van kolonialisering en verowering. Jaffe en Taylor kyk albei kortliks na die rol van kapitalisme, maar nie een van die twee pas klasse-analise konsekwent toe nie.<sup>6</sup>

Die radikale en "people's history" karakter van genoemde werke lê daarin dat dit vir hulle tyd ver-links was, aan swartmense 'n steeds belangriker rol in die Suid-Afrikaanse verlede toegeken het en aandag begin skenk het aan klas en kapitalisme. Dié vroeëre radikale skrywers het egter nie naastenby soveel klem op klas en kapitalisme geplaas as die radikale historici van die jare sewentig nie.

#### **4.1.2 Die opkoms van die radikale skool in die sewentigerjare**

Vanaf ongeveer 1970 het 'n radikale skool van geskiedskrywing in Suid-Afrika tot stand gekom wat die Suid-Afrikaanse politieke strukture aan die hand van ekonomiese ontwikkeling verklaar het. Vir hierdie Marxiste was die Suid-Afrikaanse politieke ekonomie belangrik. Eksponente van die radikale skool was mense soos F. Johnstone, R. Davies, D. O'Meara, W. Beinart en vele ander wat later in die afdeling bespreek word. Die ontstaan van die radikale skool kan teruggevoer word na 'n bepaalde ontwikkeling binne die Europese intellektuele klimaat en Suid-Afrikaanse politieke problematiek, soos aangedui sal word. Beïnvloeding van die vroeëre radikale geskiedskrywers op die nuwe skool was gering, enersyds omdat hulle dit verwerp het vanweë te min verwysing na klasaspekte en andersyds omdat

---

6 Saunders, 136 - 138.

die meeste nie eens bewus was van die bestaan van die werke van Taylor en Jaffe nie.<sup>7</sup>

Kritiek op die twee volumes van die *Oxford History of South Africa* (1969) het die opkoms van die radikale skool in die Suid-Afrikaanse historiografie ingelui. 'n Vurige debat het rondom die inhoud van die werk ontstaan. Monica Wilson en Leonard Thompson, die skrywers wou bepaalde opvattings/interpretasies regstel wat voorheen apories aanvaar is. So byvoorbeeld was hulle vertrekpunt dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie begin het met die Portugese "ontdekkingsreisigers" of met die koms van Jan van Riebeeck in 1652 nie. Hulle benadering oor die pre-koloniale samelewings was dat dit nie tydloos en staties was nie. Suid-Afrika het volgens hulle ook nie uit 'n aantal suiwer rasse bestaan nie. Thompson en Wilson se oogmerk was om weg te beweeg van 'n etnosentriese benadering en te kyk na die geskiedenis van alle Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe op 'n gelyke basis. Dit was die eerste Suid-Afrikaanse werk wat meer besonderhede as enige ander werk oor swart gemeenskappe verskaf het. In die eerste volume word veel aandag aan beide blank en swart gegee, en in die tweede maak die skrywers dit duidelik dat hulle bewus is van die konstante teenwoordigheid van die swart Suid-Afrikaanse meerderheid.<sup>8</sup>

R. Davenport, wat skryf vanuit 'n liberale perspektief, beweer dat die *Oxford History* daarvan uitgegaan het dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis wel metodologies korrek te werk gaan, maar historiografies foutief is omdat swart mense uitgesluit is. Die radikales het niks daarteen gehad dat daar uiteindelik 'n perspektief gekom het wat swart en blank as gelykes behandel nie, maar omdat liberales die sentrale argument geïgnoreer het, naamlik die konsep van klas en die botsing van materiële belange, en meer klem gelê het op 'n botsing in terme van idees. Vir die radikales is die doel van die geskiedenis om die samelewing te verander, nie net om dit te beskryf nie. Die betrokkenheid van geskiedenis by aktiewe veranderinge in die samelewing sluit ook nou aan by die gedagte van die "New Left" wat die radikale skool en daardeur ook "people's history" beïnvloed het. Die gebruik van konsepte soos klas is vir die

---

7 *Ibid.*, 165 - 166.

8 *Ibid.*, 154 - 155 en Eloff, C. "History from Below: 'n Oorsig", in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 47.

radikales belangrik en deur die aksentuering daarvan het hulle 'n nuwe paradigma in historiese ondersoek in Suid-Afrika geplaas.<sup>9</sup>

Hierdie nuwe skool se eksponente het grotendeels by Britse universiteite waar hulle werkzaam was, 'n radikale standpunt ten opsigte van die Suid-Afrikaanse verlede ingeneem. Heelwat van die jong Suid-Afrikaners wat later radikale historici sou word, het by Britse universiteite gedurende die sestiger- en sewentigerjare hul doktorsgrade behaal. Die sestigerjare was vir dié jong historici 'n groot teleurstelling omdat daar in Suid-Afrika geen politieke veranderinge gekom het nie. Die liberale beskouing het volgens hulle ook niks meer gehad om te bied nie. Radikale historici is geradikaliseer deur Sharpville in 1960 asook die verbanning van die African National Congress (ANC) en die Pan Africanist Congress (PAC) in April 1960.<sup>10</sup>

In Brittanje was dit veral Shula Marks en Anthony Atmore wat 'n groot invloed op dié jong Suid-Afrikaanse historici gehad het. Dit is dan ook vanuit Londen wat die eerste kritiek op die *Oxford History* gekom het. Beide Marks en Atmore het krities op dié werk gereageer en onder andere seminare aangebied oor Suider-Afrikaanse gemeenskappe by die Instituut vir Statebondstudies in Londen. Die Suid-Afrikaner Stanley Trapido, 'n politikoloog wat geskiedskrywer geword het, het ook vanuit Londen krities op die *Oxford History* gereageer vanuit 'n radikale perspektief. Trapido het navorsing gedoen oor onderwerpe soos die Kaapse stemregkwessie, Kaapse liberalisme, Suid-Afrikaanse kapitalisme en die evolusie van 'n klassestruktuur in die voormalige Zuid-Afrikaanse Republiek. Shula Marks se vertrekpunt vir haar studies is empiries liberaal, maar sy maak wel van bepaalde Marxistiese kriteria gebruik. Onder diegene wat hulle doktorsgrade onder Marks en Trapido gehaal het, tel name soos William Beinart, Philip Bonner, Peter Delius, Jeff Guy en andere.<sup>11</sup>

---

9 *Sunday Times*, 3.2.1991, 22; L. Callinicos, *Onderhoud* deur J.C. Kruizinga, 28.11.1994, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.

10 Saunders, 168 en K. Smith, *The Changing Past: Trends in South African Historical Writing*, 164.

11 Saunders, 168; Moll, 65 - 66.

Die opvatting dat liberales net op ras klem lê en die radikales net op klas, lei tot die versoeking om die vroeë sewentigerjare in terme van 'n klas/ras-debat te hanteer. Volgens G.K. Tatham is dit egter 'n oorvereenvoudiging. Die liberales het ook wel aandag gegee aan sosiaal ekonomiese aspekte. So ook is die Marxistiese skrywers se werk te kompleks om tot die gevolgtrekking te kom dat hulle net aan klas aandag gee. Verskillende historiografiese tradisies het mekaar buitendien ook nie onbeïnvloed gelaat nie.<sup>12</sup>

Liberales en Marxistiese historici is natuurlik nie die enigste skrywers wat sosio-ekonomiese kwessies ondersoek het nie. Roux, Plaatje, Taylor en andere het meestal aan rassekwessies aandag gegee, maar sosio-ekonomiese kwessies het ook wel na vore gekom. Daar was ook Afrikaners wat nie in die Afrikanernasionalistiese paradigma geskryf het nie. P.J. van der Merwe is 'n Afrikaner-historikus wat in die dertiger- en veertigerjare geskryf het oor die alledaagse lewe en aktiwiteite van die trekboere aan die grense en navorsing oor sosiale, ekonomiese en ekologiese kwessies gedoen het.<sup>13</sup>

Net soos wat oorvereenvoudiging maklik intree in byvoorbeeld die ras en klas debat, net so moeilik is dit om die presiese grense van die fases van radikale geskiedskrywing aan te dui. David Yudelman identifiseer drie fases:

- Eerstens was daar die "Elder statesmen" vanaf die laat sestiger tot middel sewentigerjare gekenmerk deur hul teoretiese bydraes met eksponente soos Harold Wolpe, Martin Legassick en Frederick Johnstone.
- Die tweede fase vanaf die middel sewentigerjare tot die vroeë tagtigs is gekarakteriseer deur die Poulantziaanse dissipels, met veral die "Gang of four": Rob Davies, David Kaplan, Mike Morris en Dan O'Meara.
- Derdens is daar die "Third Wave" van veral die negentientagtigs wat al sedert die eerste fase bestaan maar eers in die tagtigerjare sterk na vore getree het.

---

12 Tatham, 62.

13 *Ibid.*, 67.



Uit hierdie groep het die empiriese werke gekom waarin dikwels weinig aandag aan teorie gegee is. Die "derde golf" sluit persone in soos Shula Marks en Stanley Trapido, Charles van Onselen en Tim Keegan. Na die "derde golf" waaruit die prominentste beoefenaars van "people's history" kom, word ook dikwels as die kwasi-Marxiste<sup>14</sup> verwys omdat hulle benadering oor Marxisme aansienlik afgewater is.<sup>15</sup>

Tatham identifiseer ook drie radikale groepe:

- Eerstens was daar die materialistiese groep waaronder M. Morris, D. Kaplan, M. Wolpe, D. O'Meara en andere. Hulle het in die sewentigerjare met die revisionisme begin. Hierdie groepe wou kyk wat die invloed van die indringing en akkumulاسie van kapitaal is op onder andere die vorming van klasse. Kapitaal en arbeid vorm by hulle die sentrale temas.
- Tweedens was daar die Afrikaniste soos P. Bonner, P. Delius, J. Guy e.a. wat nie vasgehou het aan die rigiede konsepte en middele van produksie in die politieke ekonomie nie. Hulle het dit nie soseer verwerp nie, maar was net veel buigsamer t.o.v. die konsepte van klas. Hulle het studies geloods oor verandering in die negentiende-eeuse Afrika gemeenskappe gekoppel aan die destydse groei in kapitaal. Hierdie studies het uitgewys dat blywende ideologieë, magsverhoudinge, geslags- en ouderdom verdelinge van arbeid en besit, wel interaksie het met breë strukturele kragte van die middele van produksie.
- Derdens is daar die sosiale historici wat ondersoek loods na die geskiedenis van gewone mense. Dit kyk na alles wat uniek regionaal en empiries is. Luli Callinicos, Belinda Bozzoli, Leslie Witz en andere is beoefenaars van sosiale geskiedenis.<sup>16</sup>

---

14 Smith, 164.

15 In hoofstuk vyf word daar uitgebrei op die punt.

16 Tatham, 4.

In hierdie bespreking word Tatham se driedeling in breë lyne aanvaar, met die verskil dat waar Tatham na sosiale Marxistiese geskiedskrywing verwys, word die begrip "people's history" of geskiedenis van die gewone mense gebruik. Die rede hiervoor is dat die derde fase juis op die gewone mense, of te wel "people" konsentreer.

Die eerste revisionistiese skrywers is nie deur die vroeëre radikales beïnvloed nie, met die uitsondering van Jack en Ray Simons wat as 'n brug tussen die vroegste radikales en die van die sewentigerjare staan, sien. Jack en Ray Simons se werk *Colour in South Africa, 1850 - 1950* (1969) gaan van die standpunt uit dat klas en nie ras nie, die ware bron van konflik in Suid-Afrika is. Kleurbewustheid is volgens hulle kunsmatig geskep, terwyl 'n klasse bewussyn natuurlik is. Hierdie werk is minder suksesvol in die analise van klasvorming of hoe die klasse struktuur met die tyd verander het. Die werk is in Suid-Afrika verban en min historici het die geleentheid gehad om dit te lees.<sup>17</sup>

Die eerste revisioniste in die sewentigerjare - Harold Wolpe, Martin Legassick en Frederick Johnstone is deur faktore binne en buite Suid-Afrika beïnvloed. Hierdie faktore was onder andere die studente opstande van 1968 in Parys, die Viëtnam anti-oorlogproteste, die "Annales" - skool, die Amerikaanse werke oor ras en slawerny, Franse Marxistiese antropoloë, debatte oor die ontwikkeling van die Latyns Amerikaanse lande en veral die meer buigsame Marxisme binne die Britse geskiedskrywing. Die invloed vanuit Suid-Afrika is veral die teenkanting wat hulle teen die stelsel van apartheid gehad het.<sup>18</sup>

'n Belangrike punt wat die vroeëre revisioniste met die "people's history" deel, is die verwerping van die moderniseringteorie. Die nuwe skool het begin twyfel aan die liberales se siening dat ekonomiese groei en vooruitgang die stelsel van apartheid sou afbreek omdat rassisme en kapitalisme nie met mekaar versoenbaar is nie. Die sestigerjare het volgens die revisioniste die teenoorgestelde uitgewys. Naas Japan het Suid-Afrika die hoogste ekonomiese groeikoers gehad, maar tog het die apartheidsmaatreëls toegeneem. 'n Debat het tussen die liberales en die Marxiste

---

17 Saunders, 166 - 167.

18 *Ibid.*, 70; Tatham, 77 - 78; S. Marks "Towards a People's History of South Africa? Recent developments in the historiography of South Africa" in R. Samuel (red.), *People's History and Socialist Theory*, 301.

ontstaan oor die oorsprong van rassisme in Suid-Afrika. In wese het die liberales geglo dat die rasse-situasie in Suid-Afrika teruggevoer kan word na die grensboere van die sewentiende en agtiende eeu. Die revisioniste het egter geglo dat die konsep van ras nie sonder die begrip klas verklaar kan word nie. Dit is interessant om daarop te let hoe die drie belangrikste eksponente van die vroeë radikales - Johnstone, Wolpe en Leggassick - die vraag na die ontstaan van die rasse situasie benader het.<sup>19</sup> Ten spyte daarvan dat "people's history" meer op sosiale geskiedenis ingestel is, stem die benadering oor waar apartheid se wortels lê, grotendeels ooreen met die vroeë radikales se ontleding daarvan. Callinicos se reeks oor die "people's history" of South Africa" getuig hiervan.<sup>20</sup>

Frederick Johnstone het segregasie en ekonomiese groei as deel van 'n gesamentlike proses ontleed en tot die gevolgtrekking gekom dat Kapitalisme 'n groot rol in rasse dominansie gespeel het. Segregasie se ontstaan kan daarom ook nie terug gevind word by die grensboere of die Calvinisme nie, soos wat die liberales wel beweer het. In *Class, Race and Gold* (1976), die eerste vollengte wetenskaplike monograaf oor 'n Suid-Afrikaanse onderwerp vanuit 'n radikale perspektief, plaas Johnstone die ontwikkeling van segregasie op ontwikkelinge in die mynbou industrie. Vir hom is die Suid-Afrikaanse geskiedenis dus nie 'n stryd tussen wit en swart nie, maar van 'n kapitalistiese groep (die mynmagnate) teen twee klasse werkers, die een wit die ander swart, wat albei deur die kapitaliste uitgebuit is.<sup>21</sup>

Harold Wolpe wat na sy arrestasie by Rivonia<sup>22</sup> ontsnap het, het as sosioloog met 'n verbintenis tot verandering, vanuit Essex Universiteit teoretiese werke oor Suid-Afrika begin skryf. In sy *Capitalism and Cheap Labour Power: From Segregation to Apartheid*, 'n artikel wat in *Economy and Society* (1972) verskyn het, het hy gekyk na wat die rol van die reservate in die stelsel van segregasie gespeel het. Die myne het goedkoop arbeid gesoek en die reservate het as 'n middel gedien om goedkoop

---

19 Marks, 301; Saunders, 170.

20 Sien byvoorbeeld L. Callinicos se eerste deel in die reeks van *A People's History of South Africa; Gold and Workers, 1886 - 1924*.

21 Saunders, 170 - 171.

22 Umkhonto we Sizwe (MK) se hoofkantoor was daar geleë.

arbeid te verkry. Die reservate was klein en gevolglik moes swartmense vir lae lone in die stede gaan werk, enersyds om hulself en die gesinne aan die lewe te hou en andersyds om belasting te kon betaal. Omdat die lone so laag was, moes werkers noodgedwonge steeds weer vir die myne gaan werk.<sup>23</sup>

Martin Legassick was die vernaamste eksponent van die radikales in die vroeg sewentigerjare en het sy doktorsgraad onder Leonard Thompson aan die universiteit van Kalifornië voltooi. In sy proefskrif, *The Griqua, the Sotho-Tswana, and the Missionaries 1780 - 1840: The politics of a frontier zone*, verwerp hy Frederick Jackson Turner se grensteorie dat die pioniersgrens 'n ontmoeting tussen beskaafdheid en barbarisme is. So 'n verklaring vind hy rassisties want die ooreenkomste in lewenswyse van die blanke pioniers en die oorspronklike inwoners was klein.<sup>24</sup> Legassick was daarvan oortuig dat die pioniersgrense nie verantwoordelik gehou kan word vir grootste aandeel in die ontwikkeling van segregasie nie. Volgens hom lê die oorsprong van segregasie ook in die laaste deel van die negentiende eeu en die vroeg twintigste eeu se ontwikkeling van die mynbou.<sup>25</sup>

Ras het dus veral 'n belangrike rol begin speel nadat die mynbou dit uitgebuit het. Apartheid was dan ook nie irrasioneel soos wat die liberales beweer het nie, maar 'n rasonale stelsel element in die sin dat die uitbuiting van rasseverhoudinge deur die kapitalistiese mynbou winste verhoog is omdat swart werkers minder as die blanke in lone betaal is.<sup>26</sup>

'n Tweede generasie Marxiste van Suid-Afrika is die strukturaliste : Mike Morris, David Kaplan, Rob Davies en Dan O'Meara. Hulle was nie historici nie, maar sosioloë en politikoloë. Die strukturaliste het sterk klem geplaas op teorie en het in

---

23 Saunders, 171; Moll, 64; en L. Callinicos *Gold and Workers, 1886 - 1924* verwys na dieselfde proses as wat Wolpe bespreek, 22 - 25.

24 M.C. Legassick, *The Griqua, the Sotho-Tswana, and the Missionaries 1780 - 1840: The Politics of a Frontier Zone*, 1969.

25 Saunders, 173 - 175; Legassick, "The Colonial Frontiers c. 1770 - 1880" in R. Elphick en H. Giliomee (reds.), *The Shaping of South African Society, 1652 - 1820*.

26 Callinicos, *Onderhoud*.

die besonder afwysend gestaan teenoor geskiedenis as 'n metode van ondersoek en geskiedenis met die metode van induksie (om uit 'n ondersoek bewyse te verkry uit die feite wat beskikbaar is) geassosieer. Net soos die Britse strukturele Marxiste het hulle nie geglo dat feite voor hande is nie, maar geskep word. Kennis kon dus slegs verkry word deur 'n teorie wat deur deduktiewe redenering verkry word. Teorie moet die ondersoekveld definieer, ook om die grense van empiriese ondersoek vas te lê en om verklarende konsepte te toets.<sup>27</sup>

Die "gang of four" het hulle meer bemoei met kapitaal as met die stryd van die werkersklas. Navorsing wat wel oor die werkersklas gedoen is, was meestal oor blanke eerder as swart werkers.<sup>28</sup> Dan O'Meara het byvoorbeeld na die Afrikaner se verwantskap met kapitalisme gekyk.<sup>29</sup> Die rede waarom strukturaliste meer op blankes as op swartes gekonsentreer het, kan verklaar word aan die hand van die politieke klimaat waarin die strukturalistiese historici geleef het. Tydens die strukturaliste se voorgraadse studie, het dit gelyk of the swart meerderheid "stil" was en weinig verset teen apartheid gelever het. In die sestigerjare wou groepe soos die swart bewustheidsbeweging ook teen blanke deelname in die swartes se stryd teen apartheid. Gevolglik het die strukturaliste meer belangstelling vir blanke werkers getoon omdat toegang tot die werkers veel makliker was. Sedert die 1973 stakings in Durban en die Soweto opstande van 1976 het dit duidelik geword dat swartmense wel verset teen apartheid lewer maar teen die tyd (middel sewentigerjare) was die strukturaliste al besig met nagraadse studies in die buiteland.<sup>30</sup>

Rasgebaseerde wette en die veranderinge daaraan deur die jare heen is deur die strukturaliste vertolk in terme van: 'n oorheersing van buitelandse (myn) kapitaal in die vroeg twintigste eeu; die oornome van die mag deur nasionale kapitaal (vervaardiging en landbou) in alliansie met die blanke werkers in 1924; die verlies

---

27 Tatham, 182 - 185.

28 Marks, 303.

29 D. O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism, 1934 - 1948*.

30 Saunders, 182.

van mag van landboukapitaal in 1939; en die oorwinning van 'n alliansie van blanke werkers, landbou en die kleinburgery in die Nasionale Party oorwinning van 1948.<sup>31</sup>

In die tyd van die strukturaliste het 'n nuwe groep van radikale Afrikanistiese historici verskyn. Die Afrikaniste het hul naam gekry omdat hulle aangetoon het dat swartes ("Africans") 'n belangrike rol in die vorming van die Suid-Afrikaanse verlede gespeel het. Aanvanklik het die Afrikaniste uit die liberale skool gekom maar in die laat sewentigerjare het 'n groep Afrikaniste wat radikaal Marxisties geïnspireerd was na vore getree. Hulle werke is ook beïnvloed deur Franse Marxistiese antropoloë oor pre-kapitalistiese samelewings, die herlewing van studies oor kleinboere en die "history from below" - beweging. Die prominentste historici van die groep het onder Shula Marks gepromoveer, met name Jeff Guy en Philip Bonner. Hulle het die leiding geneem in ondersoeke na pre-kapitalistiese Afrika samelewings en die transformasie na kapitalisme. In Julie 1976 is die eerste van twee werksinkels oor pre-kapitalistiese samelewings en koloniale indringing in Suider-Afrika in Lesotho gehou waar Guy 'n lektor was.<sup>32</sup>

Dit was 'n nuwe veld van ondersoek met 'n nuwe perspektief op die koloniale verlede. Afrikanisme as nuwe studieveld het sy tol geëis, want Guy se werk oor die Zoeloes en Bonner se werk oor die Swazi het 'n dekade in beslag geneem voordat die werk voltooi is. Ander historici het gevolg: Jeff Peires het geskryf oor die geskiedenis van die Xhosa in die Oos-Kaap, Peter Delius het gewerk aan sy doktorsgraad oor die Pedi in die Oos-Transvaal onder studiebegeleiding van Shula Marks in Londen.<sup>33</sup>

Daar het egter 'n slagat voorgelê. In 1974 tydens 'n Afrikageskiedenis konferensie by the Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) in Johannesburg, het die historikus F.A. van Jaarsveld die werk "Zulu Aftermath" van Omer Cooper gebruik om die regering se tuislandbeleid te regverdig. Volgens van Jaarsveld was die Afrika state wat na

---

31 Tatham, 84.

32 Saunders, 182 - 183.

33 *Ibid.*, J. Guy, *The Deconstruction of the Zulu Kingdom*; P. Bonner, *Kings Commoners and Concessionaires: The Evolution and Dissolution of the Nineteenth-Century Swazi State*; P. Delius, *The Land Belongs to Us: The Pedi Polity, The Boers and the British in the Nineteenth Century Transvaal*.

die Mfekane ontstaan het, die voorlopers van die tuislande wat in die sewentigerjare onafhanklikheid gekry het. Afrikaniste soos Cooper het dit glad nie ten doel gehad om apartheid te regverdig nie, maar dit het gelyk of die Afrikaniste in 'n "ethnic trap" geval het waardeur apartheid verdedig kan word. Om aan die "ethnic trap" te ontsnap het Afrikaniste steeds meer klem op historiese materialisme geplaas. So is daar deur Afrikaniste uitgewys dat klas 'n belangrike rol in Afrika gemeenskappe gespeel het.<sup>34</sup> P. Delius het weer uitgewys dat daar dikwels groot verskille in rykdom binne stamme en tussen stamme was.<sup>35</sup> Deur op klasseverskille te konsentreer het die Afrikaniste gepoog om etnisiteit nie die allesoorheersende faktor te maak nie.

Waar die strukturaliste die Afrikane as slagoffers van die oorweldigende mag van die nuwe kapitalistiese orde uitgebeeld het, het die radikale Afrikaniste deur gedetailleerde empiriese werk uitgewys dat die Afrikane hul eie geskiedenis geskep het. Trekarbeid ("Migrant Labour") se oorsprong lê volgens die Afrikaniste nie net by die noodsaak van die mynbou kapitaal vir arbeid nie, maar ook vanweë die swartmense se pre-industriële agtergrond, ten dele die generasie konflik binne swart gemeenskappe, as 'n reaksie teen ekologiese rampe en as 'n middel om gewere te verkry vir verdedigingsdoeleindes.<sup>36</sup> Die Afrikaniste het ook, anders as die revisioniste en strukturaliste, uitgewys dat setlaars en Afrika gemeenskappe in al hul ekonomiese, politieke en kulturele kompleksiteit, 'n rol gespeel het in die skepping van die karakter van klassamestelling, ideologie en die ontwikkeling van kapitalisme. Studies van die Afrikaniste het navorsing geloods wat kulturele, ekonomiese, politieke bewussyn en ideologie insluit.<sup>37</sup>

Die Afrikaniste het hulself steeds meer gedistansieer van die strukturalisme, veral vanweë verskil in metodologie maar ook omdat dit al hoe meer geblyk het dat dit vir strukturalisme onmoontlik is om weg te beweeg of 'n benadering te transendeer wat

---

34 Saunders, 183; *Beeld*, 27.2.1992, hierdie uitspraak van F.A. van Jaarsveld was nog in die tydperk wat hy Apartheid aktief ondersteun het.

35 Delius, 18 - 19.

36 Saunders, 184.

37 B. Bozzoli en P. Delius, "Radical History and South African Society" in J. Brown, *History from South Africa, Alternative Visions and Practices*, 20.

die sosiale orde op bepaalde plekke in tyd vasvang, waardeur hulle die verhoudinge van een middel van produksie tot 'n ander wou verklaar. Hierdie strukturele benadering lei tot eindelose debatte oor presies wanneer een middel van produksie vernietig is om plek te maak vir 'n nuwe. Die besef het na vore gekom dat pre-industriële samelewings nie aan sulke rigiede konsepte onderwerp kan word nie.<sup>38</sup>

'n Groep historici in die laat sewentigerjare het begin om na die meer resente geskiedenis van Suid-Afrika te kyk en het 'n empiriese weg ingeslaan. Hulle is beïnvloed deur die werk van Edward Thompson waarin teoretiese abstraksies gewantrou is en meer klem op "human agency"<sup>39</sup> (menslike agentskap) geplaas is. 'n "History Workshop" het tot stand gekom volgens die model van die Ruskin "History Workshop" in Oxford. Die eerste werkswinkel is in 1978 in Johannesburg by die universiteit van die Witwatersrand gehou.<sup>40</sup> Vanuit Brittanje was die *History Workshop Journal* en die eksponente van die Britse "history from below" - beweging se invloed ook belangrik.<sup>41</sup>

Die plaaslike invloede op die ontstaan van "people's history" moet egter ook nie onderskat word nie. Op akademiese gebied was dié invloede veral die voorgangers; die vroeë revisioniste, strukturaliste en Afrikaniste. In die sewentigerjare het 'n resessie gelei tot stygende werkloosheid wat veel reaksies ontlok het van die werkersunies. Opstande soos die van Soweto in 1976 het 'n groot invloed gehad op hoe die eksponente van "people's historici" na die Suid Afrikaanse realiteite gekyk het. Arbeidersgeskiedenis met 'n klem op klasse het nie meer die sentrale plek in radikale interpretasies geneem nie, maar eerder sosiale geskiedskrywing. Die onderwyskrisis van die tagtigerjare het waarskynlik as belangrike impetus gedien vir die vestiging van "people's history" in die Suid-Afrikaanse historiografie.<sup>42</sup>

---

38 *Ibid.*, 20 - 21.

39 Die debat tussen strukturalisme en "human agency" word in hoofstuk drie bespreek.

40 Die totstandkoming en betekenis van die geskiedeniswerkswinkel-beweging word onder die afdeling: demokratisering van die geskiedskrywing, hoofstuk 7, bespreek.

41 Tatham, 58.

42 Tatham, 59 - 60, "People's history" se opkoms gekoppel aan die onderwyskrisis van die tagtigerjare word in hoofstuk vyf bespreek.



Ondersoekvelde in geskiedenis met 'n radikale perspektief het ook verskuif vanaf arbeidstoestande en stryd by die werksplek, studies wat die vroeë sewentigerjare gedomineer het, na studies wat die ervaringe en stryd van die gewone mense in die "Townships" in ag geneem het. Akademici se aandag is ook gevestig op die toenemende mate waarin plattelandse swartes hulle teen die apartheidswetgewing, soos byvoorbeeld gedwonge verskuiwings, verset het. Die slagspreuke van die woedende jeug in die "Townships" soos byvoorbeeld "worker power" en "people's power", asook die toenemende mate waarin die swart jeug by "Umkhonto we Sizwe" (MK) wou aansluit, het dit vir die akademici moeilik gemaak om die menslike agentskapsrol te ignoreer. Die rede hiervoor is dat die strukturaliste aan die oppermag van die staat geglo het, terwyl gebeure (bv Soweto opstande) vanaf die middel sewentigerjare aangedui het dat die verset deur gewone (swart) mense die hegemonie van die staat bedreig het. "People's history" is dus nie net alleen in verset teenoor die Afrikaner- en liberale geskiedskrywing nie, maar ook teen die strukturalistiese Marxiste.<sup>43</sup>

Die eerste direkteur van die "African Studies Institute" by die universiteit van die Witwatersrand, Charles van Onselen, het 'n "brug" gevorm tussen die vroeë Marxistiese benadering en die nuwe sosiale benadering. Historici het in Van Onselen se tyd vanaf institusionele en organisatoriese geskiedenisstudies van werkersklas aksie beweeg na werkerservaring. Hy het sy doktorsgraad oor die arbeid in die goudmynindustrie van Rhodesië gedoen. Dit het hom gelei tot 'n studie van werkersbewustheid en die lewens van gewone mense wit en swart, kriminele, taxi-bestuurders en drankhandelaars in die vroeë jare van Johannesburg. Hierdeur het hy ook die industriële ervaring van gewone mense geplaas teen die breër sosiale prosesse in die kader van historiese materialisme. Buiten dat hy na die uitbuitende aard van die mynbou kapitalisme gekyk het, het hy deurgaans probeer aantoon hoe gewone mense hulle eie lewens tot 'n bepaalde mate self bepaal, met ander woorde die kwessie van menslike agentskap. Verder het Van Onselen die weg gebaan vir stedelike en plaaslike studies, veral met sy werke *New Babylon* en *New Nineveh*.

---

43 *Ibid.*

Sy vrou Belinda Bozzoli, 'n professor in sosiologie by dieselfde universiteit, het 'n prominente rol gespeel in die totstandkoming van die "History Workshop".<sup>44</sup>

## 4.2 "Peoples History" versus ander historiografiese tradisies in Suid-Afrika

"People's history" as 'n vorm van radikale geskiedskrywing wat sedert die laat sewentigerjare prominent geword het, het 'n aantal punte waarmee dit met die vroeëre radikale geskiedskrywing verskil asook met ander Suid-Afrikaanse historiografiese tradisies. Hierdie verskille word in hierdie deel van nader belig.

### 4.2.1 "People's history" se benadering in Suid Afrika ten opsigte van die vroeë Marxistiese geskiedskrywing

- "People's history" en die vroeë Marxistiese benadering van die jare sewentig vertoon 'n ooreenkoms deurdat beide as deel van 'n groter skool, naamlik Marxisme of 'n radikale skool, benader kan word. Veral hulle kritiek op die Liberales vertoon veel ooreenkomste.
- Beoefenaars van "people's history" en die vroeë Marxiste is deur verskillende gebeurtenisse beïnvloed. Die vroeë Marxiste is veral in die sestigerjare beïnvloed deur gebeure by Sharpeville (1960) asook die verbanning van die ANC en PAC in April 1960. Die beoefenaars van "people's history" is veral beïnvloed deur die 1973 stakings in Durban, die Soweto opstande in 1976 en die toenemende politieke geweld in die "Townships" in die tagtigerjare.<sup>45</sup>
- Met die ontstaan van "people's history" het die klem verskuif vanaf studies oor arbeidsgeskiedenis vanuit 'n klasse oogpunt na 'n meer sosiaal-geskiedkundige benadering. "People's history" het aangedui dat die middele

---

44 Saunders, 185; C. van Onselen, "Chilbaro: African Mine Labour in Southern Rhodesia, 1900 - 1933"; C. van Onselen, *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886 - 1914*, No. 1: *New Babylon*, No. 2: *New Nineveh*.

45 Saunders, 168, 182 - 183; Smith, 164; Tatham, 59 - 60.

van produksie nie so rigied benader kan word nie. Die konsep van klas is nou as histories van aard beskou en klasse is nie meer benader as die alles-bepalende faktor nie, want belange (byvoorbeeld geloof) het dikwels die klasgrense getransendeer. Buitendien is daar ook aangetoon dat pre-kapitalistiese Afrika samelewings nie klasloos was nie.<sup>46</sup>

- "People's history" het wegbeweeg van die strukturele benadering van die vroeë Marxiste na 'n meer empiriese benadering waar die klem op menslike agentskap geplaas word. Swatmense en gewone mense is dus nie meer tot slagoffers verdoem nie, maar as aktiewe rolspelers uitgewys.<sup>47</sup>
- "People's history" bring die gewone mens na vore in 'n veel groter mate as die vroeë Marxiste, veral deur die verlede meer toeganklik vir gewone mense te maak en dit dus te verpopulariseer.<sup>48</sup>

#### 4.2.2 "People's history" se benadering ten opsigte van Liberale geskiedskrywing

Die liberale historici het gehoop op die vestiging van 'n moderne Suid-Afrikaanse staat waarin ras en kleur geen faktor meer sou wees nie om sodoende 'n geïntegreerde smeltkroes-samelewing te skep. Die industrialisering en verengelsing van Suid-Afrika het sentrale temas in dié benadering uitgemaak.<sup>49</sup> Die neo-Liberale geskiedskrywing was meer radikaal en het 'n sentrale plek aan die swartmense in die Suid-Afrikaanse verlede geskenk. Konsepte soos nasionalisme en etnisiteit is verwerp. Die hoogtepunt in Liberale geskiedskrywing was die *Oxford History of South Africa* van Monica Wilson en Leonard Thompson.<sup>50</sup>

---

46 Bozzoli; Delius, 20; Delius, 18 - 19; Saunders, 166 - 167, 183; Tatham, 59 - 60, 108.

47 Bozzoli, Delius, 20; Tatham, 182 - 185; hoofstuk drie behandel die onderwerp breedvoerig.

48 In hoofstuk sewe word die tema bespreek.

49 P. Kapp, Ons kinders moet nuwe geskiedenisboeke kry, *Insig*, 22.

50 Moll, 37 - 40.

Aanvanklik het die Liberale neergesien op die radikale as teoretici eerder as navorsers, en was in reaksie omdat 'n groep te voorskyn getree het wat die Liberale as nie ideologies radikaal genoeg beskou het nie, of vasgeklou het aan Milton Friedman se ekonomiese beskouings. Die liberale het volgens hierdie kritiek eerder verandering gekeer in plaas daarvan om dit te bewerkstellig. "People's history" was die mening toegedaan dat.<sup>51</sup>

- Die Liberale het te weinig klem op teorie geplaas.<sup>52</sup>
- "People's history" deel die sentimente van die vroeë radikale dat die liberale, byvoorbeeld die *Oxford History* te min aandag aan klas en te veel aan ras gegee het.<sup>53</sup>
- "People's history" verwerp die Liberale moderniseringsteorie. Callinicos skryf:

Progress came at a high price, it brought human misery and displacement to hundreds of thousands of people. For in order to make the gold mines profitable, the mine-owners had to change the methods of production and labour in South Africa, revolutionising the social system itself.<sup>54</sup>

- Die enigste persone wat werklik baat by die "voortuitgang" gevind het, was blanke kapitaliste en Afrikaner nasionaliste. Daar was 'n band van samewerking tussen kapitaal en staat. Kapitaal (veral mynbou) het arbeid nodig gehad en die staat het dit indirek help verskaf deur byvoorbeeld belastinge te eis van swartmense op die platteland (hutbelasting byvoorbeeld) en deur die "Natuurlike Grondwet" van 1913. Hierdie maatreëls het grootliks daartoe bygedra dat swartmense van hulle land geforseer is om vir mynbou

---

51 *Sunday Times*, 3.2.1991, 22.

52 *Ibid.*

53 Saunders, 168.

54 Callinicos, *Gold and Workers*....., 105.

kapitaliste (Engels) en landbou kapitaliste (Afrikaners) te gaan werk. Apartheid se wortels lê dus grotendeels by die mynbou ontwikkeling.<sup>55</sup>

- Apartheid was nie irrasioneel soos die liberales beweer het nie. Staat en kapitaal het in simbiose saamgeleef. Kapitaliste en dus nie net Afrikaners nie, moet skuld dra vir apartheid. By implikasie word die liberales self beskuldig dat ook hulle baat gevind het by die apartheidstelsel.

#### **4.2.3 "People's history" se benadering ten opsigte van Afrikanernasionalistiese geskiedskrywing**

##### **4.2.3.1 Afrikanernasionalistiese geskiedskrywing**

— Sentrale temas soos die Groot Trek en die Anglo Boere-Oorlog is al in die voorwetenskaplike fase van Afrikaner geskiedskrywing vasgelê deur veral Gustav Preller. Die Afrikaner se identiteit moes deur dié tipe geskiedskrywing bevestig word en die Afrikaner se verlede is as een van stryd tussen Afrikaner-nasionalisme, Britse imperialisme en Swart barbarisme uitgebeeld.<sup>56</sup>

In die dertigerjare van die twintigste eeu het 'n geslag professionele Afrikaner historici werksaam begin word onder andere E.C. Godeé Molsbergen, W. Blommaert, H.B. Thom, A.J.H. van der Walt. Hulle is opgevolg deur 'n jonger geslag, byvoorbeeld G.D. Scholtz en F.A. van Jaarsveld. Hierdie professionele historici was blanksentries en meer spesifiek Afrikanersentries in hul navorsing en siening oor die Suid-Afrikaanse verlede. Hulle nasionalistiese kenmerk lê daarin dat hulle die rol van die Afrikaner in die verlede as positief beoordeel het en dikwels onkrities teenoor hulle eie groep was.<sup>57</sup>

---

55 Saunders, 170 - 171 en Callinicos, 16 - 43, D. Yudelman, *The Emergence of Modern South Africa: State, Capital and the incorporation of Organized Labour on the South African Gold Fields, 1902 - 1939*, 4 - 6.

56 Moll, 8 - 9.

57 *Ibid.*, 9 - 13.

'n Idee wat Preller al bekend gestel het, naamlik die roepingsgedagte van die Afrikaner, het by die professionele historici voortgeleef al het sommige (byvoorbeeld H. Giliomee) later daarvan wegbeweeg. Hierdie gedagte het sentreer om idees soos die goddelike roeping van die Afrikaner om Afrika te kersten en die Westerse beskouing uit te brei. Swartmense is as 'n bedreiging beskou vanweë hulle aggressiwiteit, veediewery en verbreking van grensverdrae. Swartes is in hierdie Afrikanersentriese geskiedskrywing as 'n "probleemvraagstuk" benader. Die ander groot vyand vir die Afrikaner buite die swartes was die Brit, of te wel die Engelssprekende Suid-Afrikaners, die imperialiste wat geen steen onaangeraak sou laat om Afrikaners te verengels nie. Die Afrikaner se stryd is uiteindelik voltrek in die republikeinse strewe.<sup>58</sup>

Afrikanersentriese geskiedskrywing het weinig ruimte gelaat vir nuanses, behalwe waar dit die buite proporsie aangeblaasde dichotomie van ons (Afrikaners) en hulle (Engelse, Swartes) bevestig het. Alle Afrikaner historici het natuurlik nie deelgeneem aan dié blinde visie van Suid-Afrika se verlede nie,<sup>59</sup> maar die Afrikanersentriese benadering het die bakermat van die amptelike Suid-Afrikaanse geskiedskrywing (stewig gekoppel aan die Nasionale Party) gevorm, wat die magsbasis daarvan veel groter gemaak het as ander historiografiese tradisies.

#### 4.2.3.2 "People's history" se poging tot ontmitologisering

Omdat die Afrikanersentriese benadering die amptelike weergawe van die Suid-Afrikaanse verlede was, het "people's"-historici dit as uiters noodsaaklik geag om bepaalde mites aan die kaak te stel.<sup>60</sup> Dit is nie moontlik om op al die mites (volgens die "people's history" beskouing) in te gaan nie, maar enkele voorbeelde deur hulle aangehaal is die volgende:

---

58 *Ibid.*, 13 - 19; Kapp, 22.

59 Moll, 19.

60 Eloff, 53.

- Suid-Afrika se geskiedenis het voor 1652 begin want die Khoisan en Khoi-Khoi het alreeds honderde jare voor die blankes se koms in die Kaap gewoon.<sup>61</sup> *Let us Speak of Freedom*, verwys na die blankes se koms as "When Jan van Riebeeck arrived, without asking, he simply squatted on the land that belonged to the Khoi people. From that day, there was conflict."<sup>62</sup>
- Swartmense het lank reeds in die hedendaagse Suid-Afrika gewoon, nog voor die koms van die Trekkers. Die mite lui dat terwyl die Trekkers noordwaarts beweeg het, die Swartes suidwaarts beweeg het. Argeologiese navorsing het uitgewys dat swartes reeds eeue lank in byvoorbeeld Swaziland en Transvaal gewoon het.<sup>63</sup> Reeds in 200 n.C. het daar al mense in Zoeloeland gewoon.<sup>64</sup>
- Die Afrikanerinterpretasie van veediefstalle deur swartes word deur "people's history" in twyfel getrek en in vele gevalle as onwaar afgemaak. Blanke boere het swartes dikwels van veediefstal beskuldig soos byvoorbeeld in die Ooskaap in 1921 waar blanke boere 'n swart gemeenskap wat hulself Israeliete genoem het van diefstal aangekla het. R. Edgar 'n "people's"-historikus sê hieroor: "When the white farmers called the Israelites 'criminals', this is an example of what was known as 'Black Peril'. When whites were experiencing tough times economically or they felt threatened by competition from Africans for jobs, they often blamed black people for anything that went wrong".<sup>65</sup>

---

61 *Rapport*, 12.3.1989, 2.

62 *Let us Speak of Freedom*, 1, uitgegee deur die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Wes-Kaapland, 8.

63 *Beeld*, 27.2.1992.

64 *The Argus*, 13.11.1987.

65 R. Edgar, *Because They Chose the Plan of God: the Story of the Bulhoek Massacre*, 15.

- Die verdrag wat Piet Retief na bewering met Dingaan onderteken het om grond in Natal te bekom, is 'n vals dokument om die blankes se landrowery te regverdig.<sup>66</sup>
- Swartmense het ook gely in die Boere Oorlog en meer swartes is in konsentrasiekampe vir "safekeeping" oorlede as blankes.<sup>67</sup>
- Swart boere se landboumetodes was nie inherent primitief nie en hulle kan, volgens Colin Bundy, goed aanpas by veranderende omstandighede.<sup>68</sup> In sy werk *The Seed is Mine: The Life of Kas Maine, a South African Sharecropper, 1894 - 1985* (1996) wys Charles van Onselen ook daarop dat swartmense goed kan boer maar dat apartheid veel terugslae vir swart boere veroorsaak het.<sup>69</sup>
- Swartmense het Suid-Afrika se rykdom geskep deurdat hulle diegene was wat die goud uit die grond gehaal het maar klaaglik deur die kapitaliste uitgebuit is.<sup>70</sup>
- Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand is dié sentrale gebeurtenis van die moderne geskiedenis van Suid-Afrika, nie die Groot Trek, Republiekwording ensovoorts nie.<sup>71</sup>
- Alhoewel "People's history" na die geskiedenis van alle gewone mense kyk, is daar tog 'n verskil tussen die swart en blanke werkersklasse. Die blanke werkersklas het nie gebuk gegaan onder die beperkende rasse wette soos byvoorbeeld die paswette nie. Blanke werkers is wel toegelaat om vakbonde

---

66 *New Nation*, 12.12.1990.

67 Callinicos, *Gold and Workers*, 60 - 61.

68 C. Bundy, *The Rise and Fall of the South African Peasantry*.

69 *The Sunday Independent*, 9.6.1996.

70 Callinicos, *Gold and Workers*.

71 Kalaway, 2.



te hê, swartes nie.<sup>72</sup> Uiteindelik het die Nasionale Party in 1948 die blanke werkers bykomend bevoordeel.<sup>73</sup>

- Die Afrikaner identiteit het nie spontaan ontstaan nie en is ook nie deur die Anglo Boere-Oorlog of Britse imperialisme gevestig nie, maar eerder verswak. Die Afrikaner is bewustelik geskep deur petit bourgeoisie en geletterde intelligentsia wat 'n Afrikaner identiteit geskep het om sodoende steun te verkry by die breë blanke massa.<sup>74</sup>

#### 4.2.3.3 Praktiese vergestaltung van Afrikanersentriese geskiedskrywing

Vervolgens is dit noodsaaklik om na die praktiese vergestaltung van Afrikanersentriese geskiedskrywing te kyk. Dié soort geskiedskrywing was as die amptelike weergawe van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing beskou en het praktiese implikasies op 'n aantal terreine gehad soos monumente, museums en skoolhandboeke. "People's history" history het veel kritiek op die praktiese vergestaltung van Afrikanersentriese geskiedskrywing gehad.

"People's history" is van mening dat monumente en museums in Suid-Afrika tydens die apartheidsjare grotendeels vir die uitbeelding van 'n blanksentriese geskiedbeeld aangewend is. So was daar net sowat drie persent van die 2183 geregistreerde nasionale monumente wat die swartes se kultuur weerspieël het.<sup>75</sup> 'n Voorbeeld van 'n blanksentriese museum is Gold Reef City in Johannesburg, 'n voorbeeld van hoe die rol van swart mense in die verlede misken is. Opgerig teen 'n koste van R62 miljoen, was die doel dat dit 'n lewendige museum moet wees wat die vroeë dae van Johannesburg se lewenswyse uitbeeld. Daar is byvoorbeeld replikas van kroë en

---

72 Callinicos, *Gold and Workers*, 103.

73 Tatham, 84.

74 R. Krut en K. Shapiro, "Report Back: University of the Witwatersrand History Workshop 1984: Johannesburg History Workshop Conference" in *History Workshop: a journal of socialist and feminist historians*, 210.

75 *Die Afrikaner*, 12.8.1993; *Weekly Mail*, 27.8.1992.

die effektebeurs, maar nêrens is daar 'n teken van die haglike omstandighede waarin swart werkers in byvoorbeeld die "compounds" gelewe het nie.<sup>76</sup>

Die televisie reeks *Shaka Zulu*, is veral vanuit 'n liberale oogpunt geskryf maar deel heelwat kenmerke met Afrikanersentriese geskiedskrywing. "People's history" se kritiek op dié televisie reeks is dat die blankes se rol in die Zoeloe geskiedenis rondom Shaka se rol oorbeklemtoon word en dat die indruk geskep word dat blankes vir Shaka kan maak of breek. Die "Vername Persoonlikheid" teorie kom ook na vore, asof Shaka die enigste belangrike akteur is, terwyl die rol van die gewone mense misken word.<sup>77</sup>

Die duidelikste en mees praktiese vergestaltung van Afrikanersentriese geskiedskrywing was op die leerplanne vir Geskiedenis en die daarmee gepaardgaande handboeke. Sedert 1948 is die onderwys in Suid-Afrika ten nouste gekoppel aan Christelike Nasionale Onderwys (CNO).<sup>78</sup> 'n Voorbeeld hiervan is byvoorbeeld P. Stander en P. Olivier se "Junior History 3" waarin die sentrale tema is dat die blankes die enigste ware skeppers van die verlede is.<sup>79</sup>

Die probleme met die geskiedenis kurrikulum word deur Randall van den Heever soos volg saamgevat:

- a. The white-centred syllabus content depicting S.A. history as an heroic epoch of the Afrikaner nation.
- b. The relegation of Blacks in history to a subservient position of useless bystanders or at worst, marauding hordes of murderers and cattle thieves.

---

76 Witz, *Write Your Own history*, 12.

77 C.A. Hamilton, A Positional Gambit: Shaka Zulu and the Conflict in South Africa", in J. Brown, e.a. (reds.), *History from South Africa*.....

78 *Weekly Mail*, 28.5.1987.

79 *The Cape Times*, 5.12.1987.

- c. A conscious effort to coerce Blacks into accepting their status of second class citizens as set out for them in the syllabus.
- d. The attempt to create a sympathetic understanding for the various structures of the S.A. government.<sup>80</sup>

Nog 'n voorbeeld is die werk van Britz en Joubert, *History for Standard 10*, wat deur die Transvaalse onderwysdepartement voorgeskryf is. In hierdie werk word gewone swartmense net as 'n probleemfaktor aangedui. In duidelike kontras staan Peter Kallaway se handboek *History Alive, 10* waarin hy byvoorbeeld skryf dat die tuislande nie aan die meerderheid van die swartes se aspirasies voldoen het nie. Britz en Joubert het egter daarop gewys hoe byvoorbeeld Transkei 'n voorbeeld is vir dit wat swartmense met afsonderlike ontwikkeling kan bereik.<sup>81</sup>

Die handboek van Joubert en Britz se Afrikanersentriese aard, het ook 'n debat in die parlement in 1987 ter sprake gekom toe die Progressiewe Federale Party (PFP) daarteen beswaar gemaak het.<sup>82</sup> Die kritiek teen die handboek het meestal uit Engelstalige geledere gekom. Die Afrikaanse pers het weinig melding van die onderwerp gemaak. Janice Farquharson, 'n historikus was van mening dat veral Afrikaanstalige matriekleerlinge wat alles so onvoorwaardelik aanvaar, waarskynlik die grootste slagoffers was, omdat hulle nie die geleentheid kry om krities oor die verlede te besin nie.<sup>83</sup>

Geskiedenis as skoolvak bly omstrede en nie net in Suid-Afrika nie. In Europa is daar ook vrae oor hoe skoolgeskiedenis wat sterk nasionaal gerig is, meer Europees van aard behoort te wees in die lig van die steeds nouer groeiende bande van die lidstate van die Europese Unie.<sup>84</sup> Howard Zinn spreek ontevredenheid uit dat

---

80 R. Van den Heever (red.), *Alternative Education, Vision of a Democratic Alternative*, 13.

81 *Weekly Mail*, 5.28.1987; en *The Star*, 3.6.1987.

82 *The Sunday Star*, 29.4.1990.

83 *Business Day*, 24.12.1987.

84 *Beeld*, 5.6.1990.

Columbus in geskiedenis-handboeke in die VSA as 'n held uitgebeeld word, terwyl hy volgens Zinn vir soveel moorde op Indiane verantwoordelik is.<sup>85</sup> Geskiedenis skoolhandboeke bly 'n sensitiewe saak en die opstelling daarvan moet met die grootste omsigtigheid hanteer word.

Vanuit die National Education Crisis Committee (NECC) het daar in 1987 wel 'n voorstel gekom vir 'n geskiedenis leerplan getiteld, "Wat is History?" (1987) as 'n alternatief vir regeringsleerplanne.<sup>86</sup> Die regering het dit egter summier verwerp. Hierdie aspek word in die volgende hoofstuk bespreek.

### 4.3 Reaksie op "People's history"

Die mees verwerpende reaksie van "people's history" het uit die regse Afrikaner geleedere gekom. Regses het byvoorbeeld die idee verwerp dat daar werklik geskiedenis voor 1652 was. Wat voor 1652 gebeur het, is volgens hulle argeologie en antropologie, omdat daar geen betroubare geskrewe bronne beskikbaar is nie. Die felste kritiek was egter dat "people's history" die swartmense sentraal plaas en 'n anti-blanke houding geopenbaar word.<sup>87</sup>

Die debat rondom die waarde al dan die van "people's history" en die veranderende politieke toestand in Suid-Afrika, het ook reaksies ontlok onder diegene wat die geskiedenisboeke op skool verander wil sien. Professor P. Kapp het in 'n artikel in *Insig* gepleit dat daar nuwe geskiedenisboeke moet kom wat die Suid-Afrikaanse verlede hervertolk. Dit wil egter nie sê dat hy onkrities teenoor dié proses staan nie.<sup>88</sup>

Ook Van Jaarsveld, voorheen 'n prominente Afrikanersentriese historikus het, aan die einde van sy loopbaan meeste van sy eie skryfwerk verwerp. Hy sê dit was

---

85 H. Zinn, *A People's History of the United States*, 7.

86 NECC, *What is History, A New Approach to History for Students, Workers and Communities*.

87 *Die Afrikaner*, 19.5.1988; 13.3.1991.

88 Kapp, 22.

"idealised history and feeding people with illusion". Sy verandering in benadering het al in 1980 begin toe hy beweer het geen bewyse kan gevind word dat Geloftedag 'n heilige dag is nie. In reaksie het 'n aantal regse AWB-lede hom geteer en veer.<sup>89</sup>

Davenport het in 1991 positief gereageer op die bydrae van die Marxistiese benadering tot die Suid-Afrikaanse verlede:

After 20 years of generally amicable debate all but the lunatics have recognised the contributions of the other school. Marxists are doing first-class research especially in areas of popular history which liberals tended to ignore and are creating new enthusiasm which can only do good unless they take us via history to the tomorrow which belongs to the youth but to nobody else, and in which majorities are always right and civil liberties disappear.<sup>90</sup>

\* \* \*

"People's history" se oorsprong in Suid-Afrika lê in die opkoms van die radikale skool van die vroeë jare sewentig. Historici en skrywers soos M. Legassick, F. Johnstone, D. O'Meara, R. Davies en ander het radikale historiografiese tradisie gevestig wat die belangrikheid van historiese materialisme in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing uitgewys het. Die "people's"-historici het heelpartly van die vroeë radikales se interpretasies, veral oor die verbintenis tussen staat en kapitaal, aangeneem. "People's history" het egter 'n afsonderlike tradisie binne die radikale skool gevorm en dit was eers werklik vanaf die laat sewentigerjare dat "people's history" tot stand gekom het. Die vernaamste verskille tussen "people's history" en die vroeë radikales is dat "people's history", anders as die vroeë radikales, erkenning aan menslike agentskap gegee het en ook gepoog het om geskiedenis te verpopulariseer.

---

89 *The Sunday Star*, 27.9.1991.

90 *The Sunday Times*, 3.2.1991.

Buiten "people's history" se verset teen die strukturalisme van die vroeë radikales is "people's history" ook 'n poging om as 'n alternatiewe historiografie vir Liberale en Afrikanersentirese geskiedskrywing te dien. "People's history" as 'n alternatiewe historiografie het egter nie net die doel om te verklaar nie, maar ook die hoop om 'n bydrae tot aktiewe verandering in die samelewing te lewer.

**DEEL II**

**POLITIEKE ASPEKTE  
RONDOM "PEOPLE'S HISTORY"**

## HOOFSTUK VYF

# DIE POLITIEKE OOGMERKE VAN "PEOPLE'S HISTORY"

### 5.1 Geskiedenis en Politiek

"History and politics are fundamentally connected."<sup>1</sup> Hierdie woorde van Richard Johnson is vir vele historici 'n onaanvaarbare vertrekpunt omdat dit 'n kernaspek van geskiedskrywing sou aantas, naamlik objektiwiteit. Dat geskiedenis en politiek inherent verweef is, sou dan by implikasie beteken dat alle geskiedskrywing in die oë van "tradisionele" historici, bevooroordeeld sou wees en dus nie objektief is nie. Historici verbonde aan veral universiteite, moedig studente aan om objektiwiteit na te streef en wat die Engelse "history proper" noem, te bedryf.<sup>2</sup> Johnson en sy medeskrywers gaan uit van die standpunt dat politiek en geskiedenis of liewer geskiedskrywing, nie slegs nou verweef is nie, maar dat geskiedenis tot in 'n groot mate deur historici self geskep word. Vandaar die hooftitel van Johnson se werk, *Making Histories*.<sup>3</sup>

Om bogenoemde argument dat historici geskiedenis skep, duideliker te stel, kan daar gesê word dat historici oor sekere feite saamstem. So is dit byvoorbeeld ondenkbaar dat iemand sou kon ontken dat Margaret Thatcher in 1979 in Brittanje aan bewind gekom het, maar dit beteken ook die begin en einde van die saamstem

---

1 R. Johnson, Voorwoord in R. Johnson e.a. (reds.), *Making History, Studies in History-writing and politics*, 7.

2 K. Jenkins, *Re-Thinking History*, 34.

3 Johnson.



oor 'n verlede gebeurtenis. Die beantwoording van die historiese vraag wat Thatcher se bewindsoorname vir Brittanje beteken het, is egter 'n kwessie van historiese interpretasie, en van dié punt af begin die historikus geskiedenis skep. Radikale relativisme wat bykans uiteindelik niks anders as nihilisme beteken nie, word dus vermy omdat daar wel aanvaar word dat bepaalde gebeure plaasgevind het. Die historikus is egter wel altyd besig om bewus of onbewus 'n eie lewens en wêreldbeskouingsdenkraamwerk te reflekteer in sy/haar geskiedskrywing.<sup>4</sup>

Politiek as inherente deel van geskiedskrywing is 'n wesenskenmerk van "people's history". Hierdie wesenskenmerk word dikwels as een van die eerste punte van negatiewe kritiek teen "people's history" gebruik. W.P. Visser meen dat "die beskuldiging van bevooroordeeldheid en partydigheid wat altyd teen die blanksentirese geskiedbekouing geslinger is, is in hierdie geval [people's history] net so sterk geldend is omdat kennis oor die verlede as middel tot 'n politieke doel en nie om geskiedenis as sodanig aangebied word nie".<sup>5</sup> Visser is heeltemal reg om op die politieke doel van "people's history" te wys, maar van net soveel belang is dat die "people's"-historici dit bewustelik doen.

'n Punt van kritiek teen Visser is egter dat hy aanneem dat "geskiedenis as sodanig" aangebied kan en moet word. In Engels word daar ook verwys na "pursue the past for its own sake". Die vraag is wat hierdie "geskiedenis as sodanig" presies beteken. Die aanname word gemaak dat die verlede as 'n realiteit buite die historikus self bestaan en dus objektief is. Wat die historikus moet doen is om bestaande feite teen mekaar op te weeg en sodoende te streef na 'n nie-bevooroordeelde geskiedskrywing.<sup>6</sup>

Die verskil tussen beoefenaars van "people's history" en diegene (waarvan Visser maar net een van vele is) wat "people's history" van politieke motiewe beskuldig, is dus dat eersgenoemde groep bewus is dat hulle wel sulke oogmerke het.

---

4 Jenkins, 32 - 36.

5 W.P. Visser, "People's History en Geskiedenisonderrig op skool: 'n Alternatiewe geskiedenis vir die nuwe Suid-Afrika" in *Gister en Vandag*, nr. 25, Mei 1993, 37.

6 *Ibid.*, 3; Jenkins, 38.

Laasgenoemde groep gaan van die standpunt uit dat hulle nie werklik politieke motiewe het nie. Tog is politiek en daarmee saam ideologie inherent deel van diegene wat sogenaamde objektiewe geskiedskrywing nastreef.

Howard Zinn, bekende "people's historikus" in die VSA illustreer die ideologie inherent aan die werk van historici deur 'n vergelyking met die beroep van kartografie te trek. Die kartograaf moet by die opstel van 'n kaart uit die geografiese werklikheid selekteer om te bepaal wat prakties op so kaart aangeteken kan word en wat van nut vir 'n gebruiker is. Die historikus moet in wese ook selekteer en dikwels vereenvoudig om praktiese beslag aan 'n werk te gee. Daar is egter 'n belangrike verskil in die seleksie proses van die kartograaf of die historikus. Seleksie is vir die kartograaf 'n tegniese probleem, maar vir die historikus is dit ideologies van aard. Die historikus se werk word geskep in 'n wêreld van mededingende politieke, ekonomiese, (ens.) belange. Enige klem wat dus as gevolg van seleksie op bepaalde aspekte of onderwerpe geplaas word, ondersteun een of ander belang of dit nou ekonomies, polities, nasionaal, seksueel (geslags-) of rassebelange is. Zinn gee 'n praktiese voorbeeld:

To emphasize the heroism of Columbus and his successors as navigators and discoverers and to deemphasize their genocide, is not a technical necessity but an ideological choice. It serves - unwittingly - to justify what was done.<sup>7</sup>

Volgens Johnson het konserwatiewe (klem op die politiek en militêre) geskiedskrywing, alhoewel die tipering van konserwatief nie altyd deur die beoefenaars daarvan self erken is of bewustelik gerealiseer is nie, die monopolie opgeëis om te bepaal wat objektiewe ondersoek is. Historici wat dus nie binne die konserwatiewe paradigma gewerk het nie, is daarvan beskuldig dat hulle selektief te werk gaan en bevooroordeel is.<sup>8</sup>

---

7 H. Zinn, *A People's History of the United States*, 8.

8 Johnson, 7.

Callinicos sê prontuit dat mense haar werk maar bevooroordeeld of selfs propaganda kan noem, omdat sy van die standpunt uitgaan dat geskiedenis tog maar altyd vanuit 'n bepaalde perspektief bekyk word.<sup>9</sup> George Rudé is hieroor nog duideliker:

Man is a political animal and once more, the historian is no exception. As he responds to the call of nationality or generation or religion, so he responds equally or with even greater vigour to the promoting of his political assumptions. The response may be a muted or a subtle one, or it may be crude or blatant and even grotesque; but in no [sic] guise or another, his work cannot escape it entirely.<sup>10</sup>

Vir dié historici wat deel is van die geskiedskrywer "establishment" is dit moeilik om te begryp dat hulle ook bepaalde politieke motiewe het. Die rede hiervoor is omdat hulle interpretasie of standpunt die algemeen aanvaarde benadering is en daarom met objektiwiteit verwar word. Vir historici wat op of buite die periferie van aanvaarbare historiese interpretasie staan (soos "people's" historici) is dit makliker om te besef dat geskiedenis en politiek nou verweef is.

In Suid-Afrika was en is die Afrikanersentriese historici soms blatant polities. J.J. Basson het in 'n artikel vir die *Afrikaner* geskryf:

Feite moet onbevange teen mekaar opgeweeg word. Selektiewe gebruik van feite werk subjektiwiteit in die hand. Die historikus se hoogste ideaal is om na die waarheid te strewe. Hierdie strewe was die Afrikaner historikus nog altyd getrou.

en belangrik .....

Die doelstelling wat die historikus nastreef, toon aan in welke mate hy objektief en subjektief ingestel is. Propagandistiese doeleindes verydel hierdie ideaal. Daarom kan "people's history" wat in die swart

---

9 *Weekly Mail*, 5.11.1987.

10 F. Krantz, "Sans Erudition Pas d'Histoire: The Work of George Rudé" in *History from Below: Studies in Popular Protest and Popular ideology, in honour of George Rudé*, 22.

gemeenskap beoefen word om radikale swart politieke eise te versinnebeeld nie aanvaar word nie. Dieselfde geld vir nieu-Marxistiese geskiedskrywing met die uitgesproke mikpunt om die revolusie van die proletariaat te vestig.<sup>11</sup>

Basson meen ook dat geskiedenis vanuit 'n Christelike Nasionale lewensopvatting geskryf moet word en hy laat nie na om te sê:

Iemand wat vanuit 'n ander hoek probeer om dit te beskryf, dwaal.<sup>12</sup>

Kennis van die verlede het dus in Suid-Afrika dikwels as 'n politieke wapen gedien.<sup>13</sup> Basson se argument word dalk nie deur baie ander Afrikaner historici gedeel nie, maar dit doen geen afbreuk aan die argument dat geskiedenis altyd deur politiek beïnvloed word nie. As daar na die keuses van temas in Suid-Afrikaanse historiese werke gekyk word, kan daar byvoorbeeld gevra word: Waarom begin C.F.J. Muller se werk *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* met 'n hoofstuk getitel "Ontdekkers en omseilers van die Kaap"?<sup>14</sup> Waarom gee Davenport wel aandag aan die Khoisan wat voor die blankes in die Kaap gewoon het en Muller nie?<sup>15</sup> Waarom gee Callinicos wel veel aandag aan klasfaktore en Davenport nie? Waarom gee Callinicos nie aandag aan die ideologiese faktore van Afrikanernasionalisme nie?<sup>16</sup> So is daar nog talle voorbeelde wat direk gekoppel kan word aan die aspekte van seleksie en ideologie wat hand aan hand loop.<sup>17</sup>

---

11 *Die Afrikaner*, 13.3.1991.

12 *Ibid.*

13 B. Bozzili, "Intellectuals, Audiences and Histories: South African Experiences, 1978 - 1988" in J. Brown e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 24.

14 W.J. de Kock, "Ontdekkers en Omseilers van die Kaap" in C.F.J. Muller (red.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*.

15 T.R.H. Davenport, *South Africa a Modern History*, 6 - 8.

16 L. Callinicos, *A People's History of South Africa, vol. 1: Gold and Workers, 1886 - 1924*.

17 Zinn, 8.

In die geval van "people's history" wys Samuel daarop dat die soort geskiedskrywing deur beide links en regs van die politieke spektrum geskryf kan word. Oor die algemeen word "people's history" egter deur Marxiste, of deur dié ideologie geïnspireerde historici, geskryf. Die punt wat Samuel wil maak is dat links nie die monopolie op die begrip "people's history" het nie. E.P. Thompson se werk *The Making of the English Working Class* (1963) is 'n goeie voorbeeld van "people's history" vanuit 'n links-politiese perspektief met 'n sosialisties-humanistiese inslag. 'n "People's history" wat opereer vanuit 'n regse inslag is die werk van Peter Laslett, *World we have Lost* (1965). Thompson se werk bring hulde aan populêre insurreksie, Laslett se werk is 'n betreuring van die verlore patriargale familie van ouds. Albei is in rebellie teen "dry and dust" geskiedskrywing en wil terugkeer na die wortels van die geskiedenis, en tog is die implisiete waardestelsel in elkeen totaal uiteenlopend.<sup>18</sup>

Regse "people's history" lê veel klem op waardes en godsdiens waarvan die familielewe die bakermat is. Daar word terugverlang na die nouverbonde gemeenskap van die verlede, byvoorbeeld die vrye Duitse volk voor die Karolingiese verowering in R.H. Riehl se werk *Natuurlike Geskiedenis van die Duitse lewenswyse*. Die ideologie is anti-modern, met die stedelike lewe en kapitalisme as vreemde indringers, wat die eeue oue solidariteit van die tradisionele lewe versplinter het. Riehl het in die tyd net na die mislukking van die 1848 revolusie geskryf toe hy homself verplig gevoel het om te pleit vir 'n terugkeer na 'n stelsel van feodale gemeenskappe en 'n herlewing van die tradisionele familie waarin die belangrikste elemente outoriteit, opregtheid en eenvoud is.<sup>19</sup>

Ten spyte van die verskille tussen regse en linkse "people's history" is Samuel tog van mening dat die twee rigtings 'n hoeveelheid van ooreenkomste het, iets waarmee veral Marxiste ongemaklik voel. Albei deel 'n gemeenskaplike herkoms van romantiese primitivisme; 'n bewondering vir die natuurlike, die naïewe en die spontane. Albei verlang terug na 'n solidariteit met die verlede wat verdwyn het en 'n geloof dat die moderne lewe nie vir hulle bedoel is nie. Waar kapitalisme vir die

---

18 R. Samuel, Voorwoord in, R. Samuel (red.), *People's History and Socialist Theory*, xx, xxvii.

19 *Ibid.*, xxi.

linkse sosialiste egter die vyand is, vergestalt die regse weergawe vyande in die sosiale kragte van individualisme, industrialisasie en die verskyning van die massa samelewing.<sup>20</sup>

Wat vir die Marxiste nog lastiger is as die ooreenkoms met "people's history" vanuit 'n regse oogpunt, is "people's history" geskryf vanuit 'n radikaal-liberale hoek. Die rede hiervoor is dat waar regse "people's history" raar is, word die radikaal-liberale weergawe daarvan gereken as die oorsprong van die skryf van "people's history". Reeds in 'n vorige hoofstuk is daar na John en Barbara Hammond verwys. Vir hulle was die ware helde in die geskiedenis persone en leiers met 'n progressiewe ingesteldheid teenoor die lot van die armes. Die groot grondbesitters en aristokrasie was die vyande van die gewone mense en vandaar die slagspreuk, "the people versus the aristocracy". Dat die breuk tussen ryk en arm steeds groter geword het, was vir die radikaal liberales 'n groot kommer en daarom dat hulle ook as die eerste pleitbesorgers van die welsynstaat-gedagte na vore getree het. Vir die Marxiste lê die ongemaklikheid daarin dat dit juis radikaal-liberales was wat die eerste keer "people's history" as 'n middel tot 'n politieke doel gebruik het, want Marxiste wens tevergeefs dat hulle die eerstes was wat "people's history" geskryf het.<sup>21</sup>

Die groot ironie van "people's history" is dat as uitgangspunt geneem word politieke aspekte ondergeskik aan die sosiale en die kulturele, maar terselfdertyd veg en beywer "people's history" beoefenaars vir die saak en belange van die gewone mens. Alhoewel politiek sogenaamd uitgelaat word, word "people's history" ironies genoeg verpolitiseer. Wat in werklikheid gebeur, is dat "people's history" nie politiek *per se* verwerp nie, maar eerder 'n bepaalde soort politieke geskiedskrywing verwerp. Wat verwerp word, is politieke geskiedskrywing wat van elite figure helde maak soos byvoorbeeld politieke leiers, generaals, konings ensovoorts. Die politiek van die elite word verruil vir die politiek van die gewone mense: die werkersklas,

---

20 *Ibid.*, xxii.

21 D. Sutton, "Radical Liberalism, Fabianism and Social history" in R. Johnson e.a. (reds.), *Making Histories*, ..... 15, 18.

swartmense, vroue ensovoorts. Sosiale ekonomiese en kulturele aspekte kry wel veel meer aandag in "people's history" as in politieke geskiedenis.<sup>22</sup>

'n Vorm van geskiedskrywing waarvan daar wel beweer word dat dit apolities is, is die nuwe sosiale geskiedenis wat al hoe meer beoefen is gedurende die sestiger- en sewentigerjare. In hierdie tydperk het die geskiedenis al hoe meer gefragmenteerd geword vol sub-dissiplines en sub-spesialiseringsvelde. Enige onderwerp, insluitende kulturele- en sosiale onderwerpe, is as ondersoeksveld aangegryp. Hierdie demokratisering van temas en metodologie was veral in die VSA aan die orde. Peter Stearns het in die tagtigerjare spottende opgemerk dat daar net vae verwysings is na die geskiedenis van verveeldheid. As apolities geag word 'n geskiedenis te wees waarin magsverhoudinge nie 'n belangrike rol speel nie, is die argument rondom die nie-politieke aard daarvan redelik oortuigend. Dit is egter ook belangrik om in ag te neem dat apolities ook 'n standpuntinname verteenwoordig (om nie te kies nie is ook 'n keuse) al is dit dan net 'n algemene lewensbeskouing.<sup>23</sup>

"People's history" is volgens die model van die politieke spektrum in Suid-Afrika aan die linkerkant geleë. Die kern hiervan is die Marxistiese materialisme:

This means explicitly incorporating theoretical questions of class, class struggle and a critique of capitalism.<sup>24</sup>

Deur die aantekeninge van die ervarings en politieke stryd van die gewone mens word daar al 'n politieke daad voltrek en om dan die kennis in 'n populêre, maklik toegankbare vorm bekend te stel, verbreed dié politieke daad. Die skryf van 'n ervaringsgeskiedenis van gewone mense is volgens Callinicos nie genoeg nie, want alhoewel dit meer sensitiewe insigte lewer, bly dit steeds deel van 'n groter geheel.

---

22 Samuel, xv; C. Eloff, "History from Below: 'n Oorsig" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 57; P. Burke, "Overtures: the New History" in P. Burke (red.), *New Perspectives on Historical Writing*, 3.

23 C. Bundy, "An Image of Its own Past?, Towards a comparison of American and South African Historiography" in J. Brown, e.a. (reds.) *History from South Africa: .....*, 96 - 97.

24 M. Fullard, e.a., "Transforming the Cutting Edge: Report on the People's History Programme, University of the Western Cape, 1987 - 1989", in *Perspectives in Education*, 1990, vol. 12, no. 1, 107.

Die uiteindelijke doel van "people's history" moet dan wees om kennis van die verlede progressief te verdiep en aktiewe politieke betrokkenheid te bewerkstellig.<sup>25</sup> Om hierdie rede kan "popular history" nie objektief wees nie. Rober Edgar is van mening:

Historians do not have the luxury of detaching themselves from what is going on around them; anyone writing popular history has to be attuned to or engaged in what is happening in a community's life. There has to be dialogue going on between writer and audience.<sup>26</sup>

Geskiedenis is dus nie net daar as interpretasie van die verlede nie, maar ook as die antwoord op die vraag na hoe die bestaande wêreld verander kan word.<sup>27</sup> In Suid-Afrika was die eis in die tagtigerjare vir geskiedenis om apartheid omver te werp, ook groot. Geskiedskrywing is egter 'n lang proses wat nie sonder meer vinnige resultate oplewer nie.<sup>28</sup>

Geskiedeniswerkswinkels gee ook prakties beslag aan die politieke aard van "people's history" deurdat dit openlik polities is. Samuel sê:

So far from attempting to bury our beliefs, or to claim that they did not exist, we have preferred openly to proclaim them, and to link our work, wherever that was possible, to the labour movement, to feminism and fraternal socialist groups.<sup>29</sup>

---

25 L. Callinicos, "The People's Past: Towards Transforming the Present" in B. Bozzoli (red.), *Class, Community and Conflict*....., 62.

26 R. Edgar, "Writing Because They Chose the Plan of God" in *Perspectives in Education*, 1990, vol. 12, no. 1, 122.

27 Samuel, xxxii

28 B. Bozzoli en P. Delius, "Radical History and South African Society" in J. Brown e.a. (reds.) *History from South Africa* : ..... , 24.

29 R. Samuel, "History Workshop, 1966 - 1980" in R. Samuel *People's History*....., 411, 415.



Deur geskiedenis aan 'n groter gehoor beskikbaar te stel soos wat die aanvanklike gedagtes van die "people's history" werkswinkels is, word geskiedenis 'n "counter hegemony". Dit beteken dat dominante ideologieë (byvoorbeeld Maxisme, Apartheid, liberalisme) met mekaar meeding om die steun van gewone Suid-Afrikaners te wen. Elke politieke groepering wil 'n eie beeld van die verlede skep. Terwyl die regerende klasse ten doel het om mense se denke te beheer, protesteer ander bewegings om die denke van mense te beïnvloed teenoor dominante groepe moet die doel om self legitimiteit te verkry. "People's history" bestry dus die dominante vorm van geskiedskrywing (tot onlangs nog die Afrikanersentriese) met die hoop om self die dominante plek in te neem.<sup>30</sup> Lüdtker het sy "Alltagsgeschichte" eers aangebied as 'n teenargument teen die vroeëre sosiaalwetenskaplike vorme van politieke en institusionele arbeidsgeskiedenis, maar binne 'n dekade het die klem verskuif om hierdie "alledaagse geskiedenis" as 'n volskaalse alternatief aan te bied.<sup>31</sup>

"People's history" in Brittanje en Suid-Afrika en "Alltagsgeschichte" in Duitsland het 'n beduidende invloed op hul samelewings en akademiese kringe gehad. In die VSA was die situasie anders, omdat daar 'n gebrek aan 'n groot georganiseerde linkse politieke groep was. Die houding van vele historici om hulself eerder radikaal as Marxiste te noem, het daartoe gelei dat hul invloed veel meer beperk was as die radikale historici in ander lande. In nie een groot geskiedenis departement wat groot getalle nagraadse studente oplewer, het die radikales en nog minder die Marxiste, daarin geslaag om so 'n departement oor te neem nie. Wat die radikale historiografie veral op die lange duur 'n knou toegedien het, is dat die Amerikaanse samelewing 'n besondere vermoë het tot absorpsie van selfs diegene wat op die periferie staan. In 'n samelewing waar individualisme (ongeag of dit radikaal is) hoog aangeslaan word, is dit moeilik vir "people's history" skrywers om hul radikaliteit te bly bevestig, juis omdat hulle as individualiste gerespekteer word.<sup>32</sup>

---

30 B. Bozzoli, Voorwoord in Bozzoli, B., *Class, Community and Conflict*...., xiv, xvi - xvii.

31 G. Eley, "Labour History, Social History, Alltagsgeschichte: Experience, Culture, and the Politics of the Everyday - a New Direction for German Social History?" in *Journal of Modern History*, vol. 61, no. 1, Maart 1989, 327.

32 B. Freund, "Radical History Writing and the South African Context", in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 24.

Om die geskiedenis van die gewone mens te bestudeer het volgens B. Bozzoli 'n effek waarvan historici en lesers hou of wat hulle verafsku.

Those whose myths seek to exclude the experiences of ordinary people will find the Workshop's activities irrelevant or dangerous. But amongst those groups wishing to draw on ordinary people for their support and rationale, and amongst those seeking clarity in these ideologically bewildering times, the Workshop finds an eager audience.<sup>33</sup>

"People's history" erken dus die verbintenis tussen politiek en geskiedskrywing. Ander historiografiese tradisies doen dit egter in wese ook, bewustelik of onbewustelik.

Dit is vervolgens van belang om te kyk wat die kern oogmerke van "people's history" op politieke gebied is. Dit gaan nie hier soseer oor die ideologiese aard daarvan nie. Wat hier van belang is, is die kern politieke oogmerk daarvan, naamlik emansipasie.

## 5.2 Emansipatoriese denke

In die emansipatoriese denke van "people's history" kom daar vyf aspekte van bevryding na vore: die bevryding van die gewone mens, die bevryding van die werkersklas, bevryding uit apartheid, die emansipasie van die vrou en bevryding van die verlede.

### 5.2.1 Bevryding van die gewone mens

"People's history" gaan van die standpunt uit dat geskiedenis aan die kant van die gewone mense is en dat dit teen die rykes, die magtiges, die regerings en leiers is.<sup>34</sup>

---

33 Bozzoli, Voorwoord in *Class, Community and Conflict*....., xvii.

34 Visser, 34.

Die skryf van "people's history" het ten doel om nie net empatie vir gewone mense op te wek nie, maar veral simpatie te skep.<sup>35</sup> By "people's history" tree daar 'n sosialisties-humanistiese benadering na vore wat dit onderskei van abstrakte strukturalistiese Marxisme, naamlik die belangrikheid van die self-emansipasie van die gewone mense.<sup>36</sup> Die gewone mense kan hulself dus bevry van die oorheersing van onderdrukkers.

"People's history" wat deur Marxisme beïnvloed is, deel die siening van die vroeëre liberale "people's"-historici dat die gewone mense altyd 'n progressiewe krag in die samelewing is.<sup>37</sup> Dit is juis hierdie soort benadering wat "people's history" die beskuldiging op die hals haal dat vergange verhoudinge en samelewings verromantiseer word. In werklikheid is die beskuldiging eintlik dat die gewone mense verromantiseer word.<sup>38</sup> Hierdie beskuldiging kan egter nie aan alle skrywers van die geskiedenis van gewone mense toegeskryf word nie. Alf Lüdtker beseft byvoorbeeld goed dat daar twee geleenthede was wat die massa gewone mense nie progressief opgetree het in terme van wat "people's history" met die begrip bedoel nie. Die gewone mense in Duitsland se steun vir Duitsland in die Eerste Wêreldoorlog en veral die verkiesing van Hitler en die Nazi party in 1933 deur gewone Duitse mense is voorbeelde van waar gewone mense nie progressief sosialisties opgetree het nie, maar eerder nasionalisme verkies het.<sup>39</sup> In Suid-Afrika is daar weer die geval van blanke werkers wat in die veertigerjare eerder besluit het om met die rasse politiek van die Nasionale Party saam te werk, as om prioriteit aan klasse belange te gee.<sup>40</sup>

---

35 R. Floud, "Quantitative History and People's history: Two methods in conflict?" in *History Workshop a journal of socialist and feminist historians*, nr. 17, Lente 1984, 116.

36 B. Schwartz, "The people in history: the Communist Party Historians Group 1946 - 1956" in R. Johnson e.a. (reds.), *Making Histories, Studies in History-writing and politics*, 68.

37 Samuel, Voorwoord, xxii.

38 Eloff, 55.

39 Eley, 324.

40 Labour History Group, *Garment Workers Unite!, The Story of the Transvaal Garment Workers Union*, 36 - 37.

"People's history" se rol in die bevryding van die gewone mense is om aan te toon hoe hulle in die verlede daarin geslaag het om vernet te ontken om saam te span en af en toe selfs sukses te behaal. Die historikus moet hom dus nie skaar by diegene wat volgens Albert Camus mense vertrap nie. Die hoop op 'n beter toekoms vir gewone mense lê volgens Camus by klein oorwinnings in die stryd vir 'n beter lewe en nie soseer by eeue van oorlogvoering nie.<sup>41</sup>

### 5.2.2 Bevryding van die werkersklas van kapitalisme

Marxisme beeld die geskiedenis van die mensdom uit as een van klassekonflik waarin die werkersklas uiteindelik sal seëvier oor die uitbuitende kapitalisme.<sup>42</sup> "People's history" het probeer aantoon dat vernet van die kant van gewone mense gekom het omdat hulle gewelddadig weggedryf is van hulle gewone, oorspronklike wyse van produksie deur die toenemende indringing van kapitaal.<sup>43</sup>

In Suid-Afrika het die vroeë revisioniste, Johnstone en Wolpe al geglo dat die swart werkersklas se mag groter sou word en dat hulle uiteindelik die kapitalistiese orde in 'n rewolusionêre transformasie omver sou werp.<sup>44</sup> Die voorbeelde van die verwerping van kapitalisme in Suid-Afrikaanse "people's history" is legio, en Callinicos is ook baie eerlik dat hulle anti-kapitalistiese sentimente hoog is. Anders as in Brittanje, was die werkersklas in Suid-Afrika vir lank hoogs gefragmenteerd in terme van ras, etnisiteit en kultuur, 'n situasie wat die Suid-Afrikaanse toestand soveel te meer kompleks gemaak het.<sup>45</sup> Die kapitaliste het volgens Callinicos die

---

41 Zinn, 10 - 11.

42 J.C. Moll, e.a., *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse Historiografie*, 59 - 60.

43 Schwarz, 53.

44 C. Saunders, *The Making of the South African Past, Major Historians on race and class*, 178.

45 Callinicos, *Gold and Workers.....*, 16 : in 'n spotprent in Callinicos se werk word uitegeeld dat die werkers lae lone ontvang sodat die winste groter kan wees. Daar word op gewys dat die werkers £60.000 in lone gekry het terwyl die wins ook soveel geld bedra het. Callinicos, *The People's Past.....*, 59 - 60.

blanke werkersklas omgekoop met onder andere hoër lone om sodoende te verhoed dat blanke en swart werkers 'n hegte groep sou vorm.<sup>46</sup>

Vir "people's history" en die geskiedeniswerkswinkels is die beskrywing van die werkersklas se stryd teen kapitalisme egter nie voldoende nie. Om die rede is daar dikwels noue bande met die vakbonde gesmee en Bonner het byvoorbeeld in 1989 nog 'n brief aan die "Congress of South African Trade Unions" (COSATU) gestuur waarin hy die vertroude uitspreek dat die Witswerkswinkels uitsien na 'n verdere vrugbare samewerking met COSATU in die toekoms. 'n Aantal van die Komitee lede van die Witswerkswinkel was ook persoonlik betrokke by vakbonde en werkersopleiding.<sup>47</sup>

Tog het die band tussen die komitee van die Werkswinkel en die vakbonde wel verswak. In die laat sewentigerjare was die bande met die vakbonde nog sterk, maar in 1980 - 1981 is die Komitee beïnvloed deur die opkoms van groot massas demokratiese bewegings en die lewens van gewone mense buite die werkplek. Die verslapping van bande het gepaard gegaan met die breuk tussen institusionele arbeidsgeskiedenis en sosiale geskiedenis. Laasgenoemde het steeds meer in die gemeenskap as 'n geheel begin belangstel as slegs in die werkersklas. Hierdie verswakking van bande met die vakbonde was ook 'n belangrike rede waarom Eddie Webster in 1987 uit die Geskiedeniswerkswinkels komitee bedank het.<sup>48</sup>

Voorbeelde van samewerking tussen die vakbonde en die Geskiedeniswerkswinkel is byvoorbeeld die "National Union of Metal and Allied Workers Union" (NUMSA) se publikasie, *Numsa Women Organize!* waarvan die eerste hoofstuk deur lede van die Geskiedeniswerkswinkel voorberei is. Daar is ook met COSATU saamgewerk in 'n nuwe uitgawe van 'n sestiendelige arbeidsgeskiedenis reeks, *The Making of the Working Class in South Africa*.<sup>49</sup>

---

46 Callinicos, *Gold and Workers*....., 109.

47 G.K. Tatham, *The University of the Witwatersrand History Workshop and Radical South African Historical Scholarship in the 1970's and 1980's*, 38 - 39.

48 *Ibid.*, 145 - 147.

49 L. Callinicos, "Popular History in the Eighties" in J. Brown, e.a. (reds.), *History from South Africa*....., 260.

Alhoewel "people's history" wel van mening is dat die konsep van klas 'n sentrale aspek vorm in die stryd teen kapitalisme, word nie-klasfaktore ook in aanmerking geneem. Die Suid-Afrikaanse realiteite het aangetoon dat klasse bewussyn verstrengel is met vele ander vorme van bewussyn soos byvoorbeeld etnisiteit, kultuur, ideologie, geslag. Klasse bewussyn soos ontwikkel in stedelike gebiede in Brittanje het in Suid-Afrika nie dieselfde patroon gevolg nie. Eerder as om die term klas te veel te gebruik, verkies "people's history" beoefenaars in Suid-Afrika om die term gemeenskap ("society") te gebruik omdat dit soveel meer vorme van bewussyn kan insluit.<sup>50</sup> In die VSA is gemeenskap ook 'n veel belangriker konsep as klas, vanweë die gebrek aan 'n georganiseerde werkersklas politiek. Die naaste wat gemeenskappe in Suid-Afrika aan 'n klasbewussyn gekom het soos in die verskyningsvorme daarvan in Europa, was te bespeur by die inwoners van Distrik Ses en die Klerewerkersunie.<sup>51</sup>

In "Alltagsgeschichte" is die bevryding van die werkersklas ook belangrik, maar daar word besef dat werkersklas bewustheid nie net gemeet kan word aan hoeveel werkers lede van sosialistiese bewegings of vakbonde is nie. Lüdtkes benadering is meer kulturalisties georiënteerd, 'n benadering waarin bewustheid ook aan die alledaagse kultuur gekoppel word. In hierdie verband is veral die begrip "Eigensin" van belang, 'n begrip wat dui op die vermoë van werkers in 'n dikwels onvriendelike wêreld om hulself te handhaaf.<sup>52</sup>

Nog 'n nie-klasfaktor wat na vore tree, is nasionalisme en daar kan kwalik iets wees wat meer bots met sosialisme se klem op internasionalisme. Nie lank na die Tweede Wêreldoorlog nie, is die sosialistiese bewegings in veral Wes-Europa in 'n krisis gedompel. Die algemene welvaart het met rasseskrede toegeneem, wat natuurlik nie bevorderlik is vir sosialisme nie. Juis om die rede het "people's history" 'n meer nasionalistiese kleur gekry, wat niks anders was as 'n poging om die gewone mense weer vir sosialisme te wen nie. Die "British Road to Socialism" was die vorm waarin

---

50 Tatham, 105 - 109.

51 B. Bozzoli, "Class, Community and Ideology in the Evolution of South African Society" in B. Bozzoli (red.), *Class, Community and Conflict*...., 8, 37 - 38.

52 Eley, 323 - 324.

die nasionalistiese idees gegiet is. Die sosialiste en "people's history" het uit hul pad gegaan om te probeer bewys dat die sosialisme/kommunisme die trotse erfgename is van 'n lang reeks van botsings in die Engelse verlede. Hierdie "erflatenskap" se sentrale teks lê opgesluit in Christopher Hill se teorie van die "Norman Yoke". Dit handel oor die vrye Anglo-Sakse wat voor die koms van die Noormanne vorme van vrye selfregering gehad het. Met die opkoms van die kapitalisme is die teorie van die "Norman Yoke" gebruik om 'n populêre patriotiese tradisie voor die gees te roep ten einde 'n bewussyn te skep van die regte wat die gewone volk verloor het.<sup>53</sup>

Met die gedagte van die sosialiste as die opvolgers van alle populêre strydkwessies in die Britse verlede, het die sosialiste aan die begin van die tagtigerjare voor 'n groot ontugtering te staan gekom. Nie alleen het daar 'n drastiese swaai na regs gekom met die bewindsoorname van Thatcher nie, maar die populêre steun vir Brittanje se rol in die Falkland Oorlog was baie groot. Weereens is daar deur R. Samuel en G. Stedman Jones getoon dat die optrede van die gewone mense nie noodwendig progressief is nie.<sup>54</sup>

### 5.2.3 Bevryding uit apartheid

Vir vele "people's"-historici was die blank gedomineerde Suid-Afrika in die eerste plek 'n klasse probleem, maar daar was ook diegene wat gemeen het dat dit juis apartheid is wat afgebreek moet word. 'n Werk uitgegee deur die "International Defence and Aid Fund for Southern Africa" naamlik *Fighting Apartheid: A cartoon history*<sup>55</sup> het dit ten doel gestel om populêre geskiedenis te gebruik om die gewone mense te mobiliseer in die stryd teen apartheid. Die belangrikste betrokkenheid van "people's history" in dié stryd was in die tagtigerjare gedurende die periode van "People's Education". Hierdie stryd in die vorm van "People's Education for People's

---

53 Schwarz, 53 - 59, 67 - 69.

54 R. Samuel en G. Stedman Jones, "Editorial: Ten Years After" in *History Workshop a journal of socialist and feminist historians*, nr. 20, Herfs 1985, 2.

55 International Aid and Defence Fund for Southern Africa and UNESCO, *Fighting Apartheid: A Cartoon History*.

Liberation" was wel gemik teen kapitalisme, maar in die eerste plek teen die geïnstusionaliseerde rassediskriminasie van apartheid.<sup>56</sup>

"People's history" in Suid-Afrika het veral sedert die tagtigerjare op die voorgrond getree, hand-aan-hand met die opkoms van massa weerstand teen apartheid, toenemende verstedeliking, industrialisasie en die knypende ekonomie. F.A. van Jaarsveld, R. van der Ross en R. Edgecombe is almal van mening dat die onderwyskrisis in die middel tagtigerjare die deurslaggewende faktor was vir die "people's history"-beweging om op dinamiese wyse deel te begin vorm van die Suid-Afrikaanse historiografiese debat.<sup>57</sup>

In die middel tagtigerjare het die verset teen die apartheidsregering toegeneem, voortspruitend uit opstande wat al in 1976 begin het.<sup>58</sup> Veral die skoolboikotte, wegbly- en protesaksies van die jare 1984 en 1985 het stukrag aan "people's history" verleen. Anti-apartheidsaktiviste het toe begin om "people's education for people's power" te propageer. Voorheen was die slagspreuk immers "liberation before education". In die middel tagtigerjare het die slagspreuk verander na "education for liberation".<sup>59</sup> Die verset was teen die regeringsonderwys wat deur die swartes as minderwaardig beskou is, omdat swartmense geleer is om apartheid te aanvaar en opgelei te word om vir blankes te werk.<sup>60</sup> Dit was veral geskiedenis-handboeke wat vir bogenoemde beskuldig is.<sup>61</sup>

---

56 Visser, 33.

57 Beeld, 5.2.1991, 7; F. van Jaarsveld, Omstrede Suid-Afrikaanse Skoolgeskiedenis in *Historia*, November 1989, 8; R.E. van der Ross, "The Pen and the sword: seeking a new focus on history and the changing of history in South Africa" in *Gister en Vandag*, nr. 15, April 1988; R. Edgecombe, "Popularising the Past", in *Reality*, vol. 21, nr. 6, November 1989, 13.

58 M. Walker, "History and History Teaching in Apartheid South Africa", in J. Brown, *History from South Africa*....., 269 - 270.

59 Visser, 33; C. Kros, History for democracy in *LENGWITCH. The Journal for Language across the Curriculum*, vol. 4, no. 1, Maart 1987, 5.

60 *New Nation*, 15.1.1987, *Woord en Daad*, jg. 29, nr. 319, Maart 1989, 18.

61 Van Jaarsveld, 8; *Die Karet*, 15.9.1988, 6; *The Argus*, 25.11.1987.



As antwoord op die krisis van blanksentriese geskiedenis-handboeke het die "National Education Crisis Committee" (later die Coördinating Committee), die NECC in Durban in 1985 en by Wits 1986 tot stand gekom. Die NECC het alternatiewe onderwys teenoor apartheidsonderwys voorgestaan. Kontak is met COSATU en die United Democratic Front (UDF) gemaak. Die oorsprong van die gedagte van "people's education" lê in Suid-Amerika. Die uiteindelige doel is om alternatiewe in verskeie sektore vanaf onderwys, teologie tot verdediging te skep, totdat die alternatiewe so sterk word dat die hele owerheidstelsel in mekaar tuimel en die alternatiewe oorneem.<sup>62</sup>

'n "People's history"-kommissie is deur die NECC op die been gebring om 'n alternatiewe leerplan vir Geskiedenis daar te stel. Die resultaat was die werk *What is History?* (1987). Leerlinge is deur die werk aangemoedig om eers krities te dink voordat hulle kan begin leer.<sup>63</sup> *What is History?* beeld die Suid-Afrikaanse verlede uit as een van stryd waarin gewone manne en vroue 'n belangrike rol speel. Die historiese wortels van onteiening, onderdrukking en uitbuiting moet aangedui en ondersoek word in die lig van hoe gewone mense (meestal swart) hulle hierteen verset het.<sup>64</sup>

"People's history" het gefloreer in skoolklasse en leerlinge het self besluit wat hulle wil leer en sodoende beheer oor klasse uitgeoefen. Aktiwiste is ingespan om werkswinkels te hou en te sorg dat die nodige materiaal die skole bereik.<sup>65</sup> Die regerende Nasionale Party was egter geensins ingenome met *What is History?* nie en het die NECC daarvan beskuldig dat hulle skoolkursusse verpolitiseer om

---

62 'In Suid-Amerika is die "people's education" gedagte afkomstig van persone soos Paulo Freire met sy alfabetiseringsprogram en Illich se ontwikkelingsteorieë. Hulle konsep gaan daarvan uit dat die formele openbare onderwys net 'n politieke instrument is om 'n regime in stand te hou. *Die Karet*, 15.9.1988 en *Woord en Daad*, 18.

63 *The Argus*, 25.11.1987, 24, NECC, *What is History? : A New Approach to History for Students, Workers and Communities*.

64 NECC, 1.

65 A. Odendaal, "Development in Popular History in the Western Cape in the 1980's" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa.....*, 364.

sodoende 'n rewolusionêre klimaat te skep.<sup>66</sup> As 'n direkte uitvloeisel op die publikasie van *What is History?* is byna al die lede van die NECC deur die polisie in aanhouding geneem en is die NECC asook die alternatiewe geskiedenisleerplan verban. Eers in 1990 is die NECC met ander politieke organisasie soos die ANC ontban.<sup>67</sup>

Dit was nie net die NECC wat hulle in die tagtigerjare vir alternatiewe onderwysleerplanne beywer het nie. Vir vele akademici was dit nie meer goed genoeg om kritiek teen die apartheidstelsel uit te spreek nie. Om hierdie rede het die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) verklaar dat hulle die breë bevrydingstryd steun. Dié universiteit wat begin het as 'n instelling om apartheid in hoër onderwys te bevorder het sy koers verander en 'n nuwe filosofie aangeneem om die belange van die werkersklas en die onbevoorregtes te bevorder. In 1985 het die Geskiedenis Departement die eise van studente aangespreek dat die nuwe filosofie in die praktyk toegepas moes word. 'n Uitvloeisel hiervan was die UWK se "People's History Project". Die projek moes die vak Geskiedenis weer vir die UWK studente relevant maak, leer en onderrigmetodes demokratiseer en primêre materiaal en alle ander moontlike bronne in 'n versameling opbou. Werkswinkels is gehou om studente met hulle geskiedenisprojekte te help.<sup>68</sup>

'n Ernstige punt van kritiek teen werke soos *Fighting Apartheid*; *What is History?* en *Let us Speak of Freedom* (en daar is nog vele ander) is dat hulle die stryd tussen blank en swart oorvereenvoudig. John Wright wys daarop dat die verhoudinge tussen blank en swart voor die twintigste eeu, dit wil sê in die pre-koloniale tydperk, veel meer buigsaam was as wat sommige "people's history" skrywers wil toegee. Gevegte en oorloë het ook nie net tussen blank en swart voorgekom nie, maar daar was dikwels onderlinge alliansies. Eers in die twintigste eeu het die blankes die

---

66 *The Argus*, 25.11.1987.

67 *Sunday Times*, 18.11.1987; *Pretoria News*, 1.10.1987.

68 Van der Ross, 4; Odendaal, 366.

heersers geword en die swartes die werkersklas.<sup>69</sup> Burke se mening oor die verering van bepaalde groepe en helde is hier gepas:

.....Whatever group you take as the hero of your epic bourgeoisie or proletariat, or the blacks, or womanhood - the result is always mystification. A history constructed round heroes and villains makes it impossible to understand how the past happened as it did. The value of the study of history is surely that it reminds us of such awkward truths, such as the truth that not everyone on our side - whatever the side is - is necessarily good or intelligent, and that not everyone on the other side is necessarily bad or stupid.<sup>70</sup>

#### 5.2.4 Emansipasie van die vrou

In die eerste helfte van die negentiende eeu was sosialisme in Brittanje Owenisties en utopies van aard. Die emansipasie van die vrou asook van die man-en-vrou verhouding was hoog op die agenda van die bevryding van die gewone mense van kapitalistiese uitbuiting. Alle slegte omstandighede van vroue moes vinnig op 'n revolusionêre wyse verander. Hierdie ideaal van die bevryding van die vrou het egter na die agtergrond verskuif met die opkoms van wetenskaplike sosialisme. Die werklike stryd is voortaan beskou as die tussen klasse en omdat die mans die meerderheid van die werkersklas uitgemaak het, is dit dikwels as 'n manlike stryd beskou.<sup>71</sup>

In die laat negentiende eeu het verskeie vroue groepe in Engeland hulle beywer vir die verkryging van vroue stemreg, maar dit was slegs 'n fraksie van wat die Oweniste geeis het. Onder hierdie vroue aktiviste was ook die radikaal liberale historici. 'n Goeie voorbeeld is die werk, *The Working Life of Women in the Seventeenth Century* (1919) van Alice Clark waarin sy veral die mite aanspreek dat vroue nie produktief

---

69 J. Wright, "Popularizing the Precolonial Past: Politics and Problems" in *Perspectives in Education*, vol. 10, no. 2, 1988/9.

70 P. Burke, "People's History or Total History" in R. Samuel (red.), *People's History and .....*, 8.

71 B. Taylor, "Socialist Feminism: Utopian or Scientific?" in R. Samuel (red.), *People's History and .....*, 158.

is nie. Haar aanklag is teen die patriargale kapitalistiese staatstelsel waarin die rol van vroue misken word. Sy skryf ook oor die huisgesin van die sewentiende eeu waarin die man se rol as opvoeder van die kinders en ander huishoudelike take veel groter was as in die vroeg twintigste eeu. Die radikaal liberales het egter geglo dat as vroue stemreg kry, dan sou die staat 'n groot bydrae kon lewer om die verhoudinge tussen die geslagte gelyk te beregtig.<sup>72</sup>

Emansipasie van die vrou soos bepleit in die geskiedskrywing van vroue het egter nie voor die sewentigerjare van die twintigste eeu werklike aanklank gevind nie. Nie eens in die Sowjet-Unie is vroueregte as 'n prioriteit beskou nie. Soos elders is geslags- en huweliksverhoudinge as privaat aangeleenthede beskou. Selfs Lenin was verbaas toe hy verneem het dat vroue wat aktief by Kommunisme betrokke is, hulle oor geslagskwessies bemoei, terwyl daar Sowjet proletariaatdiktature oral in die wêreld geskep moes word.<sup>73</sup>

In die sewentiger en vroeg tagtigerjare het vroulike historici begin beseef dat hoewel daar al veel geskiedenis van die werkersklas verskyn het, daar nog weinig aandag aan die geskiedenis van die vrou gegee is. Die werke wat wel na vroue in die verlede gekyk het, was meestal ingestel op middelklas vroue. Die algemene argument van historici wat in 'n manlik gedomineerde wêreld opgegroeï en opgelei is, is dat bronne oor vroue werkers nie bestaan nie. Alhoewel bronne oor die werkersklas skaars is, meen Anna Davin dat dit belangriker is om die regte vrae te stel, om die historikus sodoende na bronne te lei.<sup>74</sup>

Historici het die rol van die vroue werkers dikwels as onbelangrik beskou, omdat hulle 'n minderheid van die werkersklas uitmaak en omdat hulle lone soveel laer was. Die rolverdeling van mans en vroue is as vanselfsprekend beskou. Die werk wat vroue gedoen het, is as onbelangrik en ignoreerbaar beskou. Vir werkershistorici beteken arbeid meestal 'n ondersoek na werkers in myne, werkswinkels, bouwerke,

---

72 *Ibid.*; Sutton, 36 - 38.

73 Taylor, 162 - 163.

74 A. Davin, 'Feminism and Labour History' in R. Samuel, *People's History*...., 177; E. Ross, 'Womens History in the USA, in R. Samuel, *People's History*....

hawens, staalwerke ensovoorts en nie werk in wasserye om nie eens van onbetaalde huishoudelike werk te praat nie. Werkersklasstryd word ook eensydig hanteer. Dit gaan dikwels om 'n stryd vir hoër salarisse en beter werksomstandighede en raak nie die belangrike kwessies aan van kwaliteit van werkers se lewens en dit wat buite die plek van produksie plaasvind nie.<sup>75</sup>

Vir Davin is die ergste egter dat die verdeling van arbeid op geslagsgrondslag nie bestudeer word nie. Dit word meestal geïgnoreer dat vroue in werklikheid twee loopbane het, een by die werk en die ander tuis. Dat vroue egter net slagoffers was stem Davin ook nie mee saam nie. As dit wel die geval sou wees, waarom het vroue dan nooit in opstand gekom nie.<sup>76</sup>

In Suid-Afrika het die bestudering van vroue ook eers vroeg in die tagtigerjare 'n aanvang geneem. Net soos in ander wêrelddele is vroue as deel van die klassestryd of anti-apartheidstryd geag, eerder as 'n selfstandige ondersoeksveld. By die eerste Geskiedeniswerkswinkel by Wits in 1978 het die rol van vroue as deel van die gewone mense weinig aandag gekry. In die tagtigerjare het die getal referate oor vroue in die verlede egter by dié Werkswinkel toegeneem. Nie alleen het vroue hulle teen die apartheidstaat verset nie, maar ook teen die patriargale houding van hul mans. Callinicos en Bozzoli het self ook studies oor die rol van vroue gedoen, byvoorbeeld oor swart vroue in townships. Historici wat die rol van die vrou bestudeer het, het dikwels bevind dat mans en vroue bepaalde verlede prosesse soos onteïening en proletarisering dikwels verskillend beleef het.<sup>77</sup>

Die belangrike deurbraak van die feminisme lê daarin dat die private lewe van vroue nou ook as 'n politieke faktor erken word. Dit beteken byvoorbeeld dat waar die rol van die huisvrou voorheen as buite die politieke sfeer gereken en as privaat beskou

---

75 Davin, 178.

76 *Ibid.*

77 Tatham, 109 - 112.

is, dit nou deel is van die politieke sfeer van vroue emansipasie binne en buite die huislike opset.<sup>78</sup>

### 5.2.5 Alltagsgeschichte : plaaslike politiek en die Nazi-verlede

Die opkoms van "Alltagsgeschichte" word ten nouste verbind aan die opkoms van die Vredesbeweging en Groenpolitiek van die sewentiger- en tagtigerjare. "Alltagsgeschichte" poog om konserwatiewe benaderings en beheer oor die uitbeelding van die Duitse verlede te bestry. In die stryd is "Alltagsgeschichte" ook gekoppel in 'n groter stryd van die meer radikale faksie in die Duitse politiek teen konserwatisme. Die Duitse Werkswinkels wat die geskiedenis van die alledaagse en dus ook die gewone mens bestudeer, het ook bande met die Sosiaal Demokratiese Party (SDP). G. Eley meen dat "Alltagsgeschichte" in bogenoemde konteks onteenseglik 'n politieke aard het.<sup>79</sup>

Die Werkswinkels ("Geschichtswerkstätten") speel 'n belangrike rol in die vervulling van die politieke oogmerke van die "Alledaagse" geskiedenis. Klem word veral op die plaaslike verlede gerig wat beteken dat die werkswinkels dikwels betrokke is by plaaslike politieke debatte. 'n Voorbeeld hiervan is die ondersoek wat geloods is na die name van strate en wie hierdie persone was. In 1986 het dit daartoe gelei dat die Berlynse Werkswinkel geeis het dat 'n herstelde brug - die een waarvan die kommunist Rosa Luxemburg, se lyk gegooi is - die Rosa Luxemburg Brug genoem word. 'n Groot debat het hieroor ontstaan en tot groot ontevredenheid van die Berlynse Werkswinkel is die brug nie na Luxemburg vernoem nie, maar daar is wel 'n gedenkplaat ter ere van haar aangebring. 'n Ander voorbeeld van politieke aksie is waar 'n werkswinkel in Marbach nie lojale soldate nie, maar gewetensbeswaardes en drosters uit die weermag, as helde uitgebeeld het.<sup>80</sup>

---

78 Taylor, 163; T. Lindenberger en M. Wildt, "Radical Plurality: History Workshop as a practical Critique of Knowledge" in *History Workshop*, , a *Journal of socialist and feminist historians*, nr. 33, Lente 1992, 81 - 82.

79 Eley, 298 - 299.

80 Lindenberger en Wildt, 76.

"Alltagsgeschichte", en veral die werkswinkels, se hoof fokuspunt is die ontleding van die Nasionaal Sosialistiese verlede. Die rede vir die stigting van die geskiedeniswerkswinkels in 1983 kan veral gekoppel word aan die stryd om die stilte rondom die Nazi verlede op plaaslike vlak te verbreek en ondersoeke te loods na die alledaagse lewe in Nazi Duitsland. Vrae wat uit die ondersoeke na vore gekom het, handel oor die verbintenis tussen distansiëring van die verlede en aanvaarding, erkenning en verberging van wat gebeur het en het verdere debatte uitgelok oor deelname en konformisme onder Nazisme.<sup>81</sup>

\* \* \*

Die klem wat "people's history" op emansipasie van onderdrukte groepe lê, bring die vraag na vore wat die gewentheid van konflik is wat uit die stryd vir emansipasie voortvloei. Rudé skryf dat alhoewel sy werke sosiologies getint is, het hy nog nooit met veral die siening van die Amerikaanse sosiale wetenskaplikes saamgestem nie, dat opstande en rebellie abnormale afwykings is van 'n "stabiele, self-regulerende staat van voortdurende balans". Rudé, en vir dieselfde argument ook "people's history" in die algemeen, is van mening dat konflik beide normaal en 'n heilsame middel is om sosiale vooruitgang te bewerkstellig. "People's history" beoefenaars skaar hulle eerder by bepaalde groepe wat by konflik betrokke is as by meer konserwatiewe groepe. Geskiedskrywing word hierdeur 'n middel nie slegs om konflik uit te beeld nie, maar selfs om dit te bevorder. Die noue verbintenis tussen politieke oogmerke en "people's history", dra vir die beoefenaars daarvan geen pejoratiewe betekenis nie.<sup>82</sup>

Die uiteindelijke doel van "people's history" is die gewone mens se emansipasie van die verlede, dus van die geskiedenis en 'n vertroude dat mense hulle eie toekoms kan skep.<sup>83</sup>

---

81 *Ibid.*, 81 - 82.

82 G.F.E. Rudé, "The Changing Face of the Crowd" in L.P. Curtis Jr. (red.), *The Historians' Workshop, Original Essays by Sixteen Historians*, 191.

83 Schwartz, 95.

### 5.3 Presentisme

Vir "people's"-historici is dit belangrik dat vrae van die hede die bestudering van die verlede bepaal. Veel klem word dus op die hede geplaas wat in die geval van "people's history" tot presentisme lei. Volgens die *Oxford English Dictionary* verwys die begrip "presentist" na "one who has a bias towards the present or is influenced by present day attitudes". "People's history" gebruik dikwels die lot van die gewone mens in die hede om die verlede te bestudeer. Alle historici word natuurlik tot in 'n mate beïnvloed deur die heersende tydsomstandighede waarin hulle hulself bevind.<sup>84</sup> Die vraag is nou tot in watter mate "people's history" presentisties is.

Volgens Callinicos lê "populêre geskiedskrywing in die hede en die oogmerk daarvan is om die omstandighede waarop hedendaagse dilemmas en stryd gebaseer is, te ondersoek en om die oorsprong van die kontemporêre kapitalistiese wêreld so ver as wat moontlik is na te speur. 'n Skrywer van "people's history" werke moet probeer om te verstaan en direk te konfronteer, nie die verlede as sodanig nie maar hedendaagse situasies en probleme.<sup>85</sup>

Tradisionele historici het veel kritiek teen die gebruik van kontemporêre kultuur om die verlede te benader. "People's" historici meen egter dat probleme en kompleksiteite voortspruitend uit die gebruik van kontemporêre kultuur om die verlede te benader, nie noodwendig 'n struikelblok is om die verlede te benader nie. Callinicos sê:

..... ideally, they [kontemporêre kulturele aspekte] become resources towards enriching our understanding of historical process and interaction. With the aid of people in the class or community concerned, the relation of class, race and gender are constructed historically to gain important new insights into the workings of that class or community.<sup>86</sup>

---

84 R. Edgecombe, "Popularising the Past" in *Reality*, November 1989, 12, 14.

85 L. Callinicos, "The 'People's Past'....." 54 - 55.

86 *Ibid.*, 55.



Vanweë die hoë mate waarin "people's history" presentisties is, word die gebrek aan historisiteit as 'n belangrike punt van kritiek genoem.<sup>87</sup> Van Jaarsveld wys daarop dat daar soms vergeet word dat daar met dekolonisasie 'n ommekeer in die historiese beskouingswyse gekom het. Waar dit vroeër in koloniale en imperiale geskiedenis om blanke uitbreiding op ander vastelande gewentel het, het dié voorstelling in die hede in onguns verval. Vandag word die klem op anti-kolonialisme en anti-imperialisme gelê. Geskiedskrywing het dus in die guns van swart emansipasie gedraai.<sup>88</sup> Van Jaarsveld sinspeel dus daarop dat die vroeëre Suid-Afrikaanse geskiedbeeld gerespekteer moet word omdat dit vroeër wel die aanvaarde norm was om sake soos kolonialisme te regverdig. Daar is egter 'n fundamentele probleem aan dié soort historisme gekoppel. Wie het bepaal dat 'n pro-koloniale geskiedskrywing, sê maar voor die Tweede Wêreldoorlog aanvaarbaar was? Swartmense het nie kolonialisme gelate aanvaar nie. Verset is getoon tydens die grensoorloë van die Xhosas teen beide die Nederlandssprekende blankes en die Britse Setlaars. Die Zoeloe's het nog tot laat in die 1870's in verzet gekom teen koloniale indringing. Dit was eers met die koms van groot Britse leërs dat blankes se mag oor Suid-Afrika bevestig is.<sup>89</sup> In 1919 het die ANC ook, sonder sukses, gepoog om by die Vredeskonferensie van Versailles meer regte vir swartmense in Suid-Afrika te beding.<sup>90</sup>

Dit word soms uit die oog verloor dat swartmense dus wel verzet gelewer het. Hoe kan historisiteit dan gerespekteer word? Die konsep van historisiteit is ten nouste gekoppel aan die mag van 'n dominante geskiedbeeld. Met die bevestiging van blanke mag na die oorwinning van groot Britse leërs teen inheemse verzet, het blanke oorheersing 'n aanvaarde beleid geword en het die dominante geskiedeniswerke van die tyd ook dié toestand weerspieël. Hier lê die fout, want die magshebbers van 'n bepaalde tyd verkry 'n soort beskerming deur historisiteit, terwyl die gewone mense sonder verteenwoordiging in die verledebeeld deur een magshebber na 'n ander geteister kan word. Historisiteit is 'n komplekse en in Suid-

---

87 Visser, 36.

88 *Beeld*, 5.6.1990.

89 L. Callinicos, *Gold and Workers.....*, 6.

90 R. Edgar, *Because They Chose the Plan of God: The Story of the Bulhoek Massacre*, 13.

Afrika 'n sensitiewe debat wat veel meer besinning verg as waaraan hier aandag gegee kan word. Wat egter wel belangrik is, is om die konsep historisiteit nie sonder meer onkrities te benader nie.

E. Hobsbawm gee egter 'n beeld waarin historisiteit wel gerespekteer moet word soos byvoorbeeld in die benadering tot Victoriaanse seksualiteit. Hy meen dat ons moet aanvaar dat die hedendaagse benadering tot seksualiteit drasties van ander tye en dus ook die Victoriaanse verskil. Die interpretasie dat die meeste Victoriane, met die uitsondering van 'n klein groepie, dieselfde houding teenoor seksualiteit as die hedebeskouing het maar dit net onderdruk het, is volgens Hobsbawm gewoon foutief.<sup>91</sup>

In Suid-Afrika is die probleem egter dat die oorgangsfase van een politieke bestel na 'n ander die band tussen hede en verlede dramaties vervaag en sodoende 'n besinning oor historisiteit soveel moeiliker maak.

Geskiedeniswerkswinkels in Brittanje poog egter om historici meer "present minded" te maak en om die beskouing van die historiese sodoende om te keer sodat dit persepsies van die kontemporêre realiteit kan insluit. Die werkswinkels het in byeenkomste (eerder as in publikasies) hulle implisiet verset teen die muur tussen verlede en hede wat 'n oorblyfsel van die Rankeaanse revolusie in die geskiedskrywing is. Die skeidingspatroon is in die twintigste eeu versterk deur die verwerping van evolusionêre verklaringe van verandering. Skeiding van die hede en verlede lei volgens die werkswinkels tot 'n verarming van die verlede beeld en inhibeer 'n kritiese begrip van die hede.<sup>92</sup>

Britse werkswinkels het dikwels probeer om hul beginpunt die hede te maak, waardeur 'n regressiewe metode van ondersoek aangeneem word - terugwerkend van die bekende na die onbekende. Marc Bloch het alreeds die metode gevolg maar dit het weinig inslag gevind. Die werkswinkels het in wese geprobeer om die hede te verhistoriseer, om sosialistiese historici meer bewus te maak van hulle eie

---

91 E.J. Hobsbawm, "History from Below - some reflections", in F. Krantz (red.), *History from Below: Studies in.....*, 69.

92 R. Samuel, "History Workshop 1966 - .....", 416.

historisiteit en aan hulle te toon dat hulle eie werkspraktyk eksistensieel beperk is.<sup>93</sup> Verlede en hede se grense vervaag dus sodat die hede 'n voortsetting van die verlede word. In wese word die doen en late van dominante kragte in die verlede deur "people's history" afgebreek en deur die hede te verhistoriseer, word daar respek vir die hede gekweek, 'n hede waarin "people's history" hoop om self 'n dominante skool van geskiedskrywing te word.

#### **5.4 Rol van die Suid-Afrikaanse intellektueles wat "people's history" beoefen**

Drie aspekte is van belang by die vraag na wat die rol van intellektueles is by die skryf van "people's history": (1) Intellektueles as middelklas, (2) as blank, en (3) drie tipes historici/intellektueles wat by die Wits Werkswinkel betrokke is. Die uiteindelijke vraag is of intellektueles wel deel is van die gewone mense?

Een van die eerste aspekte wat aandag trek omtrent die beoefenaars van "people's history", is dat die oorgrote meerderheid almal 'n middelklas agtergrond het, al beteken dit net dat tersiêre opleiding alreeds 'n aanduiding van middelklas is. By die vroeë beoefenaars van "people's history", die radikaal liberales, het hulle middelklas aard al duidelik geword. Radikaal liberales het hulself as 'n alternatief vir die groeiende vakbondbeweging gestel en deur 'n welsynstaat te bepleit, het hul gehoop om leiers van die gewone mense te word. Middelklas historici wat hulself as radikaal liberaal geag het, was meestal ontevrede met hul eie klas. Dit het egter nie altyd beteken dat hulle hulself ten volle met die werkersklas geïdentifiseer het nie. Tussen die radikaal liberales was daar hoogs intellektuele en intelligente vroue wat uitgesluit is van die manlike middelklas instellings.<sup>94</sup>

In Suid-Afrikaanse "people's history" is dit veral opvallend dat die meeste "people's"-historici blank en Engelssprekend is en daar weinig Afrikaassprekendes of Swart beoefenaars was, terwyl die teikenleesgroep Swartmense is. Beskuldigings teen die

---

93 *Ibid.*

94 Sutton, 18, 23 - 25.

Wits Werkswinkel dat hulle te blank en te intellektueel is, is wel in die tagtigerjare gemaak maar in die algemeen het organisies soos die ANC en COSATU wel die rol wat blanke intellektuele teen apartheid gespeel het, erken. Dit was slegs die Swart Bewussynsbewegings en die Pan Africanist Congress (PAC) wat sinies was oor die betrokkenheid van blankes by die stryd vir vryheid en blankes selfs verwerp het.<sup>95</sup>

Volgens Bozzoli kan al die intellektueles wat op die een of ander stadium by die Wits Werkswinkel betrokke was, breedweg in drie groepe opgedeel word. Die eerste groep het verkies om hul intellektuele rol af te skaal. Gedurende die sewentigerjare met die opkoms van die Swart Bewussynsbeweging, is blankes deur die Swart Bewussynsbewegings verwerp. Blanke intellektueles het toe wel prakties by die verset politiek (teen apartheid) betrokke geraak. Vir die groep was die grootste probleem egter dat hulle vry van denke van die samelewing wou wees maar ook vry van bepaalde politieke organisasies. Aktiviste was dikwels ontevrede omdat intellektueles binne die politiek nie altyd die partylyn van denke van versetgroepe teen apartheid wou volg nie.

Die tweede groep het gevoel dat strukturalistiese Althusserianisme voortgesette intellektualisme regverdig. Hierdie groep, die strukturaliste, het veel klem op abstraksie gelê en geglo dat hierdeur en deur middel van teorie algemene waarhede gevind kan word. Gramsci se Marxisme is die belangrikste bron van inspirasie vir die derde groep, 'n groep wat abstraksie bevraagteken en verwerp het, klem gelê het op die ware (konkrete) leefwêreld van mense en bande met populêre kultuur gesoek het. Gramsciaanse raamwerke soos hegemonie en kontra-hegemonie en vorme van bewustheid word in hul navorsing van vore gebring. Alhoewel al drie groepe by tye by die Werkswinkel betrokke was, was en is die groep met die Gramsciaanse benadering die dominante.<sup>96</sup>

'n Vraag wat nou na vore kom is of die intellektueles wel deel is van die gewone mense of nie? Die radikaal liberales van die laat negentiende eeu en vroeg twintigste eeu het geglo dat hulle produktief is en die loon vir hul arbeid dus nie op

---

95 D. Kotzé, "S.A. geskiedskrywers verken nuwe terreine" in *Insig*, April 1990, 48; Tatham, 247; Bozzoli, *Intellectuals, Audiences.....*, 212 - 213.

96 B. Bozzoli, "Intellectuals, Audiences.....", 213 - 215.

'n onregverdige basis verdien is nie. Om die rede was hulle van mening dat hulle deel is van die gewone mense in dié se stryd teen voorregte en grootgrondbesitters belange. Belasting deur die staat op die bevoorregtes se voorregte sou help om die onregverdigheid reg te stel.<sup>97</sup> Hedendaags is die klem daarop dat "people's" historici hulle beywer om die verlede en hede kwessies van die gewone mens uit te beeld, nie net met empatie nie maar met simpatie. Hierdeur glo "people's" historici dat hulle ook deel van die gewone mense is.

---

97 Sutton, 18.

## HOOFSTUK SES

# "PEOPLE'S HISTORY" IN 'N POSTMODERNE WÊRELD

"People's history" is deel van 'n postmoderne wêreld. Die vraag is tot in watter mate "people's history" self as 'n postmoderne beweging gereken kan word. Om die vraag te beantwoord is dit nodig om 'n beeld te kry van wat postmodernisme en postmoderne wêreld beteken. Daarna sal die verbintenis tussen "people's history" en postmodernisme bekyk word.

### 6.1 Postmodernisme

Een van die kern momente in die moderne Westerse wêreld is die kultuur van die Verligting. Aannames soos die eenheid van die mensdom, die individu as die kreatiewe krag in die samelewing en die geskiedenis, die meerderwaardigheid van die Weste, die idee dat wetenskap waarheid veronderstel, en 'n geloof in sosiale vooruitgang, was vir lank die bakermat waarop Europa en die VSA hulle lewens en wêreldbeskouing gerig het. Hierdie Verligtingskultuur beleef tans in krisis. Hierdie krisis is te bespeur in byvoorbeeld die opkoms van religieuse fundamentalisme, die afname in mag van belangrike samelewingsinstellinge, die verswakking en vervanging van Westerse politieke ideologieë en partye en die kulturele twisgeskille rondom die literêre estetiese reëls en paradigmas van kennis. 'n Breë verskuiwing vind dus plaas in Westerse gemeenskappe in terme van kultuur en die begrip postmodernisme dien as term om die nuwe situasie en toestand te beskryf.<sup>1</sup>

---

1 Die postmoderne stroming is veral van toepassing op die Westerse wêreld. Die sg. Derde Wêreld omhels egter die modernisme steeds meer omdat veral die sentraliseringsgedagte aantreklike voordele vir die

Jean-Francois Lyotard se definisie van postmodern is 'n "incredulity toward metanarratives".<sup>2</sup> 'n Metanarratief is 'n grootse skema vir die organisering van die interpretasie en die skryf van geskiedenis. Onder hierdie metanarratiewe tel veral die moderne ideologieë van Marxisme en Liberalisme. Metanarratiewe is dus groot verhale oor byvoorbeeld die oorsprong en probleme van die Weste en bied oplossings vir die toekoms.<sup>3</sup> Lineariteit, bipolariteit en eenduidigheid wat karakteristiek was van die moderne wêreldbeskouing word deur die postmodernisme in twyfel getrek.<sup>4</sup>

In die hedendaagse wêreld verskuif die aandag van die grote na die kleine, van die sigbare na die onsigbare, van die manlike na die vroulike. Die metanarratiewe is vervang deur mikrologieë waar die klem gelê word op tyd, plek en konteksgebondenheid op die diskontinuiteit en die verborgene. Die waan dat daar net een werklike interpretasie bestaan en dat die werklikheid en waarheid vir eens en vir altyd vasgevat kan word, bestaan nie meer nie, altans nie vir die postmoderniste nie.<sup>5</sup>

Postmodernisme as begrip is volgens F.R. Ankersmit en J.C. den Hollander verwarrend omdat die woord "modern" op twee maniere gebruik kan word: eerstens in die breë sin van die moderne Westerse kultuur, of tweedens in die enge sin, naamlik moderne twintigste eeuse kuns. Postmodern kan dus met postmoderniteit of postmodernisme verbind word. Die eerste verwys na die einde van die Verligtingstradisie en die tweede na die einde van die tradisie van Avantgardisme vanaf die sestigerjare van die twintigste eeu.<sup>6</sup> Tog tref die meeste skrywers nie 'n

---

lande het volgens diegene wat daar mag het. S. Seidman, Inleiding in S. Seidman (red.), *The Postmodern Turn: New Perspectives on Social Theory*, 1.

2 J.F. Lyotard, "The Postmodern Condition" in S. Seidman (red.), *The Postmodern Turn* ..., 27.

3 J. Appleby e.a., *Telling the Truth about History*, 232.

4 G. Deneckere, "Sociale Geschiedenis en de Crisis van het Socialisme, Verschuivingen in het debat over collectieve actie" in *Tydschrift voor Sociale Wetenschappen* (Gent), jg. 40, nr. 2, 1995, 124.

5 *Ibid.*

6 F.R. Ankersmit en J.C. den Hollander, "Barraclough, Bell en het einde van de Ideologie" in *Groniek, Gronings Historisch Tijdschrift*, nr. 106, 1989/90, 80 - 81.

onderskeid tussen die twee begrippe nie, die een sluit egter ook nie die ander uit nie. Die meer algemene gebruikte begrip postmodernisme (ook verwysende na die skeptisisme oor metanarratiewe) word hier gebruik.

Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die Europese en Amerikaanse sosiale elite wie hulle bepaalde etnosentriese kultuur en politiek as universeel geldend beskou het, steeds meer van hul gesag en belangrikheid verloor. Postmodernisme se ontwikkeling kan terug gevind word in die sosiale opstand wat geassosieer word met die alternatiewe kultuur van die "New Left", onder andere feminisme, homoseksuelisme, etniese en rasse minderhede asook Derde Wêreld rebellies teen Westerse kolonialisme wat die Verligtingskultuur geblameer het vir die ongelikheid en onderdrukking in die naam van rasionaliteit en sosiale vooruitgang. In die plek van valse aansprake op waarheid en universalisme, beklemtoon die nuwe benadering (of alternatiewe benadering, alhoewel Postmodernisme steeds meer die reël as die uitsondering word) individualiteit, verskille, heterogeniteit, die plaaslike en pluralisme.<sup>7</sup>

Deneckere meen dat postmodernisme 'n simptoem is van die kollektiewe depressie van die '68-generasie. Veral vir die linkses van die politieke spektrum het die linkse utopiese denke hulle in die sestigerjare in 'n krisis laat beland.<sup>8</sup> Jenkins meen dat postmodernisme nie aan die "post-1968 blues" gekoppel kan word nie, maar hy gee wel 'n verduideliking waarom linkses in 'n krisis beland het. Die ekonomiese opbloei in Europa na die 1950-era het 'n verbruikersingesteldheid van wyer keuses na vore gebring. Keuses van produkte het steeds groter geword. Handelsware is in die vrye-markstelsel nie meer gekoppel aan 'n beginsel van inherente waarde van produkte nie, maar waarde is eerder gekoppel aan die bedrag geld wat mense bereid was om daarvoor te betaal ('n "beginsel" wat direk indruis teen Marxisme). Hierdeur is uiterste relativisme en pragmatisme in die hand gewerk, lewenswyses wat ook na die private en openbare sfeer uitgebrei het.<sup>9</sup> In die Suid-Afrikaanse konteks gaan Paul Rich so ver as om te sê dat die linkse intellektueles in 'n krisis is, omdat die

---

7 Seidman, 7.

8 Deneckere, 123, 124.

9 K. Jenkins, *Re-Thinking History*, 62 - 64.



bevrydingstryd nie so verloop het as wat hulle in die sewentigs gehoop het nie. Inteendeel, die mark ekonomie en om dit nog sterker te stel, kapitalisme het geseëvier.<sup>10</sup> Nogtans kan postmodernisme nie uitsluitlik aan links, regs of die middel van die politieke spektrum gekoppel word nie, omdat dit juis enige poging tot sentralisering afwys en verhoed.<sup>11</sup>

## 6.2 "People's history" en postmodernisme

Bestaan daar 'n verbintenis tussen "people's history" en postmodernisme? Indien R. Deacon se artikel oor radikale historiografie in Suid-Afrika as uitgangspunt geneem word, is daar geen sprake dat "people's history" postmodernisties is nie. In hierdie deel word Deacon se argumente oor postmodernisme gebruik omdat hy die belangrikste denker oor radikale sosiale geskiedskrywing se verbintenis met poststrukturalisme (postmodernisme) in Suid-Afrika is. Deacon verwys nie na die begrip postmodernisme nie, maar eerder na post-strukturalisme. Sy kern argument is dat "people's history" (hy verwys daarna as sosiale geskiedenis) net soos die geskiedenis van die revisioniste, gekenmerk word deur "Essentialism". Hierdie konsep in Marxisme verwys na die neiging om ekonomiese aspekte te beskou as die uiteindelijke en primêre determinante van sosiale realiteit. Die ekonomiese, of dit nou die verhoudinge van produksie, die basis, die ekonomiese struktuur en/of die klassestryd is, is die kern (sentrum), die essensie of transendentale aanduider ("signifier") van die Marxistiese teorie - dit wat bepaal maar nie bepaal word nie.<sup>12</sup> Deacon meen:

It is important, however, to recognize that both social history and structuralism rest on an essentialist foundation. Though at times striving to constitute itself as a new paradigm in South-African historiography as an alternative conception of history, social history has

---

10 P. Rich, "Is South African Radical Social History Becoming irrelevant?", Verslag in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 31, November 1994, 191, 192.

11 Jenkins, 64.

12 R. Deacon, "Hegemony, Essentialism and Radical History in South Africa" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 24, 1991, 167.

continued to operate within a framework which has remained fundamentally unchanged since the first Marxist critiques of the liberal tradition.<sup>13</sup>

By die liberale Engelstalige universiteite het sosiale geskiedenis in teenstelling met strukturalisme, die nuwe intellektuele hegemonie ("hegemony") geword. In die pogings van sosiale geskiedskrywing, insluitende "people's history", om strukturalisme uit te sluit van sintesevorming, is dit juis volgens Deacon waar die nuwe hegemonie misluk, omdat dit onkrities te werk gaan, te min aandag aan teorie gee en 'n essensialistiese konsep van struktuur en menslike agentskap vertoon.<sup>14</sup>

Volgens Deacon is die nuwe hegemonie in die Suid-Afrikaanse historiografie en die essensialistiese aard daarvan 'n lokale weergawe van logosentrisme. Logosentrisme is die dominante Westerse filosofiese tradisie sedert Plato wat gerig is op 'n orde van betekenis, denke, waarheid, die rede, logika en die woord met die aanname dat dit in sigself bestaan en dus as grondslag vir filosofie dien. In die filosofie word die doel om te "verlig", te bemagtig en uiteindelik te emansipeer. Sodoende word die mens die subjek of bewuste agent wat handel in die konteks van 'n onafhanklike, objektiewe realiteit. Logosentrisme is dus die kern waarom heen alles draai, of dit nou die abstrakte redevoering, die wetenskap, God, die ekonomiese struktuur van Marxisme, of die kollektiwiteit van die proletariaat is; dit is die punt waaruit alle gebeure en entiteite geïdentifiseer, verklaar en geëvalueer kan word.<sup>15</sup>

Die logosentriese aard van Marxisme gekoppel aan die idee van menslike agentskap, berus op die idee van die subjek. Die subjek behels veronderstellinge soos bewussyn, taal gemeenskap en sosiale transformasie. Kreatiwiteit, refleksie en die aktiewe deelname is kenmerkend van die verhouding tussen die bewussyn van die rasonale subjek en die wêreld (of 'n onafhanklike realiteit). Hierdie verhouding word dan beskou in terme van verwysing en representasie: teorie word

---

13 *Ibid.*, 178.

14 *Ibid.*

15 *Ibid.*, 178 - 179.

'n min of meer korrekte of ware interpretasie van die wêreld en taal dien dan as 'n neutrale instrument om bewussyn wat betekenis verkry in die verwysing van woorde na sake of dinge. Op hierdie wyse word waarheid die refleksie (of spieëlbeeld) van die realiteit op die rasonale bewussyn.<sup>16</sup>

Deacon wys egter daarop dat die spieëlbeeld van realiteit altyd onduidelik ("clouded") is. Die subjek is 'n kunsmatige logosentriese middel wat pretendeer om realiteit te belig maar uiteindelik in werklikheid dit wat as waarheid aanvaar word, self konstrueer en orden:

Reality, society, consciousness and the subject itself are always already constituted by language - like differential networks, discourses, be they forms of knowledge, thought, speech, writing or practice, systems of rules or techniques of power. We are born into and constituted by these pre-existing networks, and our perceptions, experiences, reflections and practices are continually mediated in advance. We have no choice but to symbolize or explain, firstly, where not created by us and secondly, have no necessary link to our experiences (which in any case are not original because we can only 'experience' per se in terms of discourse).<sup>17</sup>

Jacques Derrida, 'n belangrike eksponent van die postmodernisme, is van mening dat die individu as 'n outonome selfbewuste agent, gedestruktureer moet word en in plaas daarvan lê postmodernisme klem op die fragmentasie van persoonlike identiteit.<sup>18</sup> Dit beteken dus dat die "people's history" poging om menslike agentskap te erken, nutteloos is omdat dit net nog 'n logosentriese benadering is deur diskoers geskep.<sup>19</sup> Vanweë die postmoderne verwerping van logosentrisme, essensialisme

---

16 *Ibid.*, 179.

17 *Ibid.*, 179 - 180.

18 Appelby, e.a., 202, 208.

19 Deacon, 180.

en metanarratiewe, is "people's history" dus maar net nog 'n uitvloeisel van modernisme.

Deacon se argumente is oortuigend genoeg om daaruit af te lei dat sosiale geskiedskrywing veral in die konteks van "People's history", nie as absolute postmodernistiese geskiedskrywing gereken kan word nie. Dit sluit egter nie uit dat "people's history" veel kenmerke vertoon wat met postmodernisme noue aansluiting vind nie. Deacon se benadering is te rigied en alhoewel hy nie die term postmodernisme gebruik nie, is dit presies wat hy impliseer. Sy benadering is dat iets (in die geval van "people's history") rigied binne of buite 'n poststrukturalistiese opset staan. Postmodernisme is nie 'n monolitiese beweging nie, maar een waarin daar 'n groot hoeveelheid benaderinge bestaan.<sup>20</sup>

Verskeie skrywers toon aan dat daar 'n belangrike verbintenis tussen postmodernisme en "people's history" bestaan. Deneckere meen dat daar besliste aanknopingspunte bestaan al is die taalgebruik van die Britse ("people's history") historici minder kompleks as die Franse postmoderniste s'n.<sup>21</sup> In "Alltagsgeschichte" is postmodernisme ook 'n belangrike debat, want die delegitimisering van die metanarratiewe is nie meer slegs 'n kwessie vir 'n paar intellektueles nie, maar het alledaagse betekenis verkry. In die alledaagse lewe begin dit met die twyfel oor konvensionele medisyne en gaan verder met protes teen die instrumentele wetenskap soos byvoorbeeld genetiese manipulasie ("genetic engineering").<sup>22</sup> Gareth Stedman Jones vra kritiese vrae oor geloof in die geskiedenis, byvoorbeeld die metanarratief van die Marxistiese historiese materialisme.<sup>23</sup> Deacon wil in die Suid-Afrikaanse konteks aantoon dat daar geen verband tussen postmodernisme en "people's history" staan nie, maar hy ignoreer die ontwikkelinge in Europa.

---

20 Jenkins, 63 - 64.

21 Deneckere, 123, 128.

22 T. Lindenberger en Michael Wildt, "Radical Plurality: History Workshops a Practical Critique of Knowledge" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 33, Lente 1992, 86.

23 G. Stedman Jones, "Faith in History" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 30, Herfs 1990, 63 - 64.

Om die ooreenkomste tussen "people's history" en postmodernisme uit te wys, is belangrik: eerstens omdat "people's history" ten nouste geraak word deur 'n postmoderne "wêreldorde"; tweedens omdat veel skrywers so 'n verband raakgesien het; en derdens is daar werklik postmoderne tendense binne die "people's history"-beweging. Vervolgens is dit eers nodig om te wys wat die postmoderne wêreldorde is en wat die spesifieke ooreenkomste tussen postmodernisme en "people's history" is.

### 6.2.1 "People's history" in 'n postmoderne "wêreldorde"

'n Drastiese verandering het sedert die tagtigerjare in die wêreldpolitiek ingetree. In 1985 het die *History Workshop Journal* al ontsteltenis uitgespreek oor die wêreld tendens om van die linkse politiek weg te beweeg. Dit blyk dat die opkoms van linkse politiek in die sestigerjare gedurende die tagtigerjare verskuif het na 'n klem op groter konserwatisme. In Brittanje het Margaret Thatcher en die konserwatiewe Party hoogty gevier. Grense tussen links en regs het vervaag, want aan beide die linker en regterkant van die politieke spektrum het klasse belange en ideologie nie meer saamgeval nie. Sedert die vroeë tagtigerjare, veral sedert die werksprotes in Pole, het sosialisme steeds meer in onguns verval.<sup>24</sup>

Sosialisme se krisis was net die begin en in 1989 het Kommunisme tot 'n val gekom. Een van die belangrikste metanarratiewe van die twintigste eeu, Kommunisme, gebaseer op Marxisme, het prakties in duie gestort. Gepaardgaande hiermee het die wetenskap as oplossing vir probleme by postmoderniste in diskrediet verval: nog geen oplossing is vir Vigs gevind nie en die Tsjernobil ramp is nog vars in die geheue. Die fabriekstede en rokende skoorstene waarop die kommuniste eens so trots op was, word nou as nie slegs walglik beskou nie, maar ook gevaarlik vir lewensomstandighede en die ekologie. Die sekulêre geloof in die wetenskap het 'n fundamentele knou gekry.<sup>25</sup>

---

24 R. Samuel, G. Stedman Jones, "Editorial: Ten Years After" in *History Workshop a journal of socialist and feminist historians*, nr. 20, Herfs 1985, 2 - 4.

25 Stedman Jones, 63.

Vir "people's history" as deel van die veranderende wêreld is die krisis van sosialisme ook 'n fundamentele probleem omdat soveel vertrekpunte daarvan op hierdie ideologie gebaseer is. T. Lindenberger en M. Wildt sê dat met die ineenstorting van die sosialistiese eksperiment moes sommige "Alltagsgeschichte" historici 'n illusie (sosialisme) opgee, terwyl al die historici nuwe probleme bygekry het. Hulle bepleit dat "Alltagsgeschichte" verset in die toekoms moet lewer om die skepping van nuwe meta-narratiewe te voorkom.<sup>26</sup> Deneckere wys daarop dat die intellektuele klimaat vir die linkse spektrum ongunstig geword het.<sup>27</sup>

Na die val van Kommunisme het die tendense van ontnugtering, gesien vanuit 'n postmoderne perspektief, voortgeduur. Grense tussen politieke groeperinge het vervaag veral in Europa, modernisme kon nog geen oorlog stuit nie, soos die oorloë in die voormalige Joego Slawië uitgewys het<sup>28</sup> en in 1990 het Samuel nog geskryf dat die Katolieke en Protestante in Noord-Ierland steeds die veldslag van Boyne veg,<sup>29</sup> net om in 1996 te sien dat die Noord-Iere nog steeds onder mekaar baklei.<sup>30</sup>

"People's history" is deel van 'n postmoderne wêreld en alhoewel die krisis van sosialisme ongemak veroorsaak, is "people's history" nie sonder elemente van die postmodernisme nie. Een van die belangrikste resente ontwikkelings is die verandering van die *History Workshop Journal*. Die aanvanklike subtitel vir die joernaal was *A Journal of Socialist Historians*. In 1981 is "feminism" deel van die subtitel gemaak en in 1995 is die subtitel weggelaat en is die titel nou slegs *History Workshop Journal*. "Workshop" verwys nog steeds na die radikale aard daarvan maar alhoewel sommige lede hulself nog as sosialiste en feministe beskou, het die meerderheid verkies dat dit uit die titel moes verdwyn. Ander radikale idees en bewegings val nou ook onder die tydskrif, naamlik homoseksuele en lesbiese

---

26 Lindenberger en Wildt, 95.

27 Deneckere, 123.

28 *NRC Handelsblad*, 19.08.1995.

29 R. Samuel, "Editorial: The Russian Question" in *History Workshop Journal; a journal of socialist and feminist historians*, nr. 29, Lente 1990, xi.

30 *Sunday Times*, 14.07.1996.

geskiedskrywing, post-koloniale geskiedskrywing of die geskiedenis en die politiek van die omgewing.<sup>31</sup>

### 6.2.2 "People's history" en pluraliteit

In die postmoderne era,<sup>32</sup> veral na 1960 het die hoeveelheid genres in geskiedskrywing drasties toegeneem.<sup>33</sup> Sosiale geskiedskrywing is een van die genres en daaruit het nog veel meer genres tot stand gekom. Sosiale geskiedenis wou uitwys dat geskiedenis veel ingewikkelder is as wat tradisionele historici dit uitgebeeld het. Hoe meer soorte geskiedskrywing hoe beter en vollediger was die argument. Deur die lewens van gewone mense, slawe, werkers ensovoorts in die geskiedenis te ondersoek, is die tekortkominge in die tradisionele politieke geskiedskrywing verminder. Sosiale historici het in wese die wetenskaplike metodologie van strewe na objektiwiteit gesteun. Daar was egter ook sosiale historici wat die moontlikheid van objektiwiteit verwerp het, omdat geskiedskrywing altyd ideologies gekleurd is. Die vraag of objektiwiteit wel bestaan is nie indringend deur sosiale historici ondersoek nie, maar is eers deur postmoderniste grondig ondersoek.<sup>34</sup>

In die sewentiger en tagtigerjare het daar binne sosiale geskiedskrywing 'n verskuiwing plaasgevind na 'n meer kulturele geskiedenis waaronder "people's history" ook gereken kan word. Van kernbelang in die klemverskuiwing was die ontevredenheid dat alles in terme van ekonomiese en sosiale faktore verklaar word. Die nuwe klem op die kulturele het egter uitgewys dat die kultuur van mense interaksie het met die ekonomiese en sosiale en nie net bloot 'n weerspieëling van sosio-ekonomiese situasies is nie.<sup>35</sup> Onderzoekvelde in die verlede het dus vergroot en groter pluraliteit teweeg gebring.

---

31 F. Driver en R. Samuel, "Editorial: Change and Continuity" in *History Workshop Journal*, nr. 39, 1995, iii.

32 Die meeste postmoderniste weier om dié filosofie binne 'n bepaalde tydkonteks te plaas, omdat hulle die denke in historiese periodes as tipies modern verwerp. Ankersmit en den Hollander, 80.

33 Jenkins, 65 - 66.

34 Appleby, e.a, 200.

35 *Ibid.*, 220.

Carlos Fuentes wie se historiese romans van postmodernisties aard is, meen dat deur die geskiedenis van gewone mense te skryf kan die Westerse geskiedenisbeeld wat op gewone mense afgedwing is, aangevul word. Sodoende kom 'n pluralistiese geskiedopvatting tot stand wat dan lei tot 'n plurivormige vormgewing van die toekoms, dit wil sê 'n veelheid van geskiedenis en kulture. 'n Multipolêre in teenstelling met 'n bipoelêre wêreld sal 'n uitvloeisel hiervan wees<sup>36</sup>.

Lindenberger en Wildt meen dat die pluraliteit nie 'n kwessie is van strukturele, politieke, kulturele en alledaagse geskiedenis waaroor gestry word oor wat elkeen se presiese ondersoeksterrein is nie. Dit is ook nie 'n poging om 'n aandeel in 'n nuut opgerigte hiërargie te verkry nie.

Rather, the programme of knowledge we advocate is defined by plurality of interaction, by the specificity and autonomy of different language games, forms of action and social practices. These cannot be reduced to one another, nor can they be separated out from one another once and for all by some kind of magical methodology.<sup>37</sup>

"People's history" toon ook pluraliteit in die verskeidenheid van ondersoeksveld wat daarin na vore kom en is as 'n vorm van geskiedskrywing al geskep in 'n postmoderne wêreld en dra ook verder by tot 'n postmoderne wêreld.

### 6.2.3 "People's history" en die verwerping van die metanarratief

Britse "people's"-historici bevraagteken die metanarratiewe. Die Marxistiese metanarratief wat veral bevraagteken word, is die konsep van die basis en superstruktuur.<sup>38</sup> Die basisstruktuur is die middele van produksie (bronne en

---

36 L. Wesseling, "Twintigste - eeuwe vernieuwing en van de historische roman", in *Groniek, Historisch Tydschrift*, nr. 121, Junie 1983, 47 - 49.

37 Lindenberger en Wildt, 86, 91. "Language Games" is 'n konsep van Lyotard waarmee hy beweer dat ons beeld van die wêreld gekoppel kan word aan verskillende "language games".

38 Deneckere, 127.



tegnologie beskikbaar) en die verhouding in produksie (naamlik die mens se verhouding tot die middele van produksie wat kristalliseer in die sosiale klas posisie). Bo die basisstruktuur lê die superstruktuur wat aspekte soos die kuns, die reg, religie, onderwys, regering ensovoorts insluit. Die superstruktuur se aard word bepaal deur die ekonomiese determinasie van die basisstruktuur en nooit andersom nie.<sup>39</sup>

Antonio Gramsci se argument dien vir die meeste "people's historici" as vertrekpunt vir hul historiese navorsing.<sup>40</sup> Sy belangrikste bydrae verwys daarna dat 'n elite slegs mag kan verkry as dit kultureel domineer oor die sosiale klasse. Materiële mag is nie voldoende vir een groep om oor 'n ander te domineer nie. By implikasie beteken dit ook dat die werkersklas slegs mag kan verkry as hulle 'n onafhanklike kultuur van hul eie daarstel, 'n eie beeld van die wêreld.<sup>41</sup> Edward Thompson se *The Making of the English Working Class* (1963) is die eerste belangrike werk in die kulturele genre. Omdat hy soveel aandag aan kulturele aspekte gegee het, is hy dikwels van kulturalisme beskuldig.<sup>42</sup>

Thompson het probeer weg beweeg van die basis en superstruktuur model omdat dit die rol van politiek en klasse bewussyn ontken het. Volgens Deacon kon Thompson egter nooit daarin slaag om van 'n essensialistiese raamwerk weg te breek nie.<sup>43</sup> J. Appelby is ook van mening dat Thompson teruggetrek het van ekstreme postmodernisme, omdat hy en sy volgelinge dit as 'n bedreiging vir historiese materialisme beskou het. 'n Groot aanklag teen die postmodernisme was dat dit die potensiaal van mense om 'n 'n rol te speel in die skepping van hul lewens,

---

39 L.P. Baradat, *Political Ideologies, Their origins and impact*, 147 - 148.

40 B. Bozzoli, "Intellectuals, Audiences and Histories, South African Experiences 1978 - 1988" in J. Brown e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 214 - 215.

41 Appleby, e.a, 220 - 221.

42 G. McLennan, "E.P. Thompson and the discipline of historical context" in R. Johnson e.a. (reds.), *Making Histories. Studies in history-writing and politics*, 108, 116.

43 Deacon, 173.

verwerp. Dat taal los staan van die ware verlede en alles dus net diskoers is, is onaanvaarbaar.<sup>44</sup>

Weereens is dit belangrik om te onthou dat die postmodernisme nie 'n monolitiese beweging nie. Argumente dat menslike agentskap nie inpas by 'n postmoderne skema omdat die subjek se skeppende rol nie erken word nie, moet omsigtiger benader word. Sommige postmoderniste is nie so ekstreem nie. Wat hier ter sprake is, is die desentralisasie van die subjek. Die subjek het dus 'n gefragmenteerde identiteit. So verskil mans en vrou in hul ervaringe, belange en waardes en dit weer kan gekoppel word aan klas, ras, ouderdom, seksualiteit of nasionale status. Konstruksies wat pretendeer dat byvoorbeeld alle vroue 'n eenheid vorm, neem sommige vroue nie in berekening nie en verswyg hul standpunte. Identiteite is dus verdeeld, veelvormig en veranderend. Eenheid van vroue mag wel aangedui en gebruik word as dit vir retoriese of politieke-strategiese doeleindes is.<sup>45</sup>

Hierdie identiteit van die subjek word deur Seidman "composite identities" genoem. Hier is wel 'n aansluiting by "people's history" te vind. 'n Werker is nie net vir sy/haar identiteit aan 'n bepaalde werksplek of arbeidsbeweging gekoppel nie (die strukturele benadering) maar is ook 'n persoon wat in die Suid-Afrikaanse konteks (waarskynlik) swart is, in 'n township woon en deel van 'n besondere gemeenskap is.<sup>46</sup> Persone is dus nie net werkers nie, maar in die eerste plek "people", dit wil sê gewone mense. Die term "people" het geen Marxistiese klassebetekenis nie en is dus nie noodwendig met sosialisme verbind nie.<sup>47</sup>

Die metanarratief van Marxisme met die essensialistiese konsep van ekonomiese determinasie word geskaad indien aspekte komende uit die superstruktuur gelykgestel word aan die ekonomiese faktore in die basisstruktuur. Op sy minste

---

44 Appleby, e.a, 221.

45 Seidman, 8.

46 G.K. Tatham, *The University of the Witwatersrand History Workshop and Radical South African Historical Scholarship in the 1970's and 1980's*, 113 - 114.

47 B. Schwarz, "The people in history: the Communist Party Historians' Group, 1946 - 56" in R. Johnson e.a., (reds.), *Making Histories.....*, 90.

vind hier dan 'n relativering plaas en alhoewel Deacon ook noem dat die ekonomiese in "people's" historici domineer, plaas sommige benaderinge vraagtekens by wat Marxistiese "people's history" wel is. Vervolgens word 'n aantal voorbeelde verstrekk, maar omdat die meeste daarvan reeds as voorbeelde in ander hoofstukke gegee is, word daar net kortliks na gekyk.

Bozzoli wys daarop dat die ekonomiese aard van klasse slegs die eerste argument vir ondersoek kan vorm en geensins die laaste nie, want dit is die politieke, sosiale, kulturele en ideologiese karakter van klasse wat hulle egte en herkenbare sosiale kategorieë maak. Kultuur en ideologie word as onafhanklike kategorieë geag wat nie bloot funksioneel vir kapitaal of die dominante groep is nie. Ander aspekte word bestudeer wat net so belangrik is as die ekonomiese faktore en so direk teenstellende met die ekonomiese deteminansie is, dat die basis superstruktuur vir alle praktiese doeleindes vernietig word. Dit sluit onderwerpe in soos ras, godsdiens, ouderdom, kultuur, ideologie, geslag, etnisiteit en die verskille en gapings wat dit skep.<sup>48</sup>

Meer rigiede Marxiste soos M. Morris het die "people's historici" beskuldig dat hulle dikwels vaag is en dat hulle gebruik van ras as verklaring, in wese liberaal van aard is. M. Morris was weer van mening dat "people's historici" te vaag is en te oppervlakkig te werk gaan.<sup>49</sup> Die kompleks verhouding tussen aan die een kant 'n kulturele benadering, en aan die ander historiese materialisme, som Bozzoli soos volg op.

Naively, at first, we set out to harness our capacities in support of the cultural assertions of the popular classes, but to do so whilst retaining our commitment to historical materialism, to truth, and to a critical stance. The complex self-definition was to breed numerous

---

48 Tatham, 87, 99 - 100; P. Bonner en T. Lodge in P. Bonner (red.), *Holding Their Ground: Class, Locality and Culture in 19th and 20th century South Africa*; B. Bozzoli en P. Delius, "Radical History and South African Society" in J. Brown, e.a. (reds.), *History from South Africa.....*, 21.

49 Tatham, 238 - 240.

ambiguities and contradictions in the subsequent history of the Workshop.<sup>50</sup>

#### 6.2.4 "People's history" en die verwerping van die moderniseringsteorie

Beide "people's history" en "Alltagsgeschichte" verwerp die moderniseringsteorie.<sup>51</sup> Dit kom ook neer op 'n bevraagtekening van die vooruitgangsgedagte. Postmoderniste twyfel ook aan die verligtingsdenke dat daar noodwendig vooruitgang is. Net soos wat tegnologie positief gebruik kan word, het dit ook uitloop op die vervaardiging van atoombomme.<sup>52</sup> Die gevolg hiervan was dat byvoorbeeld die "History Workshop" in Brittanje hulle self daarvan weerhou het om klem te lê op oorkoepelende wette wat dan soos Marx se historiese materialisme 'n progressielyn vir die toekoms stel.<sup>53</sup>

In Brittanje is die "Whig" (liberale) interpretasie van geskiedenis verwerp, naamlik 'n interpretasie wat die geskiedenis voorstel as 'n voortdurende proses van vooruitgang en evolusie met kenmerke van meganistiese ekonomiese determinisme.<sup>54</sup> In Duitsland het die toevallige ekonomiese groei en pogings om meer sosiale geregtigheid en demokratiese deelname te bereik, regverdiging gegee vir die konstruksie van 'n historiese realiteit onder die slagspreuk dat vooruitgang moontlik is. Die historiese sosiale wetenskap het dus die moderniseringsteorie ondersteun. Die "feite" wat deur geskiedenis as 'n sosiale wetenskap geproduseer is, het klasse en elites as blote draers van die potensiaal vir modernisering uitgebeeld, weinig meer as verbindingsobjekte van politieke en ekonomiese determinante. T. Lindenberger en M. Wildt is dan ook van mening dat

---

50 Bozzoli, "Intellectuals, Audences.....", 215.

51 C. Eloff, "History from Below, 'n Oorsig" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 25, 1991, 54; Lindenberger en Wildt, 83.

52 Appelby, e.a., 206.

53 R. Samuel, "History Workshop 1966 - 1980" in R. Samuel (red.), *People's History and Socialist Theory*, 413.

54 Deneckere, 127 - 128.

the heroes of the narratives of this kind of history were the long series of trade cycle indicators, the inward and outward flows of population mobility research, the inevitable, logical development of rational governance in the state, bureaucracy, business or parties. And of course, it goes without saying that even criticism of these "heroes" merely serves to shore up their indispensability.<sup>55</sup>

Tydens die Apartheidsjare was daar veel druk op akademici om ook teorieë te skep wat prakties toepasbaar sou wees in die stryd teen die blanke minderheidsregering. Bozzoli en Delius het egter gewaarsku dat daar geen bloudrukke bestaan of bepaalde teorieë wat gereed is om toegepas te word nie.<sup>56</sup> "People's history" skrywers het hulle daarvan weerhou om voor te gee dat daar 'n perfekte of naasteby perfekte "resep" is vir die oplossing van die probleme van die gewone mens.

Oor postmoderniste en die twyfel oor vooruitgang skryf Seidman:

They [postmoderniste] have neither forsaken a secular culture nor necessarily abandoned the social hopes of the Enlightenment and the human sciences. Many postmodernists wish to preserve the chief values of the Enlightenment, for example, autonomy, individualism, tolerance, pluralism, and democracy, but insist that this requires a reconfiguring of knowledge and society.<sup>57</sup>

"People's historici" oor die algemeen neem dit nooit as 'n gegewene dat daar noodwendig bevryding vir die werksklas gaan kom, soos Marx wel aanvaar het nie. Die noodsaaklikheid om vir 'n beter toekoms te stry, word wel gepropageer en vir "people's history" is dit 'n hoop (eerder as 'n aprioriese waarheid) dat progressie volgens sosialistiese beginsels sal geskied.

---

55 Lindenberger en Wildt, 83.

56 Bozzoli en Delius, 25.

57 Seidman, 4.

### 6.2.5 "People's history" en die bevraagtekening van kennis

Hierdie aspek word in meer besonderhede in die volgende hoofstuk bespreek, daarom net kortliks 'n aanduiding van "people's history" se bevraagtekening van kennis en die aansluiting daarmee met postmodernisme.

Postmoderniste verbind kennis ten nouste met mag. Wie mag het, bepaal dus wat kennis is. Universiteite is meestal die bastions van mag en kan akademici gevolglik grotendeels mag uitoefen om te sê of 'n bepaalde historiese interpretasie wel binne die grense van wetenskaplike aanvaarbaarheid val. Wetenskaplike beginsels soos objektiwiteit en onbevooroordeeldheid dien meestal as onafhanklike bepalers of iets wel bydra tot kennis oor byvoorbeeld geskiedenis. In hierdie opsig is "people's history" besonder nou verbonde en so te sê in alliansie met die postmodernistiese kritiek op kennis. Kennis en mag is ten nouste gekoppel en plaas 'n vraagteken oor die idee van objektiwiteit, 'n beginsel wat meestal deur postmoderniste verwerp word. "People's history" lewer prakties kritiek op die stelsel van kennis deur middel van die geskiedeniswerkswinkels.<sup>58</sup>

### 6.2.6 "People's history" en desentralisasie

Hierdie onderwerp word ook in die volgende hoofstuk bespreek daarom word die verband net kortliks aangedui. Die konsepte wat deur beide "people's history" en postmodernisme verwerp word, is sentralisering, hiërargisering en funksionalisering.<sup>59</sup> Om dit te voorkom, konsentreer "people's history" dikwels op plaaslike geskiedenis wat kan wissel van die bestudering van die geskiedenis van 'n bepaalde regio, "township" of selfs van 'n bepaalde straat.<sup>60</sup>

\* \* \*

---

58 Jenkins, 28 - 39, 66 - 67; Lindenberger en Wildt, 86 - 94.

59 Bozzoli en Delius, 14 - 15; Lindenberger en Wildt, 84.

60. R. Samuel, Voorwoord in R. Samuel, *People's History*....., xviii.

Ondersoeke oor die verband tussen "people's history" en postmodernisme is veral in die geledere van die "Alltagsgeschichte" in Duitsland gedoen asook in Brittanje. In Suid-Afrika is feitlik nog geen bydraes hieroor gelewer nie. Deneckere, Deacon en Linderberger en Wildt staan almal positief teenoor 'n nouer verbintenis tussen "people's history" en postmodernisme en propageer die verbintenis as 'n positiewe rigting waarin geskiedskrywing in die toekoms kan beweeg.

DEEL III

**“PEOPLE’S HISTORY” AS  
DEMOKRATISERING VAN DIE  
GESKIEDENIS**



## HOOFSTUK SEWE

### DEMOKRATISERING VAN DIE GESKIEDENIS

People's history also has the merit of raising a crucial question for both theoretical and political work - that of the production of knowledge, both the sources on which it draws and its ultimate point of address. It questions the existing intellectual division of labour and implicitly challenges the professionalised monopolies of knowledge. It makes democratic practice one of the yardsticks by which socialist thought is judged, and thus might encourage us not only to interpret the world, but see how our work could change it.

- aldus, Raphael Samuel<sup>1</sup>

Bevraagtekening oor die produksie van historiese kennis is een van die belangrikste kenmerke van "people's history". Van kern belang is die strewe van "people's history" om die skryf en beelding van die geskiedenis so breed as moontlik oor die samelewing te versprei en dit sodoende meer demokraties te maak, dit as't ware te desentraliseer. Hierdie demokratisering lê in veral drie aspekte opgesluit, te wete die werkwinkel beweging, die desentralisasie van die geskiedskrywing en 'n driedeling in die produksie van geskiedskrywing in die sin van "history of the people, for the people, by the people".

---

1 R. Samuel, Voorwoord in R. Samuel, *People's History and Socialist Theory*, xxxii.

## 7.1 Die geskiedeniswerkswinkel beweging

### 7.1.1 Die Britse Geskiedeniswerkswinkel

Die mees konkrete instelling waar "people's history" 'n platform vind, is die geskiedeniswerkswinkels. In Engels word daar na die geskiedeniswerkswinkels as die "History Workshops" verwys. Geskiedeniswerkswinkels se ontstaan in Brittanje is een van die belangrikste ontwikkelings in die Britse historiografie sedert die sestigerjare.<sup>2</sup>

In 1966 is die "History Workshop" by Ruskin College in Oxford begin. Dit het ontstaan uit 'n reeks seminare en die totstandkoming daarvan is deur 'n destydse tutor, Raphael Samuel geïnspireer. Samuel skryf dat die begrip "werkswinkel" aan Ewan McCall en Joan Littlewood se eksperimentele "Theatre Workshop" van die veertiger- en vyftigerjare ontleen is. Hy is ook van mening dat niemand voor hulle die term in Brittanje gebruik het nie. Binne drie jaar na die werkswinkel se totstandkoming en met die opkoms van die vroue-emansipasie-bewegings, het die werkswinkel gou gewild geword omdat die konvensionele muur tussen spreker en gehoor deurbreek is. Geskiedeniswerkswinkels het 'n platform geword waar gewone mense, dit wil sê nie-professionele historici ook kon deelneem aan die proses van geskiedskrywing en uitbeelding, dit wil sê nie-geskrewe vorme van geskiedenisrekonstruksie, byvoorbeeld uitstallings.<sup>3</sup>

Daar is 'n spesifieke rede waarom die eerste Britse geskiedeniswerkswinkel by Ruskin College in Oxford gestig is. Ruskin College is deel van 'n aantal tersiêre instellings vir voorgesette onderwys vir volwassenes, veral vir werkers, wat in die negentiende eeu tot stand gekom het. Daar was egter twee strome in die volwasse onderwys. Die eerste stroom was die inisiatief van Oxford universiteit, kerke en die Engelse "Board of Education". Hierdie groepering wou nouer bande tussen die universiteite en die werkersklas bewerkstellig. Die "Workers Education Association" (WEA) was op die oog af nie-polities, dit was nóg kapitalisties, nóg proletaries en ook

---

2 R. Floud, "Quantitative History and People's History: Two Methods in Conflict?" in *History Workshop a journal for socialist and Feminist Historians*, nr. 17, Lente 1984, 116.

3 *Ibid.*, 115 en R. Samuel, "History Workshop 1966 - 1980" in *People's History and .....*, 410, 414.

nie liberaal, konserwatief, individualisties of Fabiaans nie. 'n Tweede stroom sosialistiese organisasies soos die "Social Democratic Federation" en die "Socialist Labour Party" het egter die middelklas leierskap vir werksonderwys verwerp.<sup>4</sup>

Ruskin College was op die voerpunt van die stroming wat middelklas leierskap verwerp het. Studente van die Ruskin College wou ook nie wat hulle genoem het a-politiese onderwys, hê nie. Hierdie ontevredenheid het in 1909 op 'n staking deur die studente uitgeloop en dit het ook gelei tot die stigting van die "Plebs League" en "Plebs Magazine". Die rigting wat die Ruskin College ingeslaan het met geskiedenis as vak was om dit uit 'n Marxistiese hoek te benader. Geskiedenis is as 'n natuurwetenskap geag wat 'n verklaring vir die politieke, sosiale en ekonomiese toestande van die mens kan bied.<sup>5</sup>

Ruskin College is dus nie 'n "gewone" soort kollege nie. Dit gee 'n tweejaar kursus in geskiedenis, politiek, ekonomie en aanverwante vakke vir volwasse studente. Meeste van hierdie studente het geen formele onderwys gehad nie. Alhoewel hulle Oxford lesings mag bywoon en selfs 'n universiteitsgraad daar kan behaal, het die studente 'n sterk werkersklasagtergrond en identiteit. Persone uit veral werkersverenigings en vakbonde kry toegang tot die kollege deurdat vakbonde kompetisies uitskrif, waarvan die wenners 'n studiebeurs kry.<sup>6</sup>

Linkse politieke strominge in Brittanje is die vernaamste rede vir die totstandkoming van die Britse Geskiedeniswerkswinkel. Hierdie linkse invloed het veral gekom vanuit die "New Left".<sup>7</sup> Toenemende militantheid van die Britse werkersklas het ook oorgespoel na die studente van Ruskin College wat self ook uit werkersklasgeledere

---

4 D. Sutton, "Radical Liberalism, Fabianism and social history" in R. Johnson; D. Sutton e.a. (reds.), *Making Histories: Studies in history-writing and Politics*, 39.

5 *Ibid.*; "Ruskin History Workshop Students Collective 'Worker Historians in the 1920's'" in Samuel, R. "People's History and .....", 15 - 17.

6 Floud, 115.

7 B. Schwarz, "The people in history: the Communist Party Historians' Group, 1946 - 1956" in R. Johnson; B. Schwarz, e.a. (reds.), *Making Histories.....*, 81.

kom. In 1968 het Ruskin College studente gestaak en daar was studente opstande selfs nog voor die anti-outoriteits opstande van studente in Parys in Mei 1968.<sup>8</sup>

Die doel van die Britse Geskiedeniswerkswinkel was die skepping van 'n alternatiewe onderwysstelsel om Ruskin studente, dit wil sê, werkende mans en vroue binne die werkersklas aan te moedig om by geskiedenisnavorsing betrokke te raak en hulle eie geskiedenis te skryf. Hierdeur sou hulle 'n kritiese en onafhanklike ingesteldheid kry. Die kollege outoriteite was van mening dat die volwasse studente met 'n werkersklasagtergrond in 'n uitmuntende posisie is om oor die vele fasette van industriële en arbeidsgeskiedenis te skryf.<sup>9</sup>

Sosialisme was vanaf die stigting van die geskiedeniswerkswinkel 'n eksplisiete beleid. Die klassestryd het sentraal gestaan en Marxisme en verbintenis tot die werkersklasbewegings was 'n sterk bindende faktor. Na 1966 het die sosialistiese historici in Brittanje Marxisme nie meer so eksplisiet verkondig nie, want historici in die werkswinkelbeweging het gepoog om Marxistiese denke weer in kontak te bring met die konkrete werklikheid wat dit wou aanspreek. Soos vele Marxiste het historici in die werkswinkel hulle daarvan weerhou om klem te lê op algemene wette van ontwikkeling en hulle meer op besonderhede ingestel.<sup>10</sup>

Die verhouding van die Britse Geskiedeniswerkswinkel tot die universitêre wêreld is kompleks omdat hulle tot in 'n groot mate daarmee in opposisie is. Historici soos Hill, Thompson en Hobsbawm wat ook betrokke was of is by die Geskiedeniswerkswinkel, was met die stigting daarvan al gerespekteerde akademici. Christopher Hill en Joan Thirsk was van diegene wat as voorsitters by die vroegste werkswinkels opgetree het en Thompson en Hill was van die vroeë sprekers. Samewerking met ander groepe het wel bestaan soos byvoorbeeld die weeklikse skakeling met 'n geskiedenis groep van St. Antony's. Ten spyte van die opposisie teen bepaalde

---

8 Samuel, "History Workshop.....", 411.

9 *Ibid.*, 410.

10 *Ibid.*, 413.

akademiese praktyke, het "people's"-historici terselfdertyd 'n noue band met universiteite gehandhaaf.<sup>11</sup>

In 1975 is die *History Workshop Journal* gestig met die doel om die skryf van geskiedenis van die gewone mens te bevorder en dan veral vanuit 'n sosialistiese perspektief. Die middel sewentigerjare met die opkoms van die konserwatiewe politiek en Margaret Thatcher, was 'n tydperk waarin daar 'n gedempte atmosfeer onder sosialiste en arbeidsbewegings was. Jonger Marxistiese historici het in hulself gekeer en steeds meer by esoteriese debatte betrokke geraak. Die Joernaal het hierdie tendens teengestaan en positief gebly waar ander in pessimisme en abstrakte geskiedskrywing verval het.<sup>12</sup> In 'n poging om soveel as moontlik tekenare te kry, is die aanvanklike intekenfooi op £2.50 per jaar vasgestel.<sup>13</sup>

Aanvanklik was die volledige titel van die *History Workshop Journal; History Workshop, a journal of socialist historians*. "Workshop" is gebruik as 'n radikale begrip om die breuk met die hiërargie van die akademiese benadering tot geskiedskrywing aan te dui. Die woord "socialist" in die subtitel moes dien as 'n samevattende begrip vir die strewe na egalitarisme. Feminisme is toe ook as deel van die sosialistiese beweging beskou, 'n argument wat later as onvoldoende geag is en in 1981 is die woord feminisme ook by die titel ingesluit naamlik *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*. In 1995 is daar besluit om die titel net by *History Workshop Journal* te hou en tans bevat dit dus geen subtitel nie. Hierdie verandering is gemaak omdat nie al die persone wat bydraes tot die joernaal lewer hulself as sosialisties of feministies geëtiketteer wil sien nie. Die aard van die Joernaal bly egter nog steeds radikaal en bevat nog steeds studies oor die lewe van gewone mense in die verlede.<sup>14</sup>

---

11 Schwatz, 93; Samuel, "History Workshop, 1966 - 1980", 413.

12 Samuel, "History Workshop, 1966 - 1980", 416.

13 Editorial Collective, "Editorial: Progress and Problems in our first year" in *History Workshop, a journal of socialist historians*, nr. 2, Herfs 1976, 1 - 2.

14 F. Driver en R. Samuel, "Editorial: Change and Continuity" in *History Workshop Journal*, nr. 39, 1995, iii.

Die informaliteit van die geskiedeniswerkswinkels het gou gelei tot hulle gewildheid en die werksinkels is tweejaarliks gehou. 'n Toename in geskiedeniswerkswinkels het ook voorgekom met die stigting van werksinkels in byvoorbeeld die Ooste van Londen, Birmingham, Aberdeen en East Anglia.<sup>15</sup>

### 7.1.2 Geskiedeniswerkswinkels in Duitsland

In 1980 het daar in Duitsland ook "Geschichtswerkstätten", of te wel geskiedeniswerkswinkels tot stand gekom en in 1983 is daar 'n werksinkelvereniging gestig.<sup>16</sup> Duitse geskiedeniswerkswinkels wat ten nouste met "Alltagsgeschichte" verbind word, het net soos die geskiedeniswerkswinkels in Brittanje 'n groot sukses geword. In 1984 was daar alreeds veertig werksinkels en teen 1989 soveel as veertig slegs in Hanover. Gaandeweg het "Alltagsgeschichte" 'n gewisse krag in die Duitse historiografie geword.<sup>17</sup>

Die aard van die Duitse Geskiedeniswerkswinkels is dat hulle benadering tot navorsing uitermate oop is. Dit wil sê dat hulle projekte oop is vir deelname vir almal of hulle nou akademies opgelei is of nie. Wat wel van belang is, is die belangstelling in die ondersoeksveld. Deelnemers aan die werksinkels is mense van wyd uiteenlopende aard. Eerstens is daar die historici en sosiaal wetenskaplikes wat in geskiedenis belangstel en wat na nuwe maniere soek om die funksie van geskiedenis te definieer. Polities en kultureel gemotiveerde mense vorm die tweede groep. Hulle wil geskiedenis gebruik om in te gryp in die politiek van hul gemeenskap, munisipaliteit of organisasie. Die derde groep is kunssinnig,

---

15 Floud, 115 en "Report Back, East Anglian History Workshop 2 - 5. December 1976" in *History Workshop, a journal for socialist historians*, nr. 3, Lente 1977, 204 - 205.

16 R. Sieder, "Alltagsgeschichte". Zur Aneignung der Verhältnisse: Ein Gespräch mit Alf Lütke" in *Osterreichische Zeitschrift für Geschichtswissenschaften*, nr. 2, 1991, 106.

17 F.A. van Jaarsveld, Geskiedenis van die alledaagse lewe - 'n nuwe stroming in die Duitse sosiale geskiedskrywing in *Historia*, Mei 1990, 2.

organiseerders van uitstallings en persone wat videos maak, dus mense wat 'n estetiese en opvoedkundige belang by die geskiedenis het.<sup>18</sup>

Die Duitse geskiedeniswerkswinkels staan skepties en krities teenoor die hoë status wat wetenskaplikheid beklee. "Alltagsgeschichte" soos vergestalt in die werkswinkels vorm dus ook 'n kritiek op kennis en epistemologie, 'n ingesteldheid wat ooreenkomste met die postmodernisme toon. Geskiedeniswerkswinkels in Duitsland verwerp die monopolie van kennis wat professionele historici en die universiteite aan hulself toe-eien. Geskiedeniswerkswinkels is 'n demokratiese praktyk omdat bykans elkeen wat wil, kan deelneem aan die proses van die rekonstruksie van die verlede. Universiteite wat in die naam van die Verligting verklaar dat hulle die mites van irrasionaliteit en nou ook postmodernisme bestry, vergeet volgens T. Lindenberger en M. Wildt al te maklik dat die universiteite onder groot druk self massa instellings begin word van wat verwag word om 'n funksionele doel te dien. Volgens die soort benadering moet die vraag gevra word of die Verligting nie maar weer elke keer die mite (irrasionaliteit) wat dit wil oorkom, herhaal nie en dus self 'n mite is? Universiteite kan dus nie beweer dat hulle die enige ware bron van kennis is nie. Grense wat voorheen duidelik gelyk het, moet nou weer herevalueer of oorskry word en dit impliseer dat die akademiese historikus se aanspraak op die monopolie van die soeke na die historiese waarheid bevraagteken moet word.<sup>19</sup>

Hoewel die bevraagtekening van die monopolie van professionele historici 'n inherente deel van die geskiedeniswerkswinkels gedagte vorm, is daar egter wel geskiedeniswerkswinkels wat hulself as buite die veld van akademiese kennis beskou. Hierdeur bly die persepsie van die geskiedeniswerkswinkels as die "underdogs" bestaan en plaas hulle ten beste as 'n aanvulling tot kennis maar meer dikwels as ondergeskik aan universiteite.<sup>20</sup>

---

18 T. Lindenberger en M. Wildt, "Radical Plurality: History Workshops as 'n Practical Critique of Knowledge" in *History Workshop, a journal for socialist and feminist historians*, nr. 33, Lente 1992, 75.

19 *Ibid.*, 87.

20 *Ibid.*, 87 - 88.

### 7.1.3 Die Geskiedeniswerkwinkel van die Universiteit van die Witwatersrand

In Suid-Afrika is die Geskiedeniswerkwinkel of "History Workshop" gestig volgens die model van die Ruskin College "History Workshop" maar dit was plaaslike invloede wat die totstandkoming van 'n geskiedeniswerkwinkel beïnvloed het. Die resessie van die jare sewentig het gelei tot stygende werkloosheid wat groot reaksie ontlok het van die werkersunies. Die Soweto opstande se gevolge en die daarmee gepaardgaande onderwyskrisis het ook 'n groot invloed op die "people's history" beweging se groei uitgeoefen. Ondersoeksvelde in die geskiedenis het ook verskuif vanaf arbeidstoestande en stryd by die werkplek-studies wat die vroeë sewentigerjare gedomineer het - na studies wat die ervaringe en stryd van gewone mense in die "Townships" verreken het.<sup>21</sup>

Die Geskiedeniswerkwinkel van die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) het ontstaan toe 'n klein groepie akademici op 11 Julie 1977 in 'n huis in Melville Johannesburg byeengekom het. Die groep wat die eerste komitee gevorm het, was Belinda Bozzoli, Luli Callinicos, Eddie Webster, Philip Bonner, Peter Kallaway, Taffy Adler, Tim Couzens en Patrick Pearson. Deelname aan die geskiedeniswerkwinkel was vrywillig, dié werkwinkel is as outonoom gesien en nie verbonde aan enige spesifieke departement van Wits nie.<sup>22</sup>

Drie oogmerke is deur hierdie uitsluitlik wit geïnspireerde Geskiedeniswerkwinkel nagestreef, eerstens om navorsing te doen oor die gemarginaliseerde en uitgeslote groepe in die samelewing; tweedens moes die werkwinkel help om geskiedenis te populariseer om dit meer toeganklik vir gewone mense te maak; en derdens moes die werk van die werkwinkel 'n histories Marxistiese perspektief bevorder.<sup>23</sup>

Callinicos is die enigste persoon wat voltyds in diens van die Geskiedeniswerkwinkel is, terwyl die ander lede van die Komitee slegs op 'n

---

21 G. Tatham, *The University of the Witwatersrand History Workshop and Radical South African Scholarship in the 1970's and 1980's*, 52, 60.

22 *Ibid.*, 12 - 13.

23 L. Callinicos, *Onderhoud met J.C. Kruizinga*, 28.11.1994, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg; en Tatham, 7, 55.



deelydse basis betrokke is.<sup>24</sup> Finansiering vir die aktiwiteite van die werkswinkel het grotendeels van die "Ford Foundation" gekom. Hulle het egter vereis dat meer swart deelnemers op komiteevlak asook op beplannings- en uitvoerende vlak betrokke moes wees, nie net blote "toeskouers" nie. Die Wits universiteitsowerhede het eers in 1985 die Wits werkswinkel erken en onder die amptelike naam van "History Research Group".<sup>25</sup>

Die Wits Geskiedeniswerkswinkel kan egter nie aanspraak daarop maak dat hulle die eerste groep is wat oor die ervaringe van gewone mense in die Suid-Afrikaanse verlede geskryf het nie. Voor hulle was weliswaar al skrywers wat nie vanuit 'n Marxistiese perspektief nie, die lewenservaringe van gewone mense beskryf het, byvoorbeeld Sol Plaatje en H.L.E. Dhlomo. Hulle het die ervaringe en stryd van Afrikane teen segregasie uitgebeeld. Vanuit 'n ANC gesigspunt het Govan Mbeki oor die kleinboer opstande in Transkei geskryf. Hierdie skrywers het almal na die rol van gewone mense as synde swart, gekyk. Dit was egter eers vanaf die Geskiedeniswerkswinkel se ontstaan dat 'n groep akademici in Suid-Afrika, gesentreer rondom 'n werkswinkel, doelbewus gepoog het om 'n sosiale geskiedenis benadering met 'n "history from below" inslag in die Suid-Afrikaanse historiografie te bepleit en toe te pas.<sup>26</sup>

'n Geskiedeniswerkswinkel word een keer elke drie jaar by Wits gehou. By so 'n werkswinkel is daar twee hoofaktiwiteite, die eerste die lewer van referate met temas van 'n geskiedkundige aard, en die tweede aktiwiteite rondom 'n ope dag. Dit is die funksie van die Geskiedeniswerkswinkelkomitee om op 'n tema vir die byeenkoms te besluit. Die eerste geskiedeniswerkswinkel is in Februarie 1978 gehou met die tema "The Witwatersrand: Labour, Townships and Patterns of Protest". Met hierdie tema wou die werkswinkelkomitee die klem lê op sosiale geskiedenis van die werkers in die werkplek en in die townships.<sup>27</sup>

---

24 P. Bonner, *Onderhoud* met J.C. Kruizinga, 28.11.1994, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.

25 Tatham, 25 - 26, 55.

26 *Ibid.*, 51.

27 *Ibid.*, 14 - 19.

Na die 1978 werkswinkel het die byeenkoms elke derde jaar groter geword. Tydens die 1978 werkswinkel is daar vyf-en-dertig referate gelewer, terwyl by die 1990 werkswinkel twee-en-negentig referate gelewer is as deel van die akademiese aktiwiteite van die konferensie. Die komitee het ook bly groei. So het daar in 1981 drie nuwe lede bygekom, naamlik Charles van Onselen, David Webster en Tim Lodge. In 1984 het die komitee met vyf lede gegroei: P. Delius, A. Essop en D. James en in Kaapstad was daar P. Kallaway en T. Manson. Intussen het die internasionale kontakte ook gegroei deur groepe en projekte met 'n "people's history" aard. Die kontakte was dikwels in die vorm van besoeke. In 1984 het Bozzoli en Callinicos na die VSA en Brittanje gereis en onder andere kontak met die "American Social History Project" gemaak. Kontakte is ook gelê met byvoorbeeld die Hackney projek en die "New York Chinatown History Project" asook met die Mid-Atlantic Radical historians Association (MARHO).<sup>28</sup> In die laat tagtigerjare is die Wits werkswinkel gevra om 'n spesiale uitgawe van die *Radical History Review* te behartig, 'n uitgawe wat in 1990 verskyn het met die klem op Suid-Afrikaanse radikale historiografie.<sup>29</sup>

In 1982 het daar spanning in die Wits Geskiedeniswerkswinkel ontstaan rondom die elitisme van die akademiese konferensie by die geskiedeniswerkswinkel. Slegs diegene wat referate gelewer het, is toegelaat om die akademiese gedeelte van die werkswinkel se byeenkoms een keer per drie jaar by te woon. Die ironie hierin is dat die geskiedeniswerkswinkel as byeenkoms juis die doel het om geskiedenis te demokratiseer deur dit vir die gewone mens toeganklik te maak. By die werkswinkel kan 'n nie-akademiese persoon ook 'n referaat lewer maar indien nie, is so 'n persoon uitgesluit van die akademiese (die lewer van referate) bedrywighede. As argument vir 'n meer geslote akademiese konferensie by die geskiedeniswerkswinkel het die Wits werkswinkel gevoel dat ernstige akademiese besprekings nie by massa byeenkomste kan plaasvind nie. By Ruskin College is dit wel 'n ope akademiese konferensie waar soms tot 'n duisend mense teenwoordig is, maar ook daar is 'n

---

28 *Ibid.*, 2, 19 - 20, 40 - 41.

29 J. Brown, e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*.

mate van geslotenheid, weliswaar nie geslote deure nie maar akademiese jargon wat die toeganklikheid van nie-professionele historici drasties kan beperk.<sup>30</sup>

Om die breë massa van gewone mense wel 'n geleentheid te bied om die Wits Geskiedeniswerkwinkel by te woon, is daar die ope dae waar almal welkom is. Die doel is die van popularisering van die geskiedenis en hier word die demokratiese aard duideliker, want die besoeker kan deelneem aan byvoorbeeld 'n uitvoering of toneelstuk of bloot deur bywoning. Die aard van die aktiwiteite by die ope dae is dikwels visueel, mondeling en in die vorm van lewendige uitvoerings eerder as geskrewe voorleggings. Toegang tot uitbeeldings van die verlede word hierdeur verbreed en die dikwels enge akademiese benadering dat die geskrewe woord die belangrikste vorm van historiese rekonstruksie is, word hierdeur verbreek.<sup>31</sup>

Tydens die eerste Geskiedeniswerkwinkel van 1978 was daar weinig populêre aktiwiteite. Eers in 1981 is daar 'n ope dag georganiseer wat deur meer as 'n duisend mense bygewoon is. Die ope dae by die werkwinkels het elke derde jaar gewilder geword tot in so mate dat daar by die 1987 ope dag van die Geskiedeniswerkwinkel meer as vyfduisend besoekers teenwoordig was. Daar was filmvertonings, skyfie-vertonings, toneelstukke, foto uitstallings, videos, gedigte, verhale en boeke. Die ope dae is meestal deur swart werkers bygewoon en die vakbonde het hierdie ope dae ondersteun.<sup>32</sup>

#### 7.1.4 "People's history" by die Universiteit van Wes-Kaapland

Alhoewel die belangrikste "people's history" projekte deur die Wits Geskiedeniswerkwinkel geloods is en plaasgevind het, is "people's history" ook by die UWK beoefen. "People's history" behels meer as net die skryf van geskiedenis en dui veral ook op mondelinge geskiedenis. Sedert 1985 het die Departement

---

30 Tatham, 23 - 24.

31 B. Bozzoli, "Intellectuals, Audiences and Histories: South African Experiences, 1978 - 1988" in J. Brown, e.a., (reds.), *History from South African: .....*, 212.

32 *Ibid.*, 227; Tatham, 16 - 19, 22.

Geskiedenis 'n radikaal linkse filosofie aangeneem wat hulle verbind het tot die demokratiese bewegings van die tyd. In 1987 is die "People's History Programme" (PHP) by die Geskiedenis Departement van die UWK ingestel.<sup>33</sup>

Vanaf 1987 was die "People's History Programme" amptelik deel van die formele kurrikulum van die UWK se Departement Geskiedenis. Die doel was om alle voorgraadse studente as deel van groeiprojekte in die strate, gemeenskappe en fabriek van Kaapstad in te stuur en die "verborge" geskiedenis van die gewone mense te ontdek. Hierdie projekte is kollektief nagevors en geskryf en het 'n belangrike persentasie van die studente se jaarpunt uitgemaak. Deur middel van "people's history" klasse van dertig tot veertig studente is hierdie projekte gekoördineer en gelei deur studente assistente en of tutors, derdejaars en nagraadse studente.<sup>34</sup>

Aanbieding van "people's history" op skool of op universiteitsvlak het ten doel om die vak Geskiedenis te demokratiseer. Dit impliseer dat die metode wat gevolg word aktief, geïntegreerd en kollektief moet wees en verband moet hou met die konkrete leefwêreld van die student. Die leerkrag word op gelyke sosiale vlak met die student beskou, want hoewel die dosent se teoretiese kennis veel groter is, is sy/haar ervaring van die apartheidwerklikheid dalk veel kleiner as die van die studente. 'n Dosent is nie meer soseer die dosent nie, maar veel eerder die koördineerder. Hierdie benadering word ook in die National Education Crisis Committee (NECC) se werk *What is History* bepleit.<sup>35</sup>

In 1987 is die eerste "People's history" Ope Dag op die kampus van die UWK in samewerking met die NECC gehou as afsluiting van die "People's History Programme". Sowat 'n duisend persone het die dag bygewoon en het musiek-, skyfie- en filmvertonings oor byvoorbeeld die stryd teen apartheid vertoon, terwyl

---

33 M. Fullard, e.a., "Transforming the Cutting Edge: Report on the People's History Programme, University of the Western Cape, 1987 - 1989" in *Perspectives in Education*, vol. 12, nr. 1, 1990, 103.

34 *Ibid.*, 103 - 104.

35 W.P. Visser, "People's History" en Geskiedenisonderrig op skool. 'n Alternatiewe geskiedenis vir die nuwe Suid-Afrika" in *Gister en Vandag*, nr. 25, Mei 1993, 35.

werkswinkels vir laerskool kinders en onderwysers en werkswinkels oor mondelinge geskiedenis gereël is.<sup>36</sup>

## 7.2. Desentralisasie in die geskiedskrywing as demokratisering

### 7.2.1 Veelheid van interpretasies

Een van die praktiese uitvloeisels van die geskiedeniswerkswinkels is dat daar 'n desentralisasie in die beoefening van geskiedenis plaasvind. "Alltagsgeschichte" staan veral op die voorpunt oor die teoretiese aspekte rondom desentralisasie van analise en interpretasie. Desentralisasie moet dan veral geskied deur die bestudering van die "miniature" of die "kleiner dinge" waardeur die dubbelsinnigheid en teenstrydighede van die werkers se persepsies en gedrag soos wat hulle in werklikheid bestaan en ervaar word, beter vasgevang kan word. Hierdie desentralisasie kan ook as 'n meer plurale benadering beskou word, een wat 'n groter hoeveelheid van interpretasies bied.<sup>37</sup>

Die opkoms van die geskiedeniswerkswinkels in Duitsland kan gekoppel word aan die grondvlak demokratiese, egalitêre en anti-sentristiese beginsels en 'n nuwe sensitiwiteit teenoor alle informele vorme van diskriminasie. Ook eise vir die "objektiewe" noodsaaklikheid van die individu om hom/haarself ondergeskik te stel aan die kollektiewe, word met skeptisisme beskou. Hier gaan dit veel eerder oor politieke selfrealisering met die gevolg dat die geskiedeniswerkswinkels hierdeur die skeiding tussen die private en politieke lewe heeltemal probeer ophef. Daar is dus nie net meer een sentrum/kern soos byvoorbeeld 'n party of groep nie, maar eerder vele interpretasies tot meerdere werklikhede.<sup>38</sup>

---

36 A. Odendaal, "Developmet in Popular History in the Western Cape in the 1980's" in J. Brown, e.a., (reds.), in *History from South Africa*....., 366 - 367.

37 *Ibid.*; G. Eley, "Labour History, Social History, Alltagsgeschichte: Experience, Culture and the Politics of the Everyday - a New Direction for German Social History?" in *The Journal of Modern History*, vol. 6, nr.1, Maart 1989, 322 - 323.

38 Lindenberger en Wildt, 86.

'n Voorbeeld van die desentralisasie van werklikhede lê in die belangrike rol wat vrouegesiedenis in die werksinkels speel. Daar kan nie net een enkele realiteit van dominante manlikheid wees nie, omdat vroue 'n geskiedenis van hul eie het. Met hierdie geskiedenis benadering is dit onmoontlik om te voorkom dat geskiedenis as 'n enkelbegrip van kennis in plurale realiteite opgebreek word. Die geskiedeniswerksinkelvereniging "Geschichtswerkstatt e.V." (die federale netwerk) verklaar duidelik in hul program van beginsels dat die geskiedenis die geskiedenis van twee geslagte is, die van vroue en die van mans, en die beginselprogram dui ook aan dat die geskiedeniswerksinkels dit as sodanig uitbeeld.<sup>39</sup>

Callinicos verwys na die belangrikheid van die "Multiple" of veelvoudige identiteite wat in die skryf van "people's history" belangrik geword het. Veelvoudige identiteite verwys daarna dat 'n persoon nie 'n monolitiese wese is of in 'n hokkie geplaas kan word nie. Die veelvoudige identiteit van 'n persoon kan beteken dat hy/sy 'n werker, 'n sokkerspeler en op Sondag 'n kerkganger kan wees.<sup>40</sup> Selfs die individu word sodoende gedentraliseer en kan nie meer deur een enkele bewussyn of identiteit ongeag klas/ras of nasionaliteit opgeëis word nie.

Deurdat die sogenaamde kern dermate in 'n veelheid van plurale dele opgebreek word, word die mag van sentraliseringskonsepte, byvoorbeeld professionele geskiedskrywing sodanig afgeskaal dat die gemarginaliseerde interpretasies van dikwels gemarginaliseerde groepe in status verhoog word.

### 7.2.2 Interdisiplinariteit as desentralisasiefaktor

Eers vanaf die laat agtiende eeu het vakdisiplines hul verskyning gemaak soos wat die vandag bestaan. Verskillende vakgebiede soos geneeskunde, die reg en teologie se vakgrense was vroeër veel vaer. Geskiedskrywing se grense en deur wie dit geskryf is, was nog tot in die negentiende eeu nie deur veel professionele

---

39 *Ibid.*, 81.

40 Callinicos, *Onderhoud*.

historici gedoen nie. Professionalisering van geskiedenis het eers vanaf die tyd van L. von Ranke in Duitsland ontstaan. Sedert die tyd van Von Ranke het die mening steeds meer posgevat dat geskiedenis deur professioneel opgeleide historici geskryf behoort te word.<sup>41</sup>

"People's history" het net soos sosiale geskiedskrywing al in die sestigerjare weggedoen met grense tussen vakdisseplines en 'n interdissiplinêre benadering aangeneem. Behalwé dat daar historici in die Wits Geskiedeniswerkwinkel is, het dié werkwinkel (ook soos die in ander lande) 'n interdissiplinêre karakter. So byvoorbeeld is E. Webster 'n industriële sosioloog, P. Pearson 'n antropoloog, Bozzoli 'n sosioloog ensovoorts. Deur die interdissiplinêre benadering van die geskiedeniswerkwinkels word die inspraak op geskiedskrywing groter, die historikus se monopolie kleiner en vind daar gevolglik 'n meer demokratiese samewerking plaas.<sup>42</sup>

### 7.2.3 Plaaslike geskiedskrywing

Die Wits Geskiedeniswerkwinkel was nog altyd 'n groot voorstander van plaaslike geskiedenis.<sup>43</sup> Plaaslike geskiedenis of "local history" is "the history of particular places and of the people who inhabit them".<sup>44</sup> Alhoewel die bevordering van plaaslike geskiedenis konserwatief van aard sou kon wees, is dit in sy radikale vorm soos gepropageer deur "people's history" in opposisie tot meer ortodokse wyses van die verstaan van geskiedenis. Demokratiesing van die geskiedenis word hierdeur moontlik gemaak deurdat meer mense toegang het tot kennis oor die verlede. Met die propagering van plaaslike geskiedenis was daar die hoop dat dit ortodokse geskiedskrywing uit die kern sou verdring. Deur die nuwe benadering moes die

---

41 W. Frijhoff, "Volkskundigen vóór de volkskunde?" in *Volkskundig Bulletin*, jg. 20, nr. 3, Desember 1994, 2.

42 P. Burke, "Overture: the New History, its Past and its Future" in P. Burke, (red.) *New Perspectives on Historical Writing*, 6; Tatham, 14 - 16, 25.

43 *Ibid.*, 134.

44 F. Driver en R. Samuel, "Editorial: Rethinking the Idea of Place" in *History Workshop Journal*, nr. 38, 1995, iii.

afstand tussen die gevestigde weergawes van die nasionale geskiedenis gekontrasteer word met die plaaslike wat die aksent laat val op die heterogene, die obskure, die irrasionele en die private.<sup>45</sup>

In Brittanje het die bestudering van plaaslike geskiedenis na die Tweede Wêreldoorlog vinnig toegeneem. Gepaardgaande hiermee was daar die groei in belangstelling in die industriële argeologie.<sup>46</sup> Vanaf die sewentigerjare het die belangstelling vir plaaslike geskiedenis nog meer toegeneem en "dig where you stand" was 'n gewilde frase. Die *History Workshop Journal* het die sedert 1976 ook ten doel gestel om plaaslike geskiedenis te bevorder.<sup>47</sup>

Plaaslike mikro-geskiedenis het in Duitsland uitgewys dat dit die enigste manier is om die spore van Joodse lewe voor die Tweede Wêreldoorlog terug te vind omdat daar weinig daarvan oorgebly het na die vernietiging deur die Nazi's en die agterloosigheid (ten opsigte van die Nazi verlede) van die na-oorlogse Duitsland. Dit was veral die werkswyse van die geskiedeniswerkswinkels wat besonder hulpsaam was. Mense moes letterlik baie opletend wees in die omgewing waar hulle woon om byvoorbeeld oorblyfsels van Joodse inskripsies op huise te vind, gesprekke moes met ouer mense gevoer word om die herinneringe van vroeëre Joodse bure oor te dra. Deur die versameling van klein brokkies fragmentariese inligting kon 'n plek soos Marburg se geskiedeniswerkswinkel daarin slaag om 'n rekonstruksie van die sosiale verhoudinge en biografieë van Jode wat vroeër in Marburg gewoon het, saam te stel.<sup>48</sup>

Nog 'n voorbeeld van plaaslike geskiedenis is die van Lincolnshire in Brittanje. In die streek verskyn byvoorbeeld die *Lincolnshire History and Archaeology* tydskrif wat ingaan op die plaaslike geskiedenis. Gebeure in die dorp Waddington net buite Lincoln is 'n duidelike voorbeeld van die nut van plaaslike geskiedskrywing. In die

---

45 *Ibid.*

46 Samuel, *History Workshop*....., 413.

47 K. Worpole, "A Ghostly Pavement: The Political Implications of local working-class history" in R. Samuel (red.), *People's History and Socialist Theory*, 28.

48 Lindenberger en Wildt, 77.



twintigste eeu het die dorp vinnig gegroei nadat daar 'n Lugmagbasis gebou is. Gekoppel aan die groei wou die stadsraad die Middeleeuse dorp se strate moderniseer. 'n Storm van protes het hierop deur die dorp se inwoners gevolg en 'n groot belangstelling oor die dorp se geskiedenis het onder die inwoners posgevat. Vanweë die protes is die moderniseringsplanne gestaak. In 1975 het die werk *Waddington*, 'n geskiedenis van dié dorp verskyn en inwoners het daarna gretig begin werk aan 'n volgende deel. 'n Groot verskeidenheid van mense is hierby betrek soos afgetrede plaaswerkers, huisvroue, onderwysers, die prokureur en die motorhawe eienaar.<sup>49</sup>

Plaaslike geskiedenis en geskiedeniswerkswinkels wat by plaaslike gebeure betrokke is, impliseer dus dikwels 'n politieke aksie. Geskiedenis word deur die werkswinkels as openbare kennis aangebied, vry van die isolasie van akademiese instellings en selfopgelegde beperkinge van konvensionele plaaslike geskiedskrywing en hierdeur word geskiedenis deel van die kulturele en politieke debatte van 'n gemeenskap.<sup>50</sup> In Suid-Afrikaanse "people's history" vind die politieke aard van plaaslike geskiedskrywing veral uiting in studies oor gedwonge verskuiwing van mense en hul hervestiging, veral in die verset wat op hierdie verskuiwings gevolg het.<sup>51</sup>

Vanweë "people's history" se klem op die mikro besonderhede het R. Floud as 'n punt van kritiek aangetoon dat die bedrywighede van die Geskiedeniswerkswinkel as by tye op die grens van antikwariteit (bestudering van verlede bloot vir interessantheid) van die linkse politiek geval het.<sup>52</sup> "People's"-historici beskou egter die klein besonderhede oor die verlede as die basiese boublokke om 'n groter beeld te kan gee.<sup>53</sup> Die vraag sou ook kon wees of kontemporêre geskiedenis nie eerder die aandag op globalisering moet vestig nie, eerder as op die besondere van die

---

49 E. Hostettler, "Local History in Lincolnshire" in *History Workshop, a journal of socialist historians*, nr. 2, Herfs 1976, 140 - 142.

50 Lindenberger en Wildt, 76.

51 Tatham, 185.

52 Floud, 116.

53 Tatham, 192.

plaaslike. Deur globalisering kan bepaalde ekonomiese, politieke en kulturele tendense op verskeie plekke in die wêreld ervaar word. Globalisering van die tendense beteken egter nie dat alles meer en meer dieselfde word nie. Globalisering beïnvloed Birmingham, Berlyn en Bombay op verskillende maniere. Globalisering laat hierdie verskille tussen sulke streke egter nie verdwyn nie maar versterk dit selfs in sommige gevalle. Om hierdie rede bly die bestudering van plaaslike geskiedskrywing steeds relevant.<sup>54</sup>

### 7.3 Driedeling in die skryf en uitbeelding van “people’s history”

’n Driedelige onderskeid kan getref word in die skryf en uitbeelding van “people’s history”. Beide Callinicos en Wits meen dat daar so ’n onderskeid bestaan. Hierdie driedeling is “history of the people” (geskiedenis van die gewone mens) en “history for the people” (geskiedenis vir die gewone mens) en “history by the people” (of te wel geskiedenis deur die gewone mens).<sup>55</sup>

Vir elkeen van die drie vorme van “people’s history” kan heelwat voorbeelde gegee word. Die doel van hierdie bespreking is egter slegs om kortliks die kern van elkeen te stel met ’n aantal van die bekendste voorbeelde. Dit is nie die oogmerk om ’n ontleding en beskrywing van die inhoud van die werke wat as voorbeelde gegee word, te verstrek nie.

#### 7.3.1 Geskiedenis van die “gewone mens”

Geskiedenis van of oor gewone mense word meestal deur akademici geskryf. Geskiedeniswerke van hierdie aard gaan dikwels van die veronderstelling uit dat die leser reeds oor ’n bepaalde kennis beskik en dat dit dus nie nodig is om konsepte breedvoerig te verklaar nie. Vanweë die akademiese aard van geskiedenis van of

---

54 Driver en Samuel, vi.

55 L. Callinicos, *Onderhoud* 28.11.1994 en L. Witz, *Onderhoud* met J.C. Kruizinga, 6.12.1994, Kenilworth, Kaapstad.

oor gewone mense is die teikengroep hier akademiëci of ander persone wat in staat is om dit op so 'n vlak te begryp.<sup>56</sup>

Die "people's history" aard in hierdie werke kom na vore deurdat die gewone mens sentraal staan en daar aandag aan menslike agentskap gegee word; dat daar 'n politieke doel bestaan, veral emansipatories van aard; 'n metodologie wat meestal kwalitatief is en 'n demokratisering van die vakgebied self, hetsy desentralisering of gewoon deur te erken dat die gewone mens werklik vir die vak belangrik is. Hierdie riglyne is die naaste wat gestel kan word vir 'n omlýning van kenmerke waaraan 'n "people's history" werk moet voldoen. Popularisering is nog 'n kenmerk, maar dit word in die volgende afdeling bespreek. Daar is dus geen absolute maatstaf nie en dit hang van beide skrywer en leser af om te bepaal of die werk as oorwegend "people's history" beskou kan word. Dit is geensins onmoontlik dat die leser nie dieselfde ervaring oor die aard van die werk as die skrywer sal hê nie. Dit beteken nie noodwendig dat die leser nie die skrywer begryp of dat die skrywer 'n onvermoë het om sy/haar boodskap duidelik te kommunikeer nie.

As 'n voorbeeld van die geskiedenis van die gewone mense het die Wits Geskiedeniswerkwinkel na elke byeenkoms wat een keer in drie jaar plaasvind, 'n publikasie met referate gelewer by die werkwinkel, uitgegee. Na aanleiding van die 1978 werkwinkel is *Labour Townships and Protest: Studies in the Social History of the Witwatersrand*,<sup>57</sup> uitgegee. Uit die referate van die 1981 werkwinkel het *Town and Countryside in the Transvaal: Capitalist Penetration and Popular Response*, verskyn.<sup>58</sup> *Class Community and Conflict: South African Perspectives*<sup>59</sup> het verskyn na die 1984 werkwinkel; *Holding Their Ground: Class, Locality and Culture in*

---

56 L. Callinicos, "The 'People's Past': Towards Transforming the Present", in B. Bozzoli, *Class, Community and Conflict, South African Perspectives*, 57 - 58.

57 B. Bozzoli (red.), *Labour Townships and Protest: Studies in the Social History of the Witwatersrand*.

58 B. Bozzoli (red.), *Town and Countryside in the Transvaal: Capitalist penetration and popular response*.

59 B. Bozzoli (red.), *Class, Community and Conflict: South African Perspectives*.

*Nineteenth and Twentieth Century South Africa*<sup>60</sup> na die 1987 werkswinkel; en *Apartheid's Genesis, 1935 - 1962*<sup>61</sup> na aanleiding van die 1990 werkswinkel.

Buiten werke wat direk deur die geskiedeniswerkswinkel gepubliseer is, is daar nog vele voorbeelde van akademiese werke wat as "people's history" werke beskou kan word. Voorbeelde van werke wissel van Charles van Onselen se *New Babylon* en *New Nineveh*<sup>62</sup> wat oor die lewens van werkers, taxibestuurders, prostitute ensovoorts handel, tot Belinda Bozzoli se werk *Women of Phokeng* waarin lewensgeskiedenis van swartvroue na vore kom.<sup>63</sup>

Publikasies uit die Britse "History Workshop Series" sluit in onder andere *People's History and Socialist Theory*,<sup>64</sup> *Fenwomen*<sup>65</sup> en *The Progress of Romance*.<sup>66</sup> Emanuel Le Roy Ladurie se *Montaillou*<sup>67</sup> 'n studie oor gewone mense in 'n middeleeuse Franse dorp, is 'n "people's history" werk uit Frankryk.

### 7.3.2 Geskiedenis vir die gewone mens

Geskiedenis wat vir die gewone mens geskryf word, word veral deur akademici geskryf wat glo dat geskiedskrywing verpopuliseer moet word om dit ook vir gewone mense toeganklik te maak. Die skrywer van populêre geskiedskrywing

---

60 P. Bonner en T. Lodge, e.a. *Holding Their Ground: Class, Locality and Culture in 19th and 20th Century South Africa*.

61 P. Bonner, P. Delius, D. Posel, *Apartheid's Genesis, 1935 - 1962*.

62 R. Samuel, *People's History and Socialist Theory*.

63 B. Bozzoli en M. Nkotsoe, *Women of Phokeng, Consciousness, Life Strategy, and Migrancy in South Africa, 1900 - 1983*.

64 C. van Onselen, *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886*, 1. *New Babylon*, 2. *New Nineveh*.

65 M. Chamberlain, *Fenwomen: A Portrait of Women in an English Village*.

66 J. Radford (red.), *The Progress of Romance, The Politics of Popular fiction*.

67 E. Le Roy Ladurie, *Montaillou, Cathars and Catholics in a French Village, 1294 - 1324*.

beweeg voortdurend in 'n gespanne toestand tussen die eise van wetenskaplikheid met sy eis van weldeurdragte navorsing, en die direkte eise van gemeenskappe en organisasie, byvoorbeeld vakbonde, om kwessies aan te spreek wat relevant is vir hedendaagse, veral politieke doeleindes.<sup>68</sup>

Die vereiste dat populêre geskiedenis vir die gewone mense toeganklik moet wees, is 'n veel moeiliker doelwit om te bereik as wat dit aanvanklik mag lyk. Callinicos se driedelige *A People's History of South Africa* wat toeganklik voorkom veral vanweë 'n groot lettertipe, 'n bladuitleg wat afgewissel word deur foto's, kolomme met addisionele inligting en teks, lewer vir sommige gewone lesers nog probleme. Om die rede is verskeie dele uit die teks gehaal en nog 'n keer vergroot en stuksgewys in die tydskrif *Learn and Teach* geplaas.<sup>69</sup> Callinicos het *A People's History of South Africa* in opdrag van die Wits Geskiedeniswerkwinkel geskryf.<sup>70</sup>

'n *Topic Series* waarin "people's history" verpopulariseer is, het ook verskyn uit die Geskiedeniswerkwinkel van Wits waaronder Robert Edgar se *Because They Chose the Plan of God: The Story of the Bulhoek Massacre*,<sup>71</sup> Julia Wells se *We Have Done with Pleading, The Women's 1913 Anti-pass Campaign*<sup>72</sup> en Paul la Hausse se werk *Brewers, Beerhalls and Boycotts*.<sup>73</sup>

Behalwe vir populêre "people's history" wat in boekvorm verskyn het, is daar ook voorbeelde van ander gedrukte mediums waarin dit verskyn het. 'n Kaart van die vroeë geskiedenis van die Kaap is deur die Kaapse Professionele Onderwysunie uitgegee waarop 'n alternatiewe siening van die Suid-Afrikaanse verlede uitgebeeld word. Die inheemse bevolking van die Kaap en nie blankes nie, word sentraal

---

68 Callinicos, "The People's Past.....", 57 - 59.

69 Callinicos, *Onderhoud* sien ook die drie dele van *A People's History in South Africa*, naamlik vol.1. *Gold and Workers, 1886 - 1924*; vol. 2. *Working Life: factories, townships and popular culture on the Rand, 1886 - 1940* en vol.3. *A Place in the City, The Rand on the eve of apartheid*.

70 Tatham, 19.

71 R. Edgar, *Because They Chose the Plan of God: The Story of the Bulhoek Massacre*.

72 J. Wells, *We Have Done with Pleading, The Womens's 1913 Anti-Pass Campaign*.

73 P. La Hausse, *Brewers, Beerhalls and Boycotts: A History of Liquor in South Africa*.

gestel.<sup>74</sup> "People's history" is ook al in spotprente uitgebeeld byvoorbeeld *Fighting Apartheid, A Cartoon History*.<sup>75</sup> 'n Ander medium waarin geskiedenis vir gewone mense aangebied is, is in die vorm van koerante. Veral *The New Nation*, 'n koerant het in onderwysblyaas in samewerking met die Wits Geskiedeniswerkwinkel verskeie artikels met 'n "people's history" aard geplaas oor byvoorbeeld die "mite" van Piet Retief se traktaat en swart verset in die vyftigerjare in Suid-Afrika.<sup>76</sup>

Visuele uitbeeldings van Geskiedenis vir gewone mense word ook gebruik met die voordeel dat dit selfs meer toeganklik kan wees as geskrewe vorme van geskiedenis. Behalwe vir die Wits Geskiedeniswerkwinkel ope dae waar foto's uitstallings, toneelstukke gesien en musiek beluister kan word,<sup>77</sup> was die Wits Geskiedeniswerkwinkel ook betrokke by die maak van twee geskiedenis televisie reekse. *Hold Up the Sun*<sup>78</sup> is 'n televisie reeks wat na die geskiedenis van die ANC kyk. Die ANC word as die instrument uitgebeeld waardeur gewone swartmense hulle kon verset teen blanke oorheersing. Naamgewing van die naamloses kom in die reeks oor die ANC maar ook in die geskiedenis van Soweto voor in die sin dat "doodgewone" mense ook die geleentheid kry om hulle lewenservaringe te deel. *Soweto: A History*, 'n televisiereeks lê ook veel klem op sosiale en kulturele aspekte.<sup>79</sup>

"Alltagsgeschichte" en die geskiedeniswerkwinkels in Duitsland se lede onderneem soms wandeling in stede of woongebiede met die klem op plaaslike geskiedenis met bepaalde temas oor byvoorbeeld nasionaal sosialisme of vrouegeskiedenis. Deur wandeling word die verveligheid om in 'n lesinglokaal te sit vermy en persone kry dan die geleentheid om plekke te besoek waar geskiedenis gemaak is. Bydraes

---

74 *Rapport*, 12.2.1989.

75 International Defence and Aid fund for Southern African en UNESCO, *Fighting Apartheid, A Cartoon History*.

76 *The New Nation*, 19.3.1987; 23.11.1990; 12.12.1990.

77 Tatham, 17 - 18, 22 - 23, 43.

78 Ulibambe Lingashoni, *Hold Up the Sun: The ANC and Popular Power in the Making Roots of Struggle 1912 - 1948*.

79 *Soweto A History*.

van ouer mense kan veral waardevol wees, iets wat so 'n ekskursie in navorsing kan verander.<sup>80</sup>

In Suid-Afrika was dit egter nie net links georiënteerde groepe soos die Wits Geskiedeniswerkwinkel wat geskiedenis verpopulariseer het nie, want in 1988 het die *Readers Digest Illustrated History of South Africa, The Real Story*, verskyn. Hierdie werk is 'n goeie aanduiding dat 'n geskiedenis werk wel bepaalde "people's history" eienskappe kan hê. In hierdie geval word veel klem op die geskiedenis van swartmense geplaas; erkenning word byvoorbeeld verleen dat Suid-Afrika se geskiedenis voor Jan van Riebeeck se koms begin het. In totaliteit is dit egter nie 'n "people's history" werk nie. Drie redes bestaan hiervoor. Eerstens, alhoewel die *Illustrated History* sterk steun op revisionistiese navorsing is dit nie die populêre vorm daarvan nie en is in 'n groot mate nog te akademies. Tweedens word daar meer aandag aan die groot leiers gegee as aan gewone mense en derdens word daar te weinig klem geplaas op klasfaktore en te veel op ras.<sup>81</sup>

Ten spyte van "people's history" se kritiek teen die *Readers Digest Illustrated History* is in die eerste ses maande na bekendstelling meer as 85 000 kopieë verkoop, 'n buitengewone prestasie vir 'n relatief duur geskiedenis boek. Die vraag ontstaan waarom populêre "people's history", met die uitsondering van *Gold and Workers* en *New Nation, New History*, nie goed verkoop het nie. L. Witz en C. Hamilton is van mening dat daar drie redes hiervoor bestaan.

- Eerstens is daar geen totale oorsig van die Suid-Afrikaanse verlede, dus sintese in "people's history" werke nie, met die uitsondering van Callinicos se *Gold and Workers*. "People's history" temas in Suid-Afrika is te gespesialiseer, byvoorbeeld die Bulhoek tragedie. Die gemiddelde leser het nie die kennis om die spesialiseringsonderwerpe binne tyd en konteks te plaas nie.

---

80 Lindenberger en Wildt, 79.

81 L. Witz en C. Hamilton, "Reaping the Whirlwind: The Reader's Digest Illustrate History of South Africa and Changing Popular Perceptions of History" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 24, Mei 1991, 185, 198 - 199.

- Tweedens was die verspreiding van populêre "people's history" werke moeilik, omdat verspreidingskanale dikwels ontbreek het.
- Derdens het die klem wat "people's history" op klasse en klassestryd geplaas het, nie tot die gewone mense gespreek nie. Die rede hiervoor is dat gewone mense, veral swartes, die stryd teen apartheid nie in die eerste plek as 'n klassestryd gesien het nie, maar as 'n stryd teen rasseonderdrukking.<sup>82</sup>

### 7.3.3 Geskiedenis deur die gewone mens

Eerstens sedert 1986 het die Wits Geskiedeniswerkwinkel aandag gegee aan die skryf van geskiedenis van gewone mense deur gewone mense. Hieruit het die "Write Your Own History Project" gevloei wat veral deur die Wits Geskiedeniswerkwinkel en die "South African Committee for Higher Education (SACHED), 'n onderwys organisasie wat die ongelykhede geskep deur apartheidsonderwys wil gelykstel, gesteun is. Die doel met die projek is om mense die "gereedskap" te gee om hulle eie geskiedenis te skryf, 'n proses dus van selfbemaagtiging.<sup>83</sup>

Veral Leslie Witz was nou betrokke by die proses en in 1988 het die werk *Write your Own History* verskyn, 'n werk waarin gewone mense riglyne kry hoe om self geskiedenis te skryf. Die werk bestaan uit vyf afdelings, naamlik "Why Write History?, Starting Out; Collect the Information; Write the History; and Presenting Your History". Witz verduidelik hoe om geskiedenis te skryf deur te verwys hoe groepe wat reeds besig was om die verlede van hul organisasies na te vors, bepaalde probleme hanteer het.<sup>84</sup>

Voorbeelde van mense of groepe wat hul eie geskiedenis skryf, is die "Labour History Group" wat die verlede van die Klerewerkersunie nagevors het en *Garment*

---

82 *Ibid.*, 189 - 190.

83 L. Witz, "The Write Your Own History Project" in J. Brown e.a. (reds.), *History from South Africa.....*, 369 - 370.

84 L. Witz, *Write Your Own History*.



*Workers Unite!*<sup>85</sup> gepubliseer het. In Grahamstown word gewone mense by geskiednavorsing betrek deur die "Grahamstown Oral History Project". In die Wes-Kaap het 'n gemeenskapsgroep met behulp van die UWK se Departement Geskiedenis en die "People's history Project", twee volumes van *Let us Speak of Freedom*<sup>86</sup> uitgegee, 'n publikasie wat kort na verskyning daarvan verban is. *The Hidden Story* is deur die Paarl "People's History Project" uitgegee, 'n projek wat geloods is nadat die amptelike publikasie oor die 300 jarige bestaan van die Paarl bepaalde gemeenskappe se geskiedenis geïgnoreer het.<sup>87</sup>

Persoonlike lewensgeskiedenis en ervaring is ook deel van geskiedenis wat deur gewone mense geskryf word. Reeds in die begin van die twintigste eeu het Sol Plaatje oor die geskiedenis van swartmense en sy eie ervaringe as swartman geskryf in *Native Life in South Africa*.<sup>88</sup> In die tydskrif *Staffrider* uitgegee deur Raven Press het gewone mense ook die geleentheid gekry om bydraes oor geskiedenis te lewer.<sup>89</sup> Raven Press het ook *Storyteller Series* uitgegee waarin Johannes Rantete sy ervaring oor die opstand in Sebokeng in 1984 weergee in sy boekie ('n klein formaat met vier-en-veertig bladsye) *The Third Day of September*.<sup>90</sup>

Elke man en vrou is 'n historikus, meen die verpopulariseerders van geskiedenis, 'n filosofie wat spruit uit die Gramsciaanse benadering dat alle mense intellektueles is, selfs al het hulle nie die beroepe van intellektuele nie.<sup>91</sup> Hierdie benadering wat lei tot 'n idealistiese hoop dat meer en meer gewone mense hulle eie geskiedenis sal skryf, word geloënstraf deurdat daar in die praktyk min voorbeelde daarvan is. Witz meen ook dat die gedagte van *Write Your Own History* nog nie suksesvol was nie.

---

85 Labour History Group, *Garment Workers Unite!, The Story of the Transvaal Garment Workers Union*.

86 *Let Us Speak of Freedom*, vol. 1 en 2.

87 SASH, jg. 30, nr. 3, 12.1987.

88 S.T. Plaatje, *Native Life in South Africa, Before and since the European War and the Boer Rebellion*.

89 A.W. Oliphant, "Staffrider Magazine and Popular History: The Opportunities and Challenges of Personal Testimony" in J. Brown e.a. (reds.), *History from South Africa.....*, 352 - 353.

90 J. Rantete, *The Third Day of September, an eye-witness account of the Sebokeng Rebellion of 1984*.

91 Callinicos, "The People's Past.....", 58.

Min mense skryf hul eie geskiedenis. Volgens Witz is daar mense nodig wat na skole en groepe gaan om met die riglyne van geskiedskrywing te help, 'n proses wat ook opvolgwerk behels.<sup>92</sup>

---

92 Witz, *Onderhoud*.

DEEL IV

**ASPEKTE RONDOM DIE  
METODOLOGIE  
"PEOPLE'S HISTORY"**

## HOOFSTUK AGT

### METODOLOGIESE PROBLEME EN UITDAGINGS

#### 8.1 Bron en metode

Vir die historikus wat oor die verlede van gewone mense skryf, is die verkryging van bronne 'n veel moeiliker proses as wat dit vir historici is wat oor hoër klasse skryf. Duitse historici van die negentiende eeu het die grondslag vir 'n benadering gelê waarvolgens aangeneem is dat bronne oor die verlede bestaan en wag om deur historici ondersoek te word. Interpretasie van beskikbare bronne was dus beskou as die ware probleem waarmee historici te kampe het. So eenvoudig is dit egter nie, want vir historici wat navorsing doen oor die verlede van gewone mense is bronne nie voor-die-hand-liggend nie. Bronne bestaan eers wanneer bepaalde vrae gestel en beantwoord word.<sup>1</sup>

Een van die eerste punte van kritiek wat teen die skryf van "people's history" ingebring word, is dat daar geen of byna geen bronne oor die lewens van gewone mense bestaan nie. Hobsbawm is dit nie eens met hierdie punt van kritiek nie en soos vele "people's" historici met hom sal saamstem, meen hy dat:

A lot of grassroots history is like the trace of the ancient plough. It might seem gone for good with the men who ploughed the field many centuries ago. But every aerial - photographer knows that, in a certain

---

1 E.J. Hobsbawm, "History from below - some reflections" in F. Krantz (red.), *History from Below: Studies in Popular Protest and Popular Ideology in Honour of George Rudé*, 65.

light, and seen at a certain angle, the shadows of long-forgotten ridge and furrow can still be seen.<sup>2</sup>

Dat daar spore van die lewenswyse van gewone mense gevind kan word soos spore van geploegde gronde, val nie binne die tradisionele raamwerk van geskiedskrywing nie. Leopold von Ranke, wat 'n deurslaggewende invloed op die Westerse historiografie gehad het, was een van die groot geeste van tradisionele geskiedskrywing. Ten spyte van 'n belangrike bydrae van Von Ranke het hy en sy navolgers veel klem daarop gelê dat dokumente die oorspronklike bronne vir geskiednavorsing is. Hierdie bronne is dan meestal amptelike dokumente en die tydperke waarin daar geen geskrewe bronne was nie, is beskou as voorgeskiedenis of "prehistory". "People's"-historici het egter tot die besef gekom dat amptelike geskrewe bronne groot tekortkominge toon omdat dit slegs die heersers se standpunte verteenwoordig. Om uit te vind wat gewone mense gedink en gedoen het, verg 'n kreatiwiteit wat ongekennd was in die era van Rankeaanse geskiedskrywing.<sup>3</sup> Die opsporing van bronne wat getuie is lewer oor die lewens van gewone mense verg veel van die historikus, 'n proses wat kan beweeg van groot moeite en frustrasie maar uiteindelik tot groot vreugde.<sup>4</sup>

Amptelike bronne/dokumente kan wel vir die "people's"-historikus van waarde wees met dien verstande dat bronne nie as objektief geskrewe materiaal beskou moet word nie en dat dit altyd nodig is om ook tussen die lyne te lees.<sup>5</sup> Amptelike dokumente is opgestel deur of vir die elite groepe maar bly belangrik in die rekonstruksie proses om ook te sien hoe die elite teenoor gewone mense opgetree het en wat hulle van gewone mense gedink het.

---

2 *Ibid.*, 69.

3 P. Burke, "Overture : the New History, its Past and its future" in P. Burke (red.), *New Perspectives on Historical Writing*, 4 - 5.

4 Hobsbawm, 69.

5 Burke, 12; J. Sharpe, "History from Below" in P. Burke (red.), *New Perspectives on Historical Writing*, 30.

Hobsbawm is van mening dat "people's"-historici nie positiviste kan wees wat glo dat vrae en antwoorde spontaan uit die bronne ontstaan nie. In die algemeen bestaan bronne nie voordat bepaalde vrae gestel word nie. In wese moet die historikus 'n hipotese vorm en dit dan toets aan die bronne materiaal. 'n Vereiste is egter dat die historikus alreeds oor 'n goeie agtergrondkennis beskik voordat noukeurige ondersoek gedoen kan word.<sup>6</sup> Vrae wat dikwels deur "people's"-historici gevra word is byvoorbeeld, Wie besit wat? Wie kry wat? Wie doen wat aan wie? Wie doen wat vir wie? ensovoorts.<sup>7</sup>

Historici wat skryf oor die verlede van gewone mense maak ook gebruik van bronne wat deur tradisionele historici gebruik is, maar met 'n besondere en 'n kritiese ingesteldheid oor of so 'n bron die verlede van die gewone mense of die elite weergee. Bronne wat deur tradisionele historici gebruik kan word maar veral interessant is vir "people's"-historici is byvoorbeeld historiese demografie, geregs- en hofverslae, musiek en films, om maar net 'n paar te noem.

Historiese demografiese verkry nuttige inligting uit byvoorbeeld kerkregisters. Dit sluit in lysse met name van geboortes, troues en sterftes. Vir die "people's"-historici kan die lysse van belang wees deur inligting te verskaf oor hoeveel mense gebore is; tot watter mate kontrasepsie toegepas is; op watter ouderdom mans en vroue getrou het; wat die lewensverwagting was, ensovoorts.<sup>8</sup>

George Rudé het in sy werk oor die gewone mense in die Franse Rewolusie dokumente benut waarvan historici voorheen nie gebruik gemaak het nie. In die Nasionale Argiewe in Parys het Rudé manuskripte opgespoor wat die name, adresse, ouderdom, beroepe en milisie eenhede weergegee het van elk van die seshonderd burgerlikes wat die bestorming van die Bastille meegemaak het. Rudé het ook van polisie rekords gebruik gemaak en van amptelike lysse oor toekennings, vergoedings, pensioene of strawwe aan persone wat aan die Franse Rewolusie

---

6 Hobsbawm, 66, 69.

7 K. Smith, *The Changing Past. Trends in South African Historical Writing*, 167.

8 Hobsbawm, 66.

deelgeneem het.<sup>9</sup> Ander historici soos E. Le Roy Ladurie en C. Ginzburg het ook van geregtelike verslae en byvoorbeeld inkwisisie verslae gebruik gemaak.<sup>10</sup>

Musiek kan vir die historikus wat oor die lewe van gewone mense skryf, ook 'n belangrike bron vorm. Dit is veral die lirieke eerder as die melodie wat van belang is. Navorsing oor lirieke kan help met die rekonstruksie van die verlede van byvoorbeeld 'n afgeleë plattelandse gemeenskap (veral in Afrika), geskiedenis wat andersins dalk nooit gedokumenteer sal word nie. Patrick Harries is 'n navorser wat studies gedoen het oor plattelandse gemeenskappe in Noordoos-Transvaal (tans Noordelike Provinsie). Lirieke van liedjies is 'n betroubare bron omdat dit waarskynlik nie van 'n idiosinkratiese aard is nie, want hoe langer 'n lied deel is van 'n gemeenskap, hoe groter die kans dat dit algemene gemeenskapswaardes of verhale weerspieël.<sup>11</sup>

In Suid-Afrika het films ook al as 'n interessante bron gedien om die lewe van gewone mense weer te gee. Afrascope was 'n groep "Alternatiewe" filmmakers in die vroeë jare tagtig. Afrascope het heelwat bandopnames gemaak van wettige en oop byeenkomste van groepe met 'n anti-Apartheidstrekking. Swartmense het hierdeur die geleentheid gekry om films te maak van ware verhale van verzet teen die Suid-Afrikaanse regering, iets wat mense wat later daarna gekyk het in hul verzetstryd versterk het.<sup>12</sup>

Buite geskrewe dokumente, amptelike verslae, musiek lirieke, films en nog vele ander bronne is daar een bepaalde metode vir die verkryging van getuienis uit die verlede en dit is mondelinge geskiedenis of "Oral History", 'n metode om inligting in

---

9 G.F.E. Rudé, "The Changing Face of the Crowd" in L.P. Curtis, Jr. (red.), *The Historians' Workshop, Original Essays by Sixteen Historians*, 190.

10 Burke, 12.

11 D. James, "Musical Form and Social History : Research Perspectives on Black South African Music" in J. Brown e.a. (reds.), *History from South Africa : Alternative Visions and Practices*, 317 - 318.

12 H. Gavshon, "Bearing Witness" : Ten Years Towards an Opposition Film Movement in South Africa in J. Brown e.a. (reds.), *History from South Africa : .....*, 336.

te samel wat vir "people's history" van besondere waarde is. Vervolgens 'n bespreking van mondelinge geskiedenis se waarde vir "people's history".

## 8.2 Mondelinge geskiedenis

Dikwels staan 'n "people's"-historikus voor die probleem dat geskrewe bronne of ander bronne soos verkry uit films nie beskikbaar is nie of dat die bronne wat wel beskikbaar is te min is om sommer net te aanvaar dat dit 'n betroubare rekonstruksie van die verlede is. 'n Uiteraars belangrike metode om dan bronne te verkry is deur mondelinge geskiedenis, ook mondelinge getuienis of "oral history" genoem. Die meeste van die historikus se bronne kom uit die verlede, maar mondelinge geskiedenis is, volgens Jan Vansina, "documents of the present, because they are told in the present".<sup>13</sup>

Mondelinge geskiedenis kan in twee hoofkategorieë ingedeel word, naamlik mondelinge tradisie en mondelinge getuienis. Vansina wat baantrekkerswerk gedoen het op die gebied van die metodologie van mondelinge geskiedenis, definieer mondelinge tradisie as volg:

oral traditions [are] verbal messages which are reported statements from the past beyond the present generation.<sup>14</sup>

Historici wat betrokke is by die insameling van mondelinge getuienis is gemoed met:

reminiscences, hearsay or eyewitness accounts about events and situations which are contemporary, that is, which occurred during the lifetime of the informants.<sup>15</sup>

---

13 J. Vansina, *Oral Tradition as History*, xiii.

14 *Ibid.*, 12.

15 *Ibid.*, 27.



Mondelinge geskiedenis is reeds in die negentiende eeu deur Jules Michelet gebruik in sy studies oor die Franse Rewolusie omdat hy besef het dat amptelike dokumente net een kant van die politieke verhaal vertel. Mondelinge geskiedenis het egter vanaf die tyd van Von Ranke in diskrediet verval. Sterk klem is gelê op die mening dat net dokumente geskiedenisbronne kan wees. Om die rede is die betroubaarheid van mondelinge geskiedenis in twyfel getrek. Ander redes waarom mondelinge geskiedenis in onguns verval het, kan ook te doene hê met 'n gebrek aan befondsing. Soms is dit ook 'n vrees by historici dat hulle in noue kontak moet kom met gewone mense en soms bring die sosiale proses van onderhoudvoering ook bepaalde vrese mee.<sup>16</sup>

Alhoewel mondelinge geskiedenis van groot waarde is vir historici wat die verlede van gewone mense bestudeer, is dit geensins die enigste genre van geskiedskrywing wat van dié metodiek en bron gebruik maak nie. Dit was vanuit elite politieke geskiedskrywing waardeur 'n herlewing van mondelinge geskiedenis plaasgevind het. In 1948 is die Amerikaanse "Oral History Association" gestig. Die stigting het gevolg nadat 'n historikus van Columbia universiteit, Allan Nevins, begin het met die opnames van die herinneringe van persone wat 'n belangrike rol in die VSA gespeel het.<sup>17</sup>

Jan Vansina was egter die historikus wat mondelinge geskiedenis weer 'n hoë aansien gegee het nadat hy in 1959 'n metodologie daargestel het waardeur mondelinge tradisies uit Afrika versamel, getranskribeer en vergelyk kan word om bronne te skep vir die herskryf van Afrika se geskiedenis.<sup>18</sup> Vanaf die sewentigerjare het mondelinge geskiedenis onder vele historici gewild geword en navorsing is veral in sosiale geskiedenis gedoen.<sup>19</sup> Die Britse Geskiedeniswerkswinkelbeweging het veel nadruk geplaas op die gebruik van mondelinge geskiedenis in "people's history", maar alhoewel dié werkswinkel 'n gespesialiseerde variant (ten opsigte van

---

16 P. Thompson, *The Voice of the Past : Oral History*, 50 - 51, 67 - 71.

17 *Ibid.*, 59.

18 Vansina, xii; P. La Hausse, "Oral History and South African Historians" in J. Brown e.a. (reds.), *History from South Africa: .....*, 343.

19 Thompson, 65.

navorsing oor gewone mense) van mondelinge geskiedenis is, is hulle volgens Roderick Floud 'n baie belangrike variant.<sup>20</sup>

Mondelinge geskiedenis met die doel om die verlede van gewone mense te bestudeer, het al in die vroeg sewentigerjare 'n inslag gevind by navorsing oor die 1973-stakings.<sup>21</sup> Met die opkoms van die Afrikaniste en "people's"-historici soos Philip Bonner, Jeff Peires, William Beinart en Peter Delius, het mondelinge geskiedenis 'n prominente rol in sosiale geskiedenisnavorsing begin speel, maar nooit tot die mate as onder navorsers in Sentraal en Oos-Afrika nie. Twee redes bestaan hiervoor. Eerstens was daar in Suid-Afrika vanweë die besondere koloniale betrokkenheid ook veel geskrewe amptelike dokumente en dokumente deur sendelinge geskryf, beskikbaar. 'n Tweede rede is dat hoewel daar veel nuttige inligting deur mondelinge geskiedenis verskaf word, is dit veral nuttig wanneer die mondelinge getuieis afkomstig is van 'n persoon of groep wat self, of wie se voorgeslagte 'n bepaalde verlede gebeurtenis beleef het. In Suid-Afrika word die mondelinge getuieis van gewone mense veral in industriële gebiede dikwels beïnvloed deur geskrewe bronne soos koerante en boeke, dit wil sê dat die inligting nie meer 'n "suiwer" oordrag is van een generasie na 'n ander nie maar beïnvloed word deur inligting wat nie van die oorspronklike informant kom nie. In die afgeleë platteland in Suid-Afrika was bogenoemde nie so groot probleem nie, omdat geskrewe bronne nie so geredelik beskikbaar was nie en selfs as daar wel geskrewe bronne was sou waarskynlik min mense dit kon lees.<sup>22</sup>

Enkele voorbeelde van suksesvolle mondelinge geskiedenis projekte is byvoorbeeld die "People's Autobiography of Hackney". Lede van die projek se ouderdom het gewissel, maar almal het in Hackney in die Ooste van Londen in Engeland gewoon. Enige lid kon 'n ander ondervra oor die lewe en werk in Hackney. Die onderhoude is by byeenkomste bespreek en die uitkoms was die uitreiking van pamflette wat handel oor die lewe van mense in Hackney. Uitstallings is ook gereël. Hierdie projek

---

20 R. Floud, "Quantitative History and People's History : Two methods in conflict?" in *History Workshop a journal for socialist and feminist historians*, nr. 17, Lente 1984, 117.

21 G.K. Tatham, *The University of the Witwatersrand History Workshop and Radical South African Historical Scholarship in the 1970's and 1980's*, 128.

22 La Hausse, 343 - 344.

was 'n manier om die gewone mense se geskiedenis aan hulle terug te gee. Die doel met die projek was om 'n geskiedenis van leef- en werkstoestande in Hackney saam te stel uit individuele getuienisse en om mense 'n vertroue in hul eie geheue te gee, in hulle vermoë om ook 'n bydrae tot geskiedskrywing te lewer en ook in hulself.<sup>23</sup>

Suid-Afrika het ook 'n aantal mondelinge geskiedenis projekte waarvan die eerste by die "Afrika Studies Institute" by die universiteit van die Witwatersrand in 1979 tot stand gekom het. Die mondelinge geskiedenisversameling wat handel oor die proletarisering van die platteland is die grootste binne die Wits-versameling. Meeste van die onderhoude is gevoer in die Transvaal en veral Wes-Transvaalse platteland. Die tydperk 1890 - 1945 is veral belangrik in die projek om te kyk hoe die lewenswyse en werksomstandighede van gewone mense op die platteland verander het met die toenemende industrialisasie in dié tydperk in Suid-Afrika.<sup>24</sup>

Mondelinge geskiedenis is 'n uitstekende metode om die geskiedenis van gewone mense te rekonstrueer wat sonder dié metode nie bekend sou word nie. Mondelinge geskiedenis help om die fokus te verskuif vanaf die elite na gewone mense soos kinders, vroue en soldate. 'n Militêre historikus kan sy/haar fokus verskuif vanaf die hoër range en bevelvoerders na die laer range en soldate en hul ervaring. Sosiale historici kan hul veld verskuif vanaf burokrate en politici na die armes. In wese beteken dit dat die lewenservaringe van gewone mense wat na alle waarskynlikheid nooit op 'n individuele basis deur amptelike bronne en dokumente verwoord sal word nie, die geleentheid kry om ook 'n bydrae tot geskiedskrywing te lewer, 'n geskiedenis waarin hulle 'n aktiewe rol gespeel het. Gewone mense is dus nie langer objekte nie, maar subjekte van bestudering.<sup>25</sup>

'n "History from the bottom up"-benadering word ook deur mondelinge geskiedenis bevorder en die Wits Geskiedeniswerkwinkel het sulke studies ook aangemoedig. Hierdeur word die gewone mens sentraal gestel en as vertrekpunt geneem om die

---

23 Thompson, 17.

24 La Hausse, 347 - 348.

25 Thompson, 6, 79, 99.

totaliteit van samelewingsverhoudinge te bestudeer.<sup>26</sup> Met mondelinge geskiedenis kan vasgestel word hoe gewone mense bepaalde groot gebeurtenisse (byvoorbeeld die Tweede Wêreldoorlog) onthou en of dit wat hulle onthou dit is wat maghebbers en historici (wat dieselfde ideologiese motiewe as die maghebbers het) graag wil hê dat die gewone mense moet onthou.<sup>27</sup>

Om mondelinge geskiedenis te versamel moet die historikus onderhoude voer, dikwels met gewone mense van gevorderde ouderdom. Die proses van onderhoudvoering veral met gewone mense beteken 'n deurbreking in die grense tussen akademiese instellings en die gewone wêreld, tussen professionele mense en die gewone publiek. 'n Historikus as onderhoudvoerder moet dus gaan stil sit en luister na wat iemand wat ouer is, of iemand wat nie geleerd is nie of na mense uit 'n ander sosiale klas. Behalwe vir die voordeel van versameling van inligting wat die historikus daaruit kry, baat gewone mense, byvoorbeeld ouer mense ook omdat hulle deelname verkry en omdat dit vir hulle as 'n vorm van erkenning kan dien van hul bydrae tot die samelewing, 'n samelewing wat dikwels negatief teenoor ouer mense in die gemeenskap staan.<sup>28</sup>

'n Ander belangrike bydrae van mondelinge geskiedenis is dat ons daarsonder vandag veel minder of niks van die geskiedenis van gewone mense uit bepaalde wêrelddele, veral Afrika sou geweet het.<sup>29</sup>

Daar is egter ook nadele en probleme verbonde aan mondelinge geskiedenis. Volgens Hobsbawm sal mondelinge getuie en tradisie altyd oor hul betroubaarheid bevraagteken word, maar hy lê veral klem daarop dat meer navorsing gedoen moet word om te kyk wat met die menslike geheue fout kan gaan. Die metodologie van mondelinge getuie het egter wel so ver gevorder dat bepaal kan word oor hoeveel generasies bepaalde inligting oorgedra kan word voordat die betroubaarheid twyfelagtig word. Menslike geheue bly egter selektief en altyd

---

26 Tatham, 200 - 201.

27 Hobsbawm, 67.

28 Thompson, 11.

29 Vansina, 198.

veranderend. Wat 'n persoon van sy/haar vroeë studentejare onthou is verskillend op die ouderdom van dertig, veertig en vyftig. Dikwels voeg mense ook toe tot wat hulle onthou om te verseker dat die inligting wat hulle telkens oordra nie dalk vervelig word nie. Persone wat 'n bepaalde oorlog meegemaak het, is byvoorbeeld geneig om 'n gebeurtenis uit die oorlog veel kleurvoller te vertel as wat dit was.<sup>30</sup> Sulke beskrywings kan ook tot 'n verromantisering van die verlede lei.<sup>31</sup>

Noue bande van 'n onderhoudvoerder met die gemeenskap waarin mense ondervra word, is 'n voordeel maar dit is egter in minder eerder as meerdere gevalle die situasie. Meestal is dit akademië wat nie deel vorm van die bepaalde gemeenskap nie, wat die ondervraging doen.<sup>32</sup>

Wanneer 'n gemeenskap 'n mondelinge geskiedenisprojek aanpak is die voordeel om dit self te doen, dat 'n professionele historikus nie net by so 'n gemeenskap opdaag, onderhoude voer, dan verdwyn en nie weer verslag doen nie. 'n Nadeel is egter dat so 'n gemeenskapsprojek meestal nie verteenwoordigend is van alle lae van die bevolking nie. Betrokkes is dikwels geskoolde werkersklas en mense uit die laer middelklas. Die plaaslike hoër klasse en die heel armes sal waarskynlik nie verteenwoordig wees nie.<sup>33</sup>

In die Suid-Afrikaanse gebruik van mondelinge geskiedenis moet daar nog heelwat metodologiese ondersoek gedoen word, maar "people's"-historici het reeds begin om vrae oor onder andere romantisering, die vaagheid van mite en realiteit, die manier waarop getuies deur die onderhoudvoerder en die informant hanteer word, te vra. Ondersoeke moet ook nog in meer besonderhede geloods word oor aspekte soos geheue en die struktuur daarvan asook die verhouding tot die sosiale proses, narratiewe vorme, gebruike, vrae oor verteenwoordiging van die gemeenskap en die

---

30 Hobsbawm, 67.

31 B. Bozzoli, "Class, Community and Ideology in the Evolution of South African Society", in B. Bozzoli (red.), *Class, Community and Conflict. South African Perspectives*, 10.

32 A.W. Oliphant, "Staffrider Magazine and Popular History: The Opportunities and Challenges of Personal Testimony" in J. Brown e.a. (reds.), *History from South Africa* :....., 355.

33 Thompson, 19.

rol van die onderbewussyn in mondelinge geskiedenis.<sup>34</sup> Veel is egter al bereik in "people's history" deur van mondelinge geskiedenis gebruik te maak om die gewone mense uit hul verlede verborgenheid te haal en die probleme verbonde aan dié metode, behoort eerder as 'n uitdaging gesien en hanteer te word.

### 8.3 Kwalitatiewe versus kwantitatiewe metodologie

Vir Roderick Floud wat 'n voorstander van kwantitatiewe geskiedskrywing is, lê die betekenis van "people's history" in:

the fact that, although they [beoefenaars van "people's history"] have developed very recently as a historical movement their work is almost entirely non-quantitative and often anti-quantitative, this despite the fact that they are concerned with areas of social and economic history in which quantitative methods have been generally applied.<sup>35</sup>

Die metodologie van "people's history" is grotendeels 'n debat oor hoe die gewone mense se verlede rol die beste vertolk kan word. Strukturalisme en menslike agentskap soos reeds in hoofstuk drie bespreek is 'n belangrike komponent hiervan, maar tog belangriker as 'n epistemologiese debat. "People's history" staan in die debat positief teenoor menslike agentskap en dikwels uiters negatief teenoor strukturalisme.<sup>36</sup> Kwaliteit versus kwantiteit is ook deel van die debat maar lê veel nader aan die metodologiese kant. Die vraag is hier wat is die kwantitatiewe benadering en waar kom dit vandaan, wat het "people's history" daarteen en wat is die alternatief vir kwantitatiewe metodologie?

Die kwantitatiewe metodologie het sterk steun geniet van die eerste en tweede geslag "Annales". Getalle, statistieke, strukture en konjunkte het sentraal gestaan

---

34 La Hausse, 350.

35 Floud, 114 - 115.

36 Tatham, 90 - 94.

in die kwantitatiewe metodologie.<sup>37</sup> In die sestiger- en sewentigerjare het voorstanders van die kwantitatiewe metode geglo dat dit die toekoms van 'n wetenskaplike geskiedskrywing sou vorm. In die negentientagties is daar gehoop dat Geskiedenis net soos Sosiologie en Geografie deur die kwantitatiewe metode oorheers sou word. Kwantifisering het egter weinig inslag in Britse en Amerikaanse universiteite gehad en skerp kritiek is teen dié metodologie ingebring.<sup>38</sup>

Kwantifisering word ten nouste met ekonomiese geskiedskrywing verbind. Die Britse Geskiedeniswerkwinkels ag ekonomiese geskiedenis van die grootste belang, maar het dit teen die professionalisering van die rigting sedert 1945 waarmee dit 'n steeds meer konserwatiewe karakter gekry het. 'n Houding by ekonomiese historici dat kwantitatiewe bronne onwetenskaplik en van gener waarde is nie, het weer 'n negatiewe reaksie teen hulle van sosiale historici ontlok.<sup>39</sup>

"People's history" se vernaamste besware teen 'n kwantitatiewe metodiek is:

- Eerstens is daar beswaar teen die bronne waarvan kwantitatiewe geskiedskrywing gebruik maak. Kwantitatiewe data is in die verlede meestal versamel vir doeleindes en in belang van die heersersklas en staan dus negatief teenoor die gewone mense. Sensusopnames se waarde word deur feministiese historici beskou as misleidend en bevooroordeeld deurdat net betaalde werk, soos deur voltydse werkers uitgevoer, aangeteken word en dat deeltydse werk en familiewerk meestal deur vroue gedoen, onderbeklemtoon word.
- Tweedens word die afwysende houding deur kwantifiseringsvoorstanders teenoor die rekonstruksie van die individuele ervaring, 'n punt wat "people's history" wil bevorder, verwerp. "People's history" verwerp die gedagte dat

---

37 G. Deneckere, "Sociale Geschiedenis en de Crisis van het socialisme, verschuivingen in het debat over collectieve actie" in *Tydschrift voor Sociale Wetenschappen* (Gent), jg. 40, nr. 2, 1995, 125.

38 Floud, 113.

39 Editorial Collective, "British Economic History and the Question of work" in *History Workshop, a journal of socialist historians*, nr. 3, Lente 1977, 1.

individuele ervaring met die kollektiewe gedrag van groter groepe mense gelykgestel kan word.

- Volgens "people's history" is kwantitatiewe metodes besoedel deur 'n assosiasie met neo-klassieke ekonometriese geskiedenis en word daarom as konserwatief en as 'n instrument van die bourgeois geskiedenis verwerp.<sup>40</sup>
- Die kwantitatiewe benadering mis die kompleksiteit wat nie in syfers en grafieke, statistieke ensovoorts lê nie maar in die besondere en die genuanseerde.<sup>41</sup> Statistieke oor die nasionale welsyn was al volgens die Hammonds nie 'n wyse om te bepaal of mense gelukkig is of nie.<sup>42</sup>

Die metodologie van "people's history" is toegespits op 'n empiriese benadering waarin klem geplaas word op 'n soeke na besonderhede en dit dien as alternatief vir die strukturalisme. Alhoewel Marxistiese konsepte soos klas en middele van produksie gebruik word, het "people's"-historici positivistiese interpretasies gebaseer op algemene abstrakte wette verwerp. Geskiedenis is hiervolgens dus 'n vak wat nie voorgeskryf word deur eksterne wette nie. Onpersoonlike gekwantifiseerde ekonomiese faktore word verwerp en die gewone mens, gewone man en vrou beklee die sentrale plek. 'n Rigiede Marxisties en ekonomistiese reduksionisme het plek gemaak vir 'n sosialistiese humanisme.<sup>43</sup>

Kwantifisering kan vir "people's history" slegs 'n nuttige hulpmiddel wees maar deur dit die kern van studie te maak, lei dit tot 'n vorm van "dry and dust scholarship",<sup>44</sup> 'n toestand wat "people's history" teen alle koste wil vermy. Om hierdie "dry and dust scholarship" uit te skakel, maak "people's history" veral gebruik van die narratief, 'n

---

40 Flaud, 118 - 120.

41 Denechere, 133.

42 D. Sutton, "Radical liberalism, fabianism and social history, in R. Johnson, D. Sutton e.a. (reds.), *Making Histories, studies in History Writing and Politics*, 41.

43 B. Schwarz, "The People in history : the Communist Party Historians' Group, 1946 - 1956" in R. Johnson, B. Schwarz, e.a. (reds.), *Making Histories*,....., 68; Tatham, 100, 113 - 114.

44 R. Samuel, Voorwoord in R. Samuel, *People's History and Socialist Theory*.



metode wat die ervaring van gewone mense die beste verwoord. Veral die populêre geskiedeniswerke soos Callinicos se *People's History of South Africa* is 'n voorbeeld hiervan.<sup>45</sup>

---

45 Tatham, 5, 171; Thompson, 69; L. Callinicos, *A People's History of South Africa*, byvoorbeeld vol. 3, *A Place in the City, The Rand on the Eve of Apartheid*.

## EVALUERING

Is dit werklik belangrik om die geskiedenis van gewone mense te bestudeer? 'n Studie van "people's history" oortuig dat die antwoord 'n besliste ja is. Gewone mense, of hulle nou werkers, vroue, swartes ensovoorts is, vorm meestal die grootste getal mense in 'n samelewing. In die tyd toe konings en adellikes nog absolute mag gehad het, of die tyd waarin weinig mense stemreg gehad het, het dit vir historici natuurlik gelyk om net oor die elites te skryf. Met die koms van meerderheidsdemokrasie het dit duidelik geword dat die rol van gewone mense in die samelewing en die verlede ondersoek behoort te word. Die klem in 'n demokratiese wêreld en nou ook 'n postmoderne wêreld lê al hoe meer op die respekbetoning vir die veelheid van menslike waardestelsels en aktiwiteite. In wese kan 'n radikale pluraliteit bepleit word en dat die rol van gewone mense in die verlede ook belangrik is bloot omdat hulle bestaan. Maar die blote bestaan van gewone mense as rede vir ondersoek is maar net 'n eerste stap, want "people's history" het aangetoon dat gewone mense, selfs in tye van groot onderdrukking, 'n belangrike rol gespeel het om die menslike verlede te vorm.

Die benadering dat gewone mense se rol in die verlede wel belangrik is, bots met die strukturalisme waarvolgens net onpersoonlike faktore belangrik is. Marxistiese historici in verskeie lande het in twee groepe verdeel oor die rol wat gewone mense gespeel het. Aan die een kant is daar die strukturaliste en aan die ander kant diegene wat menslike agentskap verreken. Veral "people's history" lê meer klem op menslike agentskap as op strukturalisme. Om die rol wat die gewone mense in die verlede gespeel het die duidelikste na vore te bring, ondersoek "people's history" die menslike agentskapsrol deur middel van 'n empiriese metode.

Pluralisme in terme van die verbreding van die ondersoekveld van geskiedenis is nie bloot 'n tendens van binne die vak Geskiedenis self nie, maar deel van 'n postmoderne wêreld. Uiteraard is dié plurale wêreld geweldig kompleks, maar eintlik was dit nog altyd kompleks. Die ooraksentueering in die verlede van byvoorbeeld

net politieke geskiedenis het die geskiedskrywing groot skade berokken want die kompleksiteit van die verlede is hierdeur ontken. Dieselfde geld vir ekonomies deterministiese geskiedskrywing, en veral die Marxistiese geskiedskrywing wat die rol van die gewone mense tot hulle rol in die verhoudinge tot die middele van produksie gereduseer het. "People's history" gee veel groter erkenning aan die kompleksiteit van die verlede en alhoewel klasfaktore 'n belangrike rol speel, is die rol van kultuur, godsdiens, rassisme, etnisiteit ensovoorts net so belangrik. "People's history" het 'n groot breuk met die deterministiese aard van die metanarratief van Marxisme bewerkstellig.

Jim Sharpe het gelyk wanneer hy konstateer dat:

There will certainly be historians, both academic and popular, who will contrive to write books which implicitly or explicitly deny the possibility of a meaningful historical re-creation of the lives of the masses, but their grounds for so doing will become increasingly shaky.<sup>1</sup>

Die enigste potensiële gevaar van "people's history" is as die beoefenaars daarvan dit die enigste amptelike vorm van geskiedskrywing vir skole en universiteite sou wou maak. In geskiedskrywing is daar plek vir vele benaderinge, geskiedenis van bo (elite geskiedenis), "people's history", sosiale geskiedenis, kulturele geskiedenis, militêre geskiedenis, omgewingsgeskiedenis ensovoorts. So 'n veelheid van moontlikhede gee erkenning aan die kompleksiteit van die verlede.

Eerder as om steeds weer klem te lê op die poging om objektiwiteit na te streef, is dit waarskynlik veel beter en meer realisties om soos T. Lindenberger en M. Wildt bepleit, ruimte te skep vir radikale pluraliteit.<sup>2</sup> Debatvoering tussen verskillende ideologieë, benaderings of waardestelsels tot die geskiedskrywing kan die temas vir algemene diskoers bepaal, nie omdat daar êrens iets objektief is wat bepaal wat belangrik is nie, maar eerder omdat vrae oor die hede die noodsaak van bepaalde

1 J. Sharpe, "History from Below" in P. Burke (red.), *New Perspectives on Historical Writing*, 38.

2 T. Lindenberger en M. Wildt, "Radical Plurality: History Workshops as a Practical Critique of Knowledge" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 33, Lente 1992.

ondersoeksveld uitlig. Dit neem nie weg dat geskiedenis nie ook net vir die interessantheid van die vak bestudeer kan word nie. Voorstanders van "Alltagsgeschichte" in Duitsland se debatte oor kwessies soos objektiwiteit en pluraliteit en die bydrae wat "Alltagsgeschichte" tot die debat lewer, is veel meer indringend as debatte wat oor dieselfde onderwerpe in Brittanje en nog meer in Suid-Afrika daarvoor gevoer is.

"People's history" se poging om 'n bydrae tot die emansipasie van gewone mense te lewer se sukses is baie moeilik om te bepaal. In Suid-Afrika is die kritiek vanuit verskillende oorde teen "people's history" 'n aanduiding daarvan dat historici buite die "people's history" -gedagte soms bekommerd was dat "people's history" revolusionêre gedrag in swart versetgroepe teen apartheid sou aanwakker. Dat "people's history" teen apartheid gekant is, lei geen twyfel nie. Die rede waarom "people's history" skynbaar nie die hart en verbeelding van groot groepe gewone mense aangegryp het nie, was omdat "people's"-historici nog te veel klem op die rol van klassestryd geplaas het, terwyl die swart versetbewegings in Suid-Afrika se stryd in die eerste plek teen 'n rassistiese stelsel, naamlik apartheid gerig was.

Die poging om geskiedskrywing meer toeganklik te maak vir gewone mense deur die stigting van geskiedeniswerkwinkels en deur gewone mense aan te moedig om hulle eie geskiedenis te skryf, is een van die prysenswaardigste ideale van "people's history". Jammer genoeg lê die klem hier op die woord ideaal, behalwe vir "people's history" beoefening rondom die geskiedeniswerkwinkel van die Universiteit van die Witwatersrand, projekte by die UWK en 'n aantal geskiedenisprojekte oor die verlede van gewone mense in agtergeblewe gemeenskappe, word "people's history" in Suid-Afrika nie op 'n groot skaal beoefen nie. Met die toelating van swart studente by tradisioneel blanke universiteite in die tagtigerjare bestaan die moontlikheid dat daar meer swart historici in die toekoms sal wees. L. Callinicos glo dat die toename van swart studente aan tradisioneel blanke universiteite dit vir swart studente moontlik sal maak om deel te neem aan radikale geskiedskrywing.<sup>3</sup> Nietemin het "people's history" deur die skepping van geskiedeniswerkwinkels en die desentralisasie van

---

3 L. Callinicos, "Popular history in the Eighties" in J. Brown e.a. (reds.), *History from South Africa, Alternative Visions and Practice*, 267.

geskiedskrywing 'n belangrike bydrae tot die demokratisering van die vak Geskiedenis gelewer.

Wat is egter nog radikaal vandag? Kommunisme het in die meeste lande waar die ideologie toegepas is, in duie gestort, terwyl sosialisme in vele lande in diskrediet verval het. Suid-Afrika se apartheidstelsel is beëindig, is daar gevolglik nog 'n nut vir "people's history"? Ongeag of "people's history" nou in Suid-Afrika, Duitsland, die VSA, Brittanje of watter land ookal beoefen word, het "people's history" waarskynlik wel 'n toekoms as die soort geskiedskrywing voortgaan om dit te beoefen waaroor dit werklik gaan, naamlik die geskiedenis van gewone mense. Of daar nog werklik veel nut in is om "people's history" as sosialistiese geskiedskrywing te skryf bly 'n vraag. Die *History Workshop Journal* het soos in 'n vorige hoofstuk vermeld die subtitel, *A journal for socialist and feminist historians* geskrap, maar baie van diegene wat bydraes tot die joernaal lewer beskou hulself nog steeds as sosialiste en feministe. Die rede vir die weglating van die subtitel was eerder 'n poging om mense met ander politieke oortuigings gemakliker te laat voel om 'n bydrae tot die Joernaal te lewer. Nuwe velde van ondersoek met 'n radikale politieke inslag het nou wel deel geword van "people's history" byvoorbeeld die geskiedenis van homoseksualiteit, post koloniale geskiedenis en die geskiedenis en politiek van die omgewing.<sup>4</sup>

In Suid-Afrika het apartheid as 'n regeringsbeleid wel tot 'n einde gekom maar die sosio-ekonomiese omstandighede waarin gewone mense, veral swartmense, leef is nog steeds haglik. 'n Groot taak lê ook nog vir Suid-Afrikaanse historici voor om die rol wat gewone mense in die verlede gespeel het, te ondersoek. Tot in watter mate hierdie ondersoeke van die verlede van gewone mense aan radikale politieke motiewe gekoppel gaan word, sal alleen in die toekoms beantwoord kan word. Herinterpretasies van die Suid-Afrikaanse verlede en die rol wat gewone mense daarin gespeel het, hoef natuurlik nie noodwendig radikaal te wees nie.

'n Probleem van "people's history" is dat dit in sy totaliteit gesien nog nie veel invloed gehad het op die meeste akademië se benadering oor wat geskiedenis is nie. Volgens J. Sharpe word studente wat vrae vra oor wat geskiedenis is, nog steeds

---

4 F. Driver en R. Samuel, "Editorials: Changes and Continuity" in *History Workshop Journal*, nr. 39, iii.

verwys na 'n werk soos die van E.H. Carr se *What is History?*<sup>5</sup> Dat Caesar die Rubicon oorgesteek het word deur tradisionele historici soos Carr as 'n belangrike historiese gebeurtenis beskou. Carr het egter nooit die historiese verbeeldingskrag van die "Annales"-historici en die "people's"-historici getoon nie. Laasgenoemde het veel verder gegaan as om net na die aksie van "groot persone" soos Caesar te kyk, maar ook na die miljoene gewone mense wat voor en na Caesar die Rubicon oorgesteek het, asook vroeë gevra wat gelei het tot nuwe velde van ondersoek soos die geskiedenis van byvoorbeeld vervoer, migrasie en geografiese mobiliteit. Alhoewel Carr en ook R.G. Collingwood, met sy teorie van die denkbepaalde handelingsaspek, belangrike bydraes tot die vak Geskiedenis gelewer het, is daar egter veel meer vroeë wat oor die verlede gevra kan word as wat Carr en Collingwood gedoen het.

"People's history" is 'n goeie verbetering op die tradisionele geskiedskrywing. Die metodes en benadering van historici soos G. Rudé, E.P. Thompson, A. Lüdtké, C. van Onselen en nog vele ander is getuie van daarvan dat geskiedskrywing kreatief kan wees en dat die historikus soveel meer insig oor die verlede kan kry deur ook van 'n metode van historiese verbeelding (dit wil sê nie huiwer om nuwe vroeë te stel nie), gebruik te maak. Plek vir verbetering is daar nog wel in "people's history". In "people's history" is daar nog veel meer plek vir navorsing oor populêre kultuur maar volgens C. Bundy ook feministiese geskiedskrywing en onderwerpe soos die geskiedenis van misdaad, gesondheid, ontspanning, onderwys en die reg.<sup>6</sup> Herinterpretasie van wat konvensionele Suid-Afrikaanse historiografie as belangrik beskou het, byvoorbeeld die Groot Trek en Uniewording asook die sosiale geskiedenis van Afrikaners, bied nog vele moontlikhede vir navorsing.

Veral "people's history" se soeke na bronne van gewone mense in die verlede, met behulp van onder andere mondelinge geskiedenis, is 'n kreatiewe proses wat uitwys dat bronne dikwels nie bestaan voordat bepaalde vroeë gevra word nie. Deur 'n kwalitatiewe en narratiewe metode te gebruik kom die waarde van gewone mense

---

5 Sharpe, 37; P. Burke, "Overture: the New History, its Past and its Future" in P. Burke (red.), *New Perspectives* ....., 5.

6 C. Bundy, "An Image of Its own Past? Towards a Comparison of American and South African Historiography" in J. Brown, e.a. (reds.), *History from South Africa* ....., 100.

se rol in die verlede ook veel beter na vore as om 'n oorwegend kwantitatiewe metode te gebruik. "Dry and dust scholarship" word ook vermy omdat "people's history" van 'n kwalitatiewe en 'n narratiewe metode gebruik maak.

Behalwe dat "people's history" 'n belangrike bydrae tot die vak Geskiedenis gelewer het, word gewone mense ook bevoordeel deurdat hulle geskiedenis aan hulle teruggegee word, 'n geskiedenisbeeld wat voorheen deur elite bepaal is. Tot in 'n mate verskaf "people's history" 'n gevoel van identiteit aan gewone mense, maar hierdie stelling is omstrede. Wildt en Lindenberger is van mening dat die geskiedenis nie 'n plek is waar identiteite geskep kan word nie. Geskiedenis kan nie verlore identiteite herstel nie. Identiteit word eerder deur aspekte soos 'n persoon se beroep, familie, seksualiteit ensovoorts bepaal. Wat "people's history" tog sekerlik wel doen, is om aan te toon dat die identiteit van mense nie net deur sogenaamde groot leiers gevorm is nie, maar ook deur gewone mense.<sup>7</sup>

"People's history" in Suid-Afrika is 'n belangrike korrekatief op die tradisionele Suid-Afrikaanse historiografie wat hoofsaaklik na die rol van blankes en veral "belangrike blanke persone" gekyk het. "People's history" toon aan dat gewone mense in Suid-Afrika, veral swartes maar ook blankes, 'n belangrike rol gespeel het in die skepping van die Suid-Afrikaanse verlede. Talryke onderwerpe van geskiedenisnavorsing oor die verlede van gewone mense kan nog ondersoek word, 'n navorsingsveld waartoe "people's history" al 'n belangrike bydrae gelewer het en in die toekoms op kan voortbou.

---

7 Sharpe, 37 - 38; Lindenberger en Wildt, 89 - 90.

## BRONNELYS

### I. PERSOONLIKE VERSAMELING

#### 1. BANDOPNAMES VAN PERSOONLIKE ONDERHOUDE

*Bonner, P.*, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, 28 November 1994.

*Callinicos, L.*, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, 28 November 1994.

*Witz, L.*, Kenilworth, Kaapstad, 6 Desember 1994.

### II. PERIODIEKE PUBLIKASIES

#### 1. KOERANTE

*Afrikaner, Die*, 1988, 1991, 1993.

*Argus, The*, 1987.

*Beeld*, 1990, 1991, 1992.

*Business Day*, 1987.

*Cape Times, The*, 1987.

*New Nation, The*, 1987, 1990.

*NRC Handelsblad*, 1994, 1995.

*Pretoria News*, 1987...

*Rapport*, 1989.

*SASH*, 1987.

*Star, The*, 1987.



*Sunday Independent, The*, 1996.

*Sunday Star, The*, 1990, 1991.

*Sunday Times, The*, 1991, 1996.

*Weekly Mail*, 1987, 1992.

*Woord en Daad*, 1989.

## 2. JOERNALE EN TYDSKRIFTE

*Gister en Vandag*, nr. 15, April 1988.

*Gister en Vandag*, nr. 25, Mei 1993.

*Groniek, Gronings Historich Tijdschrift*, nr. 6. 1989/90.

*Groniek, Historich Tijdschrift*, nr. 121, Junie 1993.

*Historia*, jg. 34, nr.2, November 1989.

*Historia*, jg. 35, nr. 1, Mei 1990.

*History Workshop, a journal of socialist historians*, nr. 2, Herfs 1976.

*History Workshop, a journal of socialist historians*, nr. 3, Lente 1977.

*History Workshop, a journal of socialist historians*, nr. 2, Herfs 1976.

*History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 17, Lente 1984.

*History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 18, Herfs 1984

*History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 20, Herfs 1985

*History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 24, Lente 1987.

*History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 25, Lente 1988.

*History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 29, Lente 1990.

*History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 30, Herfs 1990.

*History Workshop Journal*, nr. 39, 1995.

*Insig*, April 1990.

*Insig*, Oktober 1990.

*Journal of Modern History, The*, vol. 61, nr. 1, Maart 1989.

*Karet, Die*, 15 September 1988.

*Lengwitch, The Journal for Language across the Curriculum*, vol. 4, nr. 1, Maart 1987.

*Österreichische Zeitschrift für Geschichtswissenschaften*, nr. 2, 1991.

*Perspectives in Education*, vol. 10, nr. 2, 1988/9.

*Perspectives in Education*, vol. 12, nr. 1, 1990.

*Reality*, vol. 21, nr. 6, November 1989.

*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 24, Mei 1991.

*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 25, 1991.

*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 31, November 1994.

*Tijdschrift voor Sociale Wetenschappen*, jg. 40, nr. 2, 1995.

*Volkkundige Bulletin*, jg. 20, nr. 3, Desember 1994.

*Woord en Daad*, jg. 29, nr. 319, 1989.

### III. GEPUBLISEERDE ARTIKELS EN HOOFSTUKKE IN BOEKE

Ankersmit, F.R. en den Hollander, J.C., "Barraclough, Bell en het einde van de Ideologie" in *Groniek, Gronings Historisch Tijdschrift*, nr. 106, 1989/90

Bonner, P: Delius, P. en Posel, D., "The Shaping of Apartheid Contradiction, Continuity and Popular Struggle" in Bonner, P., e.a. (reds.), *Apartheids Genesis 1935 - 1962*, Johannesburg, Raven Press en Witwatersrand University Press, 1993.

Bonner, P. en Lodge, T., Inleiding in Bonner, P. e.a. (reds.), *Holding Their Ground: Class, Locality and Culture in 19th and 20th Century South Africa*, Johannesburg, Raven Press en Witwatersrand University Press, 1989.

Bozzoli, B., "Class, Community and Ideology in the Evolution of South African Society" in Bozzoli, B. (red.), *Class Community and Conflict: South African Perspectives*, Johannesburg, Raven Press, 1987.

Bozzoli, B., "Intellectuals, Audiences and Histories, South African Experiences, 1978 - 88" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, in Radical History Review boek, Philadelphia, Temple University Press, 1991.

Bozzoli, B., Voorwoord in Bozzoli, B. (red.), *Class, Community and Conflict: South African Perspectives*, Johannesburg, Raven Press, 1987.

Bozzoli, B. en Delius, P., "Radical History and South African Society" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philadelphia, Temple University Press, 1991.

Bundy, C., "An Image of its own Past?, Towards a Comparison of American and South African Historiography" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philadelphia, Temple University Press, 1991.

Burke, P., "Overture: the New History, its Past and its Future" in Burke, P. (red.), *New Perspectives on Historical Writing*, Oxford, Polity Press, 1991.

Burke, P. "People's History or Total History" in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, "History Workshop Series", Londen, Routledge and Kegan Paul, 1981.

Burke, P., "The Discovery of Popular Culture" in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, "History Workshop Series", Londen, Routledge and Kegan Paul, 1981.

Callinicos, L., "Popular History in the Eighties" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philidelphia, Temple University Press, 1991.

Callinicos, L., "The People's History Workshop University of the Witwatersrand, February 1987", verslag in *Perspectives in Education*, vol. 10, nr. 1, 1988.

Callinicos, L., "The People's Past: Towards Transforming the Present" in Bozzoli, B. (red.), *Class, Community and Conflict: South African Perspectives*, Johannesburg, Raven Press, 1987.

Cranston, M., Voorwoord in Cranston, M. (red.), *The New Left, Six Critical Essays*, Londen, Bodley Head, 1987.

Davin, A., "Feminism and Labour History" in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, "History Workshop Series", Londen, Routledge and Kegan Paul, 1981.

Deacon, R., "Hegemony, essentialism and Radical History in South Africa" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 24, Mei 1991.

De Kock, W.J., Ontdekkers en omseilers van die Kaap, in Muller, C.F.J. (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Derde uitgawe, Pretoria, Academica, 1987.

Deneckere, G., "Sociale Geschiedenis en de crisis van het socialisme, verschuivingen in het debat over collectieve actie" in *Tijdschrift voor Sociale Wetenschappen* (Gent), jg. 40, nr. 2, 1995.

Driver, F. en Samuel, R., "Editorials: Change and Continuity" in *History Workshop Journal*, nr. 39, 1995.

Edgar, R., "Writing Because They Chose the Plan of God" in *Perspectives in Education*, vol. 12, nr. 1, 1990.

Edgecombe, R., "Popularising the Past" in *Reality*, vol. 21, nr. 6, November 1989.

Editorial Collective, "British Economic History and the Question of work" in *History Workshop, a journal of socialist historians*, nr. 3, Lente 1987.

Eley, G., Labour History, "Social History, "Alltagsgeschichte": Experience, Culture and Politics of the Everyday. A New Direction for German Social History" in *The Journal of Modern History*, vol. 61, nr. 1, Maart 1989.

Eloff, C., "History from Below: 'n Oorsig" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 25, 1991.

Ferris, J., "Introduction: Political realism and green strategy" in Wiesenthal, H. en Ferris, J., (reds.), *Realism in Green Politics, Social movements and ecological reform in Germany*, Manchester, Manchester University Press, 1993.

Floud, R., "Quantitative History and People's History: Two methods in conflict?" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 17, Lente 1984.

Freund, B., "Radical History Writing and the South African Context" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 24, 1991.

Frijhoff, W., "Volkskundigen vóór de volkskunde?" in *Volkskundig Bulletin*, jg. 20, nr. 3, Desember 1994.

Fullard, M., e.a., "Transforming the Cutting Edge: Report on the People's History Programme, University of the Western Cape, 1987 - 1989" in *Perspectives in Education*, vol. 12, nr. 1, 1990.

Gaushon, H., "Bearing Witness: Ten Years Towards an Opposition film Movement in South Africa" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philadelphia, Temple University Press, 1991.

Grundlingh, A., Sosiale Geskiedenis en die Dilemma in Afrikanergeskiedskrywing in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 19, November 1987.

Hamilton, C.A., "A Positional Gambit: Shaka Zulu and the Conflict in South Africa" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philidelphia, Temple University Press, 1991.

Hobsbawm, E.J., "History from Below - some reflections" in Krantz, F., (red.), *History from Below. Studies in Protest and Popular Ideology in Honour of George Rudé*, Montréal, Basil Blackwell, 1988.

Hostetler, E., "Local History in Lincolnshire" in *History Workshop, a journal of socialist historians*, nr. 2, Herfs 1976.

James, D., "Musical form and Social History: Research Perspectives on Black South African Music" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philidelphia, Temple University Press, 1991.

Johnson, R., "Against Absolutism" in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, "History Workshop Series", Londen, routledge and Kegan Paul, 1981.

Johnson, R., e.a., Voorwoord in Johanson, R., e.a. (reds.), *Making Histories: Studies in history-writing and politics*, Londen, Hutchinson, 1982.

Kaltefleiter, W., Inleiding in Kaltefleiter, W. (red.), *The Peace Movements in Europe and the United States*, Londen, Croom Helm, 1985.

Kapp, P., Ons kinders moet nuwe geskiedenisboeke kry in *Insig*, Oktober 1990.

Kotzé, D., S.A. geskiedskrywers verken nuwe terreine in *Insig*, April 1990.

Krantz, F., "Sans Erudition Pas d' Histoire: The work of George Rudé" in Krantz, F. (red.), *History from Below: Studies in Popular Protest and Popular Ideology in Honour of George Rudé*, Montréal, Basil Blackwell, 1988.

Kross, C., "History for Democracy" in *LENGWITCH, The Journal for Language across the Curriculum*, vol. 4, nr. 1, Maart 1987.

Krut, R. en Shapiro, K., "Report Back: University of the Witwatersrand History Workshop 1984. Johannesburg History Workshop Conference" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 18, Herfs 1984.

La Hausse, P., "Oral History and South African Historians" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philadelphia, Temple University Press, 1991.

Legassick, M., "The Colonial Frontiers C. 1770 - 1880" in Elphick, R. en Giliomee, H. (reds.), *The Shaping of South African Society 1652 - 1820*, Kaapstad, Longman, 1979.

Lindenberger, T. en Wildt, M., "Radical Plurality: History Workshops as a Practical Critique of Knowledge" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 33, Lente 1992.

Lüdtke, A., "Einleitung: Was ist und wer treibt Alltagsgeschichte?" in Lüdtke, A. (red.), *Alltagsgeschichte: Zur Rekonstruktion historischer Erfahrungen und Lebensweisen*, Frankfurt/Main, Campus Verlag, 1989.

Lyotard, J.F., "The Postmodern Condition" in Seidman, S. (red.), *The Postmodern Turn, New Perspectives on Social Theory*, Cambridge, Cambridge University Press, 1994.

Marks, S., "Towards a People's History of South Africa?" Recent developments in the historiography of South Africa in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, History Workshop Series, Londen, Routledge en Kegan Paul, 1981.

Mclennan, G., "E.P. Thompson and the discipline of historical context", in Johnson, R., e.a. (reds.), *Making Histories, Studies in history-writing and politics*, Londen, Hutchinson, 1982.

Merricks, L., "Re-Thinking Popular Culture" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 25, Lente 1988.

Odendaal, A., "Developments in Popular History in the Western Cape in the 1980's" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philidelphia, Temple University Press, 1991.

Oliphant, A.W., "Staffrider Magazine and Popular History: The Oppurtunities and Challenges of Personal Testimony" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philidelphia, Temple University Press, 1991.

Rich, P., "Is South African Radical Social History Becoming Irrelevant?" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 31, November 1994.

Ross, E., "Womans History in the USA" in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, "History Workshop Series", Londen, Routledge en Kegan Paul, 1981.

Rudé, G.F.E., "The Changing Face of the Crowd" in Curtis, L.P. jr. (red.), *The Historians Workshop, Original Essays by Sixteen Historians*, Londen, Garland Publishing Inc., 1985.

Samuel, R., "Editorial: The Russian Question" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 29, Lente 1990.

Samuel, R., "The History Workshop, 1966 - 1980" in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, "History Workshop Series", Londen, Routledge and Kegan Paul, 1981.

Samuel, R., Voorwoord in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, "History Workshop Series", Londen, Routledge and Kegan Paul, 1981.

Samuel, R. en Stedman Jones, G. "Editorial: Ten Years After" in *History Workshop, a journal of socialist and fiminist historians*, nr. 20, Herfs, 1985.



Schwarz, B., "The people in history: the communist Party Historians Group 1946 - 1956" in Johnson, R., e.a. (reds.), *Making Histories: Studies in history-writing and politics*, Londen, Hutchinson, 1982.

Seidman, S., Inleiding in Seidman, S., (red.), *The Postmodern Turn: New Perspective on Social Theory*, New York, Cambridge University Press, 1994.

Sharpe, J., "History from Below" in Burke, P., (red.), *New Perspectives on Historical Writing*, Oxford, Polity Press, 1991.

Sieder, R., "Alltagsgeschichte. Zur Aneignung der Verhältnisse: Ein Gespräch mit Alf Lüdtke" in *Österreichische Zeitschrift für Geschichtswissenschaften*, nr. 2, 1991.

Stedman Jones, G., "Faith in History" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 30, Herfs 1990.

Sutton, D., 'Radical Liberalism, fabiansism and social history' in Johnson, R., e.a. (reds.), *Making Histories: Studies in history-writing and politics*, Londen, Hutchinson, 1982.

Taylor, B., "Socialist feminism Utopian or Scientific" in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, History Workshop Series, Londen, Routledge and Kegan Paul, 1981.

Tchen, J.K.W., "New York Chinatown History Project" in *History Workshop, a journal of socialist and feminist historians*, nr. 24, Lente 1987.

Tilly, C., Inleiding in Tilly, L.A., en Tilly, C. (reds.), *Class Conflict and Collective Action*, Londen, SAGE Publications, 1981.

Thompson, E.P., "The Politics of Theory" in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, History Workshop Series, Londen, Routledge and Kegan Paul, 1981.

Van der Ross, R.E., "The pen and the sword: seeking a new focus on history and the changing of history in South Africa" in *Gister en Vandag*, nr. 15, April 1988.

Van Jaarsveld, F.A., Geskiedenis van die alledaagse lewe - 'n nuwe stroming in die Duitse sosiale geskiedskrywing in *Historia*, jg. 35, nr. 1, Mei 1990.

Van Jaarsveld, F.A., Omstrede Suid-Afrikaanse Skoolgeskiedenis in *Historia*, jg. 34, nr. 2, November 1989.

Visser, W.P., "People's History" en Geskiedenisonderrig op skool: 'n Alternatiewe geskiedenis vir die nuwe Suid-Afrika, in *Gister en Vandag*, nr. 25, Mei 1993.

Walker, M., "History and History Teaching in Apartheid South Africa" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philadelphia, Temple University Press, 1991.

Wesseling, L., "Twintigste-eeuwse vernieuwingen van de historische roman" in *Groniek, Historisch Tydschrift*, nr. 121, Juni 1993.

Witz, L., "The Write Your Own History Project" in Brown, J., e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philadelphia, Temple University Press, 1991.

Witz, L. en Hamilton, C., "Reaping the Whirlwind: The Readers Digest Illustrated History of South Africa and Changing Popular Perceptions of History" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 24, Mei 1991.

Worpole, K., "A Gosthly Pavement: The Political Implications of local working-class history" in Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, History Workshop Series, Londen, Routledge and Kegan Paul, 1981.

Wright, J., "Popularising the Precolonial Past: Politics and Problems" in *Perspectives in Education*, vol. 10, nr. 2, 1988/9.

## IV. BOEKE

Abrahms, P., *Historical Sociology*, Somerset, Open Books Publishing Ltd., 1982.

Appleby, J., e.a., *Telling the Truth About History*, New York, W.W. Norton and Company, 1994.

Abelove, H., e.a. (reds.), *Visions of History*, Manchester, Pantheon Books, 1983.

Baradat, L.P., *Political Ideologies, their origins and impact*, derde uitgawe, Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall International Editions, 1979.

Berlin, I., *Historical Inevitability*, lesing gelewer by Auguste Comte Memorial Trust Lecture, nr. 1 by die Londen School of Economics and Political Science, Londen, Oxford University Press, 12 Mei 1953.

Bonner, P., *Kings, Commoners and Concessionaires: The Evolution and Dissolution of the Nineteenth-Century Swazi State*, Cambridge, Cambridge University Press, 1983.

Bonner, P., e.a. (reds.), *Apartheid's Genesis, 1935 - 1962*, Johannesburg, Raven Press en Witwatersrand University Press, 1993.

Bonner, P., e.a. (reds.), *Holding Their Ground: Class, Locality and Culture in 19th and 20th Century South Africa*, Johannesburg, Raven Press en Witwatersrand University Press, 1989.

Bozzoli, B. (red.), *Class, Community and Conflict: South African Perspectives*, Johannesburg, Raven Press, 1987.

Bozzoli, B. (red.), *Labour Townships and Protest: Studies in the Social History of the Witwatersrand*, Johannesburg, Raven Press, 1979.

Bozzoli, B. (red.), *Town and Countryside in the Transvaal: capitalist penetration and popular response*, Johannesburg, Raven Press, 1983.

Bozzoli, B. en Nkotsoe, M., *Women of Phokeng: Consciousness, Life Strategy and Migrancy in South Africa, 1900 - 1983*, Johannesburg, Raven Press, 1991.

Brecht, B., *Gedichte IV, 1934 - 1941*, Frankfurt Main, Suhrkamp Verlag, 1961.

Brown, J. e.a. (reds.), *History from South Africa: Alternative Visions and Practices*, 'n "Radical History Review" boek, Philadelphia, Temple University Press, 1991.

Bundy, C., *The Rise and fall of the South African Peasantry*, tweede uitgawe, Londen, David Philip, 1988.

Burckhardt, J., *Die Kultur der Renaissance in Italien, ein versuch*, Berlyn, 1962.

Burke, P. (red.), *New Perspectives on Historical Writing*, Oxford, Polity Press, 1991.

Callinicos, L., *A People's History of South Africa, vol. 1, Gold and Workers, 1886 - 1924*, Johannesburg, Raven Press, 1981.

Callinicos, L., *A People's History of South Africa, vol. 2, Working Life: factories townships and popular culture on the Rand, 1886 - 1940*, Johannesburg, Raven Press, 1987.

Callinicos, L., *A People's History of South Africa, vol. 3, A Place in the City, The Rand on the eve of apartheid*, Johannesburg, Raven Press, 1993.

Chamberlain, M., *Fenwomen: A Portrait of Women in an English Village*, "History Workshop Series", Londen, Routledge and Kegan Paul, 1983.

Cranston, M. (red.), *The New Left, Six Critical Essays*, Londen, Bodley Head, 1970.

Davenport, T.R.H., *South Africa: A Modern History*, Vierde uitgawe, Londen Macmillan, 1991.

Davies, R.H., *Capital, State and White Labour in South Africa 1900 - 1960, An Historical Materialist Analysis of Class formation and Class Relations*, Sussex, The Harvester Press Limited, 1979.

Edgar, R., *Because They Chose the Plan of God: The Story of the Bulhoek Massacre*, "History Workshop Topic Series", nr. 1, Johannesburg, Raven Press, 1988.

Frijhoff, W.Th. M., "*Cultuur, Mentaliteit: Illusies van Elites?*", Rede uitgesproken bij de openbare aanvaarding van het ambt van gewoon hoogleraar in de maatschappijgeschiedenis, in het bijzonder de culturele en mentale aspecten van pre-industriële samenlevingen, aan de Erasmus Universiteit Rotterdam, Donderdag, 3 Mei 1984.

Giliomee, H. en Elphick, R. (reds.), *'n Samelewing in Wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, Kaapstad, Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., 1988.

Gutman, H.G., *The Black family in Slavery and Freedom, 1750 - 1925*, Oxford. Blackwell, 1976.

Guy, J., *The Destruction of the Zulu Kingdom*, Londen, Longman, 1979.

Hammond, J.L. en Hammond, B. (reds.), *The Town Labourer*, Londen, Victor Gollancz LTD., 1937.

Harrison, J.F.C., *The Common People: A History from the Norman conquest to the present*, Londen, Fontana Paperbacks, 1984.

Hobsbawm, E.J. en Rudé, G., *Captian Swing*, Londen, Lawrence and Wishart, 1969.

International Aid and Defence Fund for Southern Africa (IDAF) en UNESCO, *Fighting Apartheid, A Cartoon History*, Londen, IDAF en UNESCO, 1987.

Jenkins, K., *Re-Thinking History*, Londen, Routledge, 1991.

Johnson, R., e.a. (reds.), *Making Histories: Studies in history-writing and politics*, Londen, Hutchinson, 1982.

Kallaway, P. en Pearson, P., *Images and Continuities: A History of Working Class Life through Pictures*, Braamfontein, Raven Press, 1986.

Kaye, H.J., *The British Marxist Historians*, Oxford, Polity Press, 1984.

Kaltefleiter, W. (red.), *The Peace Movements in Europe and the United States*, Londen, Croom Helm, 1985.

Krantz, F. (red.), *History from Below: Studies in Popular Protest and Popular Ideology in Honour of George Rudé*, Montréal, Basil Blackwell, 1988.

Labour History Group, *Garment Workers Unite! The Story of the Transvaal Garment Workers Union*, Saltriver, Labour History Group, s.a

La Hausse, P., *Brewers, Beerhalls and Boycotts, A History of Liquor in South Africa*, "History Workshop Topic Series", Johannesburg, Raven Press, 1988.

Le Roy Ladurie, E., *Montaillou, Cathars and Catholics in a French Village 1294 - 1324*, Londen, Scolar Press, 1978.

Lüdtke, A., (red.), *Alltagsgeschichte: Zur Rekonstruktion historischer Erfahrungen und Lebensweisen*, Frankfurt/Main, Campus Verlag, 1989.

Manchester, W.M., *The Last Lion, Winston Spencer Churchill, Visions of Glory, 1874 - 1932*, Londen Cardinal, 1983.

Manchester, W.M., *The Caged Lion, Winston Spencer Churchill, Visions of Glory, 1932 - 1940*, Londen Cardinal, 1988.

Moll, J.C., e.a., *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987.

Muller, C.F.J. (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Vierde uitgawe, Pretoria, Academica, 1987.

NECC, *What is History? A New Approach to History for Students, Workers and Communities*, Johannesburg, Skottaville, 1987.

Offermans, P. en Feis, B., *Geskiedenis van het Gewone Volk van Nederland*, Nijmegen, Socialisties Onderwys Front, 1975.

O'Meara, D., *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism 1934 - 1948*, Braamfontein, Raven Press, 1983.

Pampallis, J., *Sol Plaatje, They fought for Freedom* (reeks), Londen, Maskew Miller Longman PTY, 1992.

Plaatje, S.T., *Native Life in South Africa, Before and since the European War and the Boer Rebellion*, New York, Negro Press, 1969.

Radford, J. (red.), *The Progress of Romance, the Politics of Popular fiction*, "History Workshop Series", Londen, Routledge en Kegan Paul, 1986.

Rantete, J., *The Third Day of September, an eyewitness account of the Sebokeng Rebellion of 1984*, "Storyteller Series", nr. 1, Braamfontein, Raven Press, 1984.

Roux, E., *Time longer than Rope: A History of the Struggle of the Black Man for freedom in South Africa*, Tweede uitgawe, Madison, The University of Wisconsin Press, 1964.

Samuel, R. (red.), *People's History and Socialist Theory*, "History Workshop Series", Londen, Routledge and Kegan Paul, 1981.

Saunders, C., *The Making of the South African Past, Major historians on race and class*, Kaapstad, David Philip, 1988.

Seidman, S. (red.), *The Postmodern Turn: New Perspective on Social Theory*, New York, Cambridge University Press, 1994.

Smith, K., *The Changing Past: Trends in South African Historical Writing*, Johannesburg, Southern Book Publishers, 1988.

Stanford, M., *The Nature of Historical Knowledge*, Oxford, Blackwell, 1986.

Tilly, L.A., en Tilly, C. (reds.), *Class Conflict and Collective Action*, Londen, SAGE Publications, 1981.

Thompson, P., *The Voice of the Past: Oral History*, Tweede uitgawe, Oxford, Oxford University Press, 1988.

Universiteit van Wes-Kaapland, *Let Us Speak of Freedom*, "UWC People's History Series", nommers 1 en 2, Bellville, s.a.

Van den Heever, R. (red.), *Alternative Educations, Vision of a Democratic Alternative*, s.l. U.T.A.S.A., 1987.

Van Onselen, C., *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand, 1886 - 1914*, vol. 1: *New Babylon*, vol. 2: *New Nineveh*, Johannesburg, Raven Press, 1982.

Van Onselen, C., *Chilbaro: African Mine Labour in Southern Rhodesia, 1900 - 1933*, Londen, Pluto Press, 1976.

Vansina, J., *Oral Tradition as History*, Londen, James Currey, 1985.

Voltaire, F., *Essai sur les moeurs et l'esprit des nations et sur les princpaux faits de L'histoire depuis Charlemagne jusque á Louis XIII*, Parys, Granier, 1963.

Waldram, J., *Encyclopedie van de Filosofie*, Amsterdam, Elsevier, mcmxxvii.



Wells, J., *We Have Done With Pleading, The Women's 1913 Anti-Pass Campaign*, "History Workshop Topic Series", nr. 3, Johannesburg, Raven Press, 1991.

Wiesenthal, H. en Ferris, J. (reds.), *Realism in Green Politics, Social movements and ecological reform in Germany*, Manchester, Manchester University Press, 1993.

Witz, L., *Write Your Own History*, vir die Sached Trust en die History Workshop, Braamfontein, Raven Press, 1988.

Yudelman, D., *The Emergence of Modern South Africa: State Capital and the Incorporation of Organized Labor on the South African Gold fields 1902 - 1939*, Kaapstad, David Philip, 1984.

Zinn, H., *A People's History of the United States*, Londen, Longman, 1980.

## V. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

### 1. VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

Legassick, M.C., *The Griqua, The Sotho-Tswana, and the Missionaries 1780 - 1840: The Politics of a Frontier Zone*, Ongepubliseerde D. Phil proefskrif, University of California, Los Angeles, 1969.

Tatham, G.K., *The University of the Witwatersrand History Workshop and Radical South African Historical Scholarship in the 1970's and 1980's*, Ongepublieersde M.A. verhandeling, University of Cape Town, 1992.

## VI. OUDIOVISUELE BRONNE

*Soweto: A History*, 'n Gesamentlike produksie van Free Film Makers en die History Workshop (Wits), 1994, UOVS Oudiovisuele versameling, VID 2420.

*Ulibambe Lingashani, Hold up the Sun: The ANC and Popular Power in the Making*, vyf episodes, 'n Produksie van Afrovision, Junie 1993, UOVS Oudivisuele versameling, VID 1672.

## OPSOMMING

"People's history" as deel van radikale sosiale geskiedskrywing vorm deel van 'n beweging bekend as die "nuwe geskiedenis". Die "nuwe geskiedenis" is 'n reaksie teen tradisionele geskiedskrywing wat veral handel oor die politieke aspekte van die verlede en die lewe van sogenaamde belangrike persone. In reaksie teen tradisionele geskiedskrywing, handel "people's history" oor die subjektiewe lewens van die gewone mens in die verlede. Wie en wat gewone mense is hang af van die land en konteks waarin "people's history" geskryf word, maar sluit onder andere groepe soos werkers, vroue en swartes in. Gewone mense is gewoonlik diegene wat weinig of geen mag het nie en dikwels uitgebuit of onderdruk word. "People's history" is 'n betreklike vae begrip maar hierdie vaagheid bied juis vryheid in hierdie geskiedskrywing.

Invloede op die ontwikkeling van "people's history" is onder andere: die opkoms van die politieke massa bewegings veral sedert die negentiende eeu, radikaal-liberale en Fabiaanse belangstelling in die lewensomstandighede van gewone mense en die Franse "Annales"-skool se klem op 'n totale geskiedenis. Ten spyte van invloede uit vele lande het "people's history" tot sy volle potensiaal in Brittanje onder leiding van Marxisties geïnspireerde historici ontwikkel. Vanaf 1966 met die totstandkoming van die eerste geskiedeniswerkwinkel in Brittanje, het "people's history" versprei na lande soos die VSA, Duitsland - waar "Alltagsgeschichte" die ekwivalent van "people's history" is, en na Suid-Afrika. In al hierdie lande het "people's history" 'n eiesoortige ontwikkeling getoon.

'n Debat oor die rol van strukturalisme versus menslike agentskap het die Marxistiese historici in verskeie lande in twee groepe geskeur. Die strukturaliste was van mening dat die ware lewenservaringe van gewone mense in die verlede onbelangrik is vir die bestudering van die verlede. "People's history" beskuldig die strukturaliste daarvan dat hulle te veel klem op abstrakte onpersoonlike faktore

plaas. Beoefenaars van "people's history" bepleit 'n empiriese benadering waardeur menslike agentskap erken word.

In Suid-Afrika het "people's history" in die laat sewentigerjare ontwikkel enersyds in reaksie teen strukturalistiese radikale geskiedskrywing en andersyds teen liberale- en Afrikanernasionalistiese geskiedskrywing. Die tagtigerjare se rewolusionêre klimaat het "people's history" in Suid-Afrika help vestig.

"People's history" is van mening dat historici altyd deur hulle persoonlike ideologiese oortuigings en waardestelsels beïnvloed word en dit sodanig bewustelik of onbewustelik in hulle werk reflekteer. Emansipasie van die gewone mens teen uitbuiting en onderdrukking is 'n politieke doelwit waartoe "people's history" in hulle werke 'n bewuste bydrae wil lewer. Presentisme is dikwels die gevolg van "people's history" se betrokkenheid by kontemporêre politieke kwessies.

Bepaalde postmodernistiese tendense soos die verwerping van die metanarratief en die moderniseringsteorie asook die behoefte om geskiedenis te desentraliseer is deel van "people's history". Veral die verwerping van die basis-superstruktuur model, deur prominensie aan nie-klasfaktore soos kultuur, ideologie, ensovoorts te verleen, is 'n verwerping van rigiede Marxisme deur "people's history".

Behalwe dat "people's history" politieke motiewe in breër samelewingsverband het, stel "people's history" sigself ook ten doel om die vak Geskiedenis en die beoefening daarvan te demokratiseer. Die geskiedeniswerkswinkels, pogings tot desentralisasie van kennis oor die verlede en die aanmoediging van verskillende groepe om "people's history" te skryf, lewer 'n belangrike bydrae tot die demokratisering van Geskiedenis.

Kreatiwiteit en verbeeldingrykheid, soos die gebruik van mondelinge geskiedenis, is 'n vereiste vir "people's"-historici om bronne oor die verlede van gewone mense op te spoor. "People's history" maak veral van kwalitatiewe eerder as kwantitatiewe bronne en metodes gebruik om die rol wat gewone mense in die verlede gespeel het, die duidelikste na vore te bring.

"People's history" is in wese 'n verwerping van die gedagte van objektiwiteit, maar bepleit veel eerder radikale pluraliteit in geskiedskrywing as 'n vertrekpunt vir 'n diskoers oor die komplekse menslike verlede.

## SUMMARY

People's history as part of radical social history is part of a movement known as the "new history". The "new history" is a reaction against traditional historical writing that deals particularly with the political aspects of the past and the lives of so called important persons. In reaction to traditional historical writing, people's history deals with the subjective life experience of ordinary people in the past. Who and what the ordinary people are, depends on the country and context in which people's history is written, but includes groups like workers, women and blacks. Ordinary people are usually those who have either little power or no power and who are frequently being exploited or oppressed. People's history is a rather vague term, but this vagueness brings about freedom in the writing of history.

Influences on the development of "people's history" include: the rise of the mass political movements especially since the nineteenth century, radical-liberal and Fabian interest in the livelihood of ordinary people, and the French "Annales"-school's emphasis on total history. In spite of influences from many countries, people's history developed to its full potential in Britain, under the guidance of Marxist inspired historians. From 1966 with the establishment of the first History Workshop in Britain, people's history spread to countries like the USA, Germany, where "people's history" is called "Alltagsgeschichte", and to South Africa. In all of these countries people's history shows a distinctive character.

A debate over the role of structuralism versus human agency divided Marxist historians in various countries into two groups. The structuralists were of the opinion that the real life experience of ordinary people in the past is of no importance to the study of history. People's history accuse structuralists of placing too much emphasis on abstract impersonal factors. Writers of people's history advocate an empirical method through which human agency will be acknowledged.

In South Africa, people's history developed, in the late seventies, as on the one side a reaction against structuralist radical history and on the other side as a reaction against Liberal and Afrikanernationalist history writing. The revolutionary climate of the eighties helped to establish "people's history as a historiographical tradition in South Africa.

People's history is of the opinion that historians are always influenced by their personal ideological beliefs and value systems and will therefore reflect wittingly or unwittingly on their work. The emancipation of ordinary people from exploitation and oppression is a political aim to which "people's history" would like to make a deliberate contribution. Presentism is often the result of people's history's involvement with contemporary political issues.

Certain postmodernist tendencies like the rejection of the grand narratives and the modernization theory as well as the need to decentralise history, are all part of people's history. Particularly the rejection of the base-superstructure model, through the prominence given to non-class factors such as culture, ideology et cetera, is a rejection by people's history of rigid Marxism.

Except for people's history's political motives within the broader society, it also aims at democratising the subject of History and its writing. The history workshops, attempts to decentralise knowledge of the past and the encouragement of different groups to write people's history, is an important contribution towards the democratisation of History.

Creativity and imagination, for instance the use of oral history, is necessary for people's historians to discover sources on the past of ordinary people. People's history makes use of qualitative rather than quantitative sources and methods to show best what role the ordinary people played in the past.

In essence people's history is a rejection of the idea of objectivity, and therefore rather advocates radical plurality in history as a starting point for a discourse on the complexity of the human past.